DIE DINAMIKA VAN BLANK EN BRUIN VERHOUDINGE OP STELLENBOSCH (1920 – 1945)

GUSTAV HENDRICH

DIE DINAMIKA VAN BLANK EN BRUIN VERHOUDINGE OP STELLENBOSCH (1920 – 1945)

Deur Gustav Hendrich

Tesis ingelewer ter voldoening aan die vereistes vir die graad Magister in die Lettere en Wysbegeerte (Geskiedenis) aan die Universiteit van Stellenbosch.

Studieleier: Prof. Albert Grundlingh

Datum: Desember 2006

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is, en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, by enige universiteit ter verkryging van ‘n graad voorgelê het nie.

Handtekening _____ Datum _____

OPSOMMING

Sedert die twintigerjare is die dinamiese aard van blank en bruin menseverhoudinge op Stellenbosch merkwaardig deur bepaalde politieke, sosiale en ekonomiese verskynsels en veranderinge beïnvloed. In die sosiale lewe van die Stellenbosse inwoners het grootliks ’n gesonde interverweefde onderlinge verhouding geheers. Vernaamlik in die middedorp van Stellenbosch was blank en bruin inwoners ongestoord in harmonie langs mekaar woonagtig. Binne hierdie relatief geslote dorpsamelewing het godsdienstige en opvoedkundige instellings tot die saambinding en sementering van vriendskaplike blank en bruin naasbestaan bygedra. Afgesien hiervan het vasgestelde politieke denke rondom die handhawing van “blanke verhewenheid” en die noodwendige “bruin minderwaardigheid” oor die lang termyn die standvastigheid van die verhouding belemmer.

Gedurende die dertigerjare het ekonomiese depressie, radikale politieke ideologieë en spesifiek ’n voortslepende neiging na rasseskeiding – of segregasie, ook op Stellenbosch inbreuk gemaak. Blanke inwoners het oorwegend segregasie as poging tot selfbehoud en die instandhouding van blanke beheer aangehang waarteenoor bruinmense dit sterk afgekeur het. Die politieke bewuswording van die dorpsamelewing is in 1938 verder deur die invloede van vurige Afrikanernasionalisme gestimuleer.

Weens die toenemende broosheid in die menseverhoudinge en die skielike uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het die algehele dorpsamelewing in twee onversoenbare kampe verdeel. Tesame met die politieke verdeeldheid het interne rassespanning opgelaai en onvermydelik geraak. In Julie 1940 het hierdie rassespanning veral tussen blanke studente en bruinmense in ‘n buitengewone geweldsinsident ’n hoogtepunt bereik. Histories was dit een van die mees tragiese gebeurtenisse in die geskiedenis van Stellenbosch. Daarna het die blank en bruin verhoudinge geleidelik herstel ten spyte daarvan dat swak sosio-ekonomiese omstandighede van bruinmense en segregasie teen die einde van die oorlog in 1945 onopgelos gebly het.

ABSTRACT

Since the twenties the dynamic disposition of white and Coloured human relations was remarkably influenced by specific political, social and economic phenomena and change. In the social life a healthy mutual relationship prevailed. Particularly in the town centre of Stellenbosch white and Coloured residents lived side by side in undisturbed harmony. Within this rather enclosed town society, both religious and educational institutions played a vital role in the colligation and cementation of peaceful white and Coloured co-existence. Apart from this, fixed political thoughts revolving around the maintenance of "white superiority" and the supposition of "Coloured inferiority" became a severe handicap for the constancy of the relations over the long term.

During the thirties economic depression, radical political ideologies and particularly an enduring tendency towards racial separation – or segregation, also made inroads into Stellenbosch. White residents mostly embraced segregation as an attempt to safeguard and maintain white control whereas most Coloured people rejected it outright. In 1938 the influence of Afrikaner nationalism and the Great Trek centennial further stimulated the political consciousness of the towns' people.

As a result of increased tension between the different groups in Stellenbosch and the social impact of the outbreak of the Second World War the entire town community became divided between two irreconcilable camps. Together with this political division, internal racial friction mounted and became inevitable. In July 1940, this racial friction reached its pinnacle when a severe town riot between white students and Coloured people erupted. Historically this was one of the most tragic events in the history of Stellenbosch. Thereafter the white and Coloured relations gradually improved despite the ongoing poor socio-economic conditions of Coloured people and the continuation of segregation at the end of the war in 1945.

BEDANKINGS

Die Universiteit van Stellenbosch, sowel as die Departement Geskiedenis, word hartlik bedank vir die finansiële ondersteuning van hierdie navorsingstudie. ‘n Besondere woord van dank gaan aan die skrywer se studieleier, Professor Albert Grundlingh, wat ‘n leidinggewende rol vervul het.

Die vernaamste navorsingsinstellings verdien erkenning. Die vriendelike personeel van die Universiteitsargief, naamlik Dr. HF Heese en Joléne Barnard, asook die personeel van die Africana Spesiale Versamelings onder beheer van Mevrou Hanna Botha in die JS Gericke Biblioteek word bedank. Die Bronnesentrum van die Stellenbosch Museum te Erfurthuis onder beheer van Hannelie Jonker en die Stellenbosse Heemkring onder beheer van Susan de Villiers word eweneens vir hul hulp bedank. Erkenning word ook aan die Rynse Sendingkerkargief te Stellenbosch en die Anglikaanse Kerk gegee.

Die Kaapse Argiefbewaarplek en die getroue bystand van Jaco van der Merwe en die argiefpersoneel word vir die vergunning van belangrike argiefmateriaal ten volle bedank. Die laaste dankbetuiging gaan aan die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika in Kaapstad en personeel wat die verkryging en gebruikmaking van veral primêre koerantmateriaal vir hierdie navorsingstudie moontlik gemaak het. Die skrywer bedank sy ouers en almal opreg wat direk of indirek ‘n helpende hand tot hierdie pionierswerk verleen het.

VOORWOORD

Menseverhoudinge vorm ‘n integrale komponent van ‘n bepaalde samelewing. Dit is daarom noodsaaklik om dit histories te ontleed en te ondersoek sodat die verlede-werklikheid van hierdie verhoudinge begryp kan word. Die mate van menslike interaksie en naasbestaan bepaal in die reël die karakteristieke aard en beeld van hierdie menseverhoudinge. Die hoofdoelstelling van hierdie navorsingstudie is om dié menseverhoudinge in ‘n dorp soos Stellenbosch, asook in ‘n afgebakende tydperk, geskiedkundig te beskryf en te interpreteer. In aansluiting hiermee beoog die navorsingstudie ook om die soms nougesette opvatting, dat Stellenbosch ‘n deurlopende ‘vreedsame’ verlede gehad het, te weerlê. Die ontbloting van die werklikheid van die verlede, is ten opsigte van bogenoemde van uitsonderlike belang om na historiese objektiwiteit en verstandhouding te streef.

Die oorkoepelende probleemstelling van hierdie historiese navorsingstudie word hoofsaaklik teen die agtergrond van plaaslike geskiedenis gestel. Die probleem behels dat die “kleurryke” geskiedenis van Stellenbosch merendeels ‘n veralgemeende beeld van uniekheid, in die sin van die historiese nalatenskap in die argitektuur, die pragvolle fisiese omgewing en selfs die rustigheid, skep. Die doelbewuste aanspreking van die stand en aard van menseverhoudinge binne hierdie idilliese beeld van Stellenbosch is voorheen grootliks as onbelangrik beskou of bloot oor die hoof gesien. Die saamleef en wedersydse sosiale, politieke en ekonomiese verhoudinge sou in ‘n diverse, heterogene bevolkingsamestelling egter nie sonder die sporadiese ontluiking van interne probleme of eksterne invloede verloop nie. Dit sou dus ‘n absolute wanvoorstelling wees indien die interessante geskiedenis van menseverhoudinge op Stellenbosch as ‘n afsonderlike idilliese verhaal, losgemaak van die res van die Suid-Afrikaanse historiese landskap, bestudeer word.

Die spesifieke fokus van hierdie navorsingstudie val grootliks op ‘n bykans vergete en histories verwaarloosde verhouding tussen twee integrale bevolkingsgroepe van Stellenbosch – naamlik blanke en bruin inwoners. Die fokus op die tydperk vanaf die begin van die twintigerjare van die twintigste eeu tot en met die einde van die Tweede Wêreldoorlog in 1945 vorm die historiese tydperk van hierdie studie. Die selektering van

hierdie tydperk is ‘n doelbewuste poging om ‘n hernude perspektief en begrip van menseverhoudinge binne ‘n relatief onbekende tydperk te verkry. Grotendeels is hierdie verhoudinge gedurende die genoemde tydperk op Stellenbosch deur latere politieke verwikkelinge in Suid-Afrika (vernaamlik deur opkoms van apartheid en instelling van gedwonge verskuiwings) oorskadu. In teenstelling met die oorskaduwende effek van veral politieke geskiedenis poog hierdie studie om ‘n volledige retrospeksie van die dinamiese, algemene plaaslike dorpslewe en gebeure van die tyd te gee. ‘n Hoogs omstrede plaaslike insident wat Stellenbosch geruk, en wat uit die kulminasie van botsende rasseverhoudinge voortgevloei het, sal histories ondersoek en beskryf word.

Die oplewing van plaaslike geskiedenis sedert die laat 1960’s en 1970’s het ‘n nuwe bewuswording van die waarde van gemeenskappe binne ‘n vasgestelde omgewing voortgebring. Volgens ‘n insiggewende Nederlandse studie aangaande die stand van plaaslike geskiedenis en die beoefening daarvan, is hierdie soort geskiedskrywing globaal en in populêre geskiedeniskringe aan die toeneem. Gerrit Schutte, ‘n medeskrywer van die studie, *Lokale geschiedenis tussen lering en vermaak* (2004), het hiervolgens tot die slotsom gekom dat “de bestudering van lokale geschiedenis is een boeiende kennismaking met het verleden.”[1] Vanuit hierdie standpunt is dit dus ook belangrik, en wel noodsaaklik, om die geskiedenis van die menseverhoudinge op Stellenbosch op die begronding van plaaslike geskiedenis te bestudeer. Desnieteenstaande moet die beskrywing van ‘n spesifieke gemeenskap geensins in isolasie beskou word nie, en daarom sal die politieke, sosio-ekonomiese en godsdienstige invloede ook in hierdie navorsingstudie van kardinale belang wees.

Die voorkoms van plaaslike geskiedenis in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing is geensins ‘n ongewone verskynsel nie. Menige veelbelowende Suid-Afrikaanse plaaslike geskiedenisse – of sogenoemde “Peoples’ histories” – betreffende die algemene lewe van mense, het reeds verskyn. Luli Callinicos se historiese dokumentasie oor swart mense se lewensomstandighede en verhoudings tot ander bevolkingsgroepe aan die Witwatersrand in haar A *Place in the City: The Rand on the Eve of Apartheid* (1993), het ‘n belangrike bydrae tot “Peoples’ history” in Suid-Afrika gemaak. Callinicos het die waarde van plaaslike geskiedenis as ‘n “wealth of collective knowledge” beklemtoon en

[1] H. Michielse , E. de Paepe, en G. Schutte: *Lokale geschiedenis tussen lering en vermaak*, p. 24.

dit as ‘n poging om die menslike ondervindings van die verlede te verken, gesien.[2] W.J.P. Carr se historiese studie oor die invloed van verstedeliking, werkloosheid en politiek op ‘n groot swart residensiële woongebied in sy *Soweto: Its Creation, Life and Decline* (1990), is ‘n verder belangrike werk wat die fokus op ‘n bepaalde stedelike gemeenskap plaas.[3]

In die werk *South African History and Historians – A Bibliography* (1979), word ‘n uiteensetting van die wye verskeidenheid plaaslike geskiedenisse deur historici verskaf. Enkele voorbeelde uit die Suid-Afrikaanse plaaslike geskiedskrywing was onder meer: *Die Geskiedenis van die Afrikaner in Johannesburg* (1977) deur J.J. Fourie; *Aspekte van die sosiale lewe in Bloemfontein, 1864-1871* (1978) deur A.R. Badenhorst; *De Aar, town of the future, 1902-1952* (1952) deur E.A. Venter; *Geskiedkundige Swellendam* (1943) deur L.L. Tomlinson; *Bowler’s Cape Town: life in the Cape in early Victorian times, 1834-1868* (1977) deur C. Pama en S.A de Villiers se *Robben Island, out of reach, out of mind: a history of Robben Island* (1971). Onder bogenoemde het selfs ‘n Duitstalige plaaslike geskiedenis, getiteld *Durban: siedlungsgeographische Untersuchung einer Hafenstadt* (1961) deur V. Praechter, aangaande die Durbanse nedersetting die lig gesien.[4] Hierdie voorbeelde is dus ‘n bevestiging van die potensiaal van plaaslike geskiedenis binne die Suid-Afrikaanse historiografie.

In die voorafstudie is bevind dat geen gevorderde navorsingstudie oor hierdie onderwerp plaasgevind het nie. Gedurende 2002 is ‘n plaaslike geskiedenisprojek deur die Departement Geskiedenis van die Universiteit van Stellenbosch geloods om deur middel van mondelinge oorvertelling inligting vanuit die bruin gemeenskap in te win. Alhoewel hierdie projek van onskatbare waarde vir mondelinge geskiedenis is, bly dit geen volkome navorsingstudie wat beide bruin- en blanke geskiedenisse insluit nie.

Dit is verder opvallend dat geen beduidende melding van dié verhoudinge tussen blankes en bruinmense in reeds belangrike historiese studies aangaande Stellenbosch gemaak is nie. Selfs nie eens die omvattende *Stellenbosch Drie Eeue* (1979), of *Stellenbosch 1866-1966. Honderd Jaar Hoër Onderwys* (1966), werp enigsins lig op die onderwerp nie. Nietemin bestaan daar wel politieke en sosiologiese studies rakende

---

[2] L. Callinicos: *A Place in the City: The Rand on the Eve of Apartheid*, p. vii.
[3] W.J.P. Carr: *Soweto: Its Creation, Life and Decline*, p. x.
[4] C.F.J. Muller, (ed.): *South African History and Historians – A Bibliography*.

intergroepverhoudinge in die breë historiese konteks van hetsy die Wes-Kaaplandse of Suid-Afrikaanse geskiedenis. Die *Handbook of Race Relations in South Africa* deur E. Hellmann (et al) (1949) bied ‘n beskrywing en interpretasie van rasseverhoudinge tussen blank en bruin, en hul agtergrond, die koms van bruin politieke organisasies sowel as die latere rol van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge. Die histories-sosiologiese studie deur Shiela Paterson oor die bruin bevolking in Suid-Afrika, naamlik *Colour and Culture in South Africa. A study of the status of the Cape Coloured people within the social structure of the Union of South Africa* (1953), verskaf ‘n wye perspektief oor die sosio-ekonomiese en politieke status van bruinmense. In verhouding met die blanke opperheerskappy en beïnvloeding word daar kortliks op die vereuropesing van bruinmense gelet. Afgesien hiervan word die stand van hierdie verhoudinge, spesifiek met betrekking tot Stellenbosch, nie in bogenoemde werke aangespreek nie.

Daar is wel twee vername primêre bronne rakende die algemene lewe van inwoners van Stellenbosch, hoewel die historiese beskrywing van die menseverhoudinge daarin ontbreek. Margaret Hoskyn se outobiografie, *Stellenbosch village 1920-1950* (1979), is een van die min werke wat oor die algemene leefwyse en kultuur van ‘n heterogene bevolkingsamestelling uitgebrei het. Die tweede ongepubliseerde primêre historiese bron, *Herinneringe uit Stellenbosch* (1947) deur Paul Heynike, bied seldsame gemeenskaplike herinneringe waarin sy persoonlike ervaringe van die dorp op die voorgrond tree. Die menings en veronderstellings van hierdie skrywers oor hul wedervaringe met bruinmense in die bronne, is ondersoek en geanaliseer.

Stellenbosch 1679-1929 is ‘n plaaslike geskiedeniswerk oor die vroeë jare van Stellenbosch en sy historiese ontwikkeling wat deur die munisipaliteit uitgegee is. Hierdie bron val egter grootliks buite die skrywer se onderwerpsveld, en alhoewel dit die twintigerjare kortliks dek, bevat die bron geen betekenisvolle inligting rondom die studieonderwerp nie.

‘n Aangrypende netelige gebeurtenis of insident, wat as die sogenaamde “Slag van Andringastraat” bekend geword het, is tot onlangs geensins onder die vergrootglas van plaaslike historici, grootliks vanweë politieke motiewe, geplaas nie. Enkele kort verwysings na of onderstudies van die insident het byvoorbeeld in R.E van der Ross se *The Rise and Decline of Apartheid. A study of political movements among the Coloured*

People of South Africa, 1880-1985 (1986), David van der Merwe se artikel in *Dagbreek* (1971), JS Rabie se hoofstuk oor "Stellenbosch my vallei" in sy boek *Een-en-Twintig* (1956) en in Schalk Pienaar se *Getuie van groot tye* (1956), voorgekom. Ten tyde van hierdie navorsingstudie het die skrywer in samewerking met Professor Hermann Giliomee 'n artikel "Die Slag van Andringastraat: Studente-onluste op Stellenbosch, 1940" in die tydskrif *Historia* gepubliseer. Binne die bestek van die navorsingstudie maak hierdie insident 'n deurslaggewende kernonderafdeling van die groter geheel van die bespreking rondom blank en bruin verhoudinge uit.

Binne die bruin gemeenskap het grootliks tot op hede 'n groot mate van identiteitsworsteling bestaan wat hoofsaaklik 'n rasse oorsprong gehad het. In hierdie navorsingstudie word daar wel melding gemaak van die problematiek rondom bruin identiteit, veral teen die agtergrond van vooropgestelde idees oor bruin "minderwaardigheid" en onderdanigheid aan blanke dominansie sedert die twintigerjare. Weens die blanke klassifisering van bruinmense as bloot tweederangse burgers het die aspek van "*marginality*" ('n minderwaardigheid) in die bruin gemeenskap tot toenemende opportunisme, en later selfs tot radikale bruin protesaksies, aanleiding gegee.

Mohamed Adhikari beklemtoon in sy boek *Not White Enough, Not Black Enough* (2005) die (negatiewe) wyse waarin bruinmense se standpunte rondom kleur as't ware in 'n raamwerk van rassehiërargie, stereotipering, "*marginality*" en strewe na assimilasie gegiet is. Verwarring oor die sosiale posisie van die bruin gemeenskap binne die Suid-Afrikaanse samelewing word in hierdie verband goed vertolk deur die stelling van die sosioloog Zimitri Erasmus: "For me, growing up coloured meant knowing that I was *not only* not white, but *less than white*: *not only* not black but *better than black*."[5] Gedurende die 1920's het bruin akademiese intellektuele soos Christiaan Ziervogel reeds in soortgelyke standpunte deurgaans die kwessie van bruin identiteit aangespreek. Na die apartheidsera in Suid-Afrika duur die sensitiewe gesprekvoering rondom bruin identiteit steeds in 'n atmosfeer van verwarring, onsekerheid en die strewe na nie-rassigheid voort.

Hierdie navorsingstudie berus op streng historiese navorsingsmetodologie. Daar is hoofsaaklik van primêre, oorspronklike bronnemateriaal gebruik gemaak ten einde die

[5] M. Adhikari: *Not White Enough, Not Black Enough: Race Identity in the South African Coloured Community*, p. 10.

onderwerpsveld te beskryf, te ontleed en histories te vertolk. Relevante argivalia, koerante en dagblaaie is noukeurig en oordeelkundig bestudeer. Die vernaamste navorsingsinstellings waar in-diepte navorsing uitgevoer is, was relatief wydverspreid.

Op Stellenbosch het die Universiteitsargief, die Stellenbosse Museum te Erfurthuis, en die Stellenbosse Heemkring belangrike historiese materiaal tot die skrywer se beskikking gestel. Die Universiteit van Stellenbosch Argiefbewaarplek het waardevolle inligting in verband met studente-aksies en opvattings verskaf. Die Stellenbosse Heemkring, ‘n plaaslike instelling ter bevordering en behoud van die geskiedenis van Stellenbosch, het uiters skaars mondelinge bandopnames oor die herinneringe en vertellings van inwoners beskikbaar gestel. Historiese bronne vanuit die biblioteek van Erfurthuis het veral geskiedkundige inligting met betrekking tot die gevestigde godsdiensdenominasies, insluitende die Moslem, Joodse en Christelike gemeenskappe, verleen. Ter aansluiting daarby is die vernaamste kerkargiewe geraadpleeg. Navorsing in die Rynse Sendingkerkargief het op die kerkraadsnotules van die Rynse gemeente, en die mate waartoe blank en bruin verhoudinge daarin voorgekom het, gefokus. Verdere navorsing in die kerkraadsnotules van die St. Mariakerk op die Braak het geskied nadat toestemming vir bestudering gevra en gegee is.

Die JS Gericke Biblioteek van die Universiteit van Stellenbosch, en die Africana Spesiale Versamelings en Tydskrifte afdelings in die besonder, het uitstekende bronnemateriaal beskikbaar gestel. ‘n Wye reeks versamelings, insluitende die DF Malan Versameling, die RW Wilcocks-dokumente en manuskripte van RE van der Ross en andere het sterk aandag geniet. Seldsame dokumente van die *Cape Coloured Commission of Enquiry* (1934-1936) is sorgvuldig nagevors. In die Tydskrifte afdeling is die destydse universiteitsblad, die *Stellenbosche Student*, aangevra en histories ondersoek.

In die Kaapse Argiefbewaarplek is intensiewe navorsing in die Stellenbosse munisipale notules en rekords, sowel as argivalia in verband met die Slag van Andringastraat, gedoen. Hierdie primêre bronnemateriaal was ‘n uitsonderlike bron van historiese inligting veral ten opsigte van die houdings en uitsprake van blanke stadsraadslede teenoor bruin inwoners. Die sosio-ekonomiese omstandighede van die tyd word ook grootliks in hierdie hoogs seldsame bronnemateriaal weerspieël.

Die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika in Kaapstad is deurlopend vir die gebruik van primêre historiese koerante en regeringsdokumente geraadpleeg en dienooreenkomstig geanaliseer. Die *Hansard*, die primêre regeringsdokumente van die Uniale tydperk en later het belangrike politieke inligting rakende Stellenbosch verskaf. Oorwegend was die gebruikmaking van koerantbronne van onskatbare belang vir die navorsingstudie. Die vernaamste koerante was die *Stellenbosch Distrik Mail* (voorheen bekend as die *Hottentots-Holland Mail*), *Die Burger*, *The Cape Times*, *The Cape Argus*, *The Cape Standard*, *APO* (koerant van die African Peoples' Organization) en *The Sun*. Samevattend het die bogenoemde koerantbronne 'n groot gedeelte van die totale bronnemateriaal uitgemaak.

Die indeling van die hoofstukke verloop grootliks kronologies. 'n Historiese agtergrond van Stellenbosch en die vroeë menseverhoudinge lê ten eerste die grondslag van hierdie navorsingstudie. Hoofstuk een handel oor die twintigerjare op Stellenbosch. In hoofstuk twee word na die sentrale rol van godsdienstige-en opvoedkundige instellings binne die raamwerk van blank en bruin verhoudinge gekyk. Hoofstuk drie beskryf die dertigerjare op Stellenbosch. Vervolgens word in hoofstuk vier na die omstandighede en veranderinge in die Stellenbosse samelewing binne die historiese konteks van die Tweede Wêreldoorlog gekyk. In die laaste hoofstuk is na die ingrypende Slag van Andringastraat van Julie 1940 en die gevolglike uitwerking daarvan op die Stellenbosse samelewing teruggekyk.

Die impak van hierdie navorsingstudie is vir beide plaaslike geskiedenis en die verstaan van verlede-verhoudinge belangrik en verrykend. Vir die uitbreiding van die plaaslike geskiedenis van Stellenbosch is hierdie studie 'n bydraende werk wat daarop gemik is om inwoners en akademici bewus te maak van die geskiedenis. Johan Frieswijk, die Nederlandse historikus, het hierby aangevoer dat die suksesvolle bewuswording van mense oor hul plaaslike geskiedenis daartoe sal lei dat hulle hul "lokale identiteit een warm hart toedraagt, en zal respectvol en zinvol met het verleden omgaan."[6]

Die beklemtoning van die komplekse dinamiese verhoudinge op Stellenbosch is ook verrykend aangesien die onderwerp nog grootliks 'n braakland in die Suid-Afrikaanse geskiedenis verteenwoordig. Verder is dit belangrik dat die navorsingstudie 'n

[6] H. Michielse , E. de Paepe, en G. Schutte: *Lokale geschiedenis tussen lering en vermaak*, p.29.

invloedryke effek op die groter geskiedenis van Stellenbosch moet maak sodat mense dit moontlik in verband met hul eie verlede ervaringe kan bring en onderskraag. Daar word vertou dat hierdie geskiedkundige studie daartoe aanleiding sal gee dat soortgelyke of verwante studies deur hierdie studie gestimuleer sal word.

Pectora roborant cultus recti

LYS VAN ILLUSTRASIES

BLADSY

1. SKILDERY VAN DE WET'S LAAN teenoor 24
2. BLANK EN BRUIN NAASBESTAAN IN HERTESTRAAT teenoor 25
3. BLANK EN BRUIN BEGRAAFPLAAS TE SIR LOWRY'S PASS teenoor 27
4. RASSEVERDELING OP DIE BRAAK 33
5. BEELDE VAN DIE SLAG VAN ANDRINGASTRAAT teenoor 143

LYS VAN AFKORTINGS

A.C.V.V. – Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging

A.N.B – Afrikaanse Nasionale Bond

A.N.S – Afrikaanse Nasionale Studentebond

A.P.O – African People's Organization

FAK – Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge

KWV – Koöperatiewe Wynbouersvereniging

NP – Nasionale Party

OB – Ossewa-Brandwag

SAP – Suid-Afrikaanse Party

S.O.V – Stellenbosse Onderlinge Vereniging

S.S.S.W.B – Stellenbosse Studente Sosiale Werkersbond

SVR – Studente Verteenwoordigende Raad

V.O.C. – Vereenigde Oost-Indische Compagnie

VP – Verenigde Party

Pectora roborant cultus recti

INHOUDSOPGAWE

BLADSY

VOORWOORD i

LYS VAN ILLUSTRASIES ix

LYS VAN AFKORTINGS x

HISTORIESE AGTERGROND

'N KORT OORSIGTELIKE BEELD VAN SUID-AFRIKA SE HISTORIES OUDSTE DORP **1**

HOOFSTUK 1

STELLENBOSCH IN DIE 1920's **10**

1.1. 1922 – DIE UITWERKING VAN DIE RANDSE WERKSTAKING OP STELLENBOSCH 10

1.2. DIE ARMBLANKE VRAAGSTUK EN DIE KWESSIE RONDOM "BLANKE VERHEWENHEIID" IN DIE TWINTIGERJARE 16

1.3. DIE POSISIE EN OMSTANDIGHEDE VAN BRUINMENSE OP STELLENBOSCH 23

1.4. DIE SOSIALE DINAMIKA VAN BLANK EN BRUIN VERHOUDINGE 31

1.4.1. VREUGDEVOLLE GELEENTHEDE IN DIE DORP

1.4.2. 'N UNIEKE SPROKIES-EN MUSIEKLEWE

1.4.3. DIE BRAAK, DIE "BOTTER-PAAL" EN DIE ROOI JAART

1.5. POLITIEK EN DIE KWESSIE AANGAANDE BRUIN STEMREG 40

1.5.1. DIE AFRIKAANSE NASIONALE BOND, BRUCKNER DE VILLIERS EN DIE BRUINMENSE VAN STELLENBOSCH
1.5.2. DIE "GOUE ERA " VAN BLANK EN BRUIN POLITIEKE BETREKKINGE EN DIE VERKIESING VAN 1929

HOOFSTUK 2

GODSDIENSTIGE EN OPVOEDKUNDIGE INSTELLINGS AS SAAMBINDENDE FAKTORE IN DIE BLANK EN BRUIN VERHOUDINGE 50

2.1. DIE ROL VAN DIE RYNSE SENDINGKERK (LATER DIE NEDERDUITS-GEREFORMEERDE SENDINGKERK) EN SKOOL 50
2.2. ST. MARIAKERK EN DIE ANGLIKAANSE SKOOL 55
2.3. DIE METHODISTE OF WESLEYAANSE KERK EN SKOOL 59
2.4. DIE EVANGELIESE LUTHERSE KERK 61
2.5. DIE PRESBITERIAANSE KERK 62
2.6. DIE KATOLIEKE KERK EN DIE BAPTISTE 63
2.7. DIE VOLKSKERKSKOOL 64
2.8. DIE JOODSE GEMEENSKAP 66
2.9. DIE MOSLEM GEMEENSKAP 67
2.10. DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH AS BAKERMAT VAN AFRIKANER-ONDERRIG 68

HOOFSTUK 3

DEPRESSIE, IDEOLOGIE EN SEGREGASIE IN DIE 1930's 76

3.1. DIE EKONOMIESE DEPRESSIE VAN 1929 TOT 1933 EN DIE BLANK EN BRUIN VERHOUDINGE MET SPESIALE VERWYSING NA DIE RYNSE SENDINGKERK 76

3.2. DIE VOORTSLEPENDE KWESSIE VAN SEGREGASIE EN DIE EFFEK DAARVAN OP BLANK EN BRUIN VERHOUDINGE 83

3.2.1. SEGREGASIE OP STELLENBOSCH
3.2.2. DIE VERKIESING VAN 1938

3.3. DIE SIMBOLIESE GROOT TREK EEUFEESHERDENKING VAN 1938 92

HOOFSTUK 4

STELLENBOSCH EN DIE VERANDERENDE GEMEENSKAP GEDURENDE DIE TWEEDE WêRELDOORLOG (1939 – 1945) 101

4.1. DIE OORLOGSVERKLARING EN DIE SKEURING VAN DIE STELLENBOSSE SAMELEWING TUSSEN KROON EN SWASTIKA 101

4.2. SOSIO-EKONOMIESE VERANDERINGE TYDENS DIE VROEë JARE VAN DIE OORLOG 111

4.3. SOSIO-EKONOMIESE OMSTANDIGHEDE TYDENS DIE LATERE JARE VAN DIE OORLOG 117

HOOFSTUK 5

DIE SLAG VAN ANDRINGASTRAAT (27 – 28 Julie 1940) 125

5.1. OORSAKE – VERPLIGTE ONTWAPENING EN DIE SLAG VAN ADDERLEYSTRAAT 125

5.2. DIE SATERDAGAANDONLUSTE 133

5.3. DIE WRAAKSUGTIGE SOMBER SONDAGMIDDAGONLUSTE 139

5.4. DIE AFSLUITING VAN ‘N ONHEILSPELLENDE INSIDENT 144

5.5. DIE VERBETERING VAN VERHOUDINGE TUSSEN BLANK EN BRUIN 152

SLOT 157

BRONNELYS 160

HISTORIESE AGTERGROND

‘N KORT OORSIGTELIKE BEELD VAN SUID-AFRIKA SE HISTORIES OUDSTE DORP

Stellenbosch het as Suid-Afrika se histories oudste dorpsnedersetting bekendheid verwerf met die geleidelike samekoms van inheemse en buitelandse bevolkingsgroepe wat oor tyd ‘n eiesoortige karakter van menseverhoudinge na vore gebring het. Met die beklemtoning van die eiesoortigheid of “uniekheid” van Stellenbosch moet daar verstaan word dat die dorp vanaf die vroegste ontstaanstydperk in relatiewe isolasie ontwikkel het. In ‘n meer buitelandse toon kan die groei en uitbreiding van Stellenbosch min of meer met die ontwikkeling van die Japanese bevolking binne geïsoleerde omstandighede vergelyk word. Net soos in die geval van Japan het die nedersetting in Stellenbosch ook beperkte kontak of relatiewe aaneenskakeling met sy omliggende gebiede gehad. Met die snelle en onstuitbare vooruitgang in die vervoerwese, kommunikasie en telekommunikasie het bovermelde situasie egter ‘n saak van totale verbygaande aard geword. Gepaardgaande hiermee het die verspreiding van kennis en veral politieke denke oor byvoorbeeld rassevraagstukke ‘n al groter wordende uitwerking ook op die dorpsbevolking van Stellenbosch gehad.

Alhoewel die onderwerpsveld van hierdie tesis hoofsaaklik en amper uitsluitlik op die menseverhoudinge op Stellenbosch gedurende die tydperk tussen 1920 en die einde van die Tweede Wêreldoorlog in 1945 konsentreer, is dit belangrik om kortliks na die historiese agtergrond van Stellenbosch te kyk. In die intensiewe geskiedkundige beskrywing en verkenning van komplekse verskynsels, gemeenskappe en persoonlikhede is dit altyd van kardinale belang om die historiese konteks na behore te begryp. Historiese konteks kan byna vergelyk word met ‘n ‘gordyn’ in ‘n teatersaal waarteen, en in hierdie geval, die kleurvolle geskiedkundige verhaal van Stellenbosch homself afgespeel het.

Die ongetemde natuurskoon van die Stellenbosse omgewing is ten eerste raakgesien deur die Nederlandse Kommandeur Simon van der Stel wat op die 3de

November 1679 ‘n verkennende besoek aan die gebied gebring het. Die rede vir hierdie besoekaflegging was dat die destydse Vereenigde Oost-Indische Compagnie (V.O.C) en hul amptenare gepleit het vir die vermeerdering van voedselproduksie vir die Hollandse skepe wat die Kaap aangedoen het. ‘n Gebied van vrugbare grond moes daarom gekultiveer word om in die behoeftes van die Nederlandse Ryk te voorsien. Volgens historiese argiefdokumente het Van der Stel met ‘n ‘escorte van soldate en ‘n paar bediendes die Kasteel verlaat om ‘n veepos in die Hottentots-Holland te besoek.’[1] Hieruit kan daar afgelei word dat blanke Europeërs en inheemse of gekleurde mense reeds in hierdie vroeë tydperk, in terme van rasseverhoudinge op Stellenbosch, naas mekaar bestaan het. Die mate van verbondenheid tussen die groepe is nie ten volle bekend nie, omdat opvattings rondom ras verskillend vertolk en verstaan is. Nietemin het dit waarskynlik van die begin af bekend geword dat die asemrowende natuurskoon van Stellenbosch ‘n gemene deler geword het. Nadat Van der Stel na die vallei in die Eerste Rivier gery het, het hy die volgende beskrywing van sy persoonlike ervarings aangeteken: ‘die water van die rivier was heerlik soet en helder. Orals het die gras weelderig in die aandluggie kopgespeel en die strale van die ondergaande son het die omringende bergtoppe met mantels van sagte rooskleurige, grysbloue en purpere fluweel omhang.’[2] Van der Stel het met oorwoë bewondering die Jonkershoekpieke, Simonsberg, die Stellenbosch- en Helderberge as ‘n ongeëwenaarde kleurdos en ‘n sielsverheffende verrukking bestempel. Daarby het Van der Stel ook die ryk potensiaal van die gebied vir die uitbreiding van lewensvatbare boerderybedrywighede opgemerk.

Die naamgewing van Stellenbosch is interessant. Reeds lank voordat Van der Stel sy verkennende tog onderneem het, is daar van die gebied as die “Wilde Bosch” gepraat. Hierdie naam is waarskynlik gegee vanweë ‘n digte houtbos wat onverstoord langs die oewers van die rivier gegroei het. Desnieteenstaande het Van der Stel na ‘n inspirerende droom van ‘n ‘welbeboude vallei met aangename wonings en vrygeboorde, wingerde en uitgestrekte graanlande en weivelde’ besluit om die area na homself te vernoem.’[3] “Wilde Bosch” is daarna dus vernoem na “Stellen Bosch” – die bos van Simon van der

[1] (KAB) 3/STB no.4/1/206. verwysing 25/2 (Nuwe kode 4/1/97) Beskrywing: Publicity, statistics, history and advertising. 250th Anniversary of Stellenbosch. 1929-1932. Die ontstaan van Stellenbosch, p. 2.
[2] *Ibid*., p.2.
[3] *Ibid*., p.2.

Stel. ‘n Verdere noemenswaardige aspek in die naamgewing van die wyer distrik is die gee van die naam “Hottentots-Holland” hoofsaaklik weens die bewoning van bruinmense in die buitewyke van die Hottentots-Holland gebergtes.

Met die ontdekking en naamgewing van Stellenbosch deur Kommandeur van der Stel is die weg gebaan vir die skepping van ‘n kolonie. Nie net het dit beteken dat die Kaap nou nie meer slegs ‘n verversingspos was nie, maar ook dat dit die begin was van werklike kolonisasie in die onbekende binneland. Na raming het die eerste koloniste reeds hul ploeg voor die einde van 1679 in die Stellenbosch vallei laat loop en in 1680 het agt huisgesinne reeds daar gevestig.[4] Dit was ‘n aantal koloniale boere wat na aandrang van Van der Stel aangemoedig is om hul plaasopstalle in Rondebosch en Wynberg te verlaat sodat hulle op Stellenbosch kon gaan boer. Dus is die fondament van ‘n oorwegend blank dominante nedersetting gelê. Aanvanklike suksesse vanweë die oorvloedige koringoes en die uitsonderlike vrugbaarheid van die grond het nog meer huisgesinne na Stellenbosch aangelok. Teen 1683 het die getal huisgesinne tot 30 gestyg en die hoeveelheid grond wat aan die koloniste behoort het, het ook toegeneem. ‘n Kortstondige wrywing rondom grond het Van der Stel genoop om plase af te baken om die vrede onder die burgers te bewaar. In ‘n poging om groter politieke beheer oor die burgers uit te oefen, is ‘n plaaslike regering in die vorm van ‘n Landdros, geondersteun deur sogenaamde “Heemraden” (raadgewers) op die been gebring.[5] Verder sou die *Drostdy* as magistraatskantore in die middedorp die sentrale fokuspunt van ‘n nedersetting word.

Die burgers en beheerrade het klaarblyklik goed en in vredevolle naasbestaan oor die weg gekom ten spyte van die vroeëre onaangenaamhede oor grond. Hierdie aanvanklike struwelinge is naderhand oorbrug deur ‘n gemeenskaplikheid van selfbestuur en feestelikheid. Selfs die goewerneur het elke jaar sy verjaardag op die dorp kom vier terwyl burgers in die genotvolheid van kermisse, uitstallings, skyfskiet en die verkoping van allerlei produkte gedeel het.[6]

---

[4] (KAB) 3/STB no.4/1/97. verwysing 25/2. Die ontstaan van Stellenbosch, p. 3.
[5] *Ibid.*, p. 4.
[6] (KAB) 3/STB no.4/1/97. verwysing 25/2. (ongenoemde koerantuittreksel aangaande Stellenbosch met illustrasie, bladsynommer is onbekend).

In hoeverre die bruin gemeenskap ‘n relatiewe aandeel aan die politieke en sosiale bedrywighede en feestelikhede gehad het is nie heeltemal duidelik nie. Daar kan egter bespiegel word dat hulle reeds van die begin van die stigting van Stellenbosch as bediendes, handlangers of slawe wel in die aktiwiteite van die dorp deelgeneem het. Volgens die verkennende studie van Professor Barnie Barnard het die afstammelinge van ontwortelde Khoikoi, weens die dringende soeke na ‘n arbeidsbron, as ‘n landbou (en later verstedelikte) proletariaat binne die gebied van die koloniale gemeenskap geleidelik ‘n heenkome gevind. Barnard toon ook aan dat omrede die kerstening en absorbering van Westerse leefstyle onder bruinmense dieper in die Kaapse samelewing as in enige ander gekoloniseerde gebied in Afrika ingedring het.[7] ‘n Beduidende aantal slawe is ingevoer van geokkupeerde Nederlandse besettings en deur die magtige handelsvloot van die V.O.C verskeep. Slawerny was aan die orde van die dag. Selfs op Stellenbosch het die Landdros ‘n perd en ‘n slaaf tot sy beskikking gehad om vir hom veeldoelige pligte uit te voer. Hoewel die ellendige toestand van slawerny alle menslike regte by voorbaat gestroop het, is sommige slawe selfs ’n salaris van £2 per maand en 16/-as gasie tot onderhoud van homself en sy perd verleen.[8] Hierdeur kon die slaaf dus in ‘n mindere mate ook tot die ekonomie van die dorpie bydra.

Soos reeds vermeld, is die politieke arena van die vroeë Stellenbosch totaal deur oorwegend Nederlandse koloniste oorheers. ‘n Belangrike politieke datum in die geskiedenis van Stellenbosch was die 16de Julie 1685 toe Kommissaris Johannes Mulder as eerste Landdros van Stellenbosch, tesame met heemraadslede aangestel is. Die heemraadslede was Gerrit van der Byl, Henning Huising, Jan Mostert en Hermen Smit.[9] Die regerende Landdros en Heemrade was geensins onbekwaam nie. Strenge maatreëls moes die orde handhaaf en die uitvoer van algemene funksie moontlik maak. Die hof het maandeliks vergader om siviele sake te verhoor, en hulle moes as distriksraad dien in verband met die reparasie van paaie, die uitroei van ongediertes en die verdeling van waterbeurte.[10] Hulle kon selfs belasting, veral op koring en grootvee, na willekeur hef

[7] B. Barnard: *Introducing Stellenbosch. Natural, Rural and Urban Landscapes*, p. 5.
[8] (KAB) 3/STB. No.4/1/97. verwysing 25/2. Die ontstaan van Stellenbosch, p. 4.
[9] *Ibid.*, p. 4.
[10] (KAB) 3/STB. No.4/1/97. verwysing 25/2. Die ontstaan van Stellenbosch, p. 4.

om hul uitgawes te dek. Opsommenderwys blyk dit asof die vroeë blanke opperheerskappy in die vorm van kolonialisme sterk op Stellenbosch gevestig geraak het.

Die ineenstorting van die V.O.C in Nederland en die daaropvolgende besetting van die Kaap deur Groot-Brittanje in 1795 het ‘n wending ten opsigte van die politieke domein van Stellenbosch veroorsaak. 1795 het nie net die koms van die Britse bewindhebbers behels nie, maar ook die aanvang van kommersiële aktiwiteite. Op politieke gebied is die eertydse Landdros en “heemrade” afgeskaf en algemene funksies is deur die magistraat en siviele kommissaris oorgeneem. Oorkoepelend kan dus gesê word dat die inwoners van Stellenbosch met verskillende politieke stelsels en tradisies, hetsy die V.O.C, Bataafse (Nederlandse) of Britse regeringsvorme, in aanraking gekom en beleef het. In die laaste dekades van die V.O.C-bewind het Stellenbosch selfs ‘n wankelende administratiewe bestaan gehad en sekere van die tradisionele omliggende gebiede het van die Stellenbosse Landdrosdistrik weggebreek. In die konsternasie het Malmesbury, Paarl en Caledon as afsonderlike distrikte uit Stellenbosch voortgevloei sodat die Stellenbosch-distrik in terme van belangrikheid as’t ware byna weggekrimp het. Die onoortreflike Lady Anne Barnard het in 1797 ook met verwondering na die dorp as “an Asylum for old age” verwys.[11] Stellenbosch was as administratiewe sentrum van die Boland byna in ‘n onomkeerbare toestand van stagnasie gedompel, maar dit het nie lank geduur nie. Die stelselmatige skepping van bekwame onderwysaktiwiteite op die dorp sou mettertyd die kwynende saak van Stellenbosch beredder. Stellenbosch het beweeg vanaf ‘n administratiewe na ‘n setel of sentrum van onderwys.

Onderwys en opvoeding was van die vroegste tye af reeds ‘n saak van kardinale belang vir Stellenbosch. Dit sou bloot kortsigtig wees om die bykans allesoorheersende opvoedkundige aspek van die dorp te ignoreer. Strenggesproke kan daar oor die algemeen na Stellenbosch as ‘n beroemde universiteitsdorp van internasionale aansien verwys word. Maar hoe het bogenoemde ontstaan en wat was die bruinmense se posisie of betrokkenheid in die onderwysinstellings van Stellenbosch? Dit blyk dat die bruinbevolking wel deur verskeie sendingskole, soos byvoorbeeld die Rynse en Wesleyaanse Sendingskole, in ‘n Westerse denkpatroon opgevoed is en daarby saam

[11] B. Barnard: *Introducing Stellenbosch. Natural, Rural and Urban Landscapes*, p. 6.

deurgrondelik gekersten is. Daarteenoor sou die blanke gedeelte van die bevolking, voorkeur geniet om uit die ryke aanwins van bekwame onderwysinstellings te put.

Reeds in 1684 het die blanke burgers ‘n petisie opgestel en na Kommandeur van der Stel gestuur met die versoek dat ‘n skool gestig word sodat ‘die jonge jeug wat daagliks in getal toeneem tog nie as wilde mense mag opgroei nie, maar wel as Christene mag opgevoed word wat mettertyd geskik sal wees om die kolonie op waardige wyse tot diens te wees.’[12] Die eerste skool het tot stand gekom onder die bekwame leiding van Sybrand Mankadan. Deur sy toegewydheid as onderwyser en predikant het Mankadan oor die lang termyn die fondament vir onderwys, sowel as die Calvinistiese godsdiens op Stellenbosch, gelê. Vervolgens het ‘n teologiese kweekskool van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in 1859 tot stand gekom. Die inisiatief is geneem vanweë ongelukkigheid in kerkgeledere oor die liberalisering van jong predikante ten tye van die tweede Britse besetting. Die aankoop van die *Drostdy*-gebou is gevolglik as simboliese belangrikheid beskou.[13] Mettertyd het die noodsaaklikheid van opgevoede leraars van die Calvinisme ook oorgespoel na ander vername onderwysstrukture.

Die toenemende opleiding van toekomstige kerk-en staatsmanne en vroue het Stellenbosch se aansien as opvoedkundige sentrum verhoog. Die latere ontstaan van die Victoria College en die Universiteit van Stellenbosch wat daaruit voortgespruit het, sou ‘n verdere kragtige stimulus aan die dorp verleen. Dit sou ook betreklik aanloklik vir residensiële uitbreiding en ‘n wye reeks tersiêre aktiwiteite word. Sonder om die aanname te oordryf, is daar telkens na Stellenbosch as “die bakermat van onderwys in Suid-Afrika” verwys en met besondere klem op die opvoeding van die Afrikanerdom in sy geheel. In ‘n oënskynlik patrioties gesinde koerantartikel word die rede vir Stellenbosch se roemrykheid as volg vertolk: “’n Mens kan sê dat Kaapstad ons land regeer het, maar dat Stellenbosch ons volk opgevoed het. Vandag wemel sy strate van studente en is hy beroemd weens sy voetbal, sy vrugte en sy wyn.”[14]

Die algemene daaglikse lewe in Stellenbosch was egter nie maanskyn en rose nie. Veelvuldige natuurlike rampe of ontwrigting van een of ander aard het sporadies voorgekom. As gevolg van onvanpaste geomorfologiese dorpsbeplanning van die

[12] (KAB) 3/STB. No.4/1/97. verwysing. 25/2. Die ontstaan van Stellenbosch, p. 3.
[13] B. Barnard: *Introducing Stellenbosch*, p. 7.
[14] (KAB) 3/STB no.4/1/97. verwysing 25/2. Stellenbosch.

sogenoemde oos-wes "lang strate", saamlopend met die vloei van die Eerste Rivier, is min beskerming teen allerlei water- en vloedprobleme gebied.[15] In 1768 het daar 'n rampspoedige vloed plaasgevind waarna die Landdros besluit het om die watertoevoer in die vervolg veiliger te kanaliseer. Die saamgehokte Kaaps-Hollandse gewel- en strooidakhuise het ook die potensiaal van brandgevaar ingehou. Volgens oorleweringe en geskrewe dokumente was die brand van 15 Januarie 1875 die verskriklikste. Die verwoestende brand het die dorpie gedeeltelik in puin gelê. Beide blanke en bruin inwoners was deur totale angs en skok meegesleur. In 'n huurhuis van bruinmense agter Rosenhof het 'n bruinvrou tragies doodgebrand en alle ongeskonde kosbare besittings is inderhaas in die middel van Pleinstraat geplaas.[16] Daarna het 'n kort, maar ellendige toestand, waarin selfs moedswillige brandstigting en diefstal voorgekom het, geheers. Te midde van die beeldskoonheid van die dorp is bogenoemde 'n bewys dat water en vuur ook Stellenbosch geteister en lamgelê het.

'n Vreesaanjaende episode in die geskiedenis van Stellenbosch was die aangrypende Groot Griep-epidemie wat trauma en dood na die klein dorpsbevolking gebring het. Tydens die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) moes broodnodige voedselvoorrade en lewensmiddele na die oorlogsfront gestuur word. 'n Nypende voedselskaarste het geheers en sanitêre toestande het agteruitgegaan. Kort na die 'Groot Oorlog' in 1918 het dit geblyk asof hierdie toestande (veral vir die bruin gemeenskap) nie verbeter het nie en die moeilike toegang tot die dorp het verligting vertraag. Toe die onverwagse Groot Griep-epidemie in 1918 uitgebreek het, het dit Stellenbosch dus baie erg getref. John Tyers, 'n blanke boorling van Stellenbosch, het vertel dat 'die gekleurde mense baie ernstig aangetas is, en dat Dorpstraat gesaai was met dooie liggame sodat gemeenskaplike massagrafte daar gegrawe is.'[17] Nietemin het Stellenbosch deur die opofferings van geneeshere en samewerking die epidemie merkwaardig oorleef.

Daar moet ook melding gemaak word van die feit dat toonaangewende ontwikkelings in die landbou-industrie en vooruitgang in die wynbedryf op Stellenbosch gemaak is. Stellenbosch het sedert Van der Stel se 'Colonie van Vryburgers' in 'n

---

[15] B. Barnard: *Introducing Stellenbosch*, p. 19.
[16] P. Heynike: *Herinneringe uit Stellenbosch*. (Ongepubliseerde geskrif waarskynlik saamgestel ongeveer 1940-1947).
[17] J. Tyers: *Memories of Stellenbosch*. (Mondelinge oorlewering gehou op 08.03.1978 in die Kerkhuis), Bandopname Sho 67a. (Vergunning van die Stellenbosse Heemkring).

wynland versier met mosaïeke van wingerde en vrugteboorde ontwikkel. Volgens Pamela Scully het Stellenbosch as landbousektor die grootste aantal slawe per capita in die kolonie gehuisves.[18] 'n Voldoende bron van goedkoop arbeid was uiters noodsaaklik vir die wyndistrik met dien gevolge dat verstrooide gehuggies van bruinmense by Klapmuts, Johannesdal, Pniel, Kylemore, Raithby en Jamestown rondom Stellenbosch ontstaan het.[19] Die welgestelde blanke boere het ongeag hiervan 'n toenemende skaarste aan noodsaaklike handearbeid ondervind. Kompetisie tussen boere het al feller geword. Scully suggereer dat die ontdekking van goud en diamante in die binneland van Suid-Afrika in 1870 'n kwesbare invloed op die landbougemeenskap gehad het, maar wys ook daarop dat die ontwikkeling van die spoorweë Stellenbosch eintlik verander het.[20] Hoewel dit ten eerste 'n skynbaar negatiewe uitwerking op die wynbedryf gehad het, het die uitvoer van wynprodukte deur middel van verbeterde vervoerwese die dorp uit sy jarelange isolasie gelig. Dit het Stellenbosch met 'n wyer wêreld aaneengeskakel en daarmee saam die sukses van sy merkwaardige landbou- en wynboustreek aan die wêreld bekend gestel. As konsoliderende faktor het Stellenbosch ook in die sukses van die ondersteunende ko-operatiewe sentrale beheer van die bekende KWV (*Koöperatiewe Wijnbouwers Vereniging van Zuid-Afrika, Beperkt*) gedeel.[21] Die volhoubaarheid van Stellenbosch as suksesvolle wynstreek het bygedra tot die dorp se sterk aantrekkingskrag vir nasionale en internasionale beleggers en toeriste.

Laastens maar beslis nie die minste nie lê Stellenbosch se besondere uniekheid in sy bekoorlike argitektoniese-en kulturele erfenis opgesluit. Historiese geboue of strukture soos plaasopstalle, herehuise en kerke wat behoue gebly het, het 'n vername rustige atmosfeer tot Stellenbosch toegevoeg. Daarmee saam het die aanplant van talle eikebome (vandaar soms die benaming Eikestad) bygedra tot 'n kalmerende effek binne die bestek van omringende skilderagtige gebergtes.[22] Bekende historiese geboue wat tot historiese monumente geproklameer is, is byvoorbeeld die *Libertas Parva* (Rembrandt van Rijn-

[18] P. Scully: 'Whining Farmers: Stellenbosch District c 1870-1910' in *Western Cape Roots and Realities*, p. 2.
[19] B. Barnard: *Introducing Stellenbosch*, p. 16.
[20] P. Scully: 'Whining Farmers: Stellenbosch District c 1870-1910' in *Western Cape Roots and Realities*, p. 3.
[21] B. Barnard: *Introducing Stellenbosch*, p. 13.
[22] J.J. Oberholster: *Die Historiese Monumente van Suid-Afrika*, p. 63.

Kunssentrum) wat ‘n indrukwekkende toegang tot die dorp bied. *Vredelust*, ook ‘n Kaaps-Hollandse plaashuis in die hart van Stellenbosch, hou weens sy weggesteekte voorkoms ‘n geheimsinnige bekoring in. Ander geproklameerde geboue, naamlik *La Gratitude*, die Burgerhuis, die neo-klassieke *Grosvenor-huis* en die *Oude Nectar* in Jonkershoek skep ‘n aristokratiese beeld van Stellenbosch. Vernaamlik rondom die historiese kern in die omtrek van die Braak (‘n sentrale onbeboude dorpsplein) staan buitengewoon waardevolle historiese geboue, soos die *St. Mariakerk*, die *Rynse Kerk*, die *Afdelingskantore van die Drostdyherberg*, die ouderwetse militêre arsenaal of *Kruithuis*, die Burgerhuis en die ou grasdakhuisie bekend as die “*Koetsiershuis*”.[23] Laasgenoemde getuig van ‘n soort sprokiesagte of romantiese verlede persepsie. Hierdie bogenoemde historiese erfenisse is met die oogopslag ‘n toonbeeld van Westerse boustyl-en kultuurbeïnvloeding in Suid-Afrika. Losstaande van die feit dat Stellenbosch oorwegend deur die blanke Westerse kultuur en styl gedomineer is, het ander bevolkingsgroepe, te wete Maleiers en Moslems oor tyd ook hul stempel op die kulturele-en argitektoniese beeld van Stellenbosch afgedruk. ‘n Mengelmoes van verskillende nasionaliteite en kulture het met mekaar ineengestrengel geraak om in ‘n seldsame heterogene dorpskarakter te ontwikkel. Onderliggend daartoe sou dit ook menseverhoudinge wees wat die gesindheid en die karakter van Stellenbosch bepaal het.

In die hedendaagse Stellenbosch het die waardevolle historiese strukture en geboue ten spyte van onkeerbare modernisering, kommersialisering en globalisering vir die nageslag bewaar gebly. Stellenbosch het wat laasgenoemde betref een van die bekendste en prominentste toeristebestemmings in Suid-Afrika geword. Met die indrukwekkende historiese nalatenskap het moderne boukonstruksies in Suid-Afrika se histories oudste dorp ‘n opvallende kontrasterende verskynsel voortgebring vanwaar die nuwe die oue ontmoet het.

[23] J.J. Oberholster: *Die Historiese Monumente van Suid-Afrika*, pp. 63-81.

HOOFSTUK 1

STELLENBOSCH IN DIE 1920's

Blank en bruin inwoners van Stellenbosch het gedurende die twintigerjare grotendeels op 'n gemoedlike wyse, vernaamlik in hul wedersydse sosiale samehorigheid onder mekaar, oor die weg gekom. Die algemene menseverhoudinge in die 1920's sou in vergelyking met die dertigerjare veel minder deur radikale rasseopvattinge rondom segregasie in die besonder beïnvloed word. Nieteenstaande bogenoemde aanname sal daar in hierdie hoofstuk in diepte na die vernaamste kwessies, vraagstukke of bloot daaglikse sosiale aangeleenthede waarin blank en bruin meegedeel het, gekyk word en hoe hierdie kwessies of gebeure moontlik op menseverhoudinge ingespeel het.

1.1. 1922 – DIE UITWERKING VAN DIE RANDSE WERKSTAKING OP STELLENBOSCH

Stellenbosch was vanaf sy stigting tot en met die vroeë 1920's oorwegend 'n landelike dorpie. Die aanvanklike betrokkenheid van die inwoners van Stellenbosch by landbou aktiwiteite soos die produsering van wyn- en vrugtegewasse, sou te midde van wisselende ekonomiese ontwikkelinge onveranderd bly. Die grootskaalse ontginning van minerale op die Witwatersrand het van Suid-Afrika 'n potensieel welvarende land met 'n mineraal-gedrewe ekonomie gemaak. Suid-Afrika het gevolglik geleidelik vanaf 'n landbou na 'n mynbou-gebaseerde ekonomie beweeg.

In Stellenbosch sou die prentjie egter heel anders daar uitsien. Dit het geblyk asof die ekonomiese ontwikkeling in die binneland van elementêre aard vir die Stellenbosse inwoners was. Stellenbosch sou sy outentisiteit as primêre landbou en opkomende opvoedkundige sentrum ten spyte van die ongebreidelde binnelandse veranderinge behou. Aäron Cupido, 'n bruin onderwyser en gemeenskapsmens, het sy wedervaringe aangaande bestaande bedrywighede van destyds op Stellenbosch as volg vertel: 'ons was altyd baie gefassineer deur die bedrywighede, veral die groot wiel wat deur die

meulstroom aangedryf is om die koring te maal. Wie kan dan die mense met die wit oorjasse vergeet, bedrywig met die op- of aflaai van sakke koring of meel op of van die perdewaens.'[1] Die vertelling van Aäron Cupido skep 'n idee van pure verwondering vir materiele uitvindsels soos die meul juis vanweë Stellenbosch se relatief beperkte kontak met ontwikkelinge van sy tyd. Verwondering en nuuskierigheid was 'n opvallende karaktereienskap van die inwoners van Stellenbosch. Volgens John Tyers was Stellenbosch 'n uiters rustige omgewing waarin alles meesal goed afgeloop – en selfs die koeie ongedeerd in Pleinstraat gewei het.[21] In die algemene dorpslewe het dus 'n rustige, ongesteurde en ongejaagde toestand geheers wat moontlik die vooruitsigte van 'n onderwysinstelling in 'n kalm omgewing bevorder het.

In haar beskrywend-verhalende boek, *Stellenbosch Village 1920-1950*, skets Margaret Hoskyn 'n interessante beeld van wat sy noem die "village" (of dorpie) van Stellenbosch in die vroeë twintigerjare. Hoskyn vertel dat die dorpie nie eens oor 'n stadsaal beskik het nie, omdat Stellenbosch vermoedelik nie as 'n dorp in die ware sin van die woord beskou kon word nie. Verskillende opinies oor waar om die stadsaal op te rig, het so erg verskil dat daar besluit is dat dit voorlopig nie gebou moes word nie. Van sulke blote uitstel, weens swak besluitneming, het afstel gekom.

Die fisiese landskap van die dorpie was volgens Hoskyn baie primitief. Hoskyn verklaar dat 'the streets in the village was a seething morass of mud inches deep in the winter, particularly round the Post Office corner. There, first cousin of Rupert Brooke used to veil his face in sackcloth for about nine months of the year.'[2] Die beskrywing maak ook verder melding van die onstabiliteit van straat-sypaadjies en onreëlmatige trappe in winkels waar mense inkopies wou doen. Strate was ook nie geteer nie, maar vragte gruis is later as straatoppervlak gebruik. Wat die fisiese dorpsinfrastruktuur en sloerende vervoerwese betref, het Stellenbosch egter nie soseer gestagneer nie. Die oudmodiese perde- en trekwaens het steeds algemeen voorgekom, maar moderner vervoermiddels soos huurmotors (of 'Cabs') en selfs ingevoerde luukse Model-T Ford-motorvoertuie het stadig maar seker die bordjies verhang.[3] Gelyktydig met die skynbare

---

[1] J. Tyers: '*Memories of Stellenbosch*'. (Mondelinge oorlewering gehou op 08.03.1978 in die Kerkhuis), Bandopname Sho 67a. Vergunning Stellenbosse Heemkring.
[2] M. Hoskyn: *Stellenbosch Village 1920-1950*, p. 37.
[3] J. Tyers: '*Memories of Stellenbosch'*. Bandopname Sho 67a.

kreatiewe modernisering het kommersialisering ook op ‘n ongewone wyse voorgekom. Hoskyn meld dat loodgieters byvoorbeeld na die afhandeling van kwaliteitdiens soms die uitstuur van rekeninge vergeet het. Die nuwe Stellenbosse stoomwassery wat gratis dienslewering voorsien het, het mettertyd so oorlaai geword dat die wasmasjiene tot niet gegaan het. Daarna moes ‘n aantal bruinvroue die blankes assisteer om die wasgoed per hand te was.[4] Kommersialisering het dus teen ‘n stadige, en dikwels mislukkende, pas plaasgevind. In Hoskyn se hoofstuk “Pause for reflection” dui sy pertinent op die feit dat Stellenbosch ‘n landelike dorp was wat minder kommersieel as akademies-gedrewe was.[5]

Op industriële gebied is wel vordering gemaak. Die aanlê van ‘n spoorlyn na Stellenbosch, wat algemeen bekend geword het as ‘Bosman’s Crossing’, en die oprigting van ‘n eie Stellenbosch-stasie, vandag Du Toitstasie, het die ontwikkeling van nywerhede en fabrieke aan die voet van Papegaaiberg grootliks moontlik gemaak.[6] Sekondêre ekonomiese bedrywighede soos byvoorbeeld houtvatmakery het belangrik geword. Hierdie ekonomiese uitbreidings het geleenthede vir bloukraagwerkers geskep om ‘n bestaan te maak. Talle werkershuisies, hoofsaaklik vir bruinmense, is in die onmiddellike omtrek van die spoorwegstasie opgerig. Nadat die hedendaagse Stellenbosch-stasie in 1918 geopen is, is sommige arbeiders ook geleidelik en deels weens Shepherd Bros se florerende konfytfabriek aangelok.[7] Met betrekking tot mense- en werknemer/werkgewer verhoudinge het Hoskyn aangetoon dat die ‘butcher, the baker, and the candlestick-maker’ mekaar goed verstaan en in harmonie oor die weg gekom het.[8] Samewerking en verstandhouding tussen werknemer en werkgewer is gehandhaaf.

Die algemene staking op die Witwatersrand in Januarie 1922 was ‘n gebeurtenis wat Suid-Afrika se ekonomie en arbeidsverhoudinge erg ontwrig het. Omstandighede in die naoorlogse periode, veral in mynbou, was uiters onstabiel en wisselvallig omdat stygende pryse en ‘n daling in die goudprys ‘n onvermydelike ekonomiese krisis voor ‘n dag gebring het. Blanke mynwerkers is reeds in 1918 deur die Kamer van Mynwese se sogenaamde “*status quo* ooreenkoms” daarvan verseker dat sekere toekomstige

[4] M. Hoskyn: *Stellenbosch Village 1920-1950*, p. 44.
[5] *Ibid*., p.67.
[6] P. Heynike: *Herinneringe uit Stellenbosch*, p. 19.
[7] *Ibid*., p.20.
[8] M. Hoskyn: *Stellenbosch Village 1920-1950*, p. 34.

mynaanstellings vir blankes gereserveer sou word.[9] Volgens arbeidsregulasies moes half-geskoolde blanke mynwerkers ook as toesighouers oor nie-blanke mynwerkers optree. Onproduktiwiteit, die vrees vir moontlike afdankings en werkerspanning het egter probleme veroorsaak.[10] Die onderliggende dryfveer of motief van die ontevredenheid was dat die Kamer van Mynwese voorgestel het om die sogenaamde "kleurlyn" te verslap sodat hoër betaalde blanke mynwerkers met goedkoper nie-blanke arbeid vervang kon word. 'n Blanke mynwerkerstaking het onafwendbaar geraak. Op 10 Januarie 1922 het sowat 20 000 blanke mynwerkers aan die Rand begin staak. Die staking was bykans suksesvol totdat die Eerste Minister, Jan Christiaan Smuts, Krygswet afgekondig het.[11] Ongelukkig het die staking in gewelddadige wapengeweld ontaard waarin tussen 150 en 220 stakers gesterf het.[12] Die Randse werkstaking is met tragiese gevolge onderdruk. Bruinmense aan die Rand het oor die algemeen 'n kalm houding teenoor die staking geopenbaar.

Die gevolge van die 1922 werkstaking was dat arbeidsverhoudinge tussen werknemer en werkgewer meer uitgesproke as ooit tevore geword het. Die algemene stand van die verhouding tussen bruin werknemer en blanke werkgewer het ten tye en na afloop van die staking as volg daar uitgesien. Volgens 'n berig in die *African People's Organization* (*A.P.O*), is skerpsinnig aangevoer dat blankes polities "uiters benoud (was) dat die bruinman ook maar een stap sal klim op die leer van vooruitgang."[13] Bykomend tot hierdie onsimpatieke houding teenoor die blanke stakers het die *A.P.O* ook verwys na die Myn-en Werksregulasies "which prohibit Coloured men from obtaining blasting certificates and controlling machinery."[14]

---

[9] B.J. Liebenberg en S.B. Spies: *South Africa in the 20th Century*, p.148.
[10] G.M. Fredrickson: *White Supremacy. A comparative study in American and South African History*, p.232.
[11] G.M. Fredrickson: *White Supremacy*, p. 232.
[12] *A.P.O*, 28 Januarie 1922. (Die A.P.O was die amptelike orgaan van die African Peoples Organization –'n polities gedrewe koerant wat hulself vir die verbetering van rasseverhoudinge beywer het.)
[13] *A.P.O*, 14 Januarie 1922. 'The Coloured Man's Attitude.'
[14] JS Gericke Biblioteek (Africana Spesiale Versamelings). Ms. 173. R.E. van der Ross. *A Political and Social History of the Cape Coloured People, 1880-1970*. Geselekteerde dokumente Deel 4, dok. 13. Rand Revolution: Part played by Natives and Coloured Community. Bron: A.P.O, 8 April 1922, aangehaal uit *The Star*.

Die wyse waarop sy Edele John Xavier Merriman, verteenwoordiger van die Stellenbosse kiesafdeling en S.A.P-parlementslid, die Randse werkstaking en die verdere uitwerking daarvan op Stellenbosch verstaan het, was opmerklik. In die algemeen kan Merriman se uitsprake figuurlik as verteenwoordigende van die blanke Stellenbossers beskou word. Een van Merriman se parlementêre toesprake in die Volksraad het as volg gelui: "Mr. Merriman (Stellenbosch) did not think they recognised in this country that they were on the verge of a volcano. There had been plenty of talk about what had happend, but the bulk of the workers on the mines had not been consulted at all. They were standing by waiting to see what would happen. If all the people who were now out on strike took ship and went back to the old Country or Australia, the mines would go on and turn out the same quantity of gold. When the coal mines closed down the other day all workers, as they called themselves, went out, but the output of the gold was just the same, but there were not so many men watching other people work. They were now in a position that if they did not carefully watched what they were doing they might be faced with a catastophe. That was, if the black and coloured people were to unite and have a general strike. That made him regard the matter seriously."[15] Vertolkenderwys kan gesê word dat die aansluiting of vereniging van bruin- en swartmense tot 'n ekonomiese katastrofe kon lei wat tot groot bekommernis in die S.A.P. gelei het.

Die daaropvolgende parlementêre debat tussen mnr. Merriman en mnr. Barlow is bepalend, spesifiek met betrekking tot waar Stellenbosch hom bevind het: "Mr. Merriman asserted that Mr. Waterson had incited the people to break the law and carry out a system of terrorism. He had frightened everybody, even the Government, but where was he when the crisis was at hand. He was in bed. He (Mr. Merriman) had recieved a telegram yesterday from Johannesburg that stated that the men were going back to work at a rate of 100 a day, but that had been stopped because of the terrorism which was prevailing. It was time the Government put down this state of terrorism. (Hear, hear). 'If you destroy capitalism', he asked, 'what are you going to do?'

Mr.Barlow: we will come to Stellenbosch.

[15] *Hansard*. Debates of the House of Assembly of the Union of South Africa as reported in the Cape Times. Volume VII, Second Session, Fourth Parliament 17th February – 19th July 1922. *Cape Times*, 23 Februarie 1922. 'Speech by Mr. Merriman'.

Mr. Merriman: No, we work at Stellenbosch. (Laughter) He said without fear of contradiction that all Johannesburg and a great part of the country were living on the labours of the black man who were doing the working on the mines. There was no employment for black people who had gone, and members opposite were doing their very best, he said it advisedly, to ruin South Africa. Once they got the natives imitating them they would have this country landed in a mass of ruin, bloodshed and disaster."[16] Die diplomatiese vernuftigheid van Merriman blyk dus suksesvol te wees in die distansiëring van Stellenbosch as 'n hardwerkende opvoedkundige dorp waar daar gewerk word. Stellenbosch sou egter ook die newe-effekte van die staking, soos aangetoon deur Merriman, voel: "we are now faced with a very grave catastrophe on the Rand, a catastrophe which was going to make every man in this country suffer in his pocket".[17] Volgens Merriman kon die ekonomiese probleme opgelos word indien die betaling van vooroorlogse lone teruggebring word. Hierdie voorgestelde ekonomiese opoffering het egter nie gerealiseer nie soos die sogenaamde "kleurlyn" en 'n toenemende armblanke vraagstuk op die toneel verskyn het nie.

Die indirekte uitwerking van die werkerstaking is ook deur plaaslike inwoners van Stellenbosch beleef en wel in die verhoudinge tussen die werknemers en werkgewers. In 'n beklaenswaardige berig deur G.J. Krige het hy pertinent na die uitwerking van die staking op 'n plaaslike gemeenskap soos Stellenbosch verwys. Soos Merriman het Krige tereg daarop gewys dat die Stellenbosser ook die ekonomiese krisis aan hulle sak gevoel het. Krige se vertolking en beskrywing van die staking deur die oë van 'n inwonende Stellenbosser het as volg daaruit gesien: "*De Redakteur van 'Ons Land'. Mijnboer, - de staking, zoals zich tans toedragt te Johannesburg is van zulk een aard, dat het schadelike gevolgen heeft en elk lid van de samenleven raakt, indien niet direkt, dan toch indirek, want zelfs hierin het verre zuiden, naar men verneemt word ook al ettelike families uit hun levensbestaan ontslagen doordat er niet meer de gewone hoeveelheid dinamiet vereist wordt. De kwade gevolgen laten zich ook reeds gevoelen aan onze wijnindustrie,*

[16] *Hansard*. Debates of the House of Assembly as reported in the Cape Times of February 23rd 1922. 'System of terrorism'.
[17] *Hansard*. Debates of the House of Assembly as reported in the Cape Times of the 3rd of March 1922. 'The Union's Finances – Debates on Additional Estimates – Sacrifices all round'.

door de sluiting van de wijnhandel te Johannesburg. Dat zulks tot een algemene ramp in de gehele Unie ten gevolge hebben zal staat ons dus voor de deur. Het past dus elk lid van de sameleving het zijne, hoe gering dan ook, bij te dragen om een einde aan zulke een toestand van zaken te verkrijgen. Het beste dat, mijns insiens, men in deze kritieke toestanden na zovele mislukte pogingen kan doen, is om onze wettige Regering, die op de hoogte van sake is, op de beste mogenlijke wijze te steunnen, in de handhawing van wet en orde om zulke toestande van werkloosheid te vermijden."[18]

Krige het die negatiewe wyse waarop die staking veral die Stellenbosse wynbouindustrie geraak het, beklemtoon. Sy versoek aan die Uniale regering om wetgewing in te stel, spesifiek weens die skielike voorkoms van grootskaalse werkloosheid, kon egter te midde van 'n veel erger armblanke vraagstuk, nie onmiddellik aangespreek word nie. Teen die einde van 1922 sou die uitwerking van die staking grootliks vervaag.

1.2. DIE ARMBLANKE VRAAGSTUK EN DIE KWESSIE RONDOM "BLANKE VERHEWENHEID" IN DIE TWINTIGERJARE

In die 1920's het die uiters frustrerende probleem van armoede en ellende onder blankes in besonder voortgeduur. Hierdie sosio-ekonomiese probleem het 'n doring in die vlees van die Uniale regering geword wat as die sogenaamde "armblanke vraagstuk" bekend gestaan het. Die vraagstuk het sy oorsprong aan die einde van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) gehad toe veral die Afrikaanssprekende bevolking verarm en aan die mag van die Britse Ryk onderwerp is. Hoewel politieke rekonsiliasie en algemene vriendskaplikheid tussen Afrikaners en Engelse bewerkstellig is, was 'n groot segment van blanke Afrikaners (wat soms "bywoners" of knegte genoem is) in armoedige omstandighede vasgevang. In hierdie gedeelte sal hoofsaaklik gekyk word na die posisie van blankes, veral op Stellenbosch, met spesifieke klem op die armblanke vraagstuk en

[18] *De Zuid Afrikaan verenigd met Ons Land*, 31 Januarie 1922.

waarom die probleem noodwendig opgelos moes word om hul ingewortelde ingesteldheid van blanke meerderwaardigheid teenoor nie-blankes te behou.

In ‘n referaat wat in 1916 reeds deur Geo Hofmeyr gelewer is, het hy daarop gewys dat die armoedeprobleem ‘n ‘*kerksaak, ‘n volksaak en ‘n familiesaak*’ geword het.[1] Die klaarblyklike oplossing van die blanke armoedehindernis het tot en met die vroeë 1920s ‘n onvermydelike doelstelling gebly. Sommige mense of groepe het die oplossing in verbeterde opvoeding gesien, terwyl ander ‘n verbeterde ekonomiese beleid voorgestaan het. Ten opsigte van die onderwys sou Stellenbosch ’n belangrike rol vervul as bakermat van blanke Afrikaner opvoeding.

In politieke kringe het *Die Burger* in die publieke en industriële domein nyweraars aangeraai om simpatiek te staan teenoor Afrikaners en alle moontlike moeite doen om hulle die geleentheid te gee om in industriële ontwikkeling bekwaam te word.[2] In die Uniale regering onder Generaal Smuts was die idees rondom die armblanke vraagstuk egter nie, soos bogenoemde nasionalistiese pleidooi, eensgesind nie. Generaal Smuts het die ondraaglikheid van die probleem en die ekonomiese uitwerking daarvan duidelik gestel. Volgens Smuts het dit die Unie, wat in Mei 1910 tot stand gekom het se grootste probleem geword. Smuts het as volg verduidelik: “This country craves for capital in all directions. We want capital to build railways, capital for irrigational works, and other necessary expansion, and I say, is it possible to concieve that while we spend these millions every year on necessary development, we should spend another £20,000 000 or £30,000 000 now and here in order to try and solve the poor white question. Ever since I have been a member of the Government of South Africa we have been doing nothing but settle poor whites on the land. An enormous sum of money has been expended in this connection. And yet we have not even touched the fringe of the question.”[3] Die armblanke vraagstuk was dus ‘n fundamentele kwessie vir Genl. Smuts

[1] JS Gericke Biblioteek (Africana Spesiale Versamelings). Ms. 205. Ku.4.4. (5). *Die Arme Blanke en die Opvoeding*. Referaat deur Mnr. G.M. Hofmeyr op die Arme blanke Kongres, Cradock, 1916. (Kaapstad : Van der Sandt de Villiers), p.1.
[2] *Die Burger*, 27 Februarie 1920.
[3] *Hansard*. Debates of the House of Assembly of the Union of South Africa as reported in the Cape Times op 16 Junie 1922. ‘Union’s Great Problem – Poor White Problem.’

en sy Suid-Afrikaanse Party maar daar is geen daadwerklike stappe geneem om ‘n ekonomiese oplossing in die praktyk te bewerkstellig nie.

Verstedeliking en die opkoms van industrialisme, soos reeds genoem, het groot veranderinge teweeggebring omdat landelike blankes na die stedelike arbeidsmark gedwing is. Die kwesbaarheid van die nuwe stadsvreemdelinge aan die hand van uitgeslape kapitaliste en uitbuiting was ook nie uitgesluit nie. Desnieteenstaande sou die stand- en gemeenskapstruktuur op Stellenbosch onveranderd bly. Nietemin was die onderlinge verhouding tussen die patriargstand (of blankes) en die onderhoriges (of nie-blankes) gemoedelik en aangenaam.[4] Maar in ‘n patriargale samelewing, polities gedomineer deur `n blanke minderheidsbewind, sou ‘n onaangenaamheid toenemend na vore tree. In die kompetisie vir werksgeleenthede met die meerderheid van swart arbeiders kon veral die ongeskoolde blankes nie meeding nie en het mettertyd bedreig begin voel.[5] In ‘n doelgerigte poging om die ekonomiese bedreiging van die nie-blankes te kniehalter, het die seëvierende Pakt-regering van die Arbeiders- en Nasionale Party onder Genl. J.B.M. Hertzog ‘n nuwe beleid uitgevaardig. Die korttermyn doelwitte van die Pakt se “Beskaafde Arbeid Beleid” was om die verarmde blanke stedelinge en werkloses op te hef en teen nie-blanke arbeid te beskerm.

Oor die langtermyn het ‘n aantal arbeidswette tot ‘n groot lastigheid vir nie-blankes gelei, omdat blanke arbeiders ten koste van soms diskriminerende bepalings beskerm moes word. In terme van rasseverhoudinge het dit indirek beteken dat sekere bruin ambagsmanne hul houvas op sekere ambagte verloor het. Hierdie “Beskaafde Arbeid Beleid”, naderhand bekend as die “Blanke Arbeid Beleid”, het daartoe gelei dat die blankes die leisels in arbeidsbetrekkinge stewig vasgehou het. Bruinmense is egter nie bevoordeel soos aanvanklik te kenne gegee is nie. ‘n Wet wat veral opspraakwekkend was, was die Vakleerlingwet van 1922. Hierdie ongenaakbare wet het hoë opvoedkundige vereistes vir vakleerlinge voorgeskryf met dien gevolge dat groot getalle bruin vakleerlinge, weens hul opvoedkundige agterstand, bloot uitgeskakel is.[6] Bruin seuns moes as gevolg daarvan geskoolde rigtings soos ambagte (tegnici, ens.) liefs vermy om vir die arm blanke werkers plek te maak. Slegs enkele bruinmense het die voorreg

[4] D.P. Botha: *Die opkoms van ons derde stand*, p. 88.
[5] *Die Burger*, 27 Februarie 1920.
[6] D.P. Botha: *Die opkoms van ons derde stand*, p. 88.

geniet om daarin opgeneem te word terwyl die res tot laer orde ambagsbedrywe soos die skoen-, kabinet- en die boubedryf moes toetree. Hierdie nuwe regulasies was alles pogings om blanke welsyn en dominansie oor die lang termyn in die aangesig van nypende armoede te verseker.

Die bruinmense van Stellenbosch het hulleself beywer om hul onderwyspeil te verbeter. Die stand van sake was eenvoudig: wie oor bevoegde opvoeding beskik het, kon tot "beskaafde" arbeidsposisies toetree en werkloosheid troef. Die *A.P.O* het in die verband berig dat "we are glad to hear that the Coloured people of Stellenbosch are agitating for a public school and that they have the support of several members of the Stellenbosch School Board."[7] Hierdie agitasie vir beter onderwys het saamgeval met die *A.P.O* se uitsprake dat die nie-Europeërs vir die opvoeding van die blanke kinders belas is en dat die Vakleerlingwet die blanke kind bevoordeel en van toekomstige welvaart verseker het. Maar die *A.P.O* het krities daarop gewys dat die Europeërs van hul verhewe posisies afstand moes doen omdat meer as vyftig duisend arm blankes deur die spoorweë geabsorbeer is en nou die werk van nie-blankes moes uitvoer.[8] Die deurslaggewende faktor was dat werkloosheid van arm blankes die nek ingeslaan moes word en daarvoor was opleiding noodsaaklik.

Die sekretaris van onderwys, G.M Hofmeyr, het in 1921 reeds 'n toespraak op Stellenbosch gelewer ten einde Afrikaanssprekende blankes in te lig oor die erns van die armblanke-vraagstuk. Hofmeyr het na 'n sogenaamde binne- en-buitenste-sirkel denkraamwerk verwys, of altans hoe hy die oorsaak van die probleem verstaan het. Hy het daarop gewys dat die binneste sirkel die sout van die Afrikaner was, dit wil sê skerpsinnige waarnemers, logiese denkers en mense van sedelike oordeel. Daarteenoor was die buitenste sirkel die onverskilliges, uitbuiters, selfsugtiges, hebsugtiges en bedrieërs wat die kiem van die armoede en verwaarlosing was.[9] Hofmeyr het 'n ernstige beroep op die binneste sirkel gedoen om die Afrikanervolk op die lange duur op te hef en as inspirasie vir kwaliteit diens te dien. Spesifieke klem is op studente aan universiteite,

---

[7] *A.P.O*, 2 Desember 1922.
[8] *A.P.O*, 2 Desember 1922. 'Poor White Problem'.
[9] JS Gericke Biblioteek (Africana Spesiale Versamelings). Ms. 205. Ku.4.4.(4). *Die Arm-Blanke Kwessie. 'n Pleidooi vir Wetenskaplike behandeling*. 'n Lesing gehou deur Mr. G.M Hofmeyr (Sekretaris van Onderwys), voor die Afrikaanse Vereniging, Stellenbosch op 26 April 1921. Kaapstad: Nasionale Pers, p.15.

met spesifieke verwysing na die Universiteit van Stellenbosch, geplaas as die 'aristokrasie van die land.'[10] Daar het dus 'n groot verantwoordelikheid by die blanke studente gelê om 'n daadwerklike verskil in die verligting van die armblanke vraagstuk te maak.

Die *Armezorg Kommissie* van die Nederduits-Gereformeerde Kerk het egter in samewerking met die A.C.V.V (Afrikaanse Christelike Strewers Vereniging) op Stellenbosch op praktiese wyse armoedeverligting gebring.[11] Die kommissie het sedert 1921 merkwaardige bydraes gemaak en geldelike ondersteuning aan behoeftige blankes verleen. In 'n belangrike verslag van 17 Mei 1921 het die kommissie se ouditeur die stand van sake belig en statistieke verskaf: "The society has no banking account, all moneys paid out are collected by the A.C.V.V. Christelike Strewers Vereniging and the Dutch Reformed Church. Each of these societies have their own secretaries who make monthly payments to needy persons, and furnish the Secretary of the Armezorg with receipts for payments made. Half of the amounts distributed are treated as donations and the other half as advances. Relief is granted to residents in the Municipal area only."[12] Maandelikse kontantuitbetalings het op praktiese wyse daartoe bygedra om armoedeverligting te bring. Hieronder volg 'n rekenkundige statistiese uiteensetting van donasies en uitbetalings aan hulpbehoewende blankes en instansies op Stellenbosch.[13]

Receipts		Payments	
Donations.		*Cash Payments*.	
Dutch Reformed Church.	95-17-0	D.R. Church	191-4-3.
A.C.V.Vereniging	39-12-6	A.C.V.V	79-5-0
C.S. Vereniging	1-14-8	C.S. Vereniging	3-9-9
Advances.		Stationary	9-9
Dutch Reformed Church.	95-17-0		
A.C.V.Vereniging	39-12-6		
C.S. Vereniging	1-14-8		
	£274-8-4		£274-8-4

[10] JS Gericke Biblioteek (Africana Spesiale Versamelings). Ms. 205. Ku.4.4.(4). *Die Arm-Blanke Kwessie. 'n Pleidooi vir Wetenskaplike behandeling*. 'n Lesing gehou deur Mr. G.M Hofmeyr (Sekretaris van Onderwys), voor die Afrikaanse Vereniging, Stellenbosch op 26 April 1921. Kaapstad: Nasionale Pers, p.16.
[11] (KAB) PAO Leer 1/15 verwysing 2/53 Stellenbosch. *Die Armezorg Kommissie der Nederduits-Gereformeerde Gemeente*. 1920-1940.
[12] *Ibid.*
[13] *Ibid*.

Volgens ‘n latere sekretariële verslag van 1924 is donasies en insamelings namens die inwoners van die Stellenbosse munisipale distrik suksesvol aan armblankes uitbetaal.[12] Finansiële ondersteuning en selfs die uitbetaling van toepaslike subsidies sou dwarsdeur die middel van die 1920s tot en met die Tweede Wêreldoorlog ‘n fundamentele rol speel in die geldelike opheffing van armblankes in die besonder. In 1938 is daar ook besluit dat die *Armezorg Kommissie* die bruin gemeenskap van Stellenbosch moet ondersteun.

Tesame met die pogings om die lot van die armblanke te verlig, het die kwessie van blanke “verhewenheid” as onderliggende faktor of dryfveer in blanke geledere belangrik geword. Die kwessie van blanke verhewenheid of opperheerskappy is ‘n hoogs sensitiewe filosofiese debatspunt. Dit is uiters belangrik om te besef dat blankes se psige en ingesteldheid, veral teenoor nie-blankes, oftewel nie-Europese rasse, in ‘n groot mate deur blanke superioriteit bepaal is. Maar wat beteken blanke “verhewenheid”? Volgens die vergelykende historiese studie van G.M Fredrickson interpreteer hy bogenoemde as die houdings, ideologieë en beleid wat met die opkoms van blatante vorme van blanke of Europese dominasie oor “nie-blanke” bevolkings geassosieer kan word.[13] Dit maak ook geensins saak of die bepaalde *Herrenvolk* (of heerserras) oor baie of min mense beskik nie. Hierdie spekulatiewe definisie moet egter nie met die term “rassisme” verwar word nie. Rassisme is ‘n ingsteldheid waarin bevolkingsgroepe volgens voorgeslagte, fisiese voorkoms, mag en status onderskei word. Weens hierdie verskille is daar meer as ooit, juis vanweë die andersheid van hul fisiese voorkoms, gediskrimineer. Fredrickson verklaar dat die terminologie van “blanke verhewenheid” baie meer of relatief neutraal staan.[14] ‘n Groot mate van status en gesaghebbendheid is wel aan hierdie term gekoppel.

Hierdie idees het tot ‘n meerderwaardigheid gelei wat fisies tot uiting gekom het. Die flambojante Kaaps-Hollandse plaasopstalle en dorpshuise met hulle grootse dakgewels, het alreeds met die koms van die blankes na Stellenbosch hul verhewenheid op die manier gesimboliseer. Sosiale stratifikasie was aan die orde van die dag. Hoe

---

[14] (KAB) PAO Leer 1/15 verwysing 2/53 Stellenbosch. *Die Armezorg Kommissie der Nederduits-Gereformeerde Gemeente*. 1920-1940, 19/133/97/63. 1924 Accounts.
[13] G.M. Fredrickson: *White supremacy – a comparative study in American and South African History*, p.xi.
[14] *Ibid*., p.xii.

groter en weelderiger die huisgewel, hoe hoër die status van die familie. Die allesoorheersende dominansie in die vestiging van Europese instellings soos skole, kerke en regeringsinstansies het ten aanskoue van bruinmense tot ‘n meerderwaardigheid gelei. Professor B.B Keet wys daarop dat die kleurvooroordele en kleurbewussyn wat uit laasgenoemde voortspruit, ongetwyfeld ‘n fenomeen is waaraan alle blanke rasse van die wêreld ly.[15] Die vrees dat blankes ‘n “koffie-gekleurde” ras kon word, het selfs tot in die politiek daartoe gelei dat die blanke Europeërs ten alle koste beskerm moes word.[16]

‘n Klinkklare beskrywing van die motivering of aanhang van die gedagte van blanke “verhewenheid” is in Hofmeyr se referaat uiteengesit. Hy noem egter nie die skrywer van die ondergenoemde beskrywing nie:

> *“De Afrikaners zijn immers afgestamd van de geestkrachtigste volken van Europa. De Hollanders munten uit in vlijt en volharding. Dit is genoegzaam bewezen geworden in hun tachtigjarige strijd tegen de spaanse overheersing en in hun nimmereindigende worstelstrijd tegen golven. Bovendien hebben zij voor lange jaren in de zeevaart, in de handel in de algemeen welvarendheid de eerste plaats ingenommen onder alle volken. De Duitsers weer munten uit in wetenschap en methodiese aanleg, en de Fransen in levenslust en energie. Da de armblankenheid meer bezonder het Afrikaner volk aankleeft, is niet iets dat natuurlik is, maar tegen-natuurlik.”*[17]

Volgens die insiggewende beskrywing is dit presies hoe die opvattings oor die kwessie in werklikheid bestaan het. Vanweë die historiese meerderwaardigheid, wat as’t ware ingebore was in die psige van die blanke, het die skrywer die armblanke vraagstuk as totaal onaanvaarbaar beskou.

Hierdie soort van veralgemening het reeds sedert 1905 sy geldigheid na die Russies-Japanese Oorlog (1904-5) verloor. Die Japanese, wat as nie-Europees en selfs agterlik beskou is, het vir die eerste keer in die moderne wêreldgeskiedenis ‘n groter

---

[15] B.B. Keet: *Whither – South Africa?* , p. 9.
[16] *Ibid*., p.10.
[17] JS Gericke Biblioteek (Africana Spesiale Versamelings). Ms. 205. Ku. 4.4.(5). *Die Arme Blanke en die Opvoeding*. Referaat deur Mnr. G.M Hofmeyr op die Arme Blanke Kongres, Cradock, 1916. (Kaapstad:Van der Sandt de Villiers), p.4.

Europese moondheid, naamlik Tsaristiese Rusland, op gelyke voet verslaan.[18] Sedertdien is die onoorwinlikheid en verhewenheid van die Europeërs opnuut bevraagteken. Selfs die verwoestende en bloedige Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) het bedenkinge onder nie-blankes oor die menswaardigheid en verhewenheid van die Westerling laat posvat. Desnieteenstaande het die blankes in Suid-Afrika hulself nie soseer aan dié gebeure in die buiteland gesteur nie.

In Stellenbosch was daar ‘n voorval waar die Publieke Gesondheidskommissie baie huiwerig of afkeurenswaardig teenoor die aanneem van ‘n Europese kind deur ‘n bruin familie was. Die verslag het gelui: “Mention is made of a certain family named Morris (Coloured) having custody of a European child. We recommend that the matter be brought to the notice of the Child Welfare Society.”[19] Dit was slegs een van enkele voorbeelde waarin die onderliggende boodskap van “blanke verhewenheid” ontbloot is. Blankes het dus oor die algemeen die seggenskap op Stellenbosch gehad.

Ter afsluiting en omlyning van hierdie gedeelte kan vermeld word dat daadwerklike armoedeverligting, soos byvoorbeeld die *Armezorg Kommissie* op Stellenbosch, in die korte duur gehelp het om die probleem op te los. Maar dit was steeds ook die eeu-oue onderliggende blanke ingesteldheid aangaande “blanke verhewenheid” wat grotendeels op ‘n blanke dominante dorp soos Stellenbosch in stand gehou moes word. Hierdie opvattings sou later ‘n groot rol speel in die bepaling van menseverhoudinge tussen blank en bruin op Stellenbosch.

1.3. DIE POSISIE EN OMSTANDIGHEDE VAN BRUINMENSE OP STELLENBOSCH

Die bruin gemeenskap het ‘n integrale deel van die Stellenbosse samelewing in die 1920’s uitgemaak. Bruinmense was van die begin reeds teenwoordig in die dorp en het net minder as die helfte van die totale Stellenbosse bevolking behels. Volgens

[18] *Famous Battles of World History*, pp. 120-124.
[19] (KAB) 3/STB. Munisipaliteit van Stellenbosch – *Minute Book* 1/1/1/16. Report Public Health – Report of Meeting of Health Committee held on 4th June 1920, p.2.

bevolkingstatistieke het daar in 1921, uit ‘n inwonertal van 7 300, 50 % blankes, 47 % bruinmense en slegs 2 % swartes in Stellenbosch gewoon.[1] Met die relatief spoedige oplossing van die armblanke vraagstuk het die banke bevolking die grootste en aantreklikste dele van die dorp beheer. Blanke residensiële uitbreiding het in die rigting van Mostertsdrift en Jonkershoek plaasgevind. Bruinmense het veral in die middedorp en in die omgewings van Idasvallei en Cloetesville gebly. Die ondersoekende vrae wat in die gedeelte aangespreek moet word, is wat die omstandighede was waarin bruinmense geleef het, en hoe bruinmense se houdings oor hulle posisie was.

Paul Heynike het vertel dat daar nie een straat in Stellenbosch was waar daar nie hier en daar bruinmense tussen witmense gewoon het nie.[2] Allerlei spottender byname is vir woongebiede waar bruinmense gewoon het, gegee. In die onderste deel van Dorpstraat was die “Kasarm”, “Rookskip” en “Sewe Pyp” woonbuurtes, en dan was daar nog bruinmense in Hertestraat, Van der Rietplein, Meulstraat, Van Collersteeg, “Die Jubilee” en in Birdstraat (‘n Slamaiersoord wat gestrek het van die Plaza tot by die bakkery van Jackson). Aan die oorkant was die “Sarannies” wat glo ‘n Slamse naam vir Christene was.[3] Hoewel die middedorp feitlik die kern van die blanke ekonomiese en opvoedkundige sentrum was en onkeerbare blanke residensiële uitbreiding plaasgevind het, het bruinmense lank reeds daar gewoon. Die gebied in die omgewing van Andringastraat en Merrimanlaan, en by die hoek van Drostdy- en Riebeeckstraat, is dig deur bruinmense bevolk.[4] Andringastraat het later die benaming van “Sweet Home” gekry.[5] Mnr. A. Cupido het bevestig dat die buurt van die sogenaamde “Vlakte”, dit wil sê die gebied van Andringastraat noord van Merrimanlaan, die hart en siel van die bruin inwoners was.[6] Alle Stellenbossers, wit en bruin, het volgens Cupido in goeie gesindheid langs mekaar gebly en vredeliewende buurmanskap betoon. ‘n Verdere interessante woongebied was Pleinstraat waarin die De Wetsgang (De Wet’s Lane) voorgekom het.[7]

---

[1] B. Barnard: *Introducing Stellenbosch*, p.3.
[2] P. Heynike: *Herinneringe uit Stellenbosch*. (Ongepubliseerde geskrif waarskynlik saamgestel 1940-1947), p.18.
[3] *Ibid*., p.18.
[4] M. Hoskyn: *Stellenbosch Village 1920-1950*, p. 45.
[5] P. Heynike: *Herinneringe uit Stellenbosch*, p.18.
[6] *Eikestadnuus*, 28 Julie 2000. (A. Cupido – ‘Mense van die geliefde Vlakte’).
[7] *Eikestadnuus*, 14 Julie 2000. (A. Cupido – ‘Stellenbosch en sy mense vanaf die vroeë twintigerjare soos waargeneem deur ‘n boorling van Stellenbosch’).

Die De Wetsgang en die samedromming van bruinmense skep ‘n baie kleurvolle beeld (bykans soortgelyk aan die Bo-Kaap of die Distrik Ses woonbuurtes) van vredevolle, dog agtergeblewene toestande voor die geestesoog.

Margaret Hoskyn toon aan dat bruinmense reeds vir verskeie generasies lank in Idasvallei gewoon het. Laasgenoemde gebied sou al meer uitbrei na gelang van die munisipale aandrang om die meerderheid bruinmense na Idasvallei te laat verhuis. Idasvallei was vir jare voor 1920 net veld en bosse met geen paaie, water of ligte nie.[8] Idasvallei, en die latere Cloetesville, sou geleidelik as bruin residensiële woongebiede ontwikkel. Bruin entreperneurs het naderhand selfs vanuit hul eie kleinhoewes (veral naby die treinstasie – Bosman’s Siding, kleinhandel winkels en bruin beheerde bakkerye en slagterye van stapel gestuur.[9] Op Coetzenburg is daar op Saterdae ‘n mark vir bruinmense gehou waar kruideniersware, vars produkte en plaaslike handewerk verkoop is.[10] Vir Hoskyn was hierdie taamlike nuwe voorkoms van bruinmense wat vooruitgang beleef en selfs oorsee begin reis het, iets heeltemal vreemd. Sy was as blanke inwoner baie ingenome met die wilskrag van sommige vooruitstrewende bruinmense en families, soos die Biscombes, Newmans, Pooles, Gordons en andere wat, weens hul hardwerkendheid, bo hul verwagtinge uitgestyg het.[10]

Desnieteenstaande was die oorgrote meerderheid bruinmense nie in so ‘n bevoorregte posisie nie. Mnr. A. Cupido het aangevoer dat “die inwoners nie van die welgestelde was nie, want hulle was almal werknemers by die verskillende winkels of blanke inwoners.”[11] Karige salaris-of loonbetalings aan bruinmense het merendeels tot ‘n toestand van verval, armoedige en agteruitgaande woonbuurtes soos De Wetslaan en andere aanleiding gegee. Daarmee saam het die ongenaakbare Vakleerlingwet van 1922 vir jong bruinmense dit uitermate ingewikkeld gemaak om enigsins die toestande te probeer verander.

Vele straatverkopers (of “Hawkers”) het daarom op hul eie inisiatief met plaaslike produkte soos groente, vrugte, vis ensovoorts gesmous. Volle lisensiëring vir

---

[8] M. Hoskyn: *Stellenbosch Village 1920-1950*, p. 45.
[9] *Ibid*., p.48.
[10] *Ibid*., p.47.
[10] *Eikestadnuus*, 14 Julie 2000. (A. Cupido – Stellenbosch en sy mense vanaf die vroeë twintigerjare soos waargeneem deur ‘n boorling van Stellenbosch).
[11] M. Hoskyn: *Stellenbosch Village 1920-1950*, p. 47.

straatverkoping was verpligtend en verkopers was boonop onderhewig aan sanitêre inspeksie. Oorwegend bruin straatverkopers en Moslem-entrepreneurs soos Dantjie Surat, Abdul Ebrahim, M.A. Patel, R.A. Paskualli, Abraham Davidse en Dick Gordon was slegs enkeles van almal wat verplig was om lisensies uit te neem.[12] Tydens 'n aansoek van J.F. Gabriels ('n vissmous), was die sanitêre inspekteur geensins inskiklik oor die verlening van 'n lisensie aan hom nie. Of Gabriels wel die lisensie ontvang het, is nie bekend nie. Per slot van sake het die nie-blanke straatverkopers dit dus ook nie maklik gehad onder munisipale eise nie.

Onder Stellenbosse munisipale beheer is die armoedige omstandighede van bruinmense in die 1920's dikwels halfhartig aangespreek. Veral met betrekking tot Idasvallei en die oprigting van ondergeskikte geboue en hutte is die volgende opmerkings gemaak. Die opmerkings is deur ene mnr Dealy, lid van die Stellenbosse Afdelingsraad, gemaak en het as volg gelui: "We understand that most of these huts being erected by an undesirable class of coloured persons and apart from being an eye sore to the general public the occupants of these huts are a nuisance in the vicinity and the class of buildings now being erected are deteriorating the value of better class building on the property (Ida's Valley) in question."[14] Daar was egter geen regulasies wat die oprigtings verbied het nie en met die latere instroming van swart arbeiders kon die situasie nie teruggedraai word nie. Dit is duidelik dat die Stellenbosch Munisipaliteit baie streng en taktvol was oor die ligging of vestigingsterrein van bruin wonings. Tydens die raadsvergadering van 10 Februarie 1920 is die situasie op die volgende wyse verwoord: "With regard to the erection of Coloured houses other than farm laborours [it] was decided that the Coloured people interested should be asked to submit particulars of their requirements, the kind of house and estimated cost – the Council would endevour to raise the money, which could be refunded on the instalment system. The rent to include Interest, Capital, Rates, Insurance and Sinking Fund."[15] Dit blyk dat die bruinmense wel hierop gereageer het deur 'n spesiale komitee binne die Publieke Werke Komitee aan te stel. Volgens die

[12] (KAB) 3/STB, *Minute Book 1927 – 1*. Report on the meeting of the Finance Committee held on 8th February 1927.
[14] (KAB) PAS Leer 2/373 verwysing L91/B/18. Stellenbosch Divisional Council. *Erection of Huts and Inferior buildings in Ida's Valley*, 1921-1921.
[15] (KAB) 3/STB. *Minute Book* 1/1/1/16. Minutes of adjourned Council Meeting 10th February 1920. *Coloured Houses*, p.453.

aantekeninge in die Notule boek word daar beskryf "that they appear to be very good types. I beg to suggest that we add £50 for drainage and the value of the land of smaller type, and £60 for larger type."[16]

In die verslag van die Publieke Werke Komitee is die bou van bruin huise goedgekeur: "Mr. Zerf on behalf of the Special Committee appointed by the Coloured people, submitted a plan of proposed cottages to be build, which we recommend. We also recommend that Mr. Zerf be asked if they would be prepared to construct similar cottages for the Council."[17] Die willekeurige bou van woonhuise, en vir alle praktiese doeleindes enige ander nie-blanke oprigting, kon noodwendig eers na strenge munisipale oordeel goedgekeur word.

Selfs in netelige gevalle soos die aanlê van begraafplase vir blank- en bruinmense moes die blank beheerde munisipale amptenare in 'n milieu van "eerder dood as uit die mode" optree. Volgens die blanke staatsamptenare en in die lig van die toenemende belangrikheid van gebiedskeiding op grond van ras, moes blankes en nie-blankes op aparte gronde begrawe word. Die voorstel vir 'n bruin begraafplaas by Sir Lowry's Pass en die plasing daarvan is reeds vanaf 1917 tot 1922 betwis. Die voorgestelde aanlê van 'n begraafplaas sou op kroongrond plaasvind. Alhoewel daar reeds 'n blanke begraafplaas bestaan het, is vermeld dat "the Council agreed that this burial ground (Coloured pink on the plan) be closed, as its present posision is a most unsanitory one."[18] Ondanks sulke aantygings is ooreenkomstig besluit dat 'n publieke begraafplaas vir bruinmense wel langsaan die Europese begraafplaas toegelaat sou word.

Dit wil voorkom of bruin behuising stelselmatig agteruitgegaan en in ellende gedompel is. 'n Bewys hiervan was die verslag van die burgemeester en raadslid van Stellenbosch van 21 Januarie 1926. Veral Idasvallei was 'n groot bron van bekommernis: "The position in Ida's valley as far it affects this Municipality is very serious. Buildings are continually being erected, and there is absolutely no sanitory or water provision, and it would appear to me very little supervision. There is a case being nursed in the Malay

---

[16] (KAB) 3/STB. *Minute Book* 1/1/1/16. Public Works Committee, 22nd April 1920, *Houses for Coloured People*, p.503.
[17] (KAB) 3/STB. *Minute Book* 1/1/1/16. Report Public Health Committee, *Houses for Coloured People*, p.504.
[18] (KAB) 3/STB/PAS Leer 2/1071 verwysing L91/1/6. Stellenbosch. *Site for a cemetary for Coloured people at Sir Lowry's Pass.* 1917-1922.

Camp now under most unsatisfactory conditions. The people really live in Ida's Valley and they have a house in the Malay Camp. As a matter of fact, they were just about to shift out to Ida's Valley when the child went down with Enteric Fever."[19] Traagheid om die onhigiëniese omstandighede te voorkom, het tot allerlei epidemies soos ingewandskoors in Ida's Valley aanleiding gegee.

Vervolgens het die burgemeester sy verslag voortgesit: "I know from a strictly financial standpoint that the Municipality cannot include Ida's Valley within the Township, but unless more effective supervision is exercised, I believe the time will come when we shall take it over with a very bad heritage. The houses are being build all over the place with very little foundation, and that the drainage to the roads will be very difficult. It is not possible for us to come to a working arrangement with the Divisional Council whereby they will pay us so much per annum to supply them with water and sanitary services, and that they foot the bill for the deficit?"[20] In die verbetering van die lewensomstandighede van bruin inwoners van Stellenbosch was volgehoue toekomstige samewerking tussen blank en bruin noodsaaklik.

Sportterreine vir bruinmense is as lewensbelangrik vir liggaamsopvoeding beskou, maar die uitlê van hierdie terreine het meer as ooit tot 'n ongemaklike onenigheid in die blank- en bruin verhoudinge gelei. 'n Uitstaande twispunt ten opsigte van sportterreine het in 1921 plaasgevind oor die toekenning van 'n stuk munisipale grond aan 'n blanke golfklub en bruinmense se besware daarteen. Die Stellenbosse golfklub, wat alreeds twintig jaar bestaan het, was geïnteresseerd in die munisipale grond. Die klub het vroom daarop gewys dat hulle vantevore reeds twee keer hul grense verklein het om meer ruimte vir die bruin gemeenskap te maak. Voorstelle is gemaak om 'n sloot as grens tussen die blank en bruin sektore te gebruik. Eersgenoemde se ontevredenheid oor die aggressiewe gedrag van sommige bruin krieketspelers aan die oostekant van die sloot het die golfgrondtwis onder munisipale aandag gebring.[21] Die Stellenbosse munisipaliteit het besluit om na goeddunke 'n relatief vervreemde grondgebied, met afmetings van ongeveer 20 morg ten

[19] (KAB) 3/STB, 1/1/1/21. *The Mayor and Councillors*, Stellenbosch. 21 January 1926, p.20.
[20] *Ibid*., p.20. The Mayor and Councillors.
[21] (KAB) PAS Leer 2/875 verwysing L 91/c/157. Stellenbosch. 'Alienation of Land. Golf Course. 1922.'

noorde van die hoofsloot, aan die golfklub te vergun.[22] Die probleem was dat hierdie grondgebied egter deur die Bruin Krieket Unie as krieketveld gebruik is. Bruin afgevaardigdes het ‘n petisie teen die vergunning van die grondgebied onderteken. Dit blyk dat hulle besware egter eenvoudig doodgedruk is omdat “any rights of play which the coloured section may have over the portion of the ground are subject to the Council’s pleasure.”[23] Die Stellenbosse munisipaliteit het die golfklub se versoeke goedgekeur en die klub moes ‘n nominale huur van 2/6d per jaar vir die grond betaal.

Op 8 Februarie 1927 het die Coloured Recreation Committee ‘n brief aan die burgemeester gestuur met ‘n versoek vir ‘n gepaste sportgrond vir bruin kinders. Op dieselfde dag is vergadering gehou waarin mevroue Bergsteadt, Morris, Alexander, Woodman en Africa gesamentlik versoek en druk uitgeoefen het vir die omheining van sportgronde naby woonstelblokke vir sportdoeleindes.[24] Die versoek het as volg gelui: “We are requesting the Municipality to allow it to take steps to fence the ground granted in the Flats for sport purposes (tennis courts and football fields), and to put aside a portion of the Municipal land near the washhouses for the purpose of swimming baths and slipper baths for the coloured community, and also a space either separate or along with the present rondawel which could be used as a creche or place of safety for coloured small childern while their parents are at work, and at night time for a workshop and recreation purposes.”[25] Daar het dus ‘n behoefte onder bruinmense bestaan om, in samewerking met blankes, hul sportgeriewe op konstruktiewe wyse uit te brei. Of die voorgestelde sportgronde later wel aan bruinmense toegeken is, word nie verder bekend gemaak nie.

Dit is belangrik om in ag te neem dat bruinmense ‘n soort worstelstryd rondom hul identiteitsvorming, status en die mate waarin hulle in verhouding met die blankes moes verkeer, gehad het. Daar was ook nie altyd duidelikheid onder bruinmense oor presies hoe om in hul verhouding met die blanke om te gaan nie. Gemengde opvattings en ideologieë het wisselvallig met betrekking tot hul eie status en plek in die Suid-

[22] *Ibid*., Leer 2/875 verwysing L 91/c/157.
[23] *Ibid*., Leer 2/875 verwysing L 91/c/157.
[24] (KAB) 3/STB, *Minute Book 1927 – 1*. Report on the meeting of the Finance Committee held on 8th February 1927. ‘Sports grounds for coloured children.’
[25] *Ibid*. , Minute Book 1927 – 1.

Afrikaanse son daaruit gesien. In ‘n aanhaling uit Shiela Patterson se sosiologies-historiese studie van die bruinmense in die sosiale struktuur van die Unie van Suid-Afrika gee sy Schweizer se woorde weer: “That it is so hard to keep oneself really humane, and so to be a standard bearer of civilization that is the tragic element in the problem of the relations between white and coloured men.”[21] Die mensliewendheidsaspek in blank en bruin verhoudinge was dus nie eenvoudig om in stand gehou te word nie.

Op Stellenbosch was daar in die 1920’s nie soseer ‘n tekort aan gesonde menseverhoudinge tussen blank- en bruin inwoners nie, maar meer as ooit is die kwessie van ‘n bruin identiteit wel onder hulself enersyds bevraagteken en andersyds onderskraag. Veral die befaamde bruin skrywer, C. Ziervogel, het die oënskynlike probleem van vernaamlik “intellektuele minderwaardigheid”, wat ‘n ongemaklike houding onder bruinmense laat posvat het, aangespreek.[22] Die gedagte dat die bruinmense nie kon kers vashou by blankes nie, het die persepsie geskep dat hulle nie inpas by hetsy die blanke minderheid òf die swart meerderheid nie. Sommige bruin intellektuele, soos Ziervogel, het daarop gewys dat bruinmense hulleself in baie gevalle in ‘n soort “halfweg-posisie” tussen blankes en swart mense bevind het. Die bruinmense het volgens Ziervogel minder regte as die blankes, maar meer regte as die swart mense gehad.[23] Nie net Ziervogel het die posisie van bruinmense krities aangespreek nie, maar ook blanke historici, te wete W.M. Macmillan en J.S. Marais. Macmillan het na bruinmense eerder as sogenaamde “Euroafricans” verwys omdat: “Independency could hardly furnish a tradition or give national cohesion against such odds as faced the successors of the ‘Hottentots’. With no home base of their own, they have no social standing in the European life around them, but are helplessly suspended between white and black, and can only think white.”[24] Melding is daarvan gemaak dat bruinmense hoofsaaklik ‘n verstedelikte gemeenskap van laegraadse arbeiders geword het. Dis moontlik ook vanweë bovermelde opvatting dat D.P. Botha die standpunt gestel het dat bruinmense die plek van ‘n “derde stand” naas die blankes beklee het. Botha beskryf die nou-verwante historiese medewerking tussen blanke en bruinmense in ‘n gunstige, selfs

---

[21] S. Patterson: *Colour and Culture in South Africa. A study of the status of the Cape Coloured People within the social structure of the Union of South Africa*, p.126.
[22] C. Ziervogel: *The Coloured People and the Race Problem*, pp. 8-9.
[23] C. Ziervogel: *Who are the Coloured People?*, p.15.
[24] W.M. Macmillan: *Cape Colour Question*, p.288.

patriotiese wyse, en verklaar dat "sonder die bruinmense die blankes geen volk in die normale sin van die woord is nie, want sonder hulle is die sosiologiese struktuur onvolkome."[25] Hoewel blank en bruin naas mekaar, selfs in tye van nood, gestaan het, het die onderlinge samewerking nie altyd dieselfde gebly nie. Oor en weer kritiek of uittarting sou ook plaasvind.

Die gesprek rondom 'n bruin status het in 1925 in 'n artikel in *The African World* die kern van die saak belig. Die beriggewing het pertinent daarop klem gelê dat bruinmense se status op beskaafde standaarde gebaseer moes word en dat die "Coloured man has a right to all civilized callings, for his systematic advancement of three and four generations in this land."[26] Die berig het verder aangedui dat "there is not one Coloured man, boy or girl, to our knowledge, and in our expierience who has, or even had the desire to lower their standard. In fact 'no person can sink lower than their original environment' even though they through force of circumstances fall to criminal or immoral lives."[27] Die debattering rondom hierdie sensitiewe kwessies het lank gewoed binne 'n gemeenskap wat hulle in die spervuur tussen blank en swart bevind het.

1.4. DIE SOSIALE DINAMIKA VAN BLANK EN BRUIN VERHOUDINGE

Die voorkoms van vrolikheid en ontspanning was 'n sterk karaktereienskap van die dorpsamelewing in Stellenbosch wat feitlik alle misnoeë of wedersydse ongelukkigheid oortref het. Die vredeliewende saamleef van beide blank en bruin inwoners is deur 'n lang gekoesterde poging van liefdevolle naasbestaan bewerkstellig. Hierdie naasbestaan sou op sy tyd deur fisiese ontspannings- en vermaaklikheidsuitingvorme geslyp word. Die beskrywing hiervan is 'n bewys dat nie net die politieke en ekonomiese in menseverhoudinge belangrik is nie, maar ook die alledaagse sosiale aktiwiteite wat 'n definitiewe rol in mense se lewens gespeel het.

[25] D.P. Botha: *Die opkoms van ons derde stand*, p.xv.
[26] *The African World* (1925-1926), 15th August 1925, 'Coloured People's Status.'
[27] *The African World* (1925-1926), 15th August 1925, 'Coloured People's Status.'

1.4.1. VREUGDEVOLLE GELEENTHEDE IN DIE DORP

Een van die minder bekende aspekte van die geskiedenis van blank en bruin sosiale verhoudinge was die impak van opwindende, vreugdevolle of bloot buitengewone geleenthede wat die inwoners van Stellenbosch gefassineer het. Dis soms opvallend hoe die krag van laggery in die smee van selfs rasseverhoudinge onderskat word. Hoewel Stellenbosch 'n baie klein dorp in die 1920's was en mense soms vereensaam het, is daar wel feesgevier. In 'n mondelinge oorvertelling het prof. Bun Booyens die feit belig dat buiten Nagmaalvierings, Kersfees en begrafnisse inwoners wel bymekaar gebring het, het daar verder nie veel gebeur het nie.[1] Feestelike opwinding moes in die algemeen gesproke eerder selde as ooit kunsmatig of vooraf beplan, georganiseer en aan die publiek bekend gestel word. 'n Tipiese voorbeeld hiervan was die legendariese besoek van beroemde wêreld- of politieke figure, te wete goewerneurs Darling, Woodhouse, Koningin Victoria en andere, aan Stellenbosch.[2] In der haas moes die dorpsbewoners alle noodsaaklike feestelike voorbereidings tref om die beste indruk van die dorp te weerspieël. Van die mees plesierige vieringe was die jaarlikse verjaarsdagherdenkinge van Koningin Victoria op die 24ste Mei. Daar sal later meer aandag aan die viering gegee word.

Die historiese besoek van die Prins van Wallis in 1925 het in die twintigerjare egter die meeste aandag getrek. Na gelang van beskrywings met betrekking tot die Prins se historiese besoek is daar in argiefmateriaal bevind dat alhoewel daar oorwegend blankes was, bruinmense ook goedgunstiglik teenwoordig was. Die organisering van die verrigtinge was baie streng en stiptelik hanteer. Soos aangeteken deur 'n spesiale vergadering van die munisipale raad op 6 April 1925 moes daar nie meer as 125 besoekers na die middagete van die Prins genooi word nie. Die burgemeester was oorlaai met allerhande organisatoriese opdragte. Die besoek sou sy hoogtepunt by die Braak hê waar die publiek (sien grafiese skets) volgens ras gegroepeer moes word.

---

[1] B. Booyens: *Blye geleenthede op ons dorp in die ou dae*. Bandopname Sho 44 b. 10.11.1973. (Vergunning van die Stellenbosse Heemkring).
[2] *Ibid.*, Bandopname Sho 44 b.



Hierdie skets dui die groeperings van Stellenbosse inwoners op die Braak tydens die besoek van die Prins van Wallis aan.[3]

Verder is die burgemeester beveel om (1) te kommunikeer met die polisie (onder Sersant Thompson), (2) te kommunikeer met die Boys Scouts, Girl Guides, Kadette en terugkerende soldate, (3) om die lede van verskillende Benefit Societies by te staan in die vorming van ‘n kordon rondom bruin skoolkinders op die Braak tydens die seremonies, en laastens (4) om die bruin skoolhoofde oor die plek waar hulle gegroepeer moes word in te lig vanwaar hulle versoek sou word om “God save the King” met die aankoms van die Koninklike Hooggeplaaste te sing.[3] ‘n Diepe opgewondenheid het onder die inwoners, wit en bruin, opgevlam terwyl alles seepglad verloop het. Hierdie soort feesvieringe het beide Nederlandse en Engelse invloede en elemente gehad. Die seremonies het ‘n sterk Europese inslag gehad by wyse van die plasing van kanonne op die Prins se platform en ‘n kanon wat in Birdstraat staangemaak en vir saluering aangewend is.[4]

---

[3] (KAB) 3/STB no. 4/1/206 verwysing 25.2 History (1925-1942), Report visit of Prince of Wales.
[3] *Ibid*.
[4] B. Booyens: *Blye geleenthede op ons dorp in die ou dae*. Bandopname Sho 44 b. 10.11.1973. (Vergunning van die Stellenbosse Heemkring).

Daar is voorgestel dat skoliere van vyf Sendingskole (onder meer die Wesleyaanse 230, die Rynse 350, Eerwaarde Marchand se skool 100, die NG Sendingskool 100 en die Volkskerk 145) op 1 Mei 1925 op die Braak moes vergader.[5] Die Nasionale Volkslied moes gesing en die Prins van Wallis toegejuig word. Selfs 'n spesiale verassing het op die kinders gewag, insluitend die bruin kinders, toe daar voorgestel is dat £10.0.0 gespandeer moes word vir koek aan bruin kinders.[6] Die uitdeel van lekkernye ter aflegging van die Prins se besoek was dus weereens 'n bewys van die goedhartigheid wat bestaan het, maar dit kon ook 'n kunsmatige instandhouding of herbeklemtoning van die blank- en bruin verhoudinge veronderstel.

Oor die algemeen was die karakter van seremoniële geleenthede baie kerklik van aard. Kommunikasie aan toeskouers of die publiek, deur middel van toesprake was welbekend. Ereboë waarop familiewapens opgerig is en die swaai van vlae het ook dikwels voorgekom. Wat volgens Booyens ook prominent was, was die geweer- en kanonvuur tydens vierings, die lui van klokke en die uitroep van hoera's en die uitbasuin van heildronke en patriotiese liede.[7] Kerk- en dorpsbasaars en dinees was ook gewild.
Vir Margaret Hoskyn was die ontspanning van jongmense in die twintigerjare baie informeel en ongesofistikeerd. Hoskyn vertel dat dié partytjies meer 'hilarious and convivial' geword het omdat "the trouble was that we enjoyed ourselves so much at each house stop that it was an effort to uproot ourselves in the pursuit of further pleasure".[8] Bygaande hiermee was sogenaamde "aaspartytjies", skattejag en opelug aktiwiteite soos pieknieks en "braaie" veral op Sondae die opwindendste sosiale uitlaatkleppe vir blanke inwoners van Stellenbosch.[9]

Groot opwinding is ook veroorsaak deur wapenskoue en soms is die historiese dorpsgeboue snags deur helderskynende gloeilampe verlig.[10] Hierdie verligtende effek op ou dorpsgewelgeboue het daartoe bygedra om 'n aristokratiese rykdomsgevoel en prettigheid onder inwoners in te skerp. Volgens Cinnie de Kock het plaasboere na

---

[5] (KAB) 3/STB no. 4/1/206 verwysing 25.2. History (1925-1942), Report visit of Prince of Wales.
[6] *Ibid*.
[7] B. Booyens: *Blye geleenthede op ons dorp in die ou dae*. Bandopname Sho 44 b. 10.11.1973. (Vergunning van die Stellenbosse Heemkring).
[8] M. Hoskyn: *Stellenbosch Village 1920-1950*, p. 62.
[9] *Ibid.*, p.62.
[10] B. Booyens: *Blye geleenthede op ons dorp in die ou dae*. Bandopname Sho 44 b. 10.11.1973. (Vergunning van die Stellenbosse Heemkring).

Stellenbosch gery om, soms uit nuuskierigheid, aan plaaslike veilings deel te neem. Veilings was ‘n baie opwindende geleentheid waarin blankes erg onder mekaar oor die verkope van goedere gebie het. Bruinmense is ook toegelaat om tydens die veilings allerlei aandenkings, antiekware en seldsame handelsware te verpand.[11] Die hou van veilings was bowenal ‘n interessante geleentheid vir blank- en bruin interaksie.

Kermisse en joligheid het ook as belangrike geleenthede in Stellenbosch uitgestaan. Een van die grootste “reusagtige funksies” is op April 1921 in die Laan gehou wat as die voorloper van die huidige universiteitsjool beskou kan word. Merendeels blanke vroue van professore het die verrigtinge georganiseer. Stalletjies van verskillende nasionaliteite het die aandag van ieder en elk getrek. Die Duitse stalletjie het byvoorbeeld bitterbier verkoop en in die aand het skare mense in verwondering na pragtige uitstallings van wiegende Chinese lanterns gekyk. Hierdie kermisse was so genotvol dat “the spirit of pleasure danced among the crowd and caught the heart of old and young alike.”[12] ‘n Uitstaande kenmerk van die kermisse was die deelname van verskillende nasionaliteite sodat ‘n internasionale kleur, soos tydens die kermis van 1922, daaraan toegevoeg is. Die verskynsel was ‘n nuwigheid wat met taamlike opwinding in ‘n dorp wat betreklik geïsoleerd was, beleef is. Paul Heynike het daarop gewys dat selfs ‘n Amerikaner met ‘n pragtige goud geskilderde wa wat elektries verlig was saans ‘n groot vermaaklikheid was. Hy het as “Sequal” bekend geword en het medisinale produkte verkoop. In sy “mediese” hoedanigheid het hy selfs op versoek blankes, en dan bruinmense se tande, getrek. Diegene wat aan jig en rumatiek gely het, het “Instant Relief” deur sy “Prairy Power” gekry.[13] Sulke eienaardighede het dus voorgekom en inwoners dienooreenkomstig beïndruk.

Hoewel begrafnisse geensins as vreugdevolle geleenthede getipeer kan word nie, was dit geweldige groot aangeleenthede op Stellenbosch. Om bloot weg te bly, is as ‘n ernstige oneer wat teenoor die afgestorwene betoon is, beskou. Begrafnisse, sowel as bruilofte, was besonderse respekvolle geleenthede wat stemmige oomblikke in die dorp laat weergalm het. Mense, familielede en ook bruinmense het van oraloor Stellenbosch

---

[11] C. De Kock: *Die Boerelewe: sy erns en luim*. Bandopname Sho 63 b. 23.05.1979. (Vergunning van die Stellenbosse Heemkring).
[12] *Eikestadnuus*, 26 Maart 1982.
[13] P. Heynike: *Herinneringe uit Stellenbosch*. (Ongepubliseerde geskrif saamgestel ongeveer 1942), p.34.

toe gekom om aan die verrigtinge deel te neem.[14] Troues was ‘n buitengewoon besonderse kleurvolle geleentheid wat baie kerklik was en die aandag van die publiek getrek het. Opsommenderwys kan gesê word dat besoeke deur welbekendes, veilings, kermisse en ander gebeurtenisse groot geleenthede op Stellenbosch was.

1.4.2. ‘N UNIEKE SPROKIES-EN MUSIEKLEWE

Die omringende Stellenbosse berge gee dikwels die indruk van ‘n sprokiesagtige wêreld waarin vertellings en staaltjies treffend geword het. Pieter Grobbelaar beweer dat die vertelling van rympies, sages en spookstories ‘n tyd van saamwees en vrolikheid, vernaamlik onder die jeug, op Stellenbosch was.[15] Hierdie soort van plesiermakery suggereer ‘n uniekheid van Stellenbosch, veral in terme van kultuur. Inwoners van die sogenaamde “Sleepy Hollow”, skertsend genoem weens die slapende voorkoms van die dorp, het ‘n handjievol verhale en rympies geken. Rympies wat soms rassekonnotasies gehad het soos “Wat maak oom Kalie daar, wat maak oom Kalie daar, hy slaan sy vrou, hy dink dis die Meid, wat maak oom Kalie daar,” is skertsend op bedektelike, dog uiters rassistiese wyse oorvertel.[16] Die liedjie, die ‘Stellenbosse Boys Kom Weer’, was weer ‘n rympie wat onder blankes veral op piekniek beroemd geword het. Inwoners het ook die geluide van diere, voëls en kerkklokke nageboots.[17] Grobbelaar het verduidelik dat niks vir mense (spesifiek kinders) in daardie dae onmoontlik was nie en dat dinge net aanvaar en nooit beredeneer is nie. Vertellings van groot, salige liegstories wat oor sprokies soos die tokkelossie en so meer gehandel het, was baie populêr. Saans is spookstories, soos die misterieuse spook van Vlottenburg, vertel wat alles eenvoudig bog- en bangmaakstories was. In die lang en kleurryke geskiedenis van Stellenbosch was die oorvertelling van sages, spookstories en grappe ‘n sentrale kenmerk in die geestelike lewe van mense en ‘n manier om ‘n soort ingebedde waarde daaraan toe te voeg.

---

[14] C. De Kock: *Die Boerelewe: sy erns en luim*. Bandopname Sho 63 b. 23.05.1979. (Vergunning van die Stellenbosse Heemkring).
[15] P. Grobbelaar: *Vertellings en rympies uit die ou dae van Stellenbosch*. Bandopname Sho 57 a. 03.09.1975. (Vergunning van die Stellenbosse Heemkring).
[16] P. Grobbelaar: *Vertellings en rympies uit die ou dae van Stellenbosch*. Bandopname Sho 57 a. 03.09.1975. (Vergunning van die Stellenbosse Heemkring).
[17] *Ibid.*, Bandopname Sho 57 a.

Musiek het die kragtige potensiaal om as universele taal oor alle grense van die lewe en selfs oor ras te sny. Stellenbosch het lank reeds sy staal as musikale onderrigsentrum vertoon. Die beroemde Stellenbosse Konservatorium wat onder die befaamde leiding van Herr Hans Endler ontwikkel is, was ‘n fenomenale musikale inspuiting vir die hele dorp.[18] Vanuit die staanspoor was die algemene musieklewe oorwegend deur blanke musici en musiekleermeesters oorheers. Kultuurbewuste ouers moes gedurig hul kinders aanmoedig om musiek te neem of om hulself in die vaardigheid van ‘n musiekinstrument opvoed.[19] Onder blankes was daar veral tradisionele klavier- en blaasinstrumente wat vanuit hul Europese herkoms gedateer het. Daar was ‘n groot behoefte aan Afrikaanse musiek en daarom is spesifieke aandag aan die vorming van egte plaaslike Boeremusiekorkeste geskenk. Met die geleidelike toename in steun vir die Nasionale Party het laasgenoemde ook begin druk uitoefen vir ‘n suiwer Boeremusiekonderneming waarvan die Federasie vir Afrikaanse Kultuurverenigings (F.A.K) ‘n uitvloeisel was. Ambisieuse pogings om ‘n amfiteater teen Papegaaiberg te bou, juis vir die doel van Boeremusiekorkesopvoerings, het nooit gerealiseer nie.[20] Nietemin het daar onder blanke Afrikaanssprekendes ‘n relatiewe onveranderde standvastigheid in hul musieklewe voorgekom.

Dit is interessant hoeveel van die blanke Europese musiekkennis en musiekvorme na die bruin gemeenskap en hul musieklewe deurgesypel het. In Stellenbosch was daar min geriewe vir formele musiekopleiding aan bruinmense.[21] Dit was die blankes wat die voortou geneem het in die musiekopvoeding aan bruin kinders, veral in die sendingkerkskole. As gevolg van hierdie opvoedkundige basis het die fondament van bruinmusiek ‘n grotendeels kerklike inslag gehad. In die bruin kerke is diep gewyde emosionele musiek of komposisies uitgevoer wat met sang gekombineer is. Musiekkonserte het tussen die verskillende Christelike kerkdenominasies plaasgevind, en later is kantatesang (kerksang) in konsertuitvoerings by kerke ingestel.[22] Fluit, blokfluit

---

[18] M. Hoskyn: *Stellenbosch Village 1920-1950*, p. 83.
[19] C. De Kock: *Die Boerelewe: sy erns en luim*. Bandopname Sho 63 b. 23.05.1979. (Vergunning van die Stellenbosse Heemkring).
[20] Boereorkes. Bandopname 15 b. (Vergunning van die Stellenbosse Heemkring).
[21] J. Arends: *Uit die Musieklewe van Idasvallei en Cloetesville*. 11. 11. 1998. (Vergunning van die Stellenbosse Heemkring).
[22] J. Arends: *Uit die Musieklewe van Idasvallei en Cloetesville*. 11. 11. 1998. (Vergunning van die Stellenbosse Heemkring).

en klarinetmusiek het ook geblyk gewild te wees in ‘n gemeenskap wat musiekgeletterdheid vooropgestel het. Kitaar en blaasinstrumente het ook bekend geword. Margaret Hoskyn het later vanuit ‘n blanke oogpunt daarop gewys dat die bruinmense ‘n groot liefde, en in enkele gevalle selfs ‘n talent vir musiek gehad het soos weerspieël in hul Gospelmusiekgroepe, byvoorbeeld *The Silver Star Choir* en *The Star of Bethlehem Band* en spel.[23]

1.4.3. DIE BRAAK, DIE “BOTTER-PAAL” EN DIE ROOI JAART

Die sentrale fokuspunt vanwaar die interaksie van mense die meeste plaasgevind het, was op die Braak. Aanvanklik het hierdie mooi oop stuk grond verskillende name gehad, onder meer die “Koningsplein”, die “Viktoria Square” en “Adderley Square”, maar onder die dorpsbewoners het die plein altyd as die Braak bekend gestaan. ‘n Hoogs opvallende karaktereienskap van die Braak was dat daar onder geen omstandighede geboue daarop gebou moes word nie. Die oprigting van die pragtige St. Mariakerk op die noordoostelike hoek van die Braak was egter ‘n uitsondering, hoewel dit ‘n mooi toevoeging tot die plein was.[24] Met verloop van tyd het historiese geboue en kerke rondom die Braak ontwikkel en het die Braak as’t ware die hart van Stellenbosch geword. Bespiegelings, veral deur gierige stadsontwikkelaars, het ontstaan oor die werklike doel van hierdie oop grondgebied, maar die rede daarvoor was dat ‘n gebied oopgehou moes word in die geval van brand.[25] Die verbetering van die Stellenbosse brandweerdiens het egter die belangrikheid van daardie rede laat verwelk. Desnieteenstaande het die Braak sy funksie as die vernaamste bymekaarkomplek vir dorpsbewoners beskou. Hier het blankes aanvanklik luilekker piekniek gehou en geselsies aangeknoop met verbygangers of bloot net die oopheid van die Braak besigtig. Die Braak was ‘n eenvoudige toonbeeld van natuurskoon tot die beskikking van die publiek.

Die beskikbaarheid van so ‘n ruim spasie in die middedorp het die aanbied van kermisse, militêre vertonings of groot openbare dorpsbazaars moontlik gemaak. Die

---

[23] M. Hoskyn: *Stellenbosch Village 1920-1950*, p. 50.
[24] M. Van Huyssteen: *Geskiedenis van die Braak – oor 300 jaar*. Bandopname Sho 66 b. 16.08. 1978. (Opname in die Kerkhuis- Vergunning van Stellenbosse Heemkring).
[25] M. Hoskyn: Stellenbosch Village 1920-1950, p.37. In vroeëre tye is die Braak ook as militêre paradegrond gebruik, en wel gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902).

kermisse en bazaars het ook die aansien van die omringende kerke, te wete die Rynse en Anglikaanse Kerke, verhoog.[26] Daar is reeds in die eerste gedeelte van die afdeling na die joligheid en lewendige atmosfeer tydens die gebeurtenisse gekyk. Van Huyssteen lewer kommentaar dat die Braak "in die ou dae vir die jeug soos Coetzenburg vir die Universiteitstudente was", waar krieket- en voetbalspelers selfs wedstryde gespeel het.[27] Nie net was die Braak 'n gemeenskaplike sportterrein nie, maar ook 'n daaglikse speelgrond vir klein kinders. 'n Opwindende geleentheid wat telkens beide kinders en volwassenes verbaas het, was die besoek van die sirkus. Paul Heynike het geskryf dat "al die skoolkinders, wit en swart, met hul skoolmeesters die aankoms van die sirkus ingewag en met "God save the Queen" toegesing het.[28] Bruinmense het dus ook in die vreugde van die sirkusvertonings gedeel. Die sirkustente was altyd langs die kant van die St. Mariakerk opgeslaan sodat die sirkus geensins misgekyk kon word nie.

Die sogenaamde "botter-paal" wat betreklik onbekend is, het ook vir lagwekkende vermaaklikheid gesorg. Veral met Koningin Victoria se verjaarsdag op 24 Mei is 'n hoë, gladde paal ongeveer in die middel van die Braak geplant. Heynike vertel dat bo-op die paal 'n kruitlat was waar aan die een kant vleis en die ander kant 'n bottel wyn gehang het. Die paal was dan met vet of botter besmeer, en die mense het gesukkel om die prys af te haal. Soms as hulle byna bo was, het die hele klomp geglip en laggend een op die ander geval.[29] Hierdie uitsonderlike vermaak was iets wat by beide blank en bruin vasgesteek het. Kruiwa- en sakresies het ook plaasgevind hoewel dit die "botter-paal" was wat die meeste vermaak gelewer het.

Net soos die Braak het die sogenaamde "Rooi Jaart" in die bruin woonbuurt ook as 'n soort bymekaarkomplek bekendheid verwerf. Veronica Presence het beskryf dat die "Rooi Jaart" 'n algemene groot erf was waarheen vragmotors sand, klippe en bakstene gekarwei het. Op koue nagte is daar vuur gemaak en mense het dan storietjies vertel. Werkers wat daar gewerk het vir 'n sekere "Cartage kontrakteurs", was almal inkomelinge van buite af, maar as 'n vreemdeling op Stellenbosch gekom het om werk te soek, dan het hy altyd net gevra waar die Rooi Jaart is. Die Rooi Jaart se naam was wyd

---

[26] M. Van Huyssteen: *Geskiedenis van die Braak – oor 300 jaar*. Bandopname Sho 66 b. 16.08. 1978. (Opname in die Kerkhuis- Vergunning van Stellenbosse Heemkring).
[27] P. Heynike: *Herinneringe uit Stellenbosch.* (Ongepubliseerde geskrif saamgestel ongeveer 1942), p.34.
[28] *Ibid.*, p.34.
[29] P. Heynike: *Herinneringe uit Stellenbosch.* (Ongepubliseerde geskrif saamgestel ongeveer 1942), p.35.

bekend gewees."[30] Volgens oorlewering was die area 'n gemeenskaplike agterplaas waar bruinmense kon praat oor die gebeure van die dag en natuurlik kon skinder. Dit was nie 'n "slum" of bendearea in 'n krotwoonbuurt nie, behalwe op Vrydagaande wanneer daar van tyd tot tyd 'n gedrinkery of 'n rowwe baljaar plaasgevind het.[31] Oor die algemeen was die "Rooi Jaart" 'n vreedsame gebied waar bruinmense in interaksie met mekaar kon kom of onbekende mense kon ontmoet.

Die Braak en die Rooi Jaart was dus gebiede in Stellenbosch wat indirek daartoe bygedra het om die blank- en bruin dorpsbewoners in der waarheid nader aan mekaar te bring.

1.5. POLITIEK EN DIE KWESSIE AANGAANDE BRUIN STEMREG

In die politieke sfeer het die bewoners van Stellenbosch goed met mekaar oor die weg gekom ten spyte van die feit dat toenemende wedywering tussen die blanke politieke partye ook daar voorgekom het. Politiek is immers iets wat almal direk of indirek raak en beslis menslike verhoudinge bepaal. In die politiek is die strewe na en uitoefening van mag sinoniem, en dit is veral verskynsels soos partypolitieke verkiesings wat van die allergrootste belang is om die mag in te palm. In hierdie afdeling sal daar veral na die bekendste Stellenbosse politieke figure, met besondere verwysing na Dr. W.B de Villiers en sy verhouding met die bruinmense en die verkiesing van 1929 gekyk word. Opspraakwekkende temas van die dag was die volgehoue debat rondom die sogenaamde "kleurlyn" en die kwessie van "bruin stemreg" binne die blank-beheerde politiek.

1.5.1. DIE AFRIKAANSE NASIONALE BOND, BRUCKNER DE VILLIERS EN DIE BRUINMENSE OP STELLENBOSCH

Voor die 1920's is politiek in Stellenbosch nie uitermate op die voorgrond gestoot nie. Onder die blanke inwoners het die verwarrende politiek tussen Afrikaans- en

[30] Mondelinge onderhoud deur H. Biscombe met V. Presence. (Getranskribeerde bandopname 4 D), p. 8.
[31] *Ibid*., Bandopname 4 (D), p.8.

Engelssprekendes wel bestaan. Die gedagtes en herinneringe van die Anglo-Boereoorlog was nie eensklaps vergeet nie. Nietemin was die daaglikse verhouding tussen Afrikaners en Engelse inwoners op ‘n baie gemoedelik, hoewel daar soms ‘n stryery was.[1] Wrywing het dus van tyd tot tyd tussen bogenoemde blanke groepe voorgekom omdat hulle verskillende ideale nagestreef het. Die Engelssprekendes is deur Uniewording in ‘n bevoorregte posisie geplaas en as’t ware met die moederland (naamlik Groot-Brittanje) verbind. Sesessie of afskeiding van die Britse Ryk wou hulle ten alle koste voorkom. Daarteenoor wou die Afrikaners hul verlore onafhanklikheid terugkry en ‘n eie Afrikaner-republiek vry van Brittanje stig. Na die Imperiale Konferensie in 1926 het Professor C.M van den Heever egter gesê dat daar geen rede was waarom Afrikaanse en Engelssprekende Suid-Afrikaners nie in die “gees van ‘n Suid-Afrikaanse nasie gekonsolideer kon word nie”.[2] Verdeelde gevoelens en opvattings aangaande hierdie politieke aspekte het dus onder blankes voorgekom en is duidelik uitgestip.

Die politieke situasie in die blank en bruin verhoudings gedurende die twintigerjare was baie meer vloeibaar, veral met betrekking tot die “kleurlyn” en die toelating van bruin kiesers tot verkiesings. Die bruinmense, wat ook as minderheidsgroep geklassifiseer is, het wel die stemreg gehad maar nie die reg om tot die parlement verkies te word nie. Daarom was hulle daartoe geneig om hul keuse tussen partye en kandidate op beleid teenoor die bruinmense eerder as op hul houdings oor wyer nasionale kwessies te baseer.[3] Veral in die Kaapprovinsie het die teenwoordigheid van bruin kiesers ‘n belangrike “bruin” faktor in die politiek geword om in verkiesingstye selfs die verskil tussen wen en verloor te beteken. Onder die bruin bevolking was daar ook ‘n verdeling tussen (1) diegene wat oorreed is en ingestem het om blanke politieke partye na willekeur te ondersteun, en (2) ‘n meer radikale groep wat òf apaties gestaan òf ingeval het by die African Political Organization (A.P.O) en hul belang om bruin burgerregte teen blanke oorheersing te verdedig. Die APO was geensins ingenome met die instelling van wat hulle die selfsugtige “Kleurlyn” in die grondwet beskou het nie en het ‘n grootskaalse

[1] C. De Kock: *Die Boerelewe: sy erns en luim*. Sho 63 b. 23.05.1979. (Vergunning van die Stellenbosse Heemkring).
[2] M. Ballinger: *From Union to Apartheid. A Trek to Isolation*, p. 41.
[3] E. Hellman (ed.): *Handbook of Race Relations in South Africa*, p.523.

petisie daarteen is deur 50,000 bruinmense onderteken.[4] Onder die APO-opgesweepte bruin ondersteuners het die ontevredeheid hoog geloop. In ‘n APO-koerantartikel is die Uniale regering gekritiseer en gedwing om ‘n “gunstige antwoord op die petisie te gee”, en “indien die parlement weier, ons die feit moet erken dat die outoriteite van die land vas besluit het om ons te gebruik as industriële poppe, en ons tegelykertyd in ‘n toestand van politieke slawerny hou.”[5]

In antwoord op die APO het die Nasionale Party ‘n koerantjie, *The Clarion*, onder ‘bruin Afrikaners’ uitgereik en die pro-NP–gesinde J. Grainger Rossouw het verklaar dat “Your vote is to decide whether you hand over your tools to the immigrants and kill your family by starvation or to stand shoulder to shoulder with those who say: ‘Africa and its interests for Afrikaners’... Let us say, Nationalist, in spite of your bitter prejudice against our people we are going to trust you and put our lives in your hands.”[6] Alledaagse gesprekke aangaande bruin vervreemding van die Afrikaner is deurentyd gevoer maar dit was die saak rondom *toenadering* tussen blank en bruin Afrikaners waaroor die politieke partye, en spesifiek die Nasionale Party, toenemend besorg geword het.[7] NP-lede, veral dr. D.F. Malan en W.B de Villiers, het alles in hul vermoë gedoen om deur middel van daadwerklike toenadering en samewerking met bruin NP-afgevaardigdes die bruinstem vir hul eie magsuitbreiding oor te haal.

Een van die bekendste uitvloeisels van die NP se hulpverlening aan bruin politici was die vorming van die Afrikaanse Nasionale Bond (ANB). Volgens professor Hermann Giliomee is die handgeskrewe konstitusie van die ANB eers onlangs in die D.F. Malan - versameling van die Universiteit van Stellenbosch geopen.[8] Dit is ‘n merkwaardige primêre historiese manuskrip waarin die aspirasies van die ANB, om die regte van die bruinmense in besonder teen onredelike swart kompetisie te beskerm, uitgespel word. Die mondstuk van die ANB was die propagandistiese koerant *Die Bond* wat na alle waarskynlikheid deur pro-NP-skrywers van *Die Burger* bygestaan is. Die Kaapse

---

[4] R.E. Van der Ross: *Say it out Loud. The APO Presidential Addresses and other Major Political Speeches 1906-1940 of Dr. Abdurahman*, p. 80.
[5] *A.P.O*, 11 Maart 1922.
[6] *The Clarion*, 5 Februarie 1921.
[7] H. Giliomee: ‘The Non-Racial Franchise and Afrikaner and Coloured Identities, 1910-1994’ uit *African Affairs* (1995), 94, p.212.
[8] H. Giliomee: ‘The Non-Racial Franchise and Afrikaner and Coloured Identities, 1910-1994’ uit *African Affairs* (1995), 94, p.212.

Nasionale Partyleiers het volgens Gavin Lewis ook ‘n ondersteunende rol gespeel in die stigting van ‘n bruin versekeringsmaatskappy en ‘n separatistiese kerk, naamlik die *Volkskerk* onder pastoor J.H Forbes.[9] Dit is opvallend dat die ANB se ledetal teen 1928 tot ongeveer 10,000 gestyg het,[10] wat daarop dui dat die gaping tussen die pro-ANB en die pro-APO ondersteuningsbasisse groter geword het. Dit staaf die vermoede dat die bruinpolitiek beslis meer vloeibaar was.

Daar bestaan nie sekerheid oor die presiese stigtingsdatum van die Afrikaanse Nasionale Bond nie, maar dit moes na die 1924-verkiesing plaasgevind het. In laasgenoemde verkiesing het die Nasionale-Arbeidersparty Pakt daarin geslaag om die Suid-Afrikaanse Party van Generaal Smuts te verslaan. Op 8 April 1924 het Generaal Hertzog in ‘n verblydende toespraak aan bruinmense op Stellenbosch gesê: “The duty of the European is to see that all sections are encouraged and helped to attain a high standard of civilization and through their moral and intellectual power to make this country strong and prosperous.”[11] Sulke politieke motiverings het hul doel bereik. Bruin ondersteuners van die Nasionaliste het opnuut hul politieke posisie in heroorweging geneem en met behulp van die NP is mnr. Veldsman die president van die ANB gemaak.[12] Die konstitusionele manuskrip van die Afrikaanse Nasionale Bond wat in Dr. Malan se dokumentversameling verskyn, is ‘n uitsonderlike belangrike dokument wat die volle beginsels van die ANB bevat. Op die oog af lyk dit na ‘n “Nuwe Bedeling” wat die NP aan die bruinmense, en spesifiek die in die ANB, beskikbaar gestel het. In artikel een word die karakter van die ANB beskryf, naamlik dat “die Afrikaanse Nasionale Bond hom vereenselwig met die nasionale oortuiging en aspirasies van die Suid-Afrikaanse volk en verteenwoordig in hierdie opsig meer bepaald die nie-Europese bevolking. Hy streef daarna om hierdie oortuigings en aspirasies te ontwikkel en te laat verwesenlik tot ruimste seën vir volk en vaderland.”[13]

---

[9] G. Lewis: *Between the Wire and the Wall. A history of South African ‘Coloured’ politics*, p.129.
[10] H. Giliomee: ‘The Non-Racial Franchise and Afrikaner and Coloured Identities, 1910-1994’ uit *African Affairs* (1995), 94, p.213.
[11] R.E. Van der Ross: *Say it out Loud. The APO Presidential Addresses and other Major Political Speeches 1906-1940 of Dr. Abdurahman*, p.86.
[12] G. Lewis, *Between the Wire and the Wall. A history of South African ‘Coloured’ politics*, p.128.
[13] JS Gericke Biblioteek (Africana Spesiale Versamelings). Malan Versameling, Ms. 1/1/1, ‘Konstitusie en beginsels van die Afrikaanse Nasionale Bond.’ Ongedateerde korrespondensie, p.1.

Behalwe vir die verdere nasionalistiese strewe na ‘n gesonde vaderlandsliefde en die verslapping van samewerking tussen Suid-Afrika en Groot-Brittanje, is die posisie in verband met rasseverhoudinge duidelik gestel. In artikel vyf is daar in diepte na die verhouding tussen rasse gekyk waarin “die party erken om onomwonde die onvervreembare reg van die drie hoofrasse – die Europese, die Kleurlinge (insluitende Maleiers) en die Naturelle rasse op die bewoning van ons land, sowel as die reg van al drie om as rasse beskou te word as samestellende dele van die volk van Suid-Afrika. In ooreenstemming hiermee beskou die party dit van lewensbelang te wees vir Suid-Afrika dat daar tussen gekleurde rasse ‘n goeie verstandhouding en hartlike samewerking sal bestaan, gegrond op openhartige betrekkinge, regverdige behandeling en onderlinge vertroue.”[14] Die oorkoepelende idee was dat alle rassegroepe in harmonie moes saamleef, maar die vraag is hoe dit gerealiseer kon word as daar onderlinge diskriminerende houdings en ‘n denkraamwerk van rasseskeiding in die vorm van segregasie bestaan het.

Verdere twee belangrike aspekte in die ANB manuskrip was die kwessies rondom politieke gelykheid en segregasie. In artikel ses is daar ten opsigte van politieke gelykheid die volgende verklaar: “die party sal sy volle krag wy aan die opheffing van die kleurling-ras deur aan die een kant te ywer vir politieke gelykheid en te waak teen ongelyke behandeling vir die toepassing van die landswette en deur aan die ander kant by hulle aan te kweek ‘n gees van selfstandigheid en selfrespek.”[15] Die ANB is as regmatige party erken deur die Nasionale Party wat bruinmense aangemoedig het om oor die langtermyn hulself tot ‘n welvarende volk op te hef.

Wat segregasie betref, het die ANB in artikel sewe die volgende gehuldig: “Met die oog op die ekonomiese beskerming van die blanke en kleurling met hul beskaafde lewensstandaard teen ongelyke kompetisie van die kant van die naturel en met die oog op die wenslikheid om die Naturelle-rasse self die minste geleentheid te gee om hulself te ontwikkel na hul eie aard en aanleg, ywer die party vir ‘n oordeelkundige en regverdige uitvoering van die politiek van segregasie.”[16] Waar die APO segregasie en samewerking met die Nasionale Party teengestaan het, het die ANB heelhartig ingestem om hul

---

[14] JS Gericke Biblioteek (Africana Spesiale Versamelings). Malan Versameling, Ms. 1/1/1, ‘Konstitusie en beginsels van die Afrikaanse Nasionale Bond.’ Ongedateerde korrespondensie, p.3.
[15] *Ibid*., p. 3.
[16] JS Gericke Biblioteek (Africana Spesiale Versamelings). Malan Versameling, Ms. 1/1/1, ‘Konstitusie en beginsels van die Afrikaanse Nasionale Bond.’ Ongedateerde korrespondensie, p. 4.

beginsels te ondersteun. Daarmee saam het die ANB selfs samesmelting tussen bruinmense en Afrikane verwerp om op hul eie ‘n “gees van nasionale trots te kultiveer”, en beslis in samewerking met blankes.[17] In vergelyking met die APO en Dr. Abdurahman se gedugte pleidooi vir absolute gelykheid tussen rasse wou die ANB ‘n afsonderlike bruin identiteit handhaaf. Desnieteenstaande het welsynsverskaffing aan bruinmense egter begin wankel namate die verligting van armblankes bo dié van bruinmense aandag geniet het.

In die politieke verwikkelinge het Bruckner de Villiers veral ‘n prominente rol as verteenwoordiger van die Nasionale Party op Stellenbosch vervul. De Villiers het as bekende politikus ‘n nederigheid betoon en ‘n mensevriendelikheid geopenbaar. Hy het by geleentheid gesê: “Ek maak geen aanspraak daarop dat ek ‘n groot politikus is nie. Maar waar dit binne of buite die Parlement liefde vir my volk, sy taal, tradisies en geskiedenis aangaan, daar staan ek vir niemand agteruit nie.”[18] De Villiers was egter wyd en syd bekend en het om twee setels, te wete Stellenbosch en Kuruman, vir die NP meegeding. Generaal Hertzog het De Villiers telkens aangeraai om homself vir altwee plekke verkiesbaar te stel, maar hy het De Villiers veral op Stellenbosch nodig gehad. Net soos Hertzog en sy begeerte om Afrikaans en Afrikaner-identiteit te bevorder, was De Villiers ook ‘n Afrikaner-nasionalis. Dit was egter nie slegs ‘Hertzogisme’ (die aanhang van idees rondom Afrikaner nasionalisme volgens Hertzog) wat De Villiers nagevolg het nie, maar ook sy medemenslikheid teenoor bruinmense. De Villiers het gemeen dat “as ek ook op Stellenbosch verkiesbaar gestel kan word, ek albei hierdie setels vir ons party sal wen. Op Stellenbosch is die bruin stem deurslaggewend. Slaag ek daarin om hierdie mense aan my kant te kry, moet dit noodwendig ‘n voordelige invloed in ons guns uitoefen op die bruin-stemkrag in die res van die Kaapland en kry die Nasionale Party ‘n groot genoeg meerderheid om op hul eie bene te staan.”[19]

In Stellenbosch was die bruin stem baie belangrik omdat dit statisties ongeveer die helfte van die totale Stellenbosse kieserskorps uitgemaak het. Die monopolistiese wedywering oor die inpalming van die bruin stem, en daarmee saam die bruin stemreg,

---

[17] H. Giliomee: ‘The Non-Racial Franchise and Afrikaner and Coloured Identities, 1910-1994’ uit *African Affairs* (1995), 94, p.212.
[18] G. Pretorius: *Bruckner de Villiers: Man van die Daad*, p. 97.
[19] G. Pretorius: *Bruckner de Villiers: Man van die Daad*, p.98.

het tussen die blanke politieke partye al meer toonaangewend geword. Figuurlik gesproke het die bruin stem nie meer as ‘n “politieke voetbal” in die magspolitiek van blanke partybeheer, meestal tydens verkiesings, geword nie.[20]

In terme van landspolitiek het die toespraak van Genl. Hertzog op 13 November 1925 op Smithfield as ‘n verrassing gekom. Hertzog het merkwaardiglik verklaar dat “die Kaapse Bruinmense na aan die Europeaan staan. Hy is ontstaan en bestaan in ons midde, ken geen ander beskawing as dié van die blanke nie, hoeseer hy ook dikwels daaraan te kort skiet, en spreek die taal van die blanke as moedertaal. Van segregasie kan daar in sy geval geen sprake wees nie.”[21] Vervolgens het Hertzog gesê dat “ekonomies, industrieel en polities hy by ons opgeneem moet word. Maatskaplik is dit sy begeerte, net soseer as die van ons, dat hy by homself sal staan... Wat betref die stemreg staan hy in die Kaap op dieselfde voet as die blanke, en is hy dus daar reeds opgeneem naas die blanke man.”[22]

Daar is selfs beoog om die bruin stem na die noordelike provinsies uit te brei. In die Uniale parlement het ‘n hewige debat en politieke maneuvreerdery oor die gee van die stemreg aan bruinvroue gewoed. Dr. Malan was effens skepties hieroor en hoewel hy die stemreg aan bruinvroue wou gee, was hy huiwerig oor wat die toekomstige gevolg daarvan vir die kleurgrens sal wees indien honderde bruinvroue na die howe moes gaan om te bewys dat hulle bruin en nie swart was nie. De Villiers was baie meer ingenome met die uitlatings van Genl. Hertzog wat gesê het: “Ek sê wat ek altyd gesê het, dat ons politiek die kleurling op dieselfde basis as die blanke moet stel. As ek aan ‘n beskaafde blanke vrou die stemreg gaan gee, dan is ek ook bereid om dit te gee aan die kleurlingvrou wat die blanke se beskawing bereik het.”[23] Hierdie soort positiewe politieke gesprekvoering tussen die vernaamste politieke leiersfigure in die Pakt-regering het tot na die verkiesing van 1929 voortgeduur en dit het indirek tot ‘n groeiende verhouding met die bruinman bygedra.

---

[20] R.E. Van der Ross: *The Rise and Decline of Apartheid. A study of political movements among Coloured People of South Africa, 1880-1985*, p. XVI (Aangehaal uit inleiding deur Hermann Giliomee).
[21] *Die Burger*, 14 November 1925.
[22] *Ibid*., 14 November 1925.
[23] W.B. De Villiers: *Die Kleurlinge in die Politiek*, p. 5.

1.5.2. DIE "GOUE ERA" VAN BLANK EN BRUIN POLITIEKE BETREKKINGE EN DIE VERKIESING VAN 1929

Bruinmense op Stellenbosch het reeds in 1924 besef dat Bruckner de Villiers werklik in hul politieke ontwikkeling belang gestel het, omrede hy ten gunste daarvan was dat hulle hul eie onderwysers, magistrate, ensovoorts moes voortbring. Volgens Gert Pretorius se biografiese beskrywing van De Villiers is generaal Hertzog en Bruckner de Villiers by die Steenbrug, naby die Stellenbosch stasie, deur 'n geesdriftige skare van bruinmense ingewag. Die generaal en De Villiers het in 'n koets gery, gelei en gevolg deur blaasorkeste. Die byeenkoms het gegroei tot 'n reuse optog na De Villiers se woonhuis, waar Genl. Hertzog sou tuisgaan. Studente wat intussen van die generaal se koms verneem het, het ook op die segeroete verskyn en hulle by die optog aangesluit. By sy huis aangekom, was hy verplig om die studente toe te spreek en hulle dit op die hart te druk dat dit die bruinmense se groot dag was en dat genl. Hertzog daardie aand net hierdie mense sou toespreek. Die studente het toe vertrek."[24] Die bruinmense het baie geëerd en opgewonde hieroor gevoel omdat hulle afsonderlik met De Villiers en Hertzog, sonder die teenwoordigheid van blanke studente, persoonlik in aanraking kon kom.

Danksy die steun van die Afrikaanse Nasionale Bond en die groeiende bruin kieserskorps het die Nasionale Party op Stellenbosch 'n stewige fondament vir die komende parlementsverkiesing van 1929 opgebou. Die Suid-Afrikaanse Party was egter nie 'n kalant om sonder handskoene aan te pak nie en daarom het die NP 'n gedugte propagandaveldtog geloods. Die eintlike geveg vir die Nasionaliste was om die bruin stem in te palm. In dr. Malan se toespraak ter ondersteuning van Bruckner de Villiers op Stellenbosch het hy onder meer gesê dat "vandag is dit die Nasionale Party wat die bruinmense dwarsdeur die land stemreg wil gee ... In die SAP program word van die bruinmense geen melding gemaak nie, maar die Nasionaliste wil hul stemreg uitbrei."[25] Die bemoedigende nuus oor die uitbreiding van die bruin stemreg het nuwe hoop oor die toekoms van die bruinman ingehou.

---

[24] G. Pretorius: *Bruckner de Villiers: Man van die Daad*, p.115.
[25] *Die Burger*, 3 Mei 1929.

Die hoogtepunt van die "goue era" van hoë politieke verwagtinge en samewerking met bruinmense het in die verkiesing van 1929 plaasgevind. Die Nasionale Party het vir die eerste keer op sy eie daarin geslaag om die algemene verkiesing te wen, waarby die setels van Stellenbosch en die Paarl ingesluit was. Dit was grootliks vanweë die steun van bruin kiesers en De Villiers se juigende bruin ondersteuners van Stellenbosch het hom skouerhoogte in die Parlement ingedra en in die wandelgang onder die toejuiging van Kaapse Nasionaliste neergesit.[26] Hierdie oorwinningsgeleentheid moes sekerlik 'n groot indruk op De Villiers, maar ook op blankes, bruinmense en politici gemaak het. Veldsman, Arazet Gamiet en Christian Dantu was die invloedryke ANB leiers in die bruin gemeenskap wat bruin kiesers oorreed het om vir die NP te stem. In 'n ANB propaganda pamflet is "mede kleurlingvriende", soos hulle dit genoem het, ingelig oor die sukses van die Hertzog-regering en is tot die gevolgtrekking gekom dat "sy beleid ongetwyfeld die status van en die toestande waaronder die bruinmense leef geleidelik verbeter het."[27] Bruinmense is verder ingelig dat "ons (vandag) 'n verdere mylpaal in ons ontwikkeling bereik het en is trots dat ons die posisie kan beklee waarna ons jare lank gestreef het: die van 'n afsonderlike nasionale eenheid."[28]

'n Analise van die politieke oorwinning toon dat die APO-nuusblad die SAP veroordeel het vir die aflegging van 7,000 bruin werkers op die Spoorweë om plek te maak vir blanke werknemers. Die ongelukkigheid van bruin APO-lede het dus in die guns van die Nasionale Party getel. Tydens 'n openbare massabyeenkoms in die Kaapse stadsaal op 22 Mei 1929 het 1,500 bruinmense 'n resolusie aangeneem waarin gestipuleer is dat alles in hul vermoë gedoen moes word om die mag aan die Pakt-regering terug te gee.[29] In hoe 'n mate die opvattings na die byeenkoms wel tot die NP se oorwinning bygedra het, is egter nie bekend nie.

Bruckner de Villiers het steeds volgehou met sy standpunt dat bruinmense die geleentheid moes kry om langs eie weë in aparte skole, kerke, sportterreine en so meer te

---

[26] W.B. De Villiers: *Die Kleurlinge in die Politiek*, p.2.
[27] JS Gericke Biblioteek (Africana Spesiale Versamelings). Malan Versameling, Ms. 1/35/2 (1) 1929. 'Aan die Kleurlingvriende van die Unie.' (Publikasie van verkiesingspropaganda deur die Afrikaanse Nasionale Bond).
[28] *Ibid*., 1/35/2 (1) 1929.
[29] JS Gericke Biblioteek (Africana Spesiale Versamelings). Ms. 173, Dok.17. Election statement issued by Dr. I. Abdurahman and Dr. S. Dollie in favour of NP 1929. (African Political Organization).

ontwikkel, en hy het ook nie sosiale gelykheid met die blanke voorgestaan nie.[30] Maar in weerwil van sy pro-segregasie houding het De Villiers ‘n besondere gesindheid teenoor bruinmense geopenbaar. Hy wou byvoorbeeld prakties dieselfde geriewe vir bruinmense as blankes beskikbaar help stel. In Stellenbosch het hy gehelp waar hy kon om die bruin kerk – *Die Volkskerk van Afrika*, te help en het selfs grond aan die gemeente beskikbaar gestel vir die vergroting van hul skool. Aan bruin sportverenigings het De Villiers trofeë en bekers geskenk.[31] Sy dienswilligheid het in latere jare tot die stigting van die Bruckner de Villiers Laerskool ter ere van sy bydraes aan die bruin gemeenskap op Stellenbosch aanleiding gegee. Kritici sou dit as paternalisties kon beskou, maar in die konteks van die tyd het dit ‘n positiewe praktiese uitwerking gehad.

Dit sou histories interessant gewees het hoe die politieke betrekkinge met bruinmense daar sou uitsien indien bogenoemde positiewe samewerking volhoubaar gehandhaaf kon word. Ongelukkig het die “goue era” nie langer voortgeduur nie. ‘n Hoofrede hiervoor was dat dr. Malan se standpunt na die verkiesing heeltemal anders geword het omdat hy nie meer saamgestem het met die gedagte dat die “bruinmense” as ras geklassifiseer moes word nie. Bruinmense moes volgens Malan se siening as ‘burgers van Suid-Afrika’ na die stembus gaan.[32] Hertzog het hieroor verskil in die opsig dat blanke vooroordele gedeeltelik uitgesluit moes word uit hul stemreg.[33] Malan en Hertzog se politieke bande het as gevolg van hierdie verskillende interpretasies van ‘n bruin beleid onverbiddellik geskei. Bruinmense is weereens afgeskrik en ontnugter gelaat. Bruckner de Villiers is in latere jare vir sy belangstelling in bruinmense deur sy politieke teenstanders veroordeel en verwyt dat hy maar net hul stemme in die hande wou kry. Nietemin het die bruinmense hom bygestaan en in daardie politieke samewerking is dit ‘n bewys dat Stellenbosch in die twintigerjare nie so apolities was nie.

---

[30] W.B. De Villiers: *Die Kleurlinge in die Politiek*, p. 2.
[31] G. Pretorius: *Bruckner de Villiers: Man van die Daad*, p. 118.
[32] *Cape Times*, 5 September 1929.
[33] H.Giliomee: ‘The Non-Racial Franchise and Afrikaner and Coloured Identities, 1910-1994’ in *African Affairs* (1995), 94, p.218.

HOOFSTUK 2

GODSDIENSTIGE EN OPVOEDKUNDIGE INSTELLINGS AS SAAMBINDENDE FAKTORE IN DIE BLANK EN BRUIN VERHOUDINGE

Die noodsaaklikheid van die aanspreking van godsdienstige instellings as vergaderplekke waar mense willekeurig met mekaar kon ontmoet, veral in ‘n plaaslike gemeenskap soos Stellenbosch, is van groot belang. Ongetwyfeld het die beoefening van verskeie godsdienste ‘n sentrale rol in die geskiedenis van Stellenbosch gespeel. Gepaardgaande met die aandagtige leer van godsdiens het die onderrig van blankes en bruinmense op samelopende wyse plaasgevind. In hierdie hoofstuk sal daar hoofsaaklik op die belangrikste godsdienstige en opvoedkundige instellings op Stellenbosch gekonsentreer word. Onderliggend daartoe sal gepoog word om vas te stel hoe, en in welke mate, blank- en bruin verhoudinge in die verskillende denominasies uitgekristalliseer het.

2.1. DIE ROL VAN DIE RYNSE SENDINGKERK (LATER DIE NEDERDUITS GEREFORMEERDE SENDINGSKERK) EN SKOOL

Die Rynse Sendingkerk het ‘n besondere invloed op die verhouding tussen blanke en bruin-lidmate uitgeoefen. Dit is daarom belangrik om kortliks die kerk se rol as godsdienstige- en opvoedkundige instansie te belig. Die geskiedenis van die Rynse kerk en die *Rheinische Missionsgesellschaft* (Rynse Sendinggenootskap) is opsigself uiteenlopend. Reeds in 1824 is hul sendingkerk op Stellenbosch gestig. Hoewel hier nie geensins beoog word om die volle verhaal van die Rynse Kerk te bespreek nie, is dit wel insiggewend om daarop te let dat dit een van die oudste sendingkerke in Suid-Afrika is. Weens die inspirasie van die *Het Stellenbosse Medewerkende Zendelings Genootschap*, ‘n tak van die eerste inheemse sendelinggenootskap (*Het Zuid Afrikaansche Maatschappij ter bevordering van de Uitbreiding van Christus Koninkrijk* (1799), is ‘n

sendingkerk op Stellenbosch opgerig.[1] Met die besluit om die Rynse Kerk aan die suidekant van die Braak op te rig, is dit merkwaardig dat blankes en nie-blankes wedersydse ondersteuning verleen het om fondse vir die bouwerk in te samel. Sommige bekeerde bruinmense het vrymoediglik gehelp, byvoorbeeld in die werkverrigting en instandhouding van die Rynse pastorie en het sodoende hul lojaliteit teenoor die missie van die kerk betoon.[2] Die oorhoofse missie of langtermyn doelstelling van die Rynse sendelinge was om bruinmense te kersten en beskaaf, maar nie op 'n permanente grondslag nie. Nadat die sendelinge hul doel verwesenlik het ten opsigte van die verkondiging van die Woord en daar genoegsame bekeerlinge was, moes die bruinmense self die leiding van die Rynse kerk op Stellenbosch oorneem.

Volgens 'n hoogs inspirerende toespraak deur Aaron Cupido oor die invloed van die Rynse Sendingkerk was baie lidmate geneë met die legendariese werk en nalatenskap van die doelgerigte sendelinge aan die bruin gemeenskap. Cupido het met groot trots na die stigtersendelinge as "Godsmanne" verwys omrede hul swaar opofferings in hul pogings om die destydse heidense bruinmense tot die Christendom oor te haal.[3] 'n Beduidende aantal Duitse sendelinge van Wuppertal en Barmen het oor tyd hul stempel as sendingleraars op die bruin bevolking afgedruk. Die doelwit van die sendelinge was om die bruinmense se lewensstyl te verander, maar Cupido vra die vraag af tot in welke mate hulle wel daarin geslaag het, al dan nie.[4] Om die sukses van hul sendingwerk te bepaal, is kompleks, maar hul godsdiensverkondiging en die algemene uitwerking daarvan op bruinmense was verreikend. Dit was nie slegs hul prediking wat uitstaande was nie, maar ook die dieperliggende feit dat hierdie blanke sendelinge die goed-ontwikkelde Duitsland moes prysgee en alles opgeoffer het om as sendelinge na Stellenbosch te kom.[5] In die psige van baie bruinmense het hierdie wilskrag en deursettingsvermoë van die Duitse sendelinge 'n geweldige indruk veral op die bruin gemeentelede gemaak. Volgens Aaron Cupido, wat self 'n dopeling van die Rynse Kerk in 1920 was, was hy die enigste bruin lidmaat van die Stellenbosse Rynse gemeente wat

---

[1] J. Durand, P. Fourie en W. Malherbe: *Twee Eeue Ryns. Feesbundel uitgawe by die herdenking van die 200-jarige bestaan van die Rynse Gemeente van die Verenigde Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika te Stellenbosch*, p. 17.
[2] A. Cupido: *Die Rynse Kerk*, Bandopname 10.11.99. (Vergunning van die Stellenbosse Heemkring)
[3] *Ibid*., Bandopname 10.11.99.
[4] *Ibid*., Bandopname 10.11.99.
[5] *Eikestadnuus*, 11 Januarie 2001. 'Rynse Kerk en Skool het gemeenskap help ontwikkel.'

uiteindelik self die geleentheid gehad het om by die 'geboorteplek' van die Rynse sendelinge in Wuppertal, Duitsland, besoek af te lê. Cupido het vertel dat hy met trotsheid gevul was en oorstelp van vreugde was.[6] Hieruit kan vasgestel word dat daar onder bruinmense 'n hoë dunk van die Duitse sendelinge bestaan het.

'n Selfs verreikender uitwerking was die siviliseer en geleidelike opvoeding van bruinmense deur die inboeseming van dissipline. Cupido beklemtoon die ontwikkelingsrol wat die Rynse Kerk met betrekking tot sy bruin lidmate gespeel het en die interaksie tussen die bruin kinders en Duitse en Engelssprekende blanke kinders veral tydens Sondagskool. Dit het vanselfsprekend duidelik geword dat "die pastorale diens van kardinale belang was, dat die Duitse leraars lidmate by die naam geken het en met hul doen en late bekend was."[7] Afgesien van die Christelike beïnvloeding volgens tradisionele Westerse Europese beginsels en norme, het die Rynse Kerk ook op sosiale vlak met hul nie-blanke lidmate gekommunikeer en hegte vriendskapsbande gesmee. Geleenthede wat bygedra het tot die versterking van hierdie menseverhoudings was kerklike feeste asook die aktiewe deelname van lidmate aan die deurlopende instandhouding van die kerkeiendom. Christelike kerkfeeste, vernaamlik Kersfees en Paasfees, het alle kerklidmate bymekaar gebring. Tydens Kersfees was kindersang prominent en op Paasfees het pragtige kleredrag vir 'n trotse, kleurryke geleentheid gesorg.[8] Op 'n meer plaaslike vlak het weeklikse aktiwiteite soos teepartytjies vir bejaardes en basaars op gemoedelike wyse by die Rynse Kerk plaasgevind.

Die blank en bruin gemeentelede het dan en wan ook handearbeid op die kerkgronde verrig of herstelwerk gedoen. Aaron Cupido het vertel dat dit as't ware bruinmense was wat, nie net gehelp het om die kerk te bou nie, maar in 1926 ook met presiesheid die ou kloktoring 'n die nuwe vervang het.[9] Die Rynse Kerk het met sy toenemende lidmate naderhand 'n helpende hand na hulpbehoewendes uitgesteek. In welwillendheid het die kerk omgesien na huisvesting vir arm lidmate deur die anneks van die kerk as woonruimte vir gemeentelede in te ruim.[10] Die Rynse Sendingkerk het dus op

---

[6] A. Cupido: *Die Rynse Kerk*, Bandopname 10.11.99. (Vergunning van die Stellenbosse Heemkring)
[7] *Eikestadnuus*, 11 Januarie 2001.
[8] A. Cupido: *Die Rynse Kerk*, Bandopname 10.11.99. (Vergunning van die Stellenbosse Heemkring)
[9] A. Cupido: *Die Rynse Kerk*, Bandopname 10.11.99. (Vergunning van die Stellenbosse Heemkring)
[10] *Ibid*., Bandopname 10.11.99.

sosiale gebied ‘n toonaangewende uitwerking op die welstand van bruinmense in die besonder gehad.

Een van die doelstellings van die Sendingkerk was die poging om bruinmense op ‘n Christelike grondslag te dissiplineer. Die strenge navolging van die kerklike orde moes ten alle tye gehandhaaf word. Een van die maniere om dissipline te verseker, was deur middel van opvoeding. Alhoewel die Rynse Sendingskool ook vir die kinders van die sendelinge self daar was, is baie bruin kinders hier deur bekwame leerkragte onderrig. Die skooltjie het sedert sy stigting ‘n sukkelbestaan gehad, maar na die toestroming van baie bruinmense na die Rynse Kerk moes ‘n skoolgebou in Alexanderstraat opgerig word. Die Rynse Sendingkerkskool, soos die instelling algemeen bekend gestaan het, het ‘n sentrale rol in die opvoeding van bruin kinders by hierdie kerk gespeel. Skoliere het hier die geleentheid gekry om vanaf Sub-A tot en met Standard Ses skool te gaan. Volgens Aaron Cupido het die bruinmense met groot eer en respek in die dividende van hierdie opvoeding gedeel.

Die laaste sendeling aan die Rynse gemeente op Stellenbosch was eerwaarde Feige wat ‘n merkwaardige invloed op die bruin kerkgangers gehad het. Andere, soos eerwaarde Hahn, en onderwysers soos “Miss” Olga Weber, “Miss” Johanna Juffernbrucht, Pieter Langeveldte en “Miss” Flora Pool het in noue samewerking met Feige ‘n indrukwekkende bydrae tot die opvoeding van blank en bruin kinders gemaak.[11] Hul kennisoordrag aan die jongelinge het daartoe gelei dat baie bruin mans later in suksesvolle ambagsbetrekkinge, te wete die boubedryf, vooruitgang gemaak het. Nie net handearbeiders nie, maar ook boukontrakteurs soos Willem Cupido, Simon Cupido en Aaron Cupido en ambagsmanne soos Izak Cupido, Joey Gabriels, Fred Segers, David Gabriels en Willie Anthonie het hul merk gemaak op die Stellenbosse samelewing.[12] Ook in die sakewêreld van Stellenbosch was daar bruin gesinne van die Rynse Kerk wat waardevolle dienslewering by blanke sakebedrywighede soos die Gebroeders de Wet en ander algemene handelaars soos J. Perel, Blommaert en Martinson gelewer het. Hul geletterdheid en goeie dissipline het hulle in staat gestel om suksesvol tot die arbeidsmark toe te tree.

---

[11] *Eikestadnuus*, 11 Januarie 2001.
[12] *Eikestadnuus*, 11 Januarie 2001.

In die notules van die Rynse Kerk word dit van die staanspoor duidelik gestel dat die opleiding van bruin leraars van groot belang vir die volhoubaarheid en toekomstige werksaamhede van die Rynse Kerk was. Op ‘n kerkraadsvergadering in 1923 is daar aanvaar “*dat de tyd aangebroken is om kleurlingleraars op te leiden met het oog op ordening en dienst in onze Sendingkerk*.”[13] In ‘n samevattende uiteensetting van die ooreenkomste wat tydens die vergadering in terme van die opleiding van bruin leraars bereik is, het die vergadering tot die onderstaande slotsom gekom. Vyf belangrike hoofpunte is aangespreek:

> “*(a) Tegen de ontwaking by de Kleurlingen van een sterk nasionaal gevoel, dat zich openhart in de begeerte om meer opzichself te steunen, om eigen sluimerende gaven van selfonderhoud en selfbeheer te ontwikkelen. (b) Omdat het onontbeerlik is soos de gezonde ontwikkeling en wasdom der Kleurlingkerk, dat sy eventueel door haar eigen zonen sal worden bediend, en een evangelichbediening heeft die uit haar eigen zonen bestaat. (c) Omdat in andere gemeenten – De Independenten de Wesleyane, de Anglikane voel als in Sendinggenootschappen als de Morawiese e.a. de opleiding, en toelating van Kleurlingen en Naturellen reeds lang geschiedt en gezegende verzuckt heeft gedragen. (d) Omdat ook in onze N.G. Kerk met zulke opleiding ‘n aanvang gemaakt is, en wy tans reeds 10 geordende Naturelle de werk goed doen. (e) Omdat zy menen dat de finansiële last, die op de Kleurlingen Kerk drukt, minder gewaar drukken sal, wanneer de afzonderlike gemeenten door Kleurlingleraars in plaats van door blanke leraars worden bedient.*”[14]

Na afloop van die breedvoerige bespreking het die kerkraad besluit om weereens die kwessie van opvoeding na ‘n kommissie te verwys. Die aandrang op die opleiding van bruin leraars is deur ‘n spesiale sub-kommissie van die Rynse Sendingkerk aanvaar. Bruinmense wat wou toetree tot die prediking moes vervolgens ‘n driejarige opleidingskursus aflê, minstens die ouderdom van 25 jaar bereik het, drie eksamens aflê en lidmate van die Rynse Sendingkerk wees. Tesame daarmee moes ‘n kandidaat ook

---

[13] *Notule van vergadering van die Algemene Sendingkommissie. 1928-1932*. S5 1/1/4. ‘Opleiding van Kleurlingleraars, 1923’ , p. 97.
[14] *Ibid*., pp. 97-99.

ervaring in die onderwys hê.[15] Hier het die Rynse Kerk onteenseglik ‘n gulde geleentheid oopgestel vir bruinmense om hulself te bekwaam, alhoewel die bogenoemde eise om uiteindelik ‘n kerkleraar te word groot was. Desnieteenstaande het die Rynse Kerk ‘n vername rol in die opvoeding en dissiplinering van bruinmense gespeel.

Die viering van die honderdjarige bestaansjaar van die Rynse Sendinggenootskap in 1928 is ongelukkig gekenmerk deur die las van finansiële tekorte en wisselvallige uitbarstings van onreëlmatighede. In eersgenoemde geval het vroue ingewillig om geld deur middel van skoolkonserte vir die bou van ‘n klokstoel en bouwerk in te samel ten spyte van ekonomiese nood.[16] Ten opsigte van laasgenoemde het gemoedere soms in kerkraadsvergaderings hoog geloop oor geringe besluite soos die beplanning van die jubelfees. Daar het selfs vuisgevegte tussen ouderlinge ontstaan. Tydens ‘n spesiale kerkraadsvergadering van 25 April 1928 is die aangeleentheid bespreek en die betrokke ouderling het erken dat hy “in een staat van opgewondenheid” sy mede-broer aangerand het.[17] Die ouderling is gevra om sy amp vrywilliglik vir ses maande neer te lê. Onder gemeentelede het daar dus spanninge voorgekom, maar dit was net in uitsonderlike gevalle.

Met die finansiële probleme van die 1930’s en die ekonomiese ineenstorting in Duitsland was die Rynse Kerk onder geweldige druk. Die Rynse Sendinggenootskap het dus noodgedwonge besluit om na gelang van die aftrede van Rynse sendelinge die kerk geleidelik aan die Nederduits Gereformeerde Kerk te oorhandig. Die Rynse skool het mettertyd ook sy deure gesluit. Die oorgenome kerk sou voortaan as die *Rynse Nederduits Gereformeerde Sendinggemeente Stellenbosch* bekend word.

2.2. DIE ST. MARIAKERK EN DIE ANGLIKAANSE SKOOL

Reg oorkant die Rynse Kerk staan die Anglikaanse Kerk op die noordoostelike hoek van die Braak. Onder dorpsbewoners het die pragtige kerkie algemeen as die St. Mariakerk

---

[15] *Notule van vergadering van die Algemene Sendingkommissie. 1928-1932*. S5 1/1/4. ‘Opleiding van Kleurlingleraars, 1923’, p.118.
[16] J. Durand, P. Fourie en W. Malherbe: *Twee Eeue Ryns. Feesbundel uitgawe by die herdenking van die 200-jarige bestaan van die Rynse Gemeente van die Verenigde Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika te Stellenbosch*, p.118.
[17] *Ibid*., p.51.

(*St.Mary's-on-the-Braak*) bekend geword. Afrikaanssprekendes het hierdie kerk bloot die "Engelse Kerk" genoem. In die bestudering van die verhoudinge tussen blanke en bruinmense moet dit ten sterkste beklemtoon word dat die Anglikaanse kerkbeleid geen onderskeid tussen rassegroepe getref het nie. Nietemin is dit noodsaaklik om die interaksie van blankes en bruinmense in die St. Mariakerk-gemeente histories te ondersoek.

Soortgelyk aan die heterogene gemeentesamestelling van die Rynse Kerk het die St. Mariakerk ook deurgaans vredeliewende medemenslikheid tussen blank en bruin geopenbaar. Lionel Cloete het met die honderd-en-vyftigjarige bestaansjaarherdenkinge geskryf dat die St. Mariakerk vanaf "verootmoedige beginjare in 1852 deur geloof en volharding in 'n 'vibrant' gemeenskap ontwikkel het."[1] Cloete het verduidelik dat die historiese ontwikkeling van die St. Mariakerk as't ware tesame met die dorp plaasgevind het. Die toenemende aantal lidmate het vanweë die aanloklikheid en goeie gees van die St. Mariakerk, asook weens die snelle vermeerdering van Engelssprekende studente aan die universiteit die vergroting van die kerkgebou genoodsaak. Dit is verder 'n gebruiklike instelling dat Anglikaanse kerkdeure gedurende die dag vir besoekers en die publiek oop moet wees.[2] Die prag van die interieur van die kerk met sy gebrandskilderde vensters het 'n verdere aantrekkingskrag van geestelike rustigheid geopenbaar. In 'n historiese beskrywing van die St. Mariakerk word hierdie geestesingesteldheid in die samesyn tussen blank en bruin geskets: "*It is indeed a happy experience to share in the worship of God in this lovely little church amidst its beautiful surroundings. With its white walls and dark thatch in pleasing contrast with the broad expance beside which it stands, while the lofty mountains stand sentinel around, St. Mary's presents a delightful picture to the eye*."[3]

Tussen oorwegend blanke eerwaardes (ook Vaders genoem) en bruinmense het 'n besonderse samehorigheid bestaan. In die beskrywing van die kerkgemeente word dit gestel dat "*entering the church one finds a goodly congregation assembled, farmers and their families, who have motored in from the surrounding district, mingling with*

---

[1] *Eikestadnuus*, 4 Oktober 2002. 'St. Mary's-on-the Braak celebrates 150 years.'
[2] *Ibid*.
[3] (KAB) 3/STB no. 4/1/206 verwysing 25/2. Publicity, statistics, history and advertising. 250th Anniversity of Stellenbosch. 1929-1932. *A short history of the Church of St. Mary Stellenbosch* deur Eerw. John Hunter. Stellenbosch.

townspeople, be it European and Coloured, all gathered to take their part in the offering of the sacrifice of our redemption and to feed upon the Bread of Life, and one is at once consious of an atmosphere of quiet reverence and devotion which tells truly of a church well used and well loved."[4] Hierdie prysenswaardige vertolking van die St. Mariakerk gemeentelewe is inderdaad 'n toonbeeld van 'n hegte vriendskaplikheid en harmonieuse naasbestaan tussen al die kerkgangers, ongeag ras. Dit sal egter histories foutief wees om te aanvaar dat daar onderling absoluut geen rasseprobleme was of dat gesprekvoering oor rassekwessies in die interne aangeleenthede van die Anglikaanse Kerk plaasgevind het nie.

Interne debatspunte het oor plaaslike kerkgeldsake voorgekom waarby beide blank en bruinmense betrek is. In die notules van die St. Mariakerk van 15 Augustus 1929 het die kerkraad by die pastorie dit duidelik gestel wat die geldelike prioriteite van die kerk moes wees, en dat onbenullige spandabelrigheid beperk moes word. Aangaande eerwaarde Baxland is gesê: "*In his opinion all the ordinary Church expenses should be met by voluntary giving and if parisheners gave regularly every Sunday in proportion to their income, and in proportion to what they spend on pleasure, there would be no difficulty in meeting the amount required. If any extraordinary expenditure was necessary, such as alteration and repairs to school and rectory, there might be met by organising entertainment, bazaar, dance and other means*."[5] Dit blyk dat die Anglikaanse Kerk alles in sy vermoë gedoen het om goedgesind teenoor sy gemeente te wees, maar dat die gemeente ook aan streng Anglikaanse reëls en ordelikheid gehoorsaam moes wees. Oortreders op die kerkgronde van die St. Mariakerk en skool het naderhand vinnig toegeneem as gevolg van inwoners wat weens 'n tekort aan openbare munisipale waterpunte gedurig die kerkeiendom binnegesluip het om water te drink.[6] Hierdie saak is later na die munisipaliteit verwys en uitgeklaar.

Ondanks fisiese struwelinge rondom die kerk, het daar by geleentheid ook probleme onder gemeentelede oor die voorsitterskap van die kerk voorgekom. In 1932 het die kerkraadsvergadering van die St. Mariakerk byvoorbeeld daarop gewys dat die

---

[4] *Ibid*., 3/STB no. 4/1/206 verwysing 25/2. *A short history of the Church of St. Mary Stellenbosch* deur Eerw. John Hunter.
[5] *Minute Book of the Church Council of St. Mary's Stellenbosch*. 15 Augustus 1929 gehou in die pastorie, pp.40 -41.
[6] *Minute Book of the Church Council of St. Mary's Stellenbosch*, p. 154.

voorsitter ernstige familieprobleme ondervind het en daarom verplig was om te bedank. In die kerkraadsnotule het die voorsitter dit bekend gemaak dat "*he deeply regretted the necessity of this step. His decision had only been come to offer some months of anxious thought and prayer. The position had been fully explained by him to the Archbishop, who approved of the decision he had come to. The Rector assured the meeting that both he and Mrs. Blaxland had been very happy in Stellenbosch, they had loved the work here, and they intended to keep in touch with the Parish, after their return to England. Mr. Nicholson expressed the great regret which the whole congregation would feel as soon as this news become public. He referred to the marvellous energy of the Rector, and the great amount of work which he had done for the Parish*."[7] Aangesien gemeentelede hegte vriendskapsbande gehad het, en almal mekaar se doen en late geken het, was sulke voorvalle iets wat 'n groot indruk op gemeentelede gemaak het. Meerendeels was die interne aangeleenthede van die Anglikaanse Kerk egter suksesvol gehandhaaf.

Agter die historiese Koetsiershuis, wat vandag die gemeentesaal van die kerk huisves, was die Anglikaanse Skool. Die skool het reeds in 1860 sy deure geopen en sedertdien in leerlingtal vermeerder. Restourasie en gedurige verskuiwings van die skool het veral na 1921 plaasgevind. Klagtes oor die gebrekkige leeromgewing is in 1929 geopper omdat die regeringskoolinspekteur die beligting van die skool as swak bestempel het.[8] Die vensters het te min lig deurgelaat wat 'n potensieel nadelige uitwerking op kinders kon hê. As oplossing hiervan is die skool na Joubertstraat verskuif en op 12 Maart 1938 is die nuwe skool deur Biskop Lavis ingeseën. Die nuwe opvoedkundige instelling van die Anglikaanse Kerk het as die *St. Mary's Primary School* bekend geword en sy eerste skoolhoof was William Woodman (Jr). Die nuwe Anglikaanse skool het 'n redelike styging in leerlingtal tussen 1937 en 1938 ondervind. In 1937 was daar 90 kinders in die ou skool in vergeleke met 112 kinders in die nuwe skool een jaar later.[9] Geen onderskeid is egter tussen die aantal blanke en bruin kinders van die skool getref nie. Die styging in leerlingtalle kon waarskynlik aan die meer sentrale posisie van die skool en dus die gemaklike bereikbaarheid daarvan vir bruin kinders toegeskryf word.

---

[7] *Minute Book of the Church Council of St. Mary's Stellenbosch* , p.58.
[8] *Ibid*., 3 April 1929.
[9] *Minute Book of the Church Council of St. Mary's Stellenbosch*, 11 Mei 1938.

Lionel Cloete het vertel dat dit tragies is dat die skool later weens die Groepsgebiedewet gesluit moes word.[10]

Laastens is dit noodsaaklik om kortliks daarop te wys dat die St. Mariakerk in latere jare ‘n trotse rekord van armoedeverligting en bystand aan verdruktes opgebou het. Selfs in die turbulente 1980’s het hierdie kerk die vergaderplek vir die afkeuring van apartheid en die stryd om menseregte in Suid-Afrika, maar ook op Stellenbosch, geword. In die hedendaagse St. Mariakerk het die samehorige band van vriendelikheid en kerklike gemeenskaplikheid tussen blank en bruin ongedeerd gebly.

2.3. DIE METODISTE OF WESLEYAANSE KERK EN SKOOL

Die Metodiste Kerk het ‘n baie lang geskiedenis van positiewe wedersydse menseverhoudinge tussen blank en bruin op Stellenbosch en het hom, soortgelyk aan die Rynse- en Anglikaanse geloofsverkondiging, met verspreiding van die Metodisme vereenselwig. Marie Adendorff, ‘n hedendaagse lidmaat van die Metodiste Kerk, het vermeld dat die Metodiste Kerk weens sy Engelse inslag in Stellenbosch met sy oorheersende Afrikaanssprekende bevolking betrek min lidmate gehad het.[11] Die Metodiste Kerk het die godsdienstige leerstellings van John Wesley nagevolg en daardie boodskap is ook na Stellenbosch gebring. As gevolg daarvan het die predikante daarop aangedring dat Stellenbosch so veel as moontlik besoek moes word. Aanvanklike besoekafleggings het vanweë die teenwoordigheid van verskeie Engelse families plaasgevind, maar dit was ook belangrik weens ‘n “beduidende aantal heidene” aan wie die Metodisme verkondig moes word.[12] Die Metodiste of Wesleyaanse Kerk is alreeds in 1875 in Pleinstraat gebou en het ‘n statige, aanloklike voorkoms gehad. Gedurende die 1920’s en 1930’s was die groeiende verhouding tussen die Engelse kerkgangers en die bruinmense daar baie aangenaam. Geen wispelturige rassespanning het voorgekom nie.

---

[10] *Eikestadnuus*, 4 Oktober 2002. ‘St. Mary’s-on-the Braak celebrates 150 years.’
[11] Telefoniese gesprekvoering met Mev. Marie Adendorff, 1 September 2005.
[12] *Stellenbosch Drie Eeue* (Die Stellenbosch Stadsraad in samewerking met die Oude Meester – Groep), p.270.

In die latere 1930's het toenemende diskriminerende politieke tendense, soos segregasie en die rasseverband tussen blanke werkgewers en bruin werknemers ook 'n indirekte invloed op die Metodiste Kerk in Stellenbosch gehad. Die beplande oprigting van 'n stadsaal het geleidelik die spanning onder die Metodiste laat oplaai omrede die kerk- en skoolgebou relatief in die middedorp geleë was, en daarom in die pad van die dorpsontwikkelaars gestaan het. Dit wil voorkom of bruin lidmate geensins 'n seggenskap in die besluitneming gehad het nie en daar is besluit om die kerkgebou te sloop. Nietemin het die gemeente na Bloekomlaan in Idasvallei onder die nuwe benaming van "The Methodist Trinity Church" verskuif.[13] Van daar is die Metodisme op Stellenbosch uitgeleef en bewaar.

In November 1938 het die invloed van Metodisme sterk ter sprake gekom soos geopper in 'n artikel in *The Cape Standard*, 'n oorwegend bruin streekskoerant, getiteld "Methodism and Work Among non-Europeans." Die onderliggende plek wat die Metodistiese Christelike beginsels in die werkswêreld tussen blank en bruin ingeneem het, is in bogenoemde artikel in heroënskou geneem. Daar is beklemtoon dat 'n spesiale poging aangewend moes word om die prominensie van die kerk onder bruinmense aan te wakker. In 'n belangrike kerkkonferensie is die sosiale, ekonomiese en spirituele aspekte van die werk ten volle bespreek. Volgens die konferensiegangers was dit in die belang van die Metodiste werkgewers "to be urged to consider anew their responsibility for the payment of reasonable wages, that mistresses be asked to recognise the need of providing good accommodation for the servants and giving attention to their moral well-being."[14] Hoog op die konferensieagenda was die aspek van die verkondiging van Metodisme in bruin (maar nie inklusief Wesleyaanse) kerke, ook op Stellenbosch. Daar is verklaar dat "an appeal for Christian service among Coloured people be made from all the pulpits (preekstoele) in churches which have a coloured community at hand."[15] In Stellenbosch self het die Metodisme nie uitermate buite die bruin invloedsfeer uitgekring nie, hoewel die instroming van swartmense na Kaya Mandi die lidmaatgetal van die kerk stadig laat toeneem het. Metodisme en Metodistiese leerstellinge het, soos afgelei uit die

[13] *Stellenbosch Drie Eeue* (Die Stellenbosch Stadsraad in samewerking met die Oude Meester – Groep), p.270.
[14] *The Cape Standard*, 8 November 1938, 'Methodism and Work Among non-Europeans.'
[15] *The Cape Standard*, 8 November 1938, 'Methodism and Work Among non-Europeans.'

koerantartikel, geleidelik onder bruinmense en werkers ingang gevind. Marie Adendorff het gesê dat die bymekaarkomgeleenthede tussen lidmate tydens Nagmaal, Kersfees en bazaars nooit as't ware deur mense geboikot is nie.[16] Tydens kerklike feesvieringe het samewerking en samehorigheid meer as ooit onder gemeentelede plaasgevind.

In die Wesleyaanse skool het akkommodasieprobleme vir die kinders van die middedorp en plase die hoogte ingeskiet. Die kinders van die middedorp was meestal onder 'n strenger invloed as die plaasswerkerskinders. Bydraend tot hierdie probleem was die gewoonte van kinders om ekstra dae na 'n vakansiedag vry te neem omdat hulle gewoonlik 'n week of maand voluit moes werk voordat hulle na die skool kon terugkeer.[17] Teen 1922 is hierdie toestand sterk deur die skoolinspekteur afgekeur. In 1922 het akkommodasieprobleme in die skool 'n hoogtepunt bereik en die inspekteur het aanbeveel dat geen verdere kinders tot die skool toegelaat moes word nie.[18] Die klaskamers was oorbevolk en algemene skoolgeriewe was hopeloos onvoldoende. Daarby was die kindertuinklaskamers ook oorvol en die vordering van ouer kinders is vertraag as gevolg van die groot aantal kleiner kinders onder sewe jaar wat geen boeke en skryfleie tot hul beskikking gehad het nie.[19] Die Metodiste skool het egter onverskrokke met onderrig voortgegaan.

Na aandrang op die verskuiwing van die kerk om plek te maak vir die stadsaalperseel, is die skool ook genoop om in 1936 na Banhoekweg te verskuif. Ten spyte van ongestadigde omstandighede en verskuiwings het die Metodiste skool wel 'n hulpverleningsrol aan die bruin Metodiste kerkgangers vervul.

2.4. DIE EVANGELIESE LUTHERSE KERK

Die Lutherse gemeente op Stellenbosch het hoofsaaklik bestaan uit voormalige V.O.C. - amptenare wat later as vryburgers van Duitse herkoms gedien het. Hierdie Duitsers het daarby gehou om hul Lutherse geloofsaanhang uit te leef deur op Stellenbosch in

---

[16] Telefoniese gesprekvoering met Mev. Marie Adendorff, 1 September 2005.
[17] E.M. Johnson: *'n Krities Historiese – waardering van die ontstaan en opkoms van Kleurlingonderwys in die Stellenbosch dorpsgebied tot 1963*. S.G.O, Inspeksieverslag, 23 Augustus 1923.
[18] *Ibid*., S.G.O, Inspeksieverslag, 28 Julie 1919.
[19] *Ibid*., S.G.O, Inspeksieverslag, 5-6 September 1923.

Dorpstraat ‘n klein Gotiese kerkie op te rig.[20] Paul Heynike het vertel dat daar in die ou dae “‘n taamlike groot Lutherse gemeente was”[21], maar tot watter mate hierdie Duitse tradisies ‘n beduidende invloed op die bruin gemeenskap gehad het, bestaan weinig inligting. Daar het wel ‘n bruin vertakking van die Lutherse Kerk in Suid-Afrika bestaan en die Lutherse sendelinge het soos die Rynse sendelinge ‘n soortgelyke ideaal gehad om die bruinmense van Martin Luther se leerstellings bewus te maak. Statisties gesproke was daar na 1935 ‘n groot daling in bruin lidmaatgetalle (van 7.7 persent tot 5.2 persent van die totaal) binne die Lutherse Kerk.[22] Sedert die middel 1930’s het die kerk, grootliks vanweë kwelpunte in Duitsland, ‘n kwyning in lidmate ondervind. Die Lutherse neutrale standpunt in Suid-Afrika het veral tydens die Tweede Wêreldoorlog daartoe gelei dat hulle in hul afsonderlikheid steeds in harmonie met bruinmense moes saamgeleef.

2.5. DIE PRESBITERIAANSE KERK

Gedurende die twintiger en dertigerjare was die Presbiteriaanse Kerk op Stellenbosch steeds aan die ontwikkel. Hierdie kerk was grotendeels die gevolg van Engelssprekende Stellenbosse inwoners se gegriefdheid en ‘n anti-Afrikaanse gevoel wat die stigting van ‘n eie Engelse kerk onvermydelik gemaak het. Daar was reeds, soos bespreek, die Engelse Anglikane en Metodiste, maar die Presbiteriane het daarvan verskil in dat dit oorwegend blanke Engelssprekendes van die N.G. Kerk was wat daarvan weggebreek het om uiteindelik die Presbiteriaanse Kerk te stig. Twee redes het die wegbreking veroorsaak, naamlik: (1) veral die Anglo-Boere Oorlog en die kwessie rondom sesessie van Engelse dienste uit die N.G. Kerk, tesame met ‘n anti-Engelse gevoel wat in laasgenoemde kerk teenwoordig was, en (2) die prominensie van Eerwaarde S.J. Hamilton en sy stigtersrol.[23] Eerwaarde H.W. Cochran is in 1922 as predikant van die Presbiteriaanse gemeente in diens geneem. Hulle was gemoeid met die oprigting van hul eie kerkgebou. Daarom is die hoeksteenlegging van die kerk in 1925 in Van

[20] *Stellenbosch Drie Eeue* (Die Stellenbosch Stadsraad in samewerking met die Oude Meester – Groep), p.270.
[21] P. Heynike: *Herinneringe uit Stellenbosch.* (Saamgestel waarskynlik 1947) ongepubliseerde geskrif, p.7.
[22] S. Patterson: *Colour and Culture in South Africa. A study of the status of the Cape Coloured People within the social structure of the Union of South Africa*, p.132.
[23] *Stellenbosch Drie Eeue* (Die Stellenbosch Stadsraad in samewerking met die Oude Meester – Groep), p.270.

Riebeeckstraat gehou en die kerkgebou is in 1926 amptelik in gebruik geneem.[24] Die latere aanbou van 'n nuwe saal sou die bediening van die kerkgemeenskap verder baat. Volgens gemeentestatistieke het bruinmense 'n minimale gedeelte van die lidmaattal uitgemaak en bruin lidmaatskap in die kerk het na 1935 staties of onveranderd op 0.8 persent gebly.[25] Bruinmense het dus 'n baie klein segment van die kerk uitgemaak. In 1992 het die hervormde Presbiteriaanse Kerk met die Gemeentelike Kerk verenig om die Stellenbosch United Church te vorm.

2.6. DIE KATOLIEKE KERK EN DIE BAPTISTE

Twee ander kleiner Christelike denominasies, te wete die Katolisisme en die Baptisme, het 'n sukkelende bestaan op Stellenbosch gevoer, veral wat sy uitreikingspogings na die dorpsgemeenskap betref. Die Katolieke Kerk het bitter min lidmate gehad en het in 'n klein kapel agter die Schreuder-huis bymekaargekom. Nadat die Dominikaanse Orde in 1932 uitgevaardig is, het die Katolieke gemeente tot 130 lidmate vermeerder. Sommige Katolieke wat hulself as Dominikane voorgehou het, het gehoop om lede uit Suid-Afrika te werf deur hulself toe te spits op die werwing van studente.[26] Hulle was relatief suksesvol in hul taak. Die studentegetalle het teen 1944 tot 35 aangesterk en dit blyk asof die voorafgaande periode die hoogtepunt van die Katolieke Kerkgemeente op Stellenbosch was. Desondanks het finansiële probleme en stagnasie na 1944 daartoe gelei dat die klooster aan die Universiteit van Stellenbosch verhuur moes word. In teenstelling met die Lutherane en Metodiste het die bruin Rooms-Katolieke Kerk 'n toename vanaf 4.7 tot 6.1 persent in die dekade na 1936 beleef.[27] In latere jare is die Katolieke Kerk, tesame met sommige Anglikane, na Cloetesville verskuif waar die gemeente tot 'n toonaangewende 2000 lidmate versterk het.

Onder die doelgerigte leiding van Eerwaarde C.H.E. Latsky is die klein Baptiste gemeente in die Baptiste Kerkgebou in Merrimanlaan gekoester. Die gemeentetjie het

---

[24] *Eikestadnuus*, 8 Oktober 1999. '100 years of faith.'
[25] S. Patterson: *Colour and Culture in South Africa. A study of the status of the Cape Coloured People within the social structure of the Union of South Africa*, p.132.
[26] *Stellenbosch Drie Eeue* (Die Stellenbosch Stadsraad in samewerking met die Oude Meester – Groep), 1979, p.270.
[27] S. Patterson: *Colour and Culture in South Africa. A study of the status of the Cape Coloured People within the social structure of the Union of South Africa*, p.132.

vinnig gegroei en hul leraar was vir hulle ‘n strenge, maar geliefde vaderfiguur met ‘n skerp humorsin wat in al hul lief en leed gedeel het.[28] In die kerk is ‘n onderdompelingsbad in die vloer versink waarin blank en bruin gedoop is. Weens snelle dorpsontwikkeling is die kerk weens sy sentraliteit telkens deur bebouing bedreig en daarom tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar, hoewel ongemagtigde bouwerk steeds voortgegaan het.

2.7. DIE VOLKSKERKSKOOL

In 1922 is die Volkskerkskool as onderwysinstelling van die Volkskerk in Banhoekweg gestig wat hoofsaaklik vir die godsdienstige opvoeding van bruin kinders ingerig is. Die Volkskerk het aanvanklik ontstaan as ‘n nuwe kerk wie se lidmate ontevrede geword het met die blankes van veral Afrikaanssprekende kerke, vernaamlik die N.G. Kerk, en besluit het om weg te breek. In ‘n belangrike dokument van die Kommissie van Ondersoek rakende die Kaapse Kleurlinge van 1935 is blanke en bruin verhoudinge binne die Volkskerk in ‘n onderhoud tussen Eerwaarde Forbes en Prof. Wilcocks, die rektor van die Universiteit van Stellenbosch, aangespreek. Eersgenoemde het die redes vir die wegbreking vermeld en voorgehou dat: “Varied circumstances in the Church, differentiation meted out with the result that there was friction. Friction went on for years. We were not happy and started our own church by breaking away. We are much happier than formerly.”[29] Forbes het daarop klem gelê dat die Volkskerk deur bruinmense self beheer en in stand gehou is. Die totale Volkskerk en skool het uit ongeveer tweeduisend lidmate bestaan. Aanliggend tot die Volkskerk was daar ook ‘n skool en weeshuis vir 900 skoliere waarby 19 onderwysers betrokke was.[30] Erkenning is ook van die Departement van Onderwys verkry en dié het beide huurgeld en oordeelkundige leierskap aan die Volkskerkskool verleen.[31] Met die jaarlikse inspeksie

---

[28] *Die Burger*, 6 Julie 1996. ‘Eikestadse Baptistekerk word steeds verbou.’
[29] J.S. Gericke Biblioteek (Africana Spesiale Versamelings). R.W. Wilcocks dokumente, Ms. 77. (*Getuienis van die Kommissie van Ondersoek i.v.m. die Kaapse Kleurlinge*, 1934-1936). Rev. Forbes. Volkskerk: Kaapstad. 20.9.1935, p.3158 (Evidence 3).
[30] J.S. Gericke Biblioteek (Africana Spesiale Versamelings). R.W. Wilcocks dokumente, Ms. 77. (*Getuienis van die Kommissie van Ondersoek i.v.m. die Kaapse Kleurlinge*, 1934-1936). Rev. Forbes. Volkskerk: Kaapstad. 20.9.1935, p.3158 (Evidence 3).
[31] *Ibid*.

van Augustus 1934 het die skoolinspekteur met vertroue daarop gewys dat die skoolgebou skoon was en alles in orde was.[32]

Vervolgens het die kwessie rondom godsdiens en die finansiële selfonderhouding van bruinmense in die Volkskerk ook in die gesprekvoering tussen Forbes en Wilcocks na vore gekom. Forbes het na aanleiding van 'n vraagstelling op die volgende wyse gereageer: "I feel we have started on the right lines by getting them (die bruinmense) educated and morally helped. You can't give religion to a man with an empty stomach. The two are so closely connected that if the body suffers the soul suffers also. The people belong to the church and must have some social life, but they find it can't do it."[33] Advokaat Buchanan het Forbes gevra of die stand van sake rakende bruin selfonderhoud hopeloos geword het. Dit het daarop neergekom dat bruinmense aan die kortste ent getrek het. Forbes het meegedeel dat "the Coloured cannot support their institutions as well as they would like because they can't afford it. In the Stellenbosch district farm labourers earn 1/-per day and their children of nine are given the tot. Animals are treated with more consideration. I want to see a living wage and the abolition of the tot system. In spite of that it is surprising how they can still support their institutions. The time has arrived for the Europeans to say the Coloured people have helped them to build up the country and they must give them a chance. When I left the old church I was told not a brick belonged to the Coloured people. To-day we own our church. If the people get a better wage all the troubles will be solved. The Coloured people are very much down."[34]

As leidende verteenwoordiger van die Volkskerk het Forbes, na Dr. Abdurahman se vraagstelling, gevra of dit godsdiens of ekonomie sal wees wat die posisie van die bruinmense sou verbeter. Forbes het hierop geantwoord dat die twee weer eens nou aan mekaar gekoppel was, maar het tog die saak van godsdiens as soort ankervastigheid onder bruinmense beklemtoon. Hy het dit so gestel: "Recently I saw a decent Coloured woman with bread and coffee. She was quite contented and smiled happily. Take her religion away and she would not have had that happy smile. What helped her was her

---

[32] (KAB) PAE Leer 61 verwysing CMS 140/107. Stellenbosch. *Volkskerk Coloured School*. 1937.
[33] J.S. Gericke Biblioteek (Africana Spesiale Versameling). R.W. Wilcocks dokumente, Ms. 77. (*Getuienis van die Kommissie van Ondersoek i.v.m. die Kaapse Kleurlinge*, 1934-1936). Rev. Forbes. Volkskerk: Kaapstad. 20.9.1935, p.3158 (Evidence 3).
[34] J.S. Gericke Biblioteek (Africana Spesiale Versameling). R.W. Wilcocks dokumente, Ms. 77. (*Getuienis van die Kommissie van Ondersoek i.v.m. die Kaapse Kleurlinge*, 1934-1936). Rev. Forbes. Volkskerk: Kaapstad. 20.9.1935, p.3158 (Evidence 3).

religion. Religion makes the Coloureds a happy people in spite of their conditions. They can get on with less than Europeans – I don't say that it is good – and they are happy with only a little. Therefore I put religion first."[35] Tesame met die godsdiensbeoefening as kardinale aspek in die Volkskerk het die stelselmatige opheffing van bruinmense, in besonder onderwysers, tot die geleidelike ontwikkeling van kwaliteit onderrig gelei. Teen 1938 was die leerlingtal 256 en twee leerlinge, A. Davids en A.P. Hectors, het na hul skooljare aan die Volkskerkskool grade aan die Universiteit van Kaapstad verwerf. Vir die bruingemeenskap was dit 'n ware toonbeeld van die sukses van die Volkskerk op Stellenbosch.

2.8. DIE JOODSE GEMEENSKAP

Sedert ongeveer 1900 het die Joodse gemeenskap op Stellenbosch 'n baie vreedsame en harmonieuse verhouding met die bruinmense en met verskillende ander groter denominasies geopenbaar. Hierdie blanke Joodse inwoners was 'n baie klein nukleêre gemeenskap wat hulself vir die beoefening van hul tradisionele Hebreeuse godsdiens beywer het. Baie Joodse setlaars was bekwame sakemanne en landbouers wat geleidelik tot die Stellenbosse samelewing ingang gevind het. Anders as met die Christelike gelowe en uitreikingsaksies deur middel van sendingwerk, was dit nie die geval onder die Jode nie. Myrel Ginsberg, 'n welbekende Stellenbosse Jodin, het geskryf dat daar wel "toenadering" tussen die Joodse gemeenskap en die N.G. Kerk was. Dit het daartoe bygedra om vriendskaplike brue te bou en onskatbare goedgesindheid te genereer.[36] Blanke Afrikaanssprekende studente van die Teologiese Kweekskool het van tyd tot tyd Joodse dienste in die Sinagoge as deel van hul Hebreeuse kursusse bygewoon. Volgens Marie Adendorff is die bruinmense van die Metodiste Kerk selfs eens na Joodse dienste uitgenooi. Dit is moontlik dat daar op Stellenbosch dus 'n groot mate van vloeibaarheid tussen die verskillende denominasies bestaan het, maar ook weens menslike nuuskierigheid. Ginsberg het vermeld dat die oprigting van die Joodse Skuinshuis langs

---

[35] J.S. Gericke Biblioteek (Africana Spesiale Versameling). R.W. Wilcocks dokumente, Ms. 77. (*Getuienis van die Kommissie van Ondersoek i.v.m. die Kaapse Kleurlinge*, 1934-1936). Rev. Forbes. Volkskerk: Kaapstad. 20.9.1935, p.3158 (Evidence 3).

[36] *The Jewish Community looks back.* (Opgestel deur Myrel Ginsberg – onbekende publiseerders, n.d.). Vergunning van die Stellenbosch Museum)

die Sinagoge in 1932 baie inwoners en toeriste aangelok het. Die Skuinshuis het die fokale punt van die ganse Joodse kommunale lewe uitgemaak en die kapitaal wat daarin gegenereer is, is wel vir Joodse instandhoudingswerk aangewend, maar daarvan is ook aan vele behoeftige welsynsorganisasies geskenk.[37] Die Joodse gemeenskap het ongetwyfeld 'n vredeliewende naasbestaan met sy mede-dorpsinwoners gehandhaaf.

2.9. DIE MOSLEM GEMEENSKAP

Teenoor die Westerse Christelike en Judaïese godsdienste het die klein Moslem gemeenskap, bekend as die *Gujjatal Islam Jama'ah*, as 'n oosterse godsdiens binne blank en bruin verhoudinge gemanifesteer. 'n Lang verbintenis het tussen die tradisionele Moslems, wat histories as slawe ingevoer is, en bruinmense ontstaan. Claire de Vries en Marie Adendorff het genoem dat menigte bruinmense geleidelik in die Moslem geledere ingetrou het.[38] Moslem-gesinne wat rondom die Masjied (moskee) in Borcherdstraat gewoon en wat later as die sogenaamde "Malay Camp" bekend gestaan het, was die Crombies, Arnolds, Mahomeds, Pools, Davidse en Toefys.[39] Op 27 Junie 1927 het Imam Mustapha Toefy die leiding begin neem wat in die omgang as die "Toefy-era" bestempel is. Toefy het baie gedoen om die Islam op Stellenbosch standvastig te hou. In die moskee is dienste steeds in Arabies aangebied en het 'n sterk inslag onder die Afrikaans van bruinmense gehad. In J.B. Greef se historiese studie het hy beskryf dat "alhoewel Maleis aan die Kaap gaandeweg plek moes inruim vir Afrikaans, en die Maleier hom dan ook in 'n groot mate by die leefwyse van die Afrikaner moes aanpas, het Arabies nog die taal van die godsdiens gebly, en dus moet die godsdiens van Mohammed in Arabies geskied."[40]

In vergelyking met die verhouding tot die bruinmense het die Moslems gehoop vir 'n beter verstandhouding met die blankes op Stellenbosch. Blankes het veral in die laat dertigerjare, weens segregasie en godsdiensvooroordele, beperkte toegang tot die moskee gehad. Ongeag hiervan het Moslem sosiale interaksie met blankes en Christene op 'n

---

[37] *The Jewish Community looks back.* (Opgestel deur Myrel Ginsberg – onbekende publiseerders, n.d.). Vergunning van die Stellenbosch Museum)
[38] Mondelinge onderhoud deur H. Biscombe met Claire de Vries. (Getranskribeerde bandopname 36), p.27.
[39] *Eikestadnuus*, 26 September 1997. 'Moslem-gemeenskap vier mylpaal.'
[40] P. Moosa: *Die verspreiding van Islam na Stellenbosch*, p.9.

vreedsame en positiewe wyse plaasgevind. Hierdie interaksie het byvoorbeeld tydens die oprigting van geboue soos die stadsaal, die museum en selfs die bou van universiteitsgeboue tussen blankes en Moslem-ambagsmanne en snyers soos die Toefies en Arnoldse voorgekom.[41] Restourasiewerk het ook blanke inwoners en Moslems bymekaar gebring en onderlinge gesprekvoering bevorder.

Die Moslem-Christen-verhouding was vreedsaam. In ‘n mondelinge onderhoud het die “Glandie Boys” gesê dat hul lede Moslems en Christene was, en dat hulle mekaar nooit verwyt het nie. Moslems het selfs gehelp om die Volkskerk te bou en die Christene het weer ‘n helpende hand met die bou van die Moskee uitgesteek.[42] Blank en bruin Christene het selfs gehelp om die Mohammedaanse simbool (die sekelmaan en ster) bo-op die Moskee staan te maak. Aangesien geen Moslem-skool gebou is nie, moes Moslem kinders na die Volkskerk gaan.

2.10. DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH AS BAKERMAT VAN AFRIKANER-ONDERRIG

Dit is ‘n goeie vraag waar Stellenbosch en veral sy dorpstatus sonder die wye aansien van die Universiteit van Stellenbosch sou gewees het. Vanweë die plasing van die universiteit en sy statusvolle aantrekkingskrag as onderwysinstelling het menigte blanke Afrikaanssprekendes hierheen gekom. Voor die amptelike totstandkoming van die universiteit in 1918 het blanke hoër onderwys reeds in die Victoria Kollege, waarin Engels sterk in gebruik geneem is, ‘n veelbelowende begin gehad.[1] Met die geleidelike ontwaking van ‘n patriotiese Afrikaanse gesindheid het druk vir die verafrikanisering van die universiteit met rasse skrede toegeneem. Vooraanstaande Afrikaanssprekende studente, soos J.B.M. Hertzog, J.C. Smuts en D.F. Malan het die weg gebaan deur as voorbeelde vir mede-Afrikaners op te tree. Hulle het ook hulself vir die opheffing van die Afrikanerdom beywer. Dieperliggend het dit ook rondom blanke selfbehoud en

[41] P. Moosa: *Die verspreiding van Islam na Stellenbosc* , p.9.
[42] Mondelinge onderhoud deur H. Biscombe met “Die Glandie Boys.” (Getranskribeerde Bandopname 19), p.2. “Moslem-Christen verhouding.”
[1] *Stellenbosch 1866-1966. Honderd Jaar Hoër Onderwys,* pp.328-330.

verhewenheid in Suid-Afrika gehandel. Stelselmatig sou die universiteit ‘n bakermat of “geboorteplek” van Afrikaner hoër onderwys vir die hele Suid-Afrika word.

In hierdie golf van verafrikanisering in die twintigerjare en die amptelike erkenning van Afrikaans as skryf-en spreektaal in 1925 was bruinmense op Stellenbosch ook teenwoordig. Bruinmense was van die groeiende blanke studentetal bewus. Bruin residensiële woonbuurtes was juis in die onmiddellike omtrek van die universiteit geleë. Volgens mondelinge oorvertellings was die voorkoms van die universiteit ‘n bron van groot inspirasie, nuuskierigheid en “moderniteit,” maar waartoe selfs bekwame bruinmense geensins toegang tot studie kon verkry nie. Volgens ‘n oorvertelling deur ‘n bruin inwoner was die volgende ‘n algemene tendens: “Jy’t maar net gesit en gekyk. Dit is interessant dat omdat die universiteit so naby was, daardie gegons maar altyd daar gewees het. Studente wat verby jou huis stap. Mense uit die gemeenskap het teen vergoeding studente se klere gewas en gestryk. Daardie was van die weinige tye dat jy blankes in jou area gekry het – om die goed te kom betaal. Ek kon nog onthou hoe jy op die stoep gesit en dan die studente met hul boeke en sakke gesien stap het, en maar net gewonder wat in daardie plek aangaan, wat van ‘n plek dit is?”[2]

Die Universiteit van Stellenbosch was ‘n blanke volksuniversiteit. Dit was beskou as ‘n uiters noodsaaklike liggaam vir die bevordering van Afrikaner-doelstellings waardeur uiteindelik ‘n eie inheemse kultuur opgebou sou word. In die *Stellenbosse Universiteitsblad* van 1920 is die bestaan van die universiteit as pertinente volksuniversiteit duidelik uiteengesit. Die studente-artikel het die volgende standpunte ingeneem: “dat die inrigting vir hoër onderwys hier werklik gegroei en gebloei het uit ons Afrikaner volk, en dit het ook opoffering gekos, en juis daarom is die pand aan ons toevertrou soveel kosteliker en heiliger, en ons plig teenoor ons Afrikaner universiteit soveel duurder.”[3] Dit het daarop neergekom dat studente die universiteit as ‘n heiligdom beskou het waaraan hulle ten volle eer en lojaliteit moes betoon. Danksy die Teologiese Kweekskool het die universiteit ook ‘n sterk Calvinistiese godsdienstige karakter vertoon wat die wese van studentelojaliteit was. In die universiteitskoerantartikel is ‘n beroep op

---

[2] Mondelinge onderhoud deur H. Biscombe. Getranskribeerde Bandopname 11 (a), p. 7. (Sprekers onbekend).

[3] *Die Stellenbosch Universiteitsblad.* ‘Ons Universiteit en ons Volk.’ Vol.XXXII no. 1. April 1921, p.2. (Vergunning van die JS Gericke Biblioteek)

studente gedoen om hul trotsheid te volhou maar dat "ons nog nie goed genoeg besef dat Stellenbosch in 'n besondere sin aan Suid-Afrika behoort en dat 'n diens wat aan ons universiteit bewys is, 'n diens aan ons volk is."[4] Die oorwoë standpunt is gehuldig dat "beter as op enige plek, 'n mens duidelik die siel van ons volk weerspieël op 'n baie groot mate af om die worsteling om 'n bestaan van ons universiteit te vergemaklik, ons moet deur gedrag, optrede, handelwyse dien as advertensie vir ons Alma Mater."[5] Hierdie propagering en voorgehoue advertering van die universiteit dat dit die belangrikste onderwysinstelling van die Afrikaner was, was bemoedigend veral in die aangesig van kompeterende Engelse universiteite. Afrikaners se *Alma Mater*, soos voorgehou in die bogenoemde, wat bruinmense ingesluit het, is wel spekulatief, hoewel dit noemenswaardig is dat vanuit die staanspoor 'n getroue verhouding tussen die bruinmense en die universiteit bestaan het.

Twee vername oud-Stellenbosse studente tydens die 1920's en 1930's, wat in mondelinge toesprake aan die blank- en bruin verhoudinge jeens die universiteit geraak het, was onder meer prof. H.B. Thom en dr. Dawid de Villiers. Thom het in 'n toespraak daarop klem gelê dat "mense uit die publiek, soos Jan Morkel en dr. Neetling, goed met die Stellenbosse studente ingeskakel het."[6] Thom het ook gesê dat "jy op Stellenbosch eintlik 'n "mikrokosmos" van ons land en al sy mense het en dat dit by hom 'n vormende krag gebly het en kon deel hê in die onderdeel van onderrig en opvoeding van ons hele land."[7] Vir H.B. Thom het die universiteitslewe hom dus ook in kontak met die nie-blanke inwoners gebring en 'n nouer verstandhouding sodoende met hulle ontwikkel. Dit was in die welbekende manskoshuis Wilgenhof waar dr. Dawid de Villiers geloseer het. De Villiers het vertel dat daar 'n interessante verskynsel was waar sekere kwartiere van Wilgenhof vir bruinmense ingeruim en studente wel liberaal oor die aanwesigheid van bruinmense in die koshuis was.[8] Volgens De Villiers het 'n baie sterker gevoel tussen

---

[4] *Die Stellenbosch Universiteitsblad.* 'Ons Universiteit en ons Volk.' Vol.XXXII no. 1. April 1921, p.2.
[5] *Ibid*., p.2.
[6] Thom, H.B.: '*Stellenbosch in die 20er en 30er jare'* (26 Maart 1980, toespraak gelewer in die Kerkhuis) Bandopname Sho 69a. (Vergunning van die Stellenbosse Heemkring)
[7] Thom, H.B.: '*Stellenbosch in die 20er en 30er jare'* (26 Maart 1980, toespraak gelewer in die Kerkhuis) Bandopname Sho 69a. (Vergunning van die Stellenbosse Heemkring)
[8] D. de Villiers: 'Wilgenhof'. Toespraak gelewer op 20 Augustus 1980. (Vergunning van die Stellenbosse Heemkring).

Stellenbosch en die koshuis bestaan, van "town and gown," en ook omrede die koshuis deur dorpsmense (moontlik bruin werkers) en nie deur die universiteit opgerig is nie.[9]

In die vertellings van Aäron Cupido het talle bruinmense, veral verbonde aan die Rynse Kerk, 'n groot bydra tot die suksesvolle arbeidsbehoeftes van die universiteit gelewerl. Voor 1935 was daar beperkte werksgeleenthede, maar dié het sedertdien vermeerder. Bruin werkers by die universiteit het nietemin verantwoordelike werk as bodes, skoonmakers, ensovoorts verrig. Cupido het ook gemeld dat "hulle tot hul aftrede bewys het dat hulle betroubare, trotse werkers was en dat by begrafnisse van sommige werkers van die universiteit dit opvallend was om te hoor hoe die dosente van die betrokke departemente met waardering van die integriteit van die oorledenes praat."[10] Dit blyk hieruit asof die algemene daaglikse medemenslike verhoudinge tydens interaksie met bruinmense handomkeer met die radikaler segregasionistiese houdings van 'n afsonderlike volksuniversiteit en dominansie verskil het. Met ander woorde, aan die oppervlak het 'n goeie gees van samewerking en naasbestaan voorgekom, maar daaronder 'n gevoel van volkseiebelang en blanke dominansie.

Hugh Murcott het in 'n semi-filosofiese artikel oor sy ervarings van Stellenbosch as volksuniversiteit uitgebrei. Murcott was 'n Engelssprekende student wat hom heeltemal met die kultuur en lewensbeskouinge van Afrikaanssprekendes wou vereenselwig en wat as 'n soort deelnemende waarnemer opgetree het. Weereens het die gedagte soos in die voorgenoemde paragraaf oor volkseiebelang na vore gekom en dit wat hom die meeste getref het, "is die botsing van lewenswyses en beskawings waarin die huidige toestand in Suid-Afrika ontleed kan word."[11] Hy het vervolgens oor rasse problematiek uitgebrei en verklaar dat "in ons jong landjie daar ses rassegroepe is wat elkeen op sy eie peil van beskawing staan en sy eie karakter en lewensuitsig het, nl. die Bantoe, Kleurling, Asiaat, Jood, Boer en Brit. Die inwerking van hierdie groepe op mekaar bring soms goeie gevolge mee, waar die een van die ander iets goeds leer, maar baie keer veroorsaak dit die verbrokkeling van die swakker of eenvoudiger beskawings,

---

[9] D. de Villiers: 'Wilgenhof'. Toespraak gelewer op 20 Augustus 1980.

[10] *Eikestadnuus*, 14 Julie 2000. 'Stellenbosch en sy mense vanaf die vroeë twintigerjare soos waargeneem deur 'n boorling van Stellenbosch' (Mnr. A. Cupido).

[11] Murcott, H.: "Stellenbosch as volksuniversiteit" in *Die Stellenboschse Student*. Maart 1938, pp.34-35 (JS Gericke Biblioteek – Afdeling Tydskrifte).

soos die geval was met die Boesmans en die Hottentotte."[12] Murcott het beweer dat indien Stellenbosch as sogenaamde volksuniversiteit beskou wou word hy 'n strategiese posisie in die samekoms van twee "beskawings" moes vervul. Die Afrikaner se skielike aanraking met 'n ingewikkelde industriële beskawing en oorgang vanaf 'n landelike beskawing wat met armoede en 'n proses van geestelike ontaarding gepaard gegaan het, het 'n krisis meegebring.[13] Volgens Murcott is die volksuniversiteit op die proef gestel om die oorgangsperiode te vergemaklik. Die universiteit moes na sy mening hom wend tot die opleiding van geestelike leiers om teen dreigende morele en geestelike verval wal te gooi. In hierdie potensiële kwesbaarheid van die Afrikaner was die volksuniversiteit dus van kardinale belang.

Die *Afrikaanse Nasionale Studentebond* of A.N.S het as politieke inspirasie uit die Noorde vanaf 1924 'n beduidende uitwerking op die gang van die Stellenbosse studente politieke belangstelling gehad. Die A.N.S kan as soort politieke katalisator beskou word wat politieke bewustheid onder studente wou aanwakker deur wedersydse konferensies en debatte tussen Stellenbosch en ander universiteite te hou. Aanvanklik was Stellenbosch besonder huiwerig om hierin toe te tree, maar nadat 'n A.N.S-mosie uitgevaardig is, is die volgende beginsels aanvaar: "dat (a) die studente van Stellenbosch hulle sal uitspreek oor sake van volksbelang, en (b) die A.N.S die middel sal wees waardeur dit sal plaasvind."[14] Vervolgens is 'n pleidooi gelewer dat 'n vaste jaarlikse komitee van die Stellenbosch Verteenwoordigende Raad (SVR) aangestel sou word om (1) kennis te neem van enige belangrike gebeurtenisse rakende volks- en landsake, (2) om studentevergaderings te belê waarop universiteitstudente, indien moontlik deur sprekers van beide kante ingelig sou word oor so 'n saak en waar daar amptelike besluite deur studente alleen geneem kon word na so 'n verduideliking. Die Raad het aanbeveel dat verenigings in die toekoms nie private vergaderings van enige aard moes belê nie, maar

---

[12] Murcott, H.: "Stellenbosch as volksuniversiteit" in *Die Stellenboschse Student*. Maart 1938, pp.34-35 (JS Gericke Biblioteek – Afdeling Tydskrifte).
[13] *Ibid*.
[14] Universiteit van Stellenbosch Argiefbewaarplek. Notules van die Studente Verteenwoordigende Raad (SVR) vergaderings, 16 Junie 1937. (6 April 1936 – 25 September 1941), 'A.N.S Mosie,' p.96. (Maak deel uit van Studenteraad dokumente).

bogenoemde gedragslyn moes volg.[15] Klaarblyklik was die A.N.S vir die Afrikaanse studente ‘n soort politieke rugsteun waarop hulle kon terugval.

Veral in die dertigerjare het Stellenbosch in ‘n “siedende vulkaan van botsende menings en hartstogtelike antipatieë” beland waarin die sogenaamde “tokkelossie kwessie” en “kleurkwessie” bykans tegelykertyd gekom en tot sensitiewe politieke debatvoering aanleiding gegee het.[16] Desnieteenstaande is die universiteit steeds stewig as volksuniversiteit, as prysenswaardige heiligdom en as bakermat van blanke Afrikaner onderrig beskou. Bruinmense het egter in willens en wetens in verwondering grootliks op die kantlyn van universiteitsake gesit.

‘n Bykans vergete studente-organisasie wat uitmuntende evangeliesasiewerk op Stellenbosch verrig het, was die *Stellenbosse Studente Sosiale Werkersbond* (S.S.S.W.B). G.S.J. Möller, ‘n oud-student van Dagbreek, het daarop gewys dat die doel van die S.S.S.W.B was om op beskeie wyse geestelike werk onder groot en klein in die bruin buurtes van Stellenbosch te doen.[17] Möller het vermeld dat dit in daardie tyd betreklik moeilik vir blanke studente was om enigsins sulke werk te onderneem. Beplanning, voorligting en skoling van studente wat dié werk wou doen was hoogs elementêr en feitlik nie-bestaande. Samewerking met die reeds goed-gevestigde sendelinge kon ook nie gevind word nie. Nietemin was die S.S.S.W.B ‘n besonderse positiewe uitvloeisel van die universiteit. In terme van studenteorganisasies was die S.S.S.W.B baie verskillend, vanweë sy godsdienstige inslag, van meer konserwatiewer organisasies soos die Afrikaanse Nasionale Studentebond. Die S.S.S.W.B het deur middel van lukrake en onplanmatige werkswyses hul hande steeds na die bruin gemeenskap bly uitsteek. Möller het vertel dat “ons maar sommer in groepe Sondagmiddae Idasvallei toe vertrek, daar in pare verdeel en dan twee-twee (natuurlik jy en ‘n meisie!) ‘n huis bygeloop of ‘n straat aangedurf en waar ons ‘n paar siele bymekaar kon kry, begin ons ‘Sondagskool’ te hou aan die hand van ‘n Bybelstukkie.”[18] Hierdie uitreiksaksies van die organisasie kon tot ‘n

---

[15] Universiteit van Stellenbosch Argiefbewaarplek. Notules van die Studente Verteenwoordigende Raad (SVR) vergaderings, 16 Junie 1937. (6 April 1936 – 25 September 1941), ‘A.N.S Mosie,’ p.96. (Maak deel uit van Studenteraad dokumente).
[16] *Stellenbosch 1866-1966. Honderd Jaar Hoër Onderwys*, p.356.
[17] D.F. Van der Merwe (et.al.): *Dagbreek* (Halfeeu-gedenkuitgawe, p. 57.
[18] D.F. Van der Merwe (et.al.): *Dagbreek* (Halfeeu-gedenkuitgawe, p. 58.

positiewe, opbouende en wedersydse goedgesindheid in blank en bruin verhoudinge bygedra het. Volgens die vertellings van Möller het die S.S.S.W.B later in ‘n goeie gees met goed georganiseerde, omvangryke en gewaardeerde sendingwerk in die omgewing van Stellenbosch voortgegaan. Daar kan gespekuleer word dat hierdie uitreikings bloot ‘n vorm van blanke beheptheid en onvanpaste vroomheid was. Latere ontwikkelings van die studenteorganisasie het tot uitgebreide sendingwerk deur studente selfs oor die hele Kaapse Skiereiland begin lei. Hierdie organisasie was dus ‘n duidelike bevestiging dat nie alle blanke studente by wyse van spreke op hul eie eiland van ‘volkseiebelang’ gebly het nie, maar dit noodsaaklik gevind het om na hul bruin buurman uit te reik.

Frederick van Zyl Slabbert, latere leier van die Progressiewe Federale Party-opposisie, het in sy boek *The Last White Parliament* kortliks na sy godsdienstige belewenis in die Student Christian Association op Stellenbosch verwys. Slabbert het vertel van sy sendingwerk wat twee maal op Sondaemiddae in sy nabygeleë omgewing plaasgevind het. Volgens Slabbert was dit soms soortgelyk aan ‘n “social narcotic” (verdowing- of slaapmiddel) waarin as’t ware ontsnap kon word van die alledaagse studentelewe.[19] Op ‘n dieper vlak kon dit ook ‘n ontsnapping of wegbreking na die werklikheid, dit wil sê die ware lewensomstandighede van nie-blankes onder apartheidsbewind, gewees het. Daar kon dus terselfdertyd ook ‘n beheptheid onder sommige studente ontstaan het waarin neigings na lewensontvlugting (‘escapism’) moontlik geword het.

Ten slotte kan gesê word dat blanke godsdienstige en onderwysinstellings gedurende die twintiger en dertigerjare ‘n beduidende, dog wisselende invloed op die bruinmense van Stellenbosch gehad het. Dit was wisselend in die sin dat nie alle blanke denominasies ewe toegeeflik teenoor bruin lidmaatskap was soos weerspieël in hul statistieke nie. Nietemin het die meeste denominasies op ‘n vreedsame en hulpvaardige wyse ‘n invloed op die bruin gemeenskap uitgeoefen. Blank-georiënteerde sendingkerke soos die Rynse, Anglikaanse en Metodiste kerke het hierin uitgestaan. Aansluitend tot die godsdiens het onderwys ook grotendeels deur middel van die kerk geskied. Gevolglik is talle bruin kinders volgens Westerse denkpatrone opgevoed. Hoewel die universiteit slegs vir blanke

[19] F v Z. Slabbert: *The Last White Parliament*, p.20.

studente gereserveer was, het bruin werkers daar meer as ooit ‘n tegemoetkomende en respektabele naasbestaan geopenbaar. Die beoefening van godsdiens en die soeke na onderwys was ongetwyfeld sentrale saambindende faktore wat blank en bruin nader aan mekaar getrek het.

Pectora roborant cultus recti

HOOFSTUK 3

DEPRESSIE, IDEOLOGIE EN SEGREGASIE IN DIE 1930's

Die dertigerjare is gekenmerk deur ekonomiese depressie, onstabiliteit en die dringende soeke na oplossings. Hierdie soeke na doelgerigte oplossings het meestal in die vorm van politieke ideologieë te voorskyn gekom. In Stellenbosch is ideologiese denke veral sedert die middel van die dertigerjare in die vorm van 'n vurige Afrikanernasionalisme beleef. In Europa het die opwelling van nasionalisme tot gevaarlike radikale politieke ideologieë soos die Fascisme in Italië en Nazisme in Duitsland aanleiding gegee. 1938 was die eeufeesjaar van die Groot Trek wat 'n kragtige stimulus aan die ontluikende Afrikanernasionalisme toegevoeg het. Tesame met bogenoemde aspekte sal daar in hierdie hoofstuk ook op die voorkoms van segregasie, veral in die laat 1930's, gelet word en hoe die voortslepende 'denkbeeldige' rasseskeiding die blank en bruin verhoudinge op Stellenbosch geraak het.

3.1. DIE EKONOMIESE DEPRESSIE VAN 1929 TOT 1933 EN DIE BLANK EN BRUIN VERHOUDINGE MET SPESIALE VERWYSING NA DIE RYNSE SENDINGKERK

Die onverwagse ineenstorting van die New Yorkse aandelebeurs in Oktober 1929 het die begin van 'n fatale ekonomiese krisis beteken wat bykans die hele wêreld in die Groot Depressie ingetrek het. Algehele ekonomiese wanorde en onstabiliteit in die Verenigde State van Amerika het spoedig na Suid-Afrika en ook na Stellenbosch uitgekring. Geldelike nood was 'n voor-die-hand-liggende verskynsel op Stellenbosch en talle huiseienaars moes loseerders inneem.[1] Tot welke mate hierdie loseerders blank of bruinmense was, is onbekend maar beide groepe was in die dieselfde ekonomiese warboel vasgevang. Volgens 'n ongepubliseerde verklaring in die DF Malan-versameling

[1] B. Holloway: '*Dorpstraat en sy mense in die 30er en 40er jare*.' Bandopname 12.11.1997. (Vergunning van die Stellenbosse Heemkring).

is daar gestipuleer dat die "toestand van paniek beide ongeregverdig en gevaarlik is want onvermydelik moet dit lei tot die inkrimping van krediet, die vernietiging van handel, bankrotskap en werkloosheid veroorsaak."[2] In die depressiejare het dit ekonomies baie sleg met die inwoners van Stellenbosch gegaan en hul enigste skakel met die buitewêreld was deur middel van die spoorweë wat broodnodige goedere na Stellenbosch vervoer het. Werkloosheid was 'n uiteenlopende probleem tydens die Groot Depressie wat opgelos moes word. Die Uniale regering het merendeels deur sy kapitalistiese oriëntasie probeer om werkloosheid hok te slaan. Werkloosheid was immers die direkte oorsaak van armoede en finansiële hulpeloosheid. In die verklaring is beklemtoon dat met 'n groot mate van sukses plaaslike owerhede (soos Stellenbosch) ook aanhoudend aangemoedig moes word om sonder versuim verbeteringswerke wat hulle reeds onderneem het, van stapel te stuur.[3] Net soos in die geval van die Verenigde State se "New Deal" het Suid-Afrika ook met staatsgedrewe programme, byvoorbeeld padaanlegprogramme, die werkloosheidsyfer geleidelik laat afneem.

Tesame met werkloosheidverligting moes die arbeidsbeleid tussen blankes en bruinmense ook ondersoek word. Sedert die 1922-werkstaking is verskeie vakbonde, waarin veral blanke werkers as't ware teen nie-blanke arbeiders beskerm moes word, in die lewe geroep. Met die ekonomiese depressie op hande het die verhouding tussen die blanke en bruin werkers weereens ter sprake gekom. In 'n belangrike artikel van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge is bekend gemaak dat: "The situation makes it imperative that some means be found to correlate the interests of all workers, for natural economic laws show nothing of race or colour and, unless this is done, the person who stands to lose more is the white worker."[4] Blanke arbeidsbelange moes dus gehandhaaf word alhoewel die ekonomiese penarie die goeie blank en bruin menseverhoudinge van die laat 1920's op Stellenbosch op die lange duur in gevaar kon stel. Nietemin is daar in 'n oorsigtelike oorweging van die arbeidsbeleid in die Unie bevind dat "there remains only to emphasise once again the urgent necessity for ensuring

---

[2] JS Gericke Biblioteek (Africana Spesiale Versamelings). DF Malan Versameling, Dok. Nr. 1/1/890. Verklaring, 31 Oktober 1930. (Verklaring i.v.m Groot Depressie).
[3] *Ibid*.
[4] JS Gericke Biblioteek (Africana Spesiale Versamelings). RW Wilcocks dokumente, Ms. 77. 2197.A. Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge – ('n Memorandum deur J.D.R. Jones oor Industrial Legislation and Organization). 88/34, p. 9.

that the economic development of the Union shall be well proportioned, with respect to the interest of all sections of the community."[5] Die gevaar van 'n moontlike vertroebeling van die blank en bruin verhouding is wat arbeidsbetrekkinge betref, ietwat gedemper.

Die verlies van ekonomiese status, veral vir die blankes, het ook 'n effek op die welstandsposisie van individue gehad. Bykans dieselfde as in die geval van die frustrerende armblanke-vraagstuk het die uitwerking van die Groot Depressie inderdaad 'n negatiewe invloed op blanke, en vernaamlik bruin werkers gehad. Ziervogel, die bruin historikus, het hierop gewys dat "the business by which a person earns his livelihood generally fills his thoughts and feelings which it suggests, and by his relations to his associates in work, his employers or his fellow employees."[6] Ziervogel het bevind dat die brose ekonomiese posisie van bruinmense op die gedagtegang van werkers ingewerk het en dus hul houding daarteenoor bepaal het. Menigte bruinmense op Stellenbosch was neerslagtig en het onder die broodlyn geleef. Nypende finansiële tekorte het gevolglik die moontlikheid van allerlei sosiale en gesondheidsprobleme vergroot. Dr. T.S. Higgens het bekend gemaak dat een uit elke vyf bruinmense van tuberkulose omgekom het.[7] Verarming en die verspreiding van gevaarlike siektes was te wyte aan onvoldoende lone en werkloosheid weens die vul van arbeidsposte deur blanke werkers. Die Vakleerlingwet van 1924 was ook deurslaggewend in die uitsluiting van die bruinmense uit meer professionele werke.

Weens die Groot Depressie is bruinmense se ekonomiese posisie so radikaal vererger dat die meerderheid in 'n staat van armoede bykans in die arms van die blanke Stellenbossers teruggeval het. Die Armezorg kommissie het ten tye van die Groot Depressie en daarna volgehou om armoedeverligting te bring. Deur middel van vrywillige bydraes van die publiek kon mense selfs vir subsidies in aanmerking kom. Tydens die depressie is hoofsaaklik armblanks ondersteun. Alhoewel die impak van die depressie daarna steeds sterk onder die bruin gemeenskap gevoel kon word, het die Armezorg kommissie eers in Augustus 1938 besluit dat "magtiging verleen moes word

---

[5] JS Gericke Biblioteek (Africana Spesiale Versamelings). RW Wilcocks dokumente, Ms. 77. 2197.A. Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge – ('n Memorandum deur J.D.R. Jones oor Industrial Legislation and Organization). 88/34, p. 9. 'Relations of European and non-European Workers.'
[6] C. Zievogel: *The Coloured People and the Race Problem*, p.12.
[7] *Ibid*., p.12.

om hul werksaamhede sodanig uit te brei dat ook die bruin gemeenskap ingesluit word."[8] Armoedeverligting het dus gekom, maar toe was dit veels te laat om die vlaag van armoede te stuit.

Die armoedige omstandighede van die bruinmense teen 1933 is ernstig deur die Coloured European Council, wat 'n dringende sosiale welsynskonferensie georganiseer het, onder die loep geneem. 'n Wye verskeidenheid van sosiale en ekonomiese kwessies soos die verbetering van sosiale welsyn, behuising en die verhoging van lone is aangespreek. In die notules van die *Eerste Nasionale Kleurling-Europese Konferensie* van 1933 is die ekonomiese en rasseverhoudinge binne die konteks van die Groot Depressie bespreek. Die uitstaande ekonomiese bevindinge was dat "(1) the present economic crisis has hit the Coloured people no less hardly than any other of the population. Owing to their depressed condition at all times they are without resources to meet the present situation. There is consequently a great deal of distress among them. (2) A certain number have recieved relief work at charity rates pay, and these have shown wide variations from area to area, and in some cases they are as low as 1/6 a day – a rate far too low even as a relief pay, for the maintenance of family life. (3) In certain cases too rations have been supplied, but usually are inadequate to maintain the family on the latest subsistance."[9] Die algemene omstandighede van bruinmense het dus vanweë onvoldoende staatshulp en subsidiëring grotendeels onopgelos gebly.

Die konferensie het dit duidelik voorgestel dat die regering bruinmense moes insluit in verligtingsmaatstawwe soos werksverskaffing. Anders as die Armesorgkommissie het die konferensie van blankes en bruinmense druk op die regering geplaas vir die aanmoediging en ondersteuning van bruinmense "to combine for the uplift of their race by the development of moral qualities such as thrift, sobriety, honesty in word and work."[10] In terme van rasseverhoudinge het die konferensie daarop gewys dat daar vorme van samewerking in die "gees van welwillendheid" tussen die verskeie sektore van die bevolking moes plaasvind. Om dit reg te kry, moes 'n spesiale komitee

---

[8] (KAB) PAO. Leer 1/15 verwysing na 2/53. Stellenbosch. Die Armezorg kommissie der Nederduits Gereformeerde Gemeente. 1920-1940. (Die Armezorgkommissie van Stellenbosch: Begroting 1938).
[9] JS Gericke Biblioteek (Africana Spesiale Versamelings). R.E van der Ross. A Political and Social History of the Cape Coloured People, 1880-1970. Man. 173, dok.29. *First National Coloured-European Conference*, 1933 – Conference Minutes.
[10] *Ibid*., p. 3. 'economic'.

gevorm word wat in samewerking met regeringsliggame en kerke as verteenwoordigers tussen die groepe kon optree. Maar dit was ook nodig vir die "moral and spiritual uplift, and the duty resting upon their members, both Europeans and Coloured, towards the removal of those social evils which hinders the coming of the Kingdom of God in the hearts of men."[11] Die konferensie het in oorweging van die bruin geloofsaanhang 'n standpunt probeer stel om die regering van bruinmense se nood bewus te maak. In 1934 is die Wilcocks-kommissie aangestel om toestande te ondersoek maar selfs dit kon nie die afname in die bruinmense se sosio-ekonomiese posisie voldoende aanspreek en hul armsalige toestande verbeter nie. In 'n verslag van 1937 oor die toestand van die Kaapse bruin bevolking is bevind dat "there was a great deal of malnutrition amongst the Coloureds, with most living in filthy, insanitary and overcrowded conditions. Symptomatic of such conditions, alcoholism, tubercolosis and juvenile delinquency were rife amongst Coloureds, with a high recidivism rate among criminals. Existing Coloured old-age pensions were quite inadequate, and the Coloured mortality rate was twice that of whites, with the infant mortality rate two or four times higher than for whites."[12] Die ontmoedigende sosiale omstandighede het selfs na die Groot Depressie 'n afname in die lewensstandaard van bruinmense getoon wat boonop verder tragies sou versleg.

Die Rynse Sendingkerk was een van die vernaamste plekke op Stellenbosch wat weens die Groot Depressie swaar deurgeloop het. Finansiële tekortkominge in Duitsland het beteken dat daar nie voldoende fondse vir gereelde kerklike of sendingwerk beskikbaar was nie. Die voorkoms van gedurige finansiële tekorte was 'n bron van groot kommer vir die relatief stabiele gemeente en veral wat die hegte blank- en bruin verhoudinge in die Rynse Kerk betref het. Daarmee saam het die versuim van gemeentelede om byvoorbeeld agterstallige rekeninge of betalings aan die kerk te maak interne probleme meegebring. In 'n verslag van die kerkraadsvergadering van die 1ste Februarie 1932 is ernstige besprekings rondom die finansiële stand van die kerk gevoer. Die belangrikste sosio-

[11] JS Gericke Biblioteek (Africana Spesiale Versamelings). R.E van der Ross. A Political and Social History of the Cape Coloured People, 1880-1970. Man. 173, dok.29. *First National Coloured-European Conference*, 1933 – Conference Minutes. 'Race relations', p.6.
[12] U.G. 54-1937. Report of the Commission of Inquiry Regarding the Cape Coloured Population of the Union aangehaal uit G. Lewis, *Between the wire and the wall: A history of South African 'Coloured' politics.*, p.160.

ekonomiese punte onder bespreking was as volg: "In verband met die rekening van die huurders word gerapporteer dat sommige huurders met hul huur agterstallige is, en wel tesame met 'n bedrag van £51.10.6. Voorts word die Boukommissie gelas om huurders aan hul pligte te herinner en hul te laat verstaan dat die toestand nie langer kan aangaan nie. Uit die verslag blyk dit dat die gemeenterekening met 'n tekort van £157 op die einde van die jaar 1931 afgesluit is."[13] Inwoners wat as huurders in die anneksgedeelte van die Rynse Kerk gewoon het, het in tye van finansiële nood versuim om die verlangde huur te betaal. Dus het die Rynse Sendingkerk algaande 'n sukkelbestaan begin voer.

Die hoogtepunt van die finansiële ergernis en nood het uit die Rynse kerkraadsvergadering van 29 Oktober 1932 duidelik geblyk. Die teenwoordige leraar, Eerwaarde F. Feige, het 'n indringende beroep op die gehoorsaamheid van die gemeente gedoen toe hy die kerk se finansiële posisie uiteengesit het. Eerwaarde Feige het beklemtoon dat in "die laaste twee jaar die gemeenterekening afgesluit is met tekorte. In die jaar 1931 het die Rynse Sendinggenootskap die groot som van £245 bygesit om die tekorte van die gemeente te delg dat daar vir die jaar weer 'n tekort van oor die £200 is waarvan alleen £120 agterstallige salarisse van Eerwaarde Heber en Reuter insluit. Die jaarlikse basaar is afgeskaf en in plaas daarvan is dankoffers ingestel wat 'n groot mislukking geword het. Die dankoffers het besonder min opgebring."[14] Hierdie treurige finansiële toestand van die gemeente het blank en bruin lidmate geraak en die kerk kon nie spoedig genoeg in hul behoeftes voorsien nie. Dit kon nie plaasvind alvorens agterstallige uitbetalings aan vorige leraars gemaak is en finansiële invloei deur middel van donasies, ensovoorts geskied het nie. Feige het voortgegaan in sy pleidooi vir die skynbare onmoontlike opheffing van die gemeente dat "ons nou moet werk vir die agterstallige salarisse van die vroeër leraars en die tekorte om dit alles af te betaal, want van die Genootskap kan ons niks verwag nie."[15] In die vergadering is daarom op vriendelike wyse ooreengekom dat basaars weer ingestel moes word in 'n poging om die kerklike skuldlas te verlig.

---

[13] Kerkraadnotule Rynse Gemeente Stellenbosch 1903 Nov. – 1943 Nov. Speciale Kerkraadsvergadering gehouden de 18. Julie 1932. (geen bladsynommer is verskaf nie).
[14] Kerkraadsvergadering gehou op die 29ste Oktober 1932. (Handel oor die uitwerking van die Groot Depressie op die Rynse Sendingkerk Stellenbosch).
[15] *Ibid*.

Vervolgens het die frustrerende skuldlas egter van kwaad tot erger gegaan en tot hoofbrekens aanleiding gegee. Die kerkraadsvoorsitter het die volgende uitgespreek: "Daar is baie lede wat al jarelank nie meer voldoen het aan hul pligte nie (en het die voorsitter voortgegaan) op hulle sal die Kerkwet streng toegepas word."[16] Dit blyk asof die Rynse Kerk in dié geval, meer spesifiek uit moedeloosheid en frustrasie, alle drukmaatstawwe inwerking wou stel as kragdadige pogings om die saak van die kerk te beredder. Ten spyte daarvan het die Rynse Kerk op Stellenbosch tot so 'n mate agteruitgegaan dat dit blyk asof die skuldenaars in die gemeente self die kerk se waarskuwing bloot geïgnoreer het.

Desnieteenstaande het eerwaarde Feige alles in sy vermoë gedoen om die geldelike nood van die kerk te verlig, veral deur besparingsmaatreëls in te stel. Tydens die Groot Depressie het omstandighede so bedruk geword dat die Kerkraad selfs in 1935 geoordeel het om die kerkeiendom moontlik aan die Stellenbosch munisipaliteit te verkoop. Dit sou kamstig finansiële verligting bring, maar ook weens daadwerklike besparings deur Feige, om byvoorbeeld self die geestelike werk in die gemeente alleen te behartig en nie-blankes (Adam Lakey en Daniel Roeland) as ouditeure van die kerkraad te inkorporeer.[17] Bykomstig hiertoe moes daar ook nie persoonlike versekering vir die leraar se eie doeleindes uitgeneem word nie. Eerwaarde Feige het belangrike werk verrig om blank en bruin in te span - selfs sy eie dogter is as jeugleidster aangestel - as maatreëls om geldelike uitgawes te voorkom. Geleidelik het die Rynse Kerk deur middel van groot opoffering en samewerking die Groot Depressie oorleef, hoewel dit van die mees neerdrukkende tye in die geskiedenis van die blank en bruin gemeente in die Rynse Sendingkerk was.

---

[16] Kerkraadsvergadering gehou op die 29ste Oktober 1932. (Handel oor die uitwerking van die Groot Depressie op die Rynse Sendingkerk Stellenbosch).

[17] J. Durand, P. Fourie en W. Malherbe: *Twee Eeue Ryns. Feesbundel uitgawe by die herdenking van die 200-jarige bestaan van die Rynse Gemeente van die Verenigde Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika te Stellenbosch*, p. 52.

3.2. DIE VOORTSLEPENDE KWESSIE VAN SEGREGASIE EN DIE EFFEK DAARVAN OP DIE BLANK EN BRUIN VERHOUDINGE

Die ekonomiese depressie en die latere nasionalistiese oplewing gedurende die dertigerjare het met ‘n toenemend aanvaarde rasse-oortuiging van segregasie, veral van die blanke kant, gepaard gegaan. In talle opsigte kan segregasie as die voorloper van apartheid beskou word. Segregasie het op sy beurt ‘n ernstige politieke kwelpunt vir toekomstige verhoudinge ingehou. Die voortslepende kwelpunte en debatspunte rondom segregasie sou veral in die laat 1930’s ‘n hoogtepunt bereik. Vir die bruinmense van Stellenbosch het segregasie ‘n netelige kwessie geword wat die oorwegend goeie verhoudinge met blankes stelselmatig verydel het. In hierdie gedeelte sal daar op die impak van segregasie en die verkiesing van 1938 op die blanke en bruin verhoudinge gefokus word.

3.2.1. SEGREGASIE OP STELLENBOSCH

Anders as in die geval van wedersydse samewerking en empatie tussen blank en bruin gedurende die depressie het ’n onderliggende denkpatroon van “apart wees” al sterker vanaf die politieke na die sosiale terrein begin deurspoel. Selfs nie eens tydens die “Goue Era” van blank en bruin verhoudinge van die twintigerjare het rassedebatvoering oor segregasie so uitermate as in die 1930’s posgevat nie. Veral die laaste twee jaar van die 1930’s was die mees opspraakwekkende met betrekking tot hierdie gesprekvoering.

Gebiedskeiding in die twintigerjare was baie meer vaag bekend gemaak ten spyte daarvan dat die Stellenbosse munisipaliteit die hef in die hand gehad het oor die plasing van hetsy blanke of bruin gebiede in die dorp. Die stelselmatige afsondering van rassegroepe of die wegbeweeg van inwoners van mekaar het reeds in 1934 vir die Stellenbossers meer deursigtig geword. Die voorsiening van genoegsame fasiliteite vir blankes in ‘n nabygeleë buitewyk van Stellenbosch, genaamd Jonkershoek, sou byvoorbeeld tot die inbeweeg van sommige blanke inwoners lei. Hierdie voorstel vir ‘n nuwe blanke arbeidsnedersetting onder die wakende oog van die Departement van Bosbou sou vir voldoende fasiliteite, onder meer onderwysinstellings, voorsiening maak.

In ‘n amptelike verslag van die Departement van Bosbou is hul voorsienigheid as volg gestipuleer: “I beg to notify you that provision is being made on this Department’s draft Loan Estimates for next financial year for the establishment of a new settlement at Jonkershoek, Division of Stellenbosch, for 20 families. You will no doubt wish to make provision for necessary school buildings, if faculties do not already exist within a reasonable distance. Allowance is usually made for 3 children of school-going age per family.”[1] Die Departement van Bosbou sou dus alles in hul vermoë doen om die blanke nedersetting in Jonkershoek op te hef. Alhoewel die nedersetting wel om bosbou doeleindes daargestel is, is bruinmense geensins daarheen gelok nie. Sodoende is blankes en veral bruinmense deur die kwessie van rasseskeiding of segregasie reg gekonfronteer. Klaarblyklik het die oogmerke van segregasie betreklike positiewe vooruitsigte vir blankes ingehou, aldus die vooruitsig van bevoorregte ekonomiese en sosiale lewensomstandighede. Die skynbaar noodwendige verwaarlosing van bruinmense se noue samewerking met blankes het daartoe gelei dat hulle onder mekaar rekenskap moes gee of hulle segregasie en hul blanke ondersteuners verder sou ondersteun, al dan nie.

In 1938 het die Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging (A.C.V.V.) Kongres ‘n besluit geneem wat die inwoners van Stellenbosch volkome bewus gemaak het van die veranderende dinamika rondom segregasie. Die A.C.V.V het dié belangrike besluit aan die burgemeester bekend gemaak: “Kongres versoek die Uniale en Provinsiale Regerings om wetgewing wat dorpsbesture en munisipaliteite sal magtig om voorsiening te maak vir aparte woonbuurtes vir blankes en nie-blankes. Die Kongres dra dit aan die A.C.V.V takke op om hul munisipale afgevaardigdes na die munisipale kongres opdrag te gee om ten gunste van afsonderlike woonbuurte vir blank en bruin te dien.”[2] Die Raad van die A.C.V.V op Stellenbosch was reeds lank tevore besig met die saak van afsonderlike residensiële woonbuurtes. Stellenbosse inwoners het ‘n groot mate van onsekerheid en ongemaklikheid jeens hierdie sterker golf van segregasie beleef. Vernaamlik die bruinmense het gevoel dat hul toekomstige rol binne die blanke gedomineerde dorpsamelewing moontlik in die weegskaal was. Voortspruitend uit hierdie onsekere gees is ‘n openbare vergadering van bruinmense in die Stellenbosse Onderlinge Vereniging

[1] (KAB) 3/STB 4/1/70. (Nuwe nr. 4/1/38) *Segregation*, 1938-1939. (A.C.V.V Kongres).
[2] (KAB) PAW Leer 189 SBB 94/30 A. Stellenbosch Division. *Jonkershoek Settlement*, 1934.

(S.O.V) saal in Andringastraat op die 29ste Maart 1939 gehou. Die saak van segregasie oor die algemeen, en aparte woonbuurtes in die besonder, sou bespreek word. Na suksesvolle afsluiting van die vergadering waarin bruinmense se sienswyses en gevoelens ter tafel gelê is, is eenparig op ‘n resolusie besluit wat aan die stadsklerk van Stellenbosch gestuur is. W. Woodman, wat as voorsitter tydens die vergadering opgetree het, het die drieledige resolusie as volg uiteengesit: “(a) dat hierdie vergadering van Kleurlingburgers van Stellenbosch sy goedkeuring aan die beginsels wat in die memorandum oor segregasie uiteengesit is, gee; (b) dat hierdie vergadering van Kleurlingburgers van Stellenbosch gekant is teen segregasie in al sy vorme ookal, daar segregasie regstreeks in botsing staan met die beginsels van die Christelike beskawing, en (c) dat hierdie resolusies aan die Stadsraad Stellenbosch, gestuur word met die ernstige versoek dat hulle as ons verteenwoordigers enige segregasiebeleid sal opponeer”.[3] Vanuit hierdie belangrike argiefdokument blyk dit dus duidelik dat die blanke oortuigings vir die inwerkingstelling van segregasie op Stellenbosch tot ‘n hoogs spanningsvolle reaksie van die kant van veral gesiene bruin inwoners aanleiding gegee het.

Die bewuswording van segregasie onder bruinmense in die Stellenbosch-distrik was ook grootliks in nie-blanke koerante te bespeur. Vir beide blank, maar veral vir bruinmense, was die gebruik van koerante as kommunikasiemedium van absolute belang om idees rondom segregasie met lesers uit te wissel. Daarom is ‘n hoofsaaklik filosofiese artikel in die *Hottentots-Holland Mail* van 18 Februarie 1939, getiteld “Segregasie”, gepubliseer. Die artikel het verkondig dat segregasie as gevolg van ekonomiese en industriële oorsake ontstaan het. In bogenoemde milieu is gestipuleer dat bruinmense geensins hoef terug te staan vir die vooropgestelde meerderwaardige kompetisie met blanke werkslui nie. Die koerantartikel het beweer dat daar duisende bruinmense in die Unie was wat bewys het dat hulle in staat was om selfs op onderwys, klerklike en meganiese terreine basies op gelyke voet met die blankes te verkeer.[4] Wat ekonomiese gebied betref, het die artikel dit duidelik onder die bruinmense se aandag gebring dat: “Others who favour segregation would prevent the Coloured people from qualifying for any of the professions except educational, and would make it impossible for them to

[3] (KAB) 3/STB 4/1/70. (Nuwe nr. 4/1/38) *Segregation*, 1938-1939 (Resolusie).
[4] *Hottentots-Holland Mail*, 18 Februarie 1939. ‘Segregation.’

qualify as skilled mechanics. They would naturally allow the Coloured races to be hewers of wood and drawers of water for Europeans."[5] Hierdie soort redekaweling was volgens die oortuiging van baie bruinmense dat segregasie hulle geen hoop op ekonomiese vooruitgang in die teenwoordigheid van hul blanke oorheersers gebied het nie. Desnieteenstaande was dit nie die allesoorheersende motief van blankes om bruinmense in 'n vorm van slawerny te laat verval nie, maar slegs om hulle apart te probeer hou. Daar is verklaar dat dit juis die begeerte van blankes was dat die gekleurde rasse langs hul eie weë en binne die beperkings van hul eie rasse moes ontwikkel sonder om in kompetisie te kom òf met blankes te vermeng.[6]

Die opspraakwekkende sensitiewe aspek van bloedvermenging tussen blank en nie-blank was 'n belangrike faset wat segregasie veral onder blanke Afrikaners sterk onder skoot gebring het. Tydens 'n volkskongres oor rasse-segregasie, gehou by die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge, het prof. G. Cronje 'n referaat oor bloedvermenging gelewer. Cronje het beweer dat bloedvermenging vanweë sosiale gelykheid tussen blank en nie-blank 'n groot bedreiging vir die bloedsuiwerheid van die blanke ingehou het.[7] In akademiese kringe is die radikale ongegronde uitlatings van Cronje egter met waansinnigheid geassosieer. Hierdie sosiale vrees van die Afrikaner was opsigself 'n ernstige motief vir die aanvaarding van segregasie.

In reaksie daarop het *The Sun* 'n artikel deur J.H. Hofmeyr, 'n lid van die Parlement, geplaas wat spesifiek dié vreesaanjaende kompleks onder blankes in die teenwoordigheid van nie-blankes belig het. Volgens Hofmeyr het die Afrikaner se vrees voortgevloei uit die Voortrekkers se volgehoue opvatting van paternalisme wat in stand gehou moes word.[8] Vanuit 'n blanke oogpunt het die berig oor segregasie en die behoud van paternalisme voorgestel dat: "they would be quite content to live to themselves and by themselves as far as their religion and social life is concerned, but they object to any restrictions on their professional or other advances. All trades and professions should be opened to them and the sphere in which they may practice should not be limited."[9] Maar

---

[5] *Hottentots-Holland Mail*, 18 Februarie 1939. 'Segregation.'
[6] JS Gericke Biblioteek (Africana Spesiale Versamelings) Ben Conradie Versameling. 205. Ku. 1 (29) Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings. *Volkskongres oor rasse-segregasie*.
[7] *Ibid*.
[8] *The Sun*, 13 Januarie 1939. 'My Political Faith.'
[9] *Hottentots-Holland Mail*, 18 Februarie 1939. 'Segregation.'

hierdie tendens van opperheerskappy het net soveel vir bruinmense en hul begeerte op vooruitgang getel en nie meer nie. In die artikel oor segregasie is opvallend beklemtoon dat onder bruinmense en in hul sosiale lewe wel ‘n tendens om apart van blankes te leef, met die voorsiening van hul eie sport en plesier, voorgekom het. Daar is voorgehou dat daar geen begeerte vir intergroepverhoudinge was nie, omdat daar ook op godsdienstige gebied ‘n sterk beweging na die stigting van afsonderlike kerke en eie pastorale leiding was.[10] Hoewel die bruin koerant bloedvermenging ten sterkste teengestaan en besweer het, was blankes geensins hiervan oortuig nie.

Selfs blanke inwoners in Stellenbosch het dit goedgedink om dorpsgebiede te segregeer. Al meer en meer is op die verkoop van bruin woonhuise, spesifiek in die middedorp en die universiteitsbuurt, aangedring. Een so ‘n voorbeeld was die onderverdeling van ‘n universiteitsbuurt wat voorheen as Rattraysdal bekend gestaan het. Baie bruinmense moes effe verontwaardig gevoel het oor die feitlike opeis van Rattraysdal vir blankes aangesien Margaret Hoskyn daarop gewys het dat James Rattray ‘n groot belang daarin gehad het om sosiale welsyn en onderwyswerk onder die bruin inwoners te verrig.[11] Die munisipaliteit het die uitverkoping as ‘n ongewenste posisie beskou omdat hulle gevrees het dat die area dan in ‘n ongesonde geslote bevolkte woonbuurt sou ontaard.[12] Nietemin is inwoners aanbeveel dat slegs een woning per plot opgerig behoort te word, dat geen sinkplaat of blikomheinings vir die erf toegelaat sou word nie en dat huisdakke eenvormig moet wees wat materiaal en styl betref.[13] Die saak van behuising het ook vanweë die groeiende dorpsgemeenskap, en in terme van segregasie in die geheel, die rasseproblematiek toenemend op die voorgrond geplaas. Hierdie soort kwessies oor grondsake het dwarsdeur die 1930’s voortgeduur en die moontlikheid van ‘pynlike’ gedwonge verskuiwings onder bruinmense het toenemend ‘n realiteit geword.

Die debakel rondom segregasie op Stellenbosch sou vir jare voortduur en ‘n groot hindernis in die weg van blank en bruin verhoudinge stel. Bruinmense het segregasie as ‘n kastyding begin beskou wat met “courage and fortitude, using every method to

---

[10] *Hottentots-Holland Mail*, 18 Februarie 1939. ‘Segregation.’
[11] M. Hoskyn: *Stellenbosch Village, 1920-1950*, p.43.
[12] (KAB) 3/STB. 4/1/78. Leer 78. verwysing 18.2. *Subdivision of University Area* (voorheen genoem Rattraysdal), 1938-1942.
[13] *Ibid*.

determine their status, in religious and economic associations" beveg en bestry moes word.[14] In 'n godsdienstig-filosofiese artikel het Dr. S. Ismail daarop gewys dat segregasie tot die ondergang van die Christendom in Suid-Afrika kon lei.[15] Bogenoemde standpunt het gespruit uit die Christelike kerk se ondersteuning van segregasie wat direk op diskriminasie berus het. Die aanspreking van segregasie deur bruinmense sowel as ander nie-blankes, het grootliks weens die Uniale regering se dominasie, 'n minimale uitwerking gehad om al die bruinmense daarteen op te sweep.

3.2.2. DIE VERKIESING VAN 1938

'n Belangrike politieke gebeurtenis wat die voorkoms van segregasie bevestig het, was die verkiesing van Mei 1938 wat weliswaar 'n negatiewe uitwerking op blank en bruin verhoudinge in Stellenbosch gehad het. Veral na die verkiesing het die kloof tussen blankes en bruinmense op sosiale en politieke gebiede duidelik merkbaar geword en verbreed.

Op Stellenbosch het die kwessie aangaande bruin deelname aan verkiesings 'n groot strydpunt geword omrede die inpalming van bruin stemme, in 'n kiesafdeling soos Stellenbosch, die verskil tussen wen en verloor vir die kompeterende partye beteken het. Stellenbosch het statisties 'n relatief groot aantal bruin kiesers, ongeveer 1 140, gehad. In teenstelling met die verkiesing van 1929 en 'n belewing van 'n hegter samewerking met bruinmense het die diskriminasie wat weens segregasie gebotvier het die verhoudinge teen 1938 onherroeplik vertroebel. Politieke partye, waaronder die Nasionale Party en die Verenigde Party, moes daarom daadwerklik om die bruin stem kompeteer. Die twee vername politici wat teen mekaar te staan sou kom was Bruckner de Villiers van die NP en Henry Fagan van die VP. Hoewel De Villiers die setel van Stellenbosch in die 1929 verkiesing verower het, was hierdie kiesafdeling nou weer 'n doelgerigte teiken vir die VP. Die VP het egter besef dat hy die bruin stemme vir 'n moontlike oorwinning benodig het. Om dit te kon regkry, moes die VP die NP-beleid afkraak. Hierdie afkraking was duidelik tydens 'n vergadering waarin W. la Grange ter ondersteuning van Fagan die NP

[14] *The Sun*, 10 Maart 1939. 'The Segregation Scourge.'
[15] *The Sun*, 10 Maart 1939. 'Segregation – The downfall of South Africa' deur Dr. S. Ismail.

se skielike veranderende beleid sedert die 1929-verkiesing skerp veroordeel het. Daar is skerpsinnig aangevoer dat bruinmense nie sosiale gelykstelling met die blankes wou hê nie, alhoewel hulle sterk teen die Nasionale Party se beleid van aparte woonbuurtes, aparte vakverenigings en "aparte alles" gestaan het.[16] Hierdie politieke aannames het bruin kiesers weereens hul ondersteuning van die NP in heroorweging laat neem en dit bevraagteken.

Henry Fagan se joernalistieke vernuf in *Die Burger* het verder beteken dat hy deur middel van hierdie propagandamedium 'n baie negatiewe beeld van die NP kon skep. Dié propaganda het oorwegend die kwesbaarheid van die NP as 'n klein randparty verder vergroot. Polities sensasionele berigte soos "Kleurlinge se aanvalle op Nasionale Party" en "Sekere Kleurlinge se houding" het die propagandistiese aard van die Verenigde Party se verkiesingsveldtog uitgebeeld.[17]

In teenstelling met die VP het die NP volgehou met 'n harder benadering deur segregasie voor te staan. Selfs Bruckner de Villiers, wat gedurende die 1929-verkiesing op besonder goeie voet met sy bruin kieserskorps verkeer het, het 'n harder politieke standpunt ingeneem. Die NP se veldtogtaktiek was om bruin kiesers spoedig van die kieserslys te verwyder, maar dit was juis wat die bruinmense ontstig het. Tydens 'n verkiesingsvergadering wat te Idasvallei gehou is, het 'n bruin spreker De Villiers onteenseglik aangeval omdat hy "alles apart" wou hê. Dieselfde spreker het verder daarop gewys dat "die oë van die land op Stellenbosch sal wees, en ons gaan wys dat ons plek hier is – tussen die blankes al die dae van ons lewe."[18] Die bruinmense het hulle dus op Stellenbosch teen hierdie versterkende tendens van segregasie probeer verset. Op die keper beskou, was dit vir bruinmense veral baie tragies dat die eens hegte vriendskapsbande en verhoudinge nou skielik in die wiele gery moes word. Desnieteenstaande, het Bruckner de Villiers voortgegaan met sy pleidooi vir die regverdiging van segregasie en dit boonop in die aanwesigheid van bruinmense.

In 'n weldeurdagte artikel oor die moontlike verowering van Stellenbosch deur die NP onder De Villiers, is daar in *The Cape Standard* spesifiek na segregasie vir

---

[16] *Die Burger*, 30 Maart 1938. 'Kleurlinge se aanvalle op Nasionale Party.'
[17] H. Giliomee en G. Hendrich: "Die Slag van Andringastraat: Studente-onluste op Stellenbosch, 1940.", in *Historia*, pp. 6-7.
[18] *Die Burger*, 3 Mei 1938.

bruinmense gekyk. In die beriggewing is dit gestel dat W.B. de Villiers bruinmense probeer oorreed het dat segregasie, afsonderlike verteenwoordiging en afsonderlike kieserslyste hulle kon bevoordeel.[19] Bruinmense het egter hardkoppig beswaar gemaak teen die veronderstelling dat hulle absoluut teen die Kleurlyn oftewel separasie gekant was. Die politieke posisie van De Villiers is deur hierdie beriggewing grootliks in 'n ongunstige lig geplaas: "Mr. Bruckner de Villiers is reported to have made a declaration that he had played 'open cards' with the Coloured votes of Stellenbosch and dared any United Party organiser to take away any of his Coloured voters. If the Coloured voters allow themselves to be hoodwinked by such statements they are playing into the hands of their avowed political enemies the Nationalists and should not need advice of any organiser."[20] Die artikel het dit dus duidelik gestel dat bruin stemme aan De Villiers en sy Nasionaliste nutteloos sal wees omdat hulle geblinddoek is deur hierdie politieke uitgeslapenheid.

'n Vraagstelling aan die Stellenbosse bruin kiesers is ook geopper, wat onderliggend daaraan toe, bruin kiesers in effek van die NP se segregasie voorkeure afgeskrik het. Die vraagstelling het as volg gelui: "If at Stellenbosch the condition of the Coloured man in trade, law, and custom is unsatisfactory, and holds out a future, well and good, if there is a chance of their sons and daughters to raise above the standard of ordinary labourers and domestic servants, and have every reason to say we are alright at Stellenbosch and care nothing for the conditions of our community outside the district, also good. But the question arises; will it remain so, or will their children and young people be happy with what is threatening practically to exterminate them politically, industrially and socially?"[21]

Bruinmense het geleideliker meer afkeurig teenoor die "Kleurlyn" en segregasie gestaan, en veral in die Wes-Kaapland is konferensies gehou waar bruinmense openlik teen die NP se segregasionistiese planne geprotesteer het. Ander kern sake wat bespreek is, was onder meer spesifiek die kwelpunte soos die "Kleurlyn" of die voorgestelde parallelisme vir bruinmense. Tydens een van die konferensies het slagspreuke teen die "Kleurlyn" en segregasie as volg gelui: "Down with the Colour Bars," "No

[19] *The Cape Standard*, 12 April 1938. 'Segregation for Coloureds.'
[20] *Ibid*.
[21] *Ibid*.

Differentiation" en "Equal Opportunities for All."[22] Teen die agtergrond van die gegriefde gesindhede van bruinmense teen hoogs sensitiewe politieke sake het die verkiesingsdag in laat Mei 1938 aangebreek.

'n Oorweldigende verassing het ten tyde van die verkiesing op die Nasionale Party gewag. Die Verenigde Party het die NP op Stellenbosch getroef met 'n skamele 30 stemme. Die VP het landswyd ook by verre die meerderheid, naamlik 111 setels, teenoor die NP se karige 27 setels behaal. Die verkiesingsuitslae vir die hoofkandidate van Stellenbosch was as volg: Stellenbosch H.A. Fagan 3 734 en W.B. de Villiers 3704 stemme Dus het die VP met 'n meerderheid van 30 stemme geseëvier.[23] Vir die VP was dit 'n naelskraapse oorwinning, maar vir die NP en Bruckner de Villiers se hoë verwagtinge met sy voorkeur vir segregasie, 'n verpletterende terugslag.

Dis opvallend dat toe die verkiesing verby was, die blanke partye die bydrae van die bruin stem in die bepaling van die uitslae heel ligtelik beskou het. Bogenoemde standpunt is selfs deur sommige bruinmense openhartig en in selfbejammering erken. F. Joshua het in 'n interessante debat daarop gewys dat die bruin stem eintlik nutteloos was. Joshau het gesê dat "it was the Coloured man's own fault that his posision was so parlous. The vote, which was a fundamental principle of democracy, could be of use, if this was properly exercised. The Coloured people could not hope to be politically strong while they were economically weak. The weakness was due to their own lack of enterprise. Individuals should increase their economic power by sacrifice, hard work, and zeal."[24] Sommige bruinmense het steeds gedink dat die bruinstem as "politieke voetbal" gebruik is, maar op Stellenbosch kon daar met 'n versigtige optimisme na die VP gekyk word. Die klein verskil in stemme tussen die VP en die NP was 'n faktor toe die Nasionaliste se gulde geleentheid om later steun te werf ewe skielik op hande gekom het. Hierdie gulde geleentheid was die honderdjarige herdenking van die Groot Trek.

---

[22] *The Cape Standard*, 19 April 1938. 'Parallelism or Colour Bar?'
[23] H. Giliomee en G. Hendrich.: "Die Slag van Andringastraat: Studente-onluste op Stellenbosch.", 1940 in *Historia*, p.9.
[24] *The Cape Standard*, 14 Junie 1938. 'Colourd Vote Useless.'

3.3. DIE SIMBOLIESE GROOT TREK EEUFEESHERDENKING VAN 1938

Een van die belangrikste ideologiese gebeurtenisse van die dertigerjare was die viering van die honderdjarige herdenking van die 1838 Groot Trek binne die raamwerk van Afrikanernasionalisme. Omrede Stellenbosch feitlik ‘n deurslaggewende rol in die opvoeding en status van Afrikanerdom gespeel het, was die insluiting van Stellenbosch as punt van samekoms in die vieringe vir die Afrikaner dus van absolute belang. Talle blanke Afrikaanse Stellenbossers was by wyse van spreke oorweldig deur die herdenkinge. Die Groot Trek Eeufeesherdenkinge kan as ‘n soort kulturele katalisator, wat verdere momentum aan die groeiende Afrikanernasionalisme gegee het, gesien word. Bruinmense is nie heelhartig by die verrigtinge betrek nie, maar was wel sensitiewe waarnemers wat rondom die gebeure hulself daaroor uitgelaat het.

Groot kulturele en emosionele opwinding het veral onder die blanke Stellenbosse studente geheers oor die belangrikheid van die eeufeesherdenkinge. Die opwinding het gespruit uit ‘n lang begeerte van die Afrikanerdom om as vrye, onafhanklike kultuurvolk te ontwaak en om opnuut hulde aan die heldhaftigheid van die Afrikaner tydens die Groot Trek te bring. In die studentekoerant, die *Stellenbosse* Student, is verskeie toonaangewende patrioties-georiënteerde artikels oor die aanmoediging en koestering van Afrikanernasionalisme onder blanke Afrikaners gepubliseer. In ‘n redaksionele artikel oor die Voortrekker Eeufees het ‘n sterk nasionalistiese tendens na vore gekom: “As studentegemeenskap voel ons ‘n deel van daardie groter nasie-geheel wat vanjaar feesvier. Daarom wil ons nie as van verre staan soos swygende toeskouers nie. Daarom wil ons nie die band wat ons as studerende jeug met ons volk verbind, negeer nie. Maar om daardie rede wil ons ons stemme eendragtiglik paar met soveel duisende stemme en juigkrete wat daar in hierdie stemmingsvolle dae uit die harte van ons volksgenote, oor die lengte en breedte van ons land, opstyg, en wil ons uit volle bors uitroep: Groot in die naam van ons Voortrekker-helde! Lank lewe die Afrikanerdom!”[1]

Stellenbosse studente is daarom aangevuur, selfs in ‘n mindere mate geïndoktrineer, om heldeverering te betoon en ‘n soort instandhouding van

[1] *Die Stellenbosse Student*, Oktober 1938. Editoriaal. Die Voortrekker-Eeufees. 299. Vol.XXXIX, No. 7.

volksontwikkeling te verrig. Volgens die artikel moes volksontwikkeling en die Groot Trek herdenkinge nie net bloot gehandhaaf word nie, maar bo partypolitiek verhef word. Die Groot Trek herdenkinge moes kultureel ‘n suiwer Afrikaner-nasionalistiese inslag hê, maar losgemaak van politiek en landsprobleme. Dit was nieteenstaande die feit dat blanke Afrikaners ‘n eie staat begeer het nie, maar meegaande dat dit ook “’n stryd om die Afrikaner kultuur suiwer te hou en van ongewenste invloede te bewaar wat mettertyd ook al skerper en sterker geword het.”[2] ‘n Studente organisasie waarna reeds verwys is, naamlik die Afrikaanse Nasionale Studentebond (A.N.S) het hulself met bogenoemde doel vereenselwig. Die A.N.S sou ‘n onderliggende dryfkrag tot die instandhouding van Afrikanerbelange toevoeg, en veral te midde van ‘n tydperk van ideologiese bewuswording en nasionalisme. In ‘n studenteartikel aangaande organisatoriese samewerking is die doelwitte van die A.N.S veral jeens die herdenkinge as volg uitgestip: “Die A.N.S het sy ontstaan te danke aan ‘n sterk nasionale selfbewuste positiewe strewe van die Afrikaner om sy kultuur rein en suiwer te bewaar en vry te hou van alle ongewenste vreemde beïnvloeding, veral van Brits-imperialistiese invloede.”[3] Vervolgens is daar tot die slotsom gekom dat dit “hoogtyd is dat die Afrikaner studente sal besef dat ons Boerenasie ‘n eenheid vorm wat organisatories saamgevat moet word, en dat so ‘n kultuurorganisasie soos die A.N.S die volle daadwerklike steun van elke Afrikaner student behoort te kry.”[4] Die A.N.S het as werwingsmetode ook die eeufeesherdenking gebruik as manier om Afrikaanssprekende studente na die organisasie aan te lok.

Met die aanbreek van die herdenkinge aan die einde van 1938 het die A.N.S in die beplanning en organisering van die feesviering op die dorp ‘n belangrike rol gespeel. Die simboliese ontvangs van die bekende “kakebeenwa” het veral spesiale aandag geniet. Die A.N.S het dit aan die einde van die tweede semester op homself geneem om die ontvangs van die kakebeenwa op Stellenbosch te reël. Die A.N.S het later die reëlingskomitee uitgebrei, sodat dit so verteenwoordigend moontlik van die dorp en distrik sou wees. Deurgaans het die A.N.S ‘n leidende en vername rol gespeel in die reëlingskomitee, en

---

[2] *Die Stellenbosse Student*, September 1938. Nasiewording, Nasionalisme, Nasiediens en Organisatoriese Samewerking, p.288. Vol.XXXIV, No. 6.
[3] *Ibid*.
[4] *Ibid*.

het dit groot opoffering van die A.N.S-lede geeis.[5] Stellenbosse studente en inwoners is nie net deur die A.N.S geraak nie, maar ook deur menigte patriotiese Afrikaner-nasionaliste.

Afrikaanssprekende Stellenbosse studente is verder by ‘n geestelike en ideologiese gesprekvoering oor die waarde van die herdenkinge ingetrek waarby Engelssprekendes en bruinmense nie betrek is nie. Tesame met die ideologies-nasionalistiese bewusmaking van die Afrikaanse student deur die A.N.S het geestelike of godsdienstige gesprekvoering deur middel van die studentekoerant die simboliese boodskap van die herdenkinge onder studente ingeboesem. W.A. de Klerk het ‘n uitgebreide filosofiese artikel bekend gestel waarin hy geredeneer het dat: “...ons vanjaar op die drempel van ‘n Tweede Trek – ‘n Trek waar die Afrikanernasie met die krag van ‘n Titan die jukke van geestelike gevangenisskap van sy nek gaan afwerp, en gaan losbreek en uittrek tot daar ander kant op die horison en die blou berge, waar hy sal vind waarin hy so lank en hartstogtelik al soek – Vryheid, en die Siel van die Afrikanernasie.”[6] Die vernaamste aspek van hierdie emosionele en simboliese boodskap soos bogenoemde, en wat ‘n gedugte stukrag aan die wese van Afrikanernasionalisme gegee het, was dié van vryheid. Sedert die vernederende Anglo-Boereoorlog het ‘n voortslepende begeerte om onafhanklikheid voorgekom. Op Stellenbosch het ‘n sterk vryheidsgevoel onder Afrikaners opgevlam om die juk van Britse dominasie af te gooi.

Strenggesproke moes hierdie vurige nuut-ontwaakte Afrikaner-nasionalisme en hernude ideale van vryheid Engelssprekende studente betreklik onwelkom by die herdenkinge laat voel het. Bydraend daartoe is die verwerpte gevoel verder deur drie kwessies, wat onder beheer van die A.N.S plaasgevind het, vererger. Die eerste was ‘n openbare vergadering wat merendeels op ‘n protesvergadering teen ‘n berugte Engelse boek deur Stuart Cloete, *Turning Wheels*, neergekom het. Die boek was oënskynlik ‘n oorvereenvoudigde of karikatuurvoorstelling van die Afrikanernasie. Bekende protesteerders soos prof. E.C.D. Pienaar, prof. Thom en dr. Schoeman het die saak

[5] *Die Stellenbosse Student*, Oktober 1938. Die A.N.S – verslag van werksaamhede Nov. 1937 – Nov. 1938, p. 313. Vol. XXXIX, no. 7.
[6] *Die Stellenbosse Student*, Oktober 1938. Die Siel van ‘n Nasie deur W.A de Klerk, p. 308. Vol. XXXIX, no. 7.

gedebatteer en die regering versoek om ‘n verbod op die verspreiding van die boek te plaas.[7]

‘n Tweede saak wat aandag geniet het, was die treffende toespraak van senator C.A van Niekerk soos opgeneem in *Herinneringe uit die Tweede-Vryheidsoorlog*, wat opnuut ‘n hoogs emosionele en sensitiewe kwessie onder die aandag gebring het. Dit kon veral in ‘n gepaste tyd soos die eeufeesherdenkinge Afrikanernasionalisme verder aanvuur deur as’t ware ou wonde van die verlede oop te krap. Die derde saak was weliswaar ‘n ongenaakbare protesvergadering teen die speel van “God save the King” by die eeufees en wat ‘n verstommende byna tweeduisend mense na die A.N.S se openbare vergadering getrek het.[7] Die smeulende anti-Britse gesindhede het dus die verhoudinge tussen die Afrikaans- en Engelssprekende blankes (veral studente) vertroebel. Met verloop van tyd sou die wedersydse haatdraende denke en gesindhede ook die ideologiese kloof tussen blank en blank verdiep.

Verhoudinge tussen die blank en bruin inwoners van Stellenbosch aangaande die eeufeesherdenkinge was hoofsaaklik gemoedelik waar bruinmense ‘n wisselende respek daarteenoor betoon het. Onder bruinmense het daar ‘n noue aangetrokkenheid teenoor die blankes bestaan hoewel die blankes se huiwering, selfs weiering, om bruinmense by die feesvieringe en verrigtinge te betrek sommige van hulle verwyderd laat voel het. Desnieteenstaande het beide blank en bruin gemengde gevoelens gehad. Ten opsigte van eersgenoemde het ds. D.P. Botha dit beklemtoon dat die bruinmense reeds tydens die Groot Trek saamgeveg het en dat blankes en bruinmense ‘n nougesette sosiologiese eenheid gevorm het. Ds. Botha en andere wat sy sienings deel was egter in die minderheid wat hul siening betref dat bruinmense saamgeveg het vir ‘n gemeenskaplike vryheidsideaal. Botha het verklaar dat “hulle (bruinmense) saam met ons gestry het, as lede van die milisie, as vennote op die grense, as bondgenote teen Silkaats, as vertrouelinge by Bloedrivier. Hulle was medeskeppers van ons taal en mede-opvoeders van ons kinders. Hulle was ons speelmaats in ons jeug en ons versorgers in ons ouderdom. So is ook hulle afgemaai: deur Kalipi 26 in Transvaal, deur die Zoeloes by

---

[7] *Die Stellenbosse Student*, Oktober 1938. Die A.N.S – verslag van werksaamhede Nov. 1937 – Nov. 1938, pp. 313-314. Vol. XXXIX, no. 7.
[8] *Die Stellenbosse Student*, Oktober 1938. Die A.N.S – verslag van werksaamhede Nov. 1937 – Nov. 1938, pp. 313-314. Vol. XXXIX, no. 7.

Bloukrans meer as tweehonderd; en op Hloma Amabutha lê dertig van hul beendere saam met die beendere van Retief en sy sewentig in een graf. Wanneer ons hulle nodig gehad het, was hulle by ons, selfs tot in die dood."[8] Hierdie diep emosionele woorde het die noue verwantskap tussen die blank en bruin in tye van smarte en ellende na vore gebring. In terme van historiese verhoudinge was daar dus 'n hegter band tussen die Afrikaanse blankes en bruinmense in vergeleke met die Afrikaans-Engelssprekende verhouding wat op wedersydse gevoelloosheid en verwyt neergekom het.

Die epogmakende Groot Trek Eeufeesherdenkinge in die tweede helfte van 1938 was 'n nabootsing van die werklike trek wat geografies vanaf Kaapstad tot in die Noorde onderneem is. Nege tradisionele ossewaens en wat teen relatief duur koste gebou is, het deur die land getrek om die boodskap van die herdenking van die Groot Trek te versprei. In sy simboliese tog het die Voortrekkerwa "Dirkie Uys" tot groot entoesiasme in die Stellenbosch-distrik bygedra.[9] Die hoogtepunt van die vieringe op Stellenbosch het op 9 Augustus 1938 plaasgevind. In die historiese gedenkboek van die eeufees word dit beskryf dat 'n perdekommando van 80 die waens drie myl buitekant die dorp gaan verwelkom het. Aan die voet van die geskiedkundige ou Papegaaiberg het 'n skare van ruim 3 000 die optog ingewag. Toe die wa na 'n tog deur die dorp op die Braak aankom, het die skare tot sowat 5 000 aangegroei. 'n Donderende gejuig het losgebars toe die wa tussen twee rye Voortrekkers stilhou.[10] Die aantal blankes teenwoordig dui dus op hulle belangstelling in die gebeurtenis, maar dit is onduidelik hoeveel bruinmense tydens die toejuiging en ontvangs van die ossewaens betrokke was.

Na die ontvangs van die kakebeenwa is voortgegaan met immer gewilde Boeremusiek, toesprake (veral deur prof. E.C Pienaar) en voordrag en sang deur die Universiteitskoor.[11] Dit was die doel van die Stellenbosse Boereorkes om deur middel van oorspronklike Afrikaner konsertinamusiek die bewaring en bekendmaking van inheemse volksmusiek in die gees van Afrikanernasionalisme te bevorder. In 'n argivale pamflet van die Stellenbosch Boereorkes het dit duidelik geblyk dat die onderliggende rol van die orkes was om 'n voortdurende stryd teen uitheemse invloede te voer wat die

---

[9] D.P. Botha: *Die opkoms van ons derde stand*, p.XV.
[9] *Hottentots-Holland Mail*, 17 Desember 1938.
[10] H.J. Klopper, (ed.): *Gedenkboek van die Ossewaens op die Pad van Suid-Afrika. Eeufees: 1838-1939*, p.124.
[11] *Ibid*. , p.125.

Afrikaners se kultuurgebied ongehinderd binnegestroom het en gedreig het om al wat nog die Afrikaners se eie genoem kan word, te denasionaliseer en te onteien.[12] Dieperliggend tot die eeufees was ‘n gevoel van hernude beskerming wat onder blanke Stellenbossers ontwaak het. Die moontlikheid van beskerming teen bruinmense is ook nie uitgesluit nie. Dit wil voorkom of ‘n sterk mate van “blanke verhewenheid” ‘n besliste teenwoordigheid tydens die vieringe was. Verder het dié unieke geleentheid weer die boodskap aan die Nasionale Party ondersteuners gebring dat die Afrikanervolk weer ‘n stryd om oorlewing moes veg en slegs op homself kon staatmaak.[13] Op 16 Desember 1938 is die simboliese Groot Trek herdenking met die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument te Pretoria afgesluit.

Onder die bruin gemeenskap het gemengde gevoelens en standpunte oor die blanke feesvieringe bestaan. As waarnemers van die eeufees is bruinmense se gesindhede in ooreenstemming met dié sommige liberale blankes veral in twee oorwegend nie-blanke koerante vertolk. In die onmiddellike Stellenbosch-distrik was die *Hottentots-Holland Mail* plaaslik alombekend terwyl *The Cape Standard* met sy ietwat liberale benadering ‘n wyer reikwydte gehad het. Alhoewel hierdie koerante nie as sodanig afsydig teenoor die historiese motief van die trek was nie, was hulle hoogs krities oor die uitwerking daarvan op rasseverhoudinge – dit wil sê ook blank en bruin verhoudinge. Die koerante was inderdaad in sterk kontras met die patriotiese standpunte van die *Stellenbosse Student* gestaan. Die kritiese analitiese aard van die artikels in die *Hottentots-Holland Mail* van veral 5 November 1938 het verkondig dat alhoewel “die feite van die Voortrekker herdenkinge histories waar was, die konklusies redelik en die ‘tones admirable’ was. Daar is verder verklaar dat “some of the speeches delivered at the various towns on the arrival of the Voortrekker wagon have been deplorable, and have done what they were intended to do, opening up old wounds and reviving old bitterness. Fortunately the influence of such speeches has not extended far beyond the immediate dorp in which they

[12] (KAB) 3/STB no. 92. verwysing BP 2. Library. Series Bound Pamphlets. Beskrywing. H.Fransen. The Stellenbosch Museum. A discriptive guide to building and collection, with short notes on the history of Stellenbosch and its other historic buildings. 1679-1967. (*Stellenbosch Boereorkes. Soewenier-program 1938*) FAK – Kaaplandse Voortrekkermonument – komitee en die U.S, p.5.
[13] H. Giliomee en G. Hendrich.: “Die Slag van Andringastraat: Studente-onluste op Stellenbosch.”, 1940 in *Historia*, p.10.

have been spoken. But these dorps can as a result become plague spots and ultimately infect larger areas."[14]

Stellenbosch was in beginsel van kardinale belang vir die nasionalistiese saak, maar dit was die onsekerheid oor moontlike verspreiding en radikalisering onder bruinmense van 'n motief wat volgens hulle rassespanning kon laat oplaai. Dieselfde artikel het die standpunt gehuldig dat "a lot of nonsense is being spoken of these Voortrekker celebrations about the present day persecution of and injustice towards the Afrikaans-speaking people of the Union."[15] Bruinmense van die Stellenbosch-distrik is ook reguit aangespreek, veral diegene wat hulle aan die kant van die herdenkinge wou skaar. Bruinmense wat onderlinge ondersteuning aan die eeufees getoon het, is gestereotipeer as sogenaamde "agtertrekkers" wat histories (ten tyde van die trek) 'n helpende hand na die Voortrekkers uitgesteek het. Op 'n diplomatiese wyse is daar beklemtoon dat "the agtertrekker can trek agter as hard as they please, but the people who matter can disregard this retrograde movement. We believe that the plague centres will gradually be cleansed and the religious, social and political life of this land will become wholly sound and healthy."[16]

Die *Hottentots-Holland Mail* se artikel van 10 Desember 1938 het egter ooreenkomstig die kritiese benadering jeens die eeufees 'n verskillende politieke baadjie aangetrek. Dit toon weereens die gemengde gevoelens wat daar in liberale kringe oor die eeufeesvieringe geheers het: "The sacrifices they made preparatory to their start were tremendous. Their land and homesteads were sold for a song, the place where they had lived as children was left behind. There was no racial hatred in their hearts, they were too big for that. A love of freedom, restlessness under control, a vision of a great nation and a great future, these were stronger urges than ever hatred could be. We welcome those visitors to our district to-day who have came in an old fasioned way, trying to relive the life of a hundred years ago. We trust their hearts will be free from racial hostility as were the hearts of their forefathers, and that nothing would be said or done that would shame the memories which we all deserve."[17] Bogenoemde was 'n goedhartige, selfs gunstige,

---

[14] *Hottentots-Holland Mail*, 5 November 1938. 'The Voortrekkers and the Agtertrekkers.'
[15] *Hottentots-Holland Mail*, 5 November 1938. 'The Voortrekkers and the Agtertrekkers.'
[16] *Ibid*.
[17] *Hottentots-Holland Mail*, 10 Desember 1938. 'Voortrekkers 1838'

kommentaar oor die eeufees en ‘n pleidooi dat die blankes na nie-rassigheid in hul verhoudinge, soos dit met hulle voorvaders die geval was, moes streef.

Die streekskoerant, *The Cape Standard*, was by verre meer krities jeens die Groot Trek-herdenkinge. In ‘n artikel van 6 September 1938 is die eeufees bevraagteken of dit bloot net ‘n vermorsing van geld was en wat die waarde daarvan vir nie-blankes ingehou het. Beswaar is gemaak teen die hoë kostes van die ossewaens en die trek wat bykans £ 4 000 sou kos.[18] Daar is gespekuleer dat die simboliese waens geen voordele vir die publiek, en veral nie vir die nie-blankes nie, ingehou het. Van daardie geld kon genoegsame behuising aan behoeftiges beskikbaar gestel word.[19] Vanuit ‘n finansiële oogpunt beskou, blyk dit dat die bruinmense dus, hoofsaaklik as gevolg van hul geldelike gebrek, die trek as ‘n vermorsing van geld bestempel het. Verdere ontsteltenis het in die artikel van 20 Desember 1938 voorgekom: “Little reference was made to the non-Europeans who not only shared those miseries, but also lost their lives and were responsible for the hard work connected with the Great Trek.”[20] Ouderdomsgewys was dit grootliks die bruin voorouers wat verwyderd of afgeskeep gevoel het, juis omdat hulle weinig erkenning vir hul gelyke deelname aan die Groot Trek ontvang het. Dus was die kwessie van geldelike vermorsing en die beperkte erkenning van die bydrae van bruinmense tot die eeufees die uitstaande gesprekspunte, vir sommige bruinmense, veral na afloop van die Groot Trek eeufeesherdenkinge.

Die Groot Depressie, segregasie en die opbloei van Afrikanernasionalisme, was die vernaamste gebeure wat die verloop van blank en bruin verhoudinge op Stellenbosch gedurende die 1930’s bepaal het. Die depressiejare het ongekende ekonomiese ellende vir beide groepe gebring en hierdie nood is met die voorbeeld van die Rynse Sendingkerk geïllustreer. Vir toekomstige rasseverhoudinge op Stellenbosch was die blankes se toenemende aanvaarding van segregasie as oplossing vir rasseprobleme onder bruinmense feitlik as ‘n kastyding beskou wat oor die lange duur die opgeboude verhoudinge erg kon skaad. Die herdenking van die Groot Trek in 1938 het die groeiende tendens van Afrikanernasionalisme, maar ook van “blanke verhewenheid” verder

[18] *The Cape Standard*, 6 September 1938. “The Great Trek – is it a waste?’
[19] *Ibid*.
[20] *The Cape Standard*, 20 Desember 1938. ‘An old year appeal’

beklemtoon. Die verhoudinge is veel meer as in die 1920's deur eksterne invloede (soos die Groot Depressie en radikale ideologieë) gesensitiseer. Teen die einde van die 1930's het een van die mees tragiese dog bepalendste gebeurtenisse in wêreldgeskiedenis ook die verhoudinge binne die Stellenbosse samelewing radikaal bepaal, naamlik die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog.

Pectora roborant cultus recti

HOOFSTUK 4

STELLENBOSCH EN DIE VERANDERENDE GEMEENSKAP GEDURENDE DIE TWEEDE WêRELDOORLOG (1939 – 1945)

Op 1 September 1939 het die verwoestende Tweede Wêreldoorlog in Europa uitgebreek wat mettertyd die ganse wêreld in ‘n staat van ellende, dood en verwoesting betrek het. Hierdie oorlog sou die vernietigendste oorlog in menseheugenis word wat selfs onderlinge vyandighede verhoudinge, soos op Stellenbosch, verder laat versleg het. In hierdie hoofstuk sal hoofsaaklik aandag geskenk word aan die uitwerking van die oorlog, veral in die vroeë oorlogsjare, op die Stellenbosse samelewing. Die uitstaande gebeurtenis, naamlik die “Slag van Andringastraat”, sou in bogenoemde historiese konteks geskied. Alvorens daarna gekyk word, moet die situasie wat daartoe aanleiding gee, naamlik die verdeling of skeuring in die gemeenskap en die sosio-ekonomiese omstandighede waarin inwoners die oorlog beleef het, eers sorgvuldig geskets word.

4.1. DIE OORLOGSVERKLARING EN DIE SKEURING VAN DIE STELLENBOSSE SAMELEWING TUSSEN KROON EN SWASTIKA

Na die verrassende verkiesing van 1938 en die Groot Trek herdenkinge het gemoedere en verwagtinge onder die Nasionaliste van Stellenbosch, wat die verkiesing naelskraap verloor het, wipplank gery. Daar was ‘n vae verdeling wat tussen die NP en die VP bestaan het en dit was klaarblyklik die geval dat bruinmense terselfdertyd ook tussen hierdie twee blanke partye verdeeld was. Soos reeds vermeld, het sommige bruinmense wat die VP geondersteun het merendeels gerusstellend oor daardie party se oorwinning gevoel en dus die beperking wat ten opsigte van die beoogde segregasiebeleid van die Nasionale Party teweeggebring het. Nieteenstaande hierdie gevoel onder bruinmense, het segregasie feller geword. Margaret Ballinger het as ooggetuie in die Uniale parlement dit fyn waargeneem dat ongeag die tradisionele beleid van die Verenigde Party, ‘n

volskaalse segregasie van bruinmense nie uitgesluit was nie.[1] Generaal J.B.M. Hertzog was baie geneë met die instelling van ‘n segregasiebeleid en het verklaar dat “the Government looked forward to the time when most of the Coloured community would be living happily and contendedly in their own villages, townships, or suburbs when it would be possible to make them responsible for running their own affairs and services as far as practicable.”[2] As gevolg van hierdie uitlatings het bruinmense se ontevredenheid nie gaan lê nie, maar hul skeptisisme oor die eintlike uitwerking van segregasie het begin opvlam.

As simbool van hul ongelukkigheid en onsekerheid het ‘n prosessie van bruinmense met baniere na die parlement gestap om teen die instelling van segregasie teen bruinmense te protesteer. ‘n Verdere groot samekoms het op die Kaapse Parade plaasgevind waar daar openlik teen die Nasionaliste se beleid geprotesteer is. Hierdie protesaksies is na ‘n kort skermutseling tussen bruinmense en polisielede tot ‘n einde gebring. Daar is geredeneer dat bruinmense se vryheid van spraak onderdruk is. Dwarsoor die Kaap provinsie het die insident bruinmense polities meer bewus van hul gekwelde posisie gemaak. In die onmiddellike periode voor die uitbreek van die oorlog was daar normaliteit in die landspolitiek, hoewel blank en bruin verhoudinge meer wankelrig begin word het.

Intussen was die oorlogswolke in Europa besig om sterk aan te pak en van oral oor die wêreld het mense gereed gemaak vir of altans meer bewus geword van die moontlikheid van oorlog. Sedert 1935 met die herbewapening van Duitsland en die groeiende diktatuur van Adolf Hitler het dit voorgekom asof die politieke dinamika ook in Suid-Afrika en op Stellenbosch heelwat vloeibaarder geword het. Nazi-Duitsland het sy uitbreidingsplanne in Europa al meer laat geld waarna die onwettige inval in Pole tot ‘n deklarasie van oorlog op 3 September 1939 met Groot-Brittanje en Frankryk gelei het.

Die skielike oorlogsverklaring van die Unie van Suid-Afrika onder genl. J.C. Smuts op 6 September 1939 teen die Spilmoondhede, naamlik Nazi-Duitsland en Italië, was vir Suid-Afrika hoogs dramaties. Met die oorlogsverklaring het die Verenigde Party in twee geskeur. Onder blankes het hierdie tweespalt spoedig daartoe gelei dat die blanke

---

[1] M. Ballinger: *From Union to Apartheid. A Trek to Isolation*, p.80.
[2] *Ibid*., p.81.

minderheidsgroep in twee onversoenbare kampe verdeel is, dit wil sê diegene wat vir of teen die oorlog ingestel was. Die politieke verdeeldheid het in die Parlement wortel geskiet wat vernaamlik oor die deelname van Suid-Afrika aan die oorlog aan die kant van Brittanje gehandel het. Die dieperliggende vraag was of Suid-Afrika aan die oorlog moes deelneem of neutraal moes staan. Die VP onder Smuts en alle nie-Nasionaliste was gedetermineerd om hul Statebondsbande lojaal te handhaaf en Brittanje in sy oorlogspogings te ondersteun.[3] Fagan het as VP-verteenwoordiger hierdie samewerkende gesindheid met Brittanje gehandhaaf. Dit was veral die meerderheid van Engelssprekendes wat die betrekkinge met die Britse Ryk in stand wou hou en sesessie wou teenwerk.

In die *Hottentots-Holland Mail* is die pro-oorloggesindheid en direkte konfrontasie met die Spilmoondhede, veral Nazi-Duitsland, op die volgende wyse aangevoer: "It has been emphasized that this war is a war not against the people of Germany but against the Government of that country. We hope the public of South Africa will remember that and that we shall not have a repitition of those anti-German riots that were a disgrace to our cities at the beginning of the last war. It will doubtlessly be necessary to keep a watch on all Germans not naturalized and on some that are, it will probably mean internment for them, but that is a matter for the Government and the military."[4] Die koerantberig het die dramatiese moment in Suid-Afrika beklemtoon en die motief aangevoer dat dit 'n oorlog spesifiek teen die Nazi-regime was. Ten spyte van hierdie soort politieke pleidooie het die opposisie daarteen egter nie hul standpunte verander nie, en sou die anti-oorlog kamp ook in die Stellenbosch-distrik voortleef.

Diegene wat teen die deelname van Suid-Afrika aan die oorlog gekant was, het die verdeeldheid wel sigbaar op die politieke landskap gemaak. Veral Afrikanernasionaliste en pro-Duitsgesindes was die hoof protesgesindes van die anti-oorlog kamp. Die anti-Britse sentiment en die onderliggende Afrikanernasionalisme het dit vir die vasbeslote Uniale regering 'n ondraaglike situasie gemaak. Die regering het gevoel dat hy nie 'n geloofwaardige oorlog kon voer indien hy dit in sulke omstandighede moes betree nie. Dit was veral die Afrikaanssprekendes en Nasionaliste

[3] M. Ballinger: *From Union to Apartheid. A Trek to Isolation*, p.79.
[4] *Hottentots-Holland Mail*, 9 September 1939. 'In South Africa.'

wat ‘n groot mate van verbitterheid getoon het omrede hulle nou weer eens in ‘n oorlog wat as Engeland se oorlog bestempel is, betrek moes word. Die wrok oor die herinneringe van samewerking met ‘n eertydse aartsvyand het Afrikanernasionaliste verder verbitter. In hierdie omstandighede het die Verenigde Party gereken dat die ontwikkeling van ‘n soort “vyfde kolonne” ‘n toenemende gevaar kon inhou weens die groeiende impak van outoritêre nasionalisme in die Afrikaner-nasionalistiese bewegings.[5]

Tesame met die weiering van vele Afrikaners vir deelname aan die oorlog weens die wrokke van die verlede, het die gevolglike uitsluiting van Afrikaanssprekendes uit die regering die spanning ten tyde van die oorlogsverklaring uiters verhoog. Met indiensnemings is Engelssprekendes as strategies veiliger geag en vanweë hul liberale benadering meer vertrou. ‘n Onderliggende gegriefdheid het onder Afrikaners ontstaan. N.P. van Wyk Louw, die bekende Afrikaanse digter, het aangetoon hoe die oorlogsverklaring Afrikanernasionaliste so radikaal beïnvloed het. Die digter kon homself nie vereenselwig met die feit dat daar nou weer “God save the King” gesing moes word vir ‘n land wat die Boererepublieke deur wapengeweld vernietig het nie.[6] Hierdie onderdanigheid het daartoe aanleiding gegee dat veel radikaler organisasies vanuit hierdie posisie van magteloosheid gespruit het.

As ‘n hoofsaaklik Afrikaans gedomineerde dorp het radikale bewegings soos die Ossewa-Brandwag (OB) veral onder blanke Afrikaners op Stellenbosch ‘n vastrapplek probeer vind. Dr. D.F. Malan het eens die noodsaaklikheid van die OB soos volg beskryf: “Die Ossewa-Brandwag is ‘n magtige organisasie wat ons volk wil dissiplineer en dit makliker maak om ons ideale te bereik. Ons benodig die Ossewa-Brandwag aan die een kant en die politieke party aan die ander. Die een komplementeer die ander.”[7] Dit OB het geleidelik ‘n toonbeeld van aggressie geskep wat indirek ‘n negatiewe beeld van die Afrikanerdom kon skets. Hierdie aggressiwiteit het later landswyd in sporadiese terreur en sabotasie uitgekristalliseer. Weens die radikale optrede en voorkoms as semi-militêre beweging vir die beskerming van Afrikanerbelange het die OB vir nie-Nasionaliste en Engelssprekendes soortgelyk as dié van militaristiese diktatorskappe daaruit gesien. Die

[5] P. Furlong: *Between Crown and Swastika. The impact of the radical right on the Afrikaner Nationalist Movement in the Fascist Era*, p.119.
[6] J.C. Steyn: *Van Wyk Louw: ‘n Lewensverhaal*, pp.278-279.
[7] P. Furlong,: *Between Crown and Swastika. The impact of the radical right on the Afrikaner Nationalist Movement in the Fascist Era*, p.183.

OB is tesame met ander ver-regse organisasies, te wete die Gryshemde en Bruinhemde, as pro-Nazi-bewegings beskou wat, indien Nazi-Duitsland die oorlog sou wen, moontlike onafhanklikheid vir die Afrikanerdom kon beteken.

In ‘n verklaring deur die waarnemende hoofkommandant, dr. J.G. Meiring, voor die studentekommando’s van die OB is die beginsels en doelstellings van die organisasie uiteengesit, en is die vooropgestelde vooroordele teen die OB, as Nazi-geïnspireerd, heeltemal weerlê. Meiring het dit pertinent gestel dat “die OB nie vir die of daardie van-oorsee-geleende ideologieë staan nie, die vyande van die OB sê graag dat dit nasionaalsosialisties is en dan nogal op Duitse lees geskoei is. Dit is so maklik om die werklike en die denkbeeldige gruwel van die Nazisme op aanskoulike wyse voor te hou en dan so half fluisterend die OB van dieselfde ding te beskuldig.”[8] Hierdie belangrike argivale dokument van die OB het die organisasie se interne standpunte duidelik aan die Stellenbosse studente uiteengesit. Polities was dit ‘n poging van die OB om die oorweldigende propagandistiese aanslag teen die organisasie en teen anti-oorlog ondersteuners af te weer, maar ook om studente tot die OB se kant te probeer oorhaal. Die OB het dit duidelik gestel dat dit geen politieke organisasie was nie en dat dit sy wesenlike strewe was om hom vir die onafhanklikheidswording van Suid-Afrika te beywer.

Dit is noemenswaardig dat die blanke studentesegment van die Stellenbosse gemeenskap as ‘n kardinale teikengroep van die OB voorgehou en moontlik gebrandmerk is. Die Afrikaanse Nasionale Studentebond (ANS) het ook noue betrekkinge met die OB gehad wat bogenoemde opvatting as’t ware verder geregverdig het. Die aanhaling vanuit die OB verslag aangaande die ANS het verklaar: “Ek (Meiring) wil begin deur daarop te wys dat baie van diegene wat die OB beoog ook die terrein van die ANS dek. Daar is die gevaar van oorvleueling en oorvleueling gee soms aanleiding tot wrywing. Nou durf daar tog nooit wrywing tussen die OB en die ANS, wat reeds so besonder veel ter bevordering van die Afrikanersaak gedoen het, kom nie. Daarom is ek hier so innig dankbaar om hier te kan konstateer dat die terreine van die ANS en die OB deur die ANS bestuur en die OB

[8] US Argief. Verklaring voor die studentekommando’s van die Ossewabrandwag deur waarnemende hoofkommandant, Dr. J.G. Meiring. 25 Maart 1941. *Ossewabrandwag 1941-1942*, 0-64/8. Karton lêer 363, 15/4, (1941-1942), p.2.

kommandante behoorlik afgebaken is, dat daar die voorneme is om mekaar deur dik en dun heelhartig te steun en dat die kanaal vir gedurige oorlegpleging daargestel is. Die ANS en die OB sal soos tweelingbroers die goeie werk op die Universiteit voortsit."[9] Op Stellenbosch was daar dus definitief 'n toenemende radikale netwerk aan die ontwikkel en geïnteresseerde studente is vinnig daarin opgeneem.

Radikalisme op Stellenbosch het selfs onder die dosente van die universiteit 'n sterk teenwoordigheid vertoon. Furlong het dit beklemtoon dat daar 'n enorme binnelandse druk vir die totale hereniging van die nasionalistiese Afrikanerdom was en waarvan hoogstaande professore nie uitgesluit was nie. 'n Groep Stellenbosse dosente het onder A.C. Cilliers, 'n vername ondersteuner van Hertzog, 'n plan beraam om strydende faksies bymekaar te bring om versoening met die Smuts-regering te bereik. Hierdie eksperiment het misluk, maar die skeiding tussen die Afrikaners self, ook op universiteit, was onvermydelik. Daarom het Dr. Malan en Hertzog die nuwe politieke party, die Herenigde Nasionale of Volksparty gevorm.[10]

In 'n oorvertelling deur 'n anonieme Engelssprekende inwoner gedurende die oorlogsjare op Stellenbosch was die radikalisme en die bewustheid van 'n verdeelde gemeenskap selfs op straat teenwoordig. Sy nostalgiese vertelling het as volg gelui: "The town was largely Afrikaans, and pro-Nazi, with only a small English community. Because of the tensions in the local schools I was sent to boarding school at the age of six. Swastikas were the fasionable graffiti on the town's walls. During the school holidays we would turn swastikas into Union Jacks by completing the outline and then run for our lives!"[11] Bogenoemde beskrywing tipeer die interne vyandigheid, of die ideologiese wedywering, tussen die pro-Duitse simpatiekgesindheid van Afrikaanssprekendes en die wedersydse wedywering met pro-Britse Engelssprekende ondersteuners.

---

[9] US Argief. Verklaring voor die studentekommando's van die Ossewabrandwag deur waarnemende hoofkommandant, Dr. J.G. Meiring. 25 Maart 1941. *Ossewabrandwag 1941-1942*, 0-64/8. Karton lêer 363, 15/4, (1941-1942), p. 4.

[10] P. Furlong: *Between Crown and Swastika. The impact of the radical right on the Afrikaner Nationalist Movement in the Fascist Era*, p.128.

[11] The Great Depression Then War. (Bladsy geskep deur Michal Wynne, 2003. http://www.uow.edu.au/arts/sts/bmason/dissent/documents/health/personal_background.html. (Afgetrek van Internet op 26 April 2005).

In ‘n mondelinge onderhoud met Archie Biscombe is in hierdie verband bevind dat radikale ideologiese sentimente soos die Nazisme as ‘n ernstige verskynsel deur bruinmense ervaar is. Biscombe het byvoorbeeld vertel van ‘n “groot Nazi-vlag” wat oor ‘n kraffie as gehang is.[12] Volgens oorvertelling is soortgelyke Nazi-vlae ook teen mure van geboue opgehang. Hierdie kragdadige simbolisering van Nazi-tipe simbole was dus weliswaar ‘n bewys van radikalisme op Stellenbosch. Daar was ‘n opvallende geneigdheid dat bruinmense eerder aan die pro-Britse kant gestaan het omdat ‘n beduidende aantal bruinmans baie lojaal saam met blanke soldate na die oorlogsfront vertrek het. Daarby was bruinmense huiwerig, selfs skepties, om die NP en sy versoek van neutraliteit in ‘n “Engelse” oorlog te ondersteun. Die opgesweepte houding van die Afrikaner-nasionaliste en hul segregasiemotiewe het bruinmense verder afgeskrik. Reaksies van bruinmense is verder ook deur nie-blank geïnspireerde koerante gevorm. Hierdeur is bruinmense, veral om hul plig vir die Unie tydens die oorlog te doen, gemotiveer.

Militêre diensplig en deelname aan die oorlog deur bruinmense is veral deur die *Cape Standard* aangemoedig en gemotiveer, soos vertolk in die berig van 28 November 1939. Daarin is vervat dat die registrasie van bruin vrywilligers baie snel toegeneem het omdat hulle alles wou doen om hul land te dien. Die koerantberig het grootliks ‘n oordrewe houding weerspieël deur bruinmense vir hul getroue lojaliteit te prys. “His loyalties is unquestioned and his anxiety to demonstrate it sets an example to every class of the community.”[13] Bruinmense het dit dus in hulself as ‘n eerbare rol beskou om by die militêre magte van ‘n oorwegend “witmansoorlog” aan te sluit. Die koerantberig het sy gelukwensing uitgespreek en gesê dat “it is hoped that soon hardly a man of the Coloured community will be without a badge indication his acceptance of the citizen’s rights to serve his country in its time of danger.”[14] Dit was inderdaad ‘n gevaarlike tyd, veral nadat Nazi-Duitsland in suksesvolle *Blitzkrieg*-veldtogte spoedig die ganse sentraal-Europa oorrompel het en slegs Brittanje hardkoppig weerstand kon bied. Nazisme was

[12] Mondelinge onderhoud deur H. Biscombe met Archie Biscombe. (Getranskribeerde bandopname 39, p.26).
[13] *Cape Standard*, 28 November 1939. ‘Serve’ – National Service.’
[14] *Ibid*.

dus klaarblyklik op die wenpad. Bykans die helfte van die totale Suid-Afrikaanse Weermag wat teen hierdie gety opgeroep is, was blanke Afrikaners, hoewel talle in hul wese die radikales soos die Ossewa-Brandwag wou ondersteun. Teenoor die blankes was die bruinmense baie meer gretig om veral in die *Cape Pioneer Battalion* gerekruteer te word.

Op Stellenbosch het die verdeelde gevoelens onder militêr dienspligtige inwoners sterk na vore gekom, want onderling is bruinmense bewus gemaak van blankes wat in weerwil van die pro-Britsgesindheid hulself heimlik vir ‘n republiek beywer het. In aansluiting daarby het die *Cape Standard* byvoorbeeld die Ossewa-Brandwag as ‘n plaaslike weergawe van die Nazi Bruinhemde beskou wat as soort embrio Gestapo (geheime polisie) aangestel is, en dat net die kruithoring-embleem van die NP die plek van die swastika ingeneem het.[15] Selfs in ‘n vorige artikel is daar melding gemaak van die argument dat bruinmense nie soseer die oorlog as verkeerd of onnodig beskou het nie. Die *Cape Standard* van 17 Oktober 1939 het die standpunt gehuldig dat oorlog eintlik die enigste manier was om onwelvoeglike booshede te beëindig. Die kernargument van hierdie berig het as volg geklink: “War is an awful evil, but not always wrong. There are evils more awful, which only war can avert and end. It was this motive which must have actuated our men who bared their breast to the enemy.”[16] Bruinmense het ook gereken dat dit noodsaaklik was om teen die onwelvoeglike invloede van verregaande rassediskriminasie, soos die van Nazisme, maar indirek ook teen segregasie, te veg. Dit was dus ook ‘n voorgehoue motief om na nie-rassigheid te streef.

Tussen die oorwegend Afrikaanssprekende dosente van die universiteit was die skeiding tussen die pro- en anti-oorlog aanhangers absoluut onafwendbaar. Strenggesproke het dit hul bestaande verdeeldheid bevestig. Van die kenmerkendste verdelingsfaktore was veral die nasionalistiese Afrikaner-radikalisme, met sy diepgewortelde stukrag, en die versterking daarvan deur die Ossewa-Brandwag. Daar is reeds vermeld dat hierdie radikalisme, waarin selfs pro-Nazisme op Stellenbosch voorgekom het, ook in die openbare domein teenwoordig was. Selfs in nouer akademiese kringe was hierdie nazifiseringstendens as ‘n soortgelyke stemming te bespeur. Die

[15] *Cape Times*, 25 Julie 1940. ‘How Republic is being planned – Nazi-inspired move in South Africa.’
[16] *Cape Standard*, 17 Oktober 1939. ‘War is not always wrong – only way to end awful evils.’

historikus, J.J. Broodryk, het beklemtoon dat radikale, semi-militante organisasies soos die Ossewa-Brandwag, hoofsaaklik aan die beginjare van die oorlog op Stellenbosch besonder sterk in ledetal gegroei het. Om histories en statisties egter te probeer vasstel hoeveel dosente in daardie tyd vir of teen die oorlog gestaan het, is moeilik om te bepaal. Dit was meestal as gevolg van dosente se vrees om nie in die openbaar hul politieke standpunte uit te spreek nie.[17]

In ‘n persoonlike onderhoudvoering met prof. J.G. Meiring het J.J. Broodryk vasgestel dat die algemene persepsie wel bestaan het dat die oorgrote meerderheid van dosente teen die oorlog gekant was.[18] Broodryk het dit verder beskryf as ‘n wedywering wat tussen die pro- en anti-oorlog dosente plaasgevind het. Eersgenoemde het ‘n verdraagsaamheid en ‘n gees van samewerking gehandhaaf terwyl laasgenoemde ‘n heeltydse onverdraagsaamheid oor die werklike doel van die oorlog geopenbaar het. Die werklikheid was egter dat die Spilmoondhede oorwin moes word maar dat radikale Afrikaansprekendes, insluitend studente en dosente, hoogs onverdraagsaam teenoor hierdie opvatting geword het. Hulle het die vorming van ‘n onafhanklike Afrikaner-republiek hoog op prys gestel.

Volgens J.J. Broodryk was die Ossewa-Brandwag ‘n besliste faktor wat tot hierdie verhoogde onverdraagsaamheid onder dosente bygedra het. Broodryk het sy bevindinge as volg uiteengesit: “Die beweging se militêre inslag en emosionele en opruiende vergaderings het die politieke atmosfeer op Stellenbosch baie laat verander. ‘n Groot mate van onverdraagsaamheid het veral onder die OB-gesinde dosente teenoor hul pro-oorlog-gesinde kollegas ontstaan. Sommige dosente het hul vriendskap met ander laat vaar en van die dosente se kinders is in die strate gekarnuffel. Hierdie houding van onverdraagsaamheid was tot in daardie stadium totaal onbekend onder die personeel van die Universiteit van Stellenbosch.”[19] Onverdraagsaamheid tussen mede-dosente het dus in ‘n bose kringloop van haatdraendheid selfs na die teistering of viktimisering van onskuldige kinders uitgekring.

Die toenemende onvermoë van die Ossewa-Brandwag om genoegsame ondersteuning, veral vanaf 1941 onder Afrikaners te werf en om hul invloed te laat geld,

---

[17] J.J. Broodryk: *Stellenbosse Akademici en die Politieke Problematiek in Suid-Afrika, 1934-1948*, p.85.
[18] *Ibid*., p.85.
[19] *Ibid*., p.85.

het op sporadiese geweldpleging regoor Suid-Afrika uitgeloop. Veral die kleiner militante groepie van die OB, die sogenaamde *Stormjaers*, sou hulle tot talle misdrywe waaronder sabotasie, die vernietiging van telefoon- en kragdrade, roof en ontvoering, aanranding en soms ook moord skuldig maak.[20] Hierdie wraaksugtige vlaag van radikalisme en geweld is egter met ‘n interneringsproses daadwerklik teengewerk juis aangesien talle OB-ondersteuners pro-Duits was. Gevolglik het talle akademici, waaronder die latere Eerste Minister B.J. Vorster, byvoorbeeld vir die duur van die oorlog internering in die gesig gestaar.

Aan die teenoorgestelde kant van die ideologieë-draad was die pro-oorlog aanhangers op Stellenbosch betreklik weinig. Sommige vooraanstaande akademici, onder meer proff. E.C. Pienaar, H.B. Thom, J.A. Wiid, G.G. Cillie, P.J. Schoeman en S.N. Naude was groot Nasionaliste. Alhoewel van bogenoemde akademici anti-OB kon gewees het, het dit egter nie noodwendig daarop neergekom dat hulle pro-oorlog-gesind was nie. As voormalige OB-lede het proff. Pienaar, Thom en andere byvoorbeeld uit laasgenoemde organisasie bedank.[21] Dit blyk verder opvallend te wees dat anti-oorlog gesinde Afrikaners op 7 April 1941 in die bresse getree het vir die gesamentlike opstel en uitvaardiging van ‘n manifes wat op 15 April 1941 in *Die Burger* verskyn het. In hierdie manifes is dit uitdruklik gestel dat die motiewe van anti-oorlog ondersteuners halwe waarhede vir die Afrikaner-gemeenskap en sy vryheidsideaal ingehou het. Die massa opsweping van Afrikaners en die “geestesverwoestende” gevolge van die totalitarisme, is as bedreiging vir demokratiese beginsels beskou.[22] Die vermoedelike verkondiging van halwe waarhede het dus lynreg teen veral die OB, maar ook teen ander radikaler bewegings soos die Nuwe Orde onder Oswald Pirow, en hul verwagtinge van ‘n moontlike toekomstige nasionaal-sosialistiese staat, ingedruis.

Opsigself wil dit voorkom asof bruinmense van die veronderstelling was dat dit gerusstellend en korrek was om by die pro-oorlog kant aan te sluit. Naderhand is ook hierdie sosio-sielkundige gerusstelling versteur. Dit is merendeels veroorsaak deur die politieke standpunt van prof. Cilliers wat soos ‘n stuiwer in die armbeurs van bruinmense

---

[20] G.D. Scholtz: *Die ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner* VIII, pp.254-262.
[21] Broodryk, J.J. *Stellenbosse Akademici en die Politieke Problematiek in Suid-Afrika, 1934-1948*, p.82.
[22] JS Gericke Biblioteek (Africana Spesiale Versamelings). Ms. 166. Po.3. C.(1) A.C. Cilliers Versameling, Totalitaristiese uitdaging Afrikaner Erfenis, 7 April 1941.

gegooi is aangesien hy gevoel het dat die "kleurprobleem" eerstens opgelos moes word. Cilliers het gereken dat die twee "blanke" rasse (Afrikaners en Engelse) so gou moontlik moes integreer sodat hulle die "anderskleuriges" kon segregeer.[23] Hierdeur kon hulle voortgaan om 'n geallieerde oorwinning te bewerkstellig, en het pro-oorlog gesindes gemeen dat die rassevraagstuk hopelik spoedig opgelos sou word. Cilliers se opvatting het nie gerealiseer nie hoewel segregasie ook in Stellenbosch, al sterker onder bruinmense begin voel is.

Hierdie soort eksentrieke opvattings van sommige blankes was 'n duidelike veronderstelling van die onbuigsame rassevooroordele wat onder hulle geheers het en dit was juis hierdie onbuigsaamheid wat talle bruinmense radeloos gelaat het. Desnieteenstaande het die meerderheid bruinmense dit steeds gepaslik gevind om hul deelname aan die oorlog ten volle te betoon.

4.2. SOSIO-EKONOMIESE VERANDERINGE TYDENS DIE VROEë JARE VAN DIE OORLOG

Te midde van 'n verdeelde Stellenbosse samelewing het merkbare vooruitgang op sosiale en ekonomiese gebiede plaasgevind. Feitlik die hele Unie van Suid-Afrika was in die greep van die oorlogvoering in die buiteland, asook met radikale segmente binne die land vasgekeer. Dit was dus, in teenstelling met die kwynende ekonomiese toestande elders, heel verbasend dat Stellenbosch veral in die vroeë oorlogsjare grootliks 'n positiewe ekonomiese ontwikkeling ondervind het. Met inagneming van die impak van die ontwikkelinge op blank en bruin verhoudinge, staan die sosio-ekonomiese omstandighede geensins daarvan los nie, omdat menseverhoudings nie in 'n vakuum benader kan word nie.

Gedurende 1940 het *The Stellenbosch Distrik Mail* uitgebreide beriggewing rondom die breë en snelle sosiale en ekonomiese veranderinge en lewensomstandighede van die Stellenbosse omgewing gepubliseer. In die besonder het die beriggewing van die 2de

[23] J.J. Broodryk: *Stellenbosse Akademici en die Politieke Problematiek in Suid-Afrika, 1934-1948*, p.86.

Maart en die 6de April 1940 ‘n belangrike beskrywing en statistiese ontleding van die veranderende Stellenbosse samelewing weerspieël. Die koerantberig van 2 Maart 1940 het hoofsaaklik oor die inkorporering van Idasvallei by die munisipaliteit van Stellenbosch gehandel. Of die Stellenbosse stadsraad en hul besluitnemings daaroor as aanvaarbaar vir die gemeenskap was, is nie ten volle bekend nie hoewel die vooruitsigte belowend daaruit gesien het.

Die vooruitsigte het gespruit uit ‘n tien-jaar-oue-projek van die Stellenbosse munisipale raad om ‘n poging aan te wend om meer beheer oor Idasvallei uit te oefen. Spesiale komitees wat verteenwoordigend van die Afdelingsraad en die Munisipale Raad was, is aangestel om gesamentlike vergaderings oor die oorname van Idasvallei te hou. Uiteindelik is daar besluit dat Idasvallei deur die afdelingsraad en munisipaliteit vir ‘n jaarlikse bydrae van £259 oor ‘n periode van twintig jaar oorgeneem sou word.[1]

Die burgemeester van Stellenbosch, Louis Hofmeyr, het sy mening oor die toevoeging van Idasvallei tot Stellenbosch ook as ‘n positiewe besluit beklemtoon. Hofmeyr het in ‘n onderhoud met *The Mail* sy menings en oortuigings vir die inkorporering van Idasvallei as volg uitgespreek: “We feel that Idas Valley being situated immediately on our borders and the source from which the town very largely draws its domestic labour supply, is essential for the health of Stellenbosch to see that our domestic servants are as free as possible from infectious and other diseases, particularly as they come into very close contact with the children of Stellenbosch.”[2] Die burgemeester het dit duidelik gestel dat die verbetering van gesondheidsomstandighede van kardinale belang vir die arbeidsgemeenskap van Idasvallei was. Polities gesproke kon die oorname van Idasvallei suggestiewelik moontlik nie slegs weens swak gesondheid en die verligting daarvan vir bruinmense aangevoer word nie, maar omrede bruin arbeiders as goedkoop bron van arbeid onder blanke beheer behou kon word. Hierdie argumente word verder bevestig deur die voortgesette bepalings oor behuising- en tariefskemas wat vir Idasvallei beoog is, onder die loep te neem.

---

[1] *Die Stellenbosch Disrik Mail*, 2 Maart 1940. (Waarby ingelyf die “Hottentots-Holland Mail” – Offisiële advertensieblad vir die distrikte Stellenbosch, Somerset-Wes, Die Strand, Gordonsbaai en Elgin). Nie-politieke weekblad. ‘Idas Valley to Join Stellenbosch.’
[2] *Die Stellenbosch Disrik Mail*, 2 Maart 1940.

Die burgemeester het tesame met bogenoemde verdere redes vir die inkorporering van Idasvallei verskaf: "Another aspect is that we have a water-borne sewerage scheme in the town, whereas the night soil has to be removed from Idas Valley by means of a bucket system. This at present passes through the town in order to get to the depositing site. This is most undesirable."[3] As daadwerklike oplossing hiervan moes 'n volhoubare terrein uitgesoek word waar daar op 'n baie ambisieuse wyse 'n sub-ekonomiese behuisingskema geloods moes word. Ten opsigte van hierdie behuisingskema was die besluitneming oor die inkorporering van Idasvallei vervolgens op die onderstaande redes gegrond: "Idas Valley, consisting as it does virtually of Coloured people, suggested itself as the best locality for this project. From a humanitarian point of view the Municipal Council virtually had no alternative other than to incorporate Idas Valley. The water position in that locality had reached an impossible state. There is no water available in this locality, and the only possibility of ensuring a supply was through the municipal water mains, and as the municipality is by order of court prohibited from supplying water outside its boundaries, the only way that we could supply Idas Valley was by incorporating them."[4] Die onbeskikbaarheid van vars drinkwater het 'n groot risiko van siektes vir die bruin inwoners, en dus 'n beduidende gedeelte van die Stellenbosse werkerskorps en hul volhoubare hardwerkendheid ingehou. In effek sou die insluiting van Idasvallei die munisipale beheer van die gebied opsigself uitbrei, maar hierdie uitbreiding sou ook groter kontrole verg. Strenger kontrole is dus genoodsaak vir die eenvoudige rede dat Stellenbosch geografies groter geword het.

In terme van die tariefskema is die besluit aangaande die inkorporering van Idasvallei deur die burgemeester ondersteun. Die burgemeester het verduidelik dat "While it is felt that there may be a possible loss on the rates which will be very materially diminished, if not entirely wiped out, by the Divisional Council's contribution and proposed differential rating scheme."[5] Dit blyk dus dat die inkorporering van Idasvallei 'n koste-intensiewe finansiële besluit was. Die munisipaliteit het dit goedgedink om in samewerking met die Afdelingsraad 'n nuwe tariefskema te beplan. Desnieteenstaande het toenemende eksterne invloede op Stellenbosch, veral die

[3] *Die Stellenbosch Disrik Mail*, 2 Maart 1940.
[4] *Die Stellenbosch Disrik Mail*, 2 Maart 1940.
[5] *Ibid*.

instroming van ongeskoolde swart werkers, tot ‘n ongemaklikheid onder lang gevestigde tariefbetalers aanleiding gegee.[6] Om hierdie gemeenskaplike gevoel te verlig, het die burgemeester dit onder die Stellenbosse samelewing se aandag gebring dat die besluitneming heelhartig op ‘n wedersydse ooreenkoms tussen die Afdelingsraad en die munisipaliteit geneem is.

Volgens die koerantberig het die burgemeester dit egter belangriker geag dat die munisipaliteit, wat oor veel beter gesondheids-en statutêre middele beskik het, in ‘n beter posisie was om Idasvallei effektief te regeer.[7] Hieruit kan afgelei word dat dit duidelik is dat verskeie oorwegings eers geneem moes word alvorens Idasvallei in die groter Stellenbosch geïnkorporeer kon word, aangesien hierdie besluitneming tot fisiese en sosiale veranderinge sou bydra.

‘n Tweede opvallende sosio-ekonomiese verandering op Stellenbosch in die vroeë jare van die Tweede Wêreldoorlog was die verhoging van menslike welstand en rykdom. Hierdie oënskynlike teenstrydigheid te midde van ‘n intense wêreldoorlog en ellende is egter deur verskeie redes moontlik gemaak. Die analitiese koerantberig van die 6de April 1940 in die *Stellenbosch Distrik Mail* het die vernaamste redes vir die vergroting en verryking van Stellenbosch uiteengesit.

Alvorens bogenoemde aangespreek kan word, is dit ook noodsaaklik om na die veranderende demografiese samestelling van Stellenbosch te kyk. Die beraamde totale bevolkingsyfer van Stellenbosch volgens die landdrosjaarverslag vir 1939 het op 24 335 gestaan. Insluitend hierby was ‘n beduidende toename van 654 wat sedert die sensus van 1936 bygereken is. Die blanke bevolking het van 8 229 tot 8 400 gegroei terwyl daar onder die bruin gemeenskap ook ‘n toename van 14 016 tot 14 450 voorgekom het.[8] Numeries was daar dus bykans twee keer so veel bruinmense as blankes op Stellenbosch woonagtig. Albei bevolkingsgroepe het ten opsigte van bogenoemde getalle egter proporsioneel ‘n relatiewe groei vertoon. Die aantal swartmense het van 1 381 tot 1 420 en Asiate van 55 tot 65 in getal toegeneem. Hierdie bevolkingsgroei op Stellenbosch was

---

[6] S. Patterson: *Colour and Culture in South Africa. A study of the status of the Cape Coloured People within the social structure of the Union of South Africa*, p.152.
[7] *Die Stellenbosch Disrik Mail*, 2 Maart 1940.
[8] *Die Stellenbosch Distrik Mail*, 6 April 1940. ‘Stellenbosch Gets Bigger and Wealthier.’

te wyte aan ‘n stygende geboortesyfer en ‘n dalende mortaliteitsyfer. Afsonderlike bevolkingsyfers in terme van geboortes en sterftes, volgens indeling van blank en bruin, is ongelukkig nie verstrek nie. Nietemin is aangetoon dat ‘n beduidende groei in geboortes, naamlik 84 wat die totale geboortesyfer op 913 te staan gebring het, plaasgevind het. In ooreenstemming met die geboortesyfer was daar ‘n daling in sterftes, byvoorbeeld vanaf 495 in 1938 tot 459 in 1939.[9]

Stellenbosch het dus ‘n bevolkingsgroei ondervind, maar die vraag is hoe dit moontlik was in tye van wêreldwye nood en oorlog? Die koerantberig het hierop probeer antwoord dat daar ‘n gemeenskaplike verbetering in die algemene gesondheidstandaard van Stellenbosch teenwoordig was. Die Stellenbosse landdrosdistrik was, volgens bogenoemde statistieke, een van die gesondste in die Unie van Suid-Afrika. ‘n Uitsonderlike geval van onhigiëniese toestande was egter dié van Idasvallei waar, soos reeds gesien, kritieke waterprobleme en swak behuisingstoestande wel bruinmense in die besonder geraak het. Die burgemeester het dan ook juis om hierdie rede dit goedgedink om Idasvallei by Stellenbosch te inkorporeer in ‘n poging om toestande daar onder munisipale beheer te bring sodat die vlak van gesondheid onder bruinmense ook opgehef kon word. Ongeag hiervan was die gesondheidstandaard op Stellenbosch betreklik hoog.

Die eerste rede vir die verbeterde lewensomstandighede en die toename in rykdom was ‘n daling in ernstige misdaadpleging. Tesame met die sporadiese vandalisme wat deur pro-Nazi’s deur middel van graffiti op geboue en mure aangebring is, het sekere polisiëringsmaatreëls en strenger orde geleidelik ernstige misdade soos moord en huisbraak in die kiem gesmoor. Die koerantberig het die voorkoms van misdaad op Stellenbosch op die volgende wyse gerapporteer: “Culpable homicide cases have decreased from six cases in 1938 to two in 1939, while serious housebreaking and theft has decreased from nine cases in 1938 to seven in 1939. There were no preparatory examinations of murders or assault with intent to do grievous bodily harm last year. In 1938 there were three murders and three assaults.”[10] Hiervolgens was daar ‘n besliste vermindering in die algemene misdaad volgens die verslaggewing van die Stellenbosse landdrosdistrik en polisie. Die bekamping van misdaad het dus vanselfsprekend die

[9] *Die Stellenbosch Distrik Mail*, 6 April 1940. ‘Stellenbosch Gets Bigger and Wealthier.’
[10] *Ibid*.

moontlikhede van ekonomiese rykdom, onversteurd deur misdaad, en die vooruitgangspotensiaal van Stellenbosch laat verhoog. Patterson het in hierdie verband daarop gewys dat die Unie van Suid-Afrika veral binne die algemene verhoudinge tussen blank en nie-blank, bepaal het wat die lot van veral bruin misdadigers onder arres sou wees. Volgens Patterson is gearresteerde bruinmense dikwels ongehoord gelaat en aan mishandeling of gedwonge arrestasie oorgelewer.[11] Dit het daarop neergekom dat die strawwe vir veral bruin misdadigers onredelik en buite verband was omrede (bruin) kriminele dikwels oormatig of onskuldig mishandel is.

Die tweede rede wat met die daling in misdaad gepaard gegaan het, was die strenger toepassing van wet en orde. Die koerantberig het dit uitgestip dat die totale aantal hofsake in die Stellenbosse Hooggeregshof en die Kuilsrivier Streekshof van 2705 in 1938 tot 2 635 in 1939 gedaal het. In die Stellenbosse hof het die noodsaak van voorbereidende eksaminerings ook skerp afgeneem van 29 in 1938 tot 14 in 1939.[12] Die jaarlikse landdrosverslag het verklaar: "That the decrease in the number of cases at the Main Court was partly due to the establishment of the Periodical Court at Kuils River in March 1938, and partly to the falling of the number of traffic cases as a result of the progressively efficient compliance by the public with the municipal traffic regulations since the appointment of a traffic inspector."[13] Die verslag het dit verder belig dat "the increase of court cases at the Kuils River Periodical Court – from 398 cases in 1938 to 674 last year (1939) – was due to the greater detection of crime as a result of the increase in the police staff at the station from two to four officers."[14] In ooreenstemming met die summiere vonnisopleggings het verskerpte polisiëring in Stellenbosch groter sekuriteit aan inwoners gebied.

Ten derde het die rykdom van Stellenbosch deur die suksesvolle invordering van inkomstebelasting vergroot. 'n Hoër inkomstebelastingsyfer van £5 162 in 1939 is in teenstelling met die skamele £3 904 in 1937 ingevorder.[15] Vanuit hierdie getalle blyk dit dat die ekonomiese vooruitsigte baie belowend daaruit gesien het. Ten opsigte van

---

[11] S. Patterson: *Colour and Culture in South Africa. A study of the status of the Cape Coloured People within the social structure of the Union of South Africa*, p.225.
[12] *Die Stellenbosch Distrik Mail*, 6 April 1940. 'Stellenbosch Gets Bigger and Wealthier.'
[13] *Ibid*.
[14] *Ibid*.
[15] *Ibid*.

Idasvallei is ‘n voorgestelde differensiële tariefskema beoog, en met die groter toepassing van wet en orde kon die invordering van inkomstebelasting later vanuit die nuwe ingeslote area tot die groter finansiële rykdom van Stellenbosch bydra. Die ekonomiese posisie van Stellenbosch sou dus merkwaardig ten goede verander.

4.3. DIE SOSIO-EKONOMIESE OMSTANDIGHEDE TYDENS DIE LATERE JARE VAN DIE OORLOG

In teenstelling met die relatiewe rykdom tydens die vroeë jare van die oorlog het die Stellenbosse samelewing later toenemend die negatiewe uitwerking van die oorlog ondervind. Op sosiale en ekonomiese gebiede sou hierdie uitwerking ook die alledaagse lewensomstandighede bepaal. In hierdie bespreking sal spesifiek na die verarmende effek van die oorlog op die bruin gemeenskap van Stellenbosch gelet word. Daarmee saam sal die vernaamste faktore wat tot die veranderende omstandighede bygedra het ondersoek word. Daar sal kortliks ook ondersoek ingestel word na die redes vir die snelle migrasie van swartmense na Stellenbosch, en die mate waartoe dit die verhouding tussen blank en bruin beïnvloed het.

Op die oorlogsfront het die Geallieerdes geleidelik die oorhand oor die Spilmoondhede gekry. Hoewel die oorlog grootliks tot die noordelike halfrond beperk was, is selfs ‘n klein dorpie soos Stellenbosch indirek daarby betrek. Na die bloedige Slag van Stalingrad in Februarie 1943 is die werklike mag van Nazi-Duitsland bevraagteken. Daarmee saam het die realisering van ‘n radikale Afrikanernasionalistiese oorwinning (met die hulp van Nazi-Duitsland) ook hoogs onwaarskynlik geword. Desnieteenstaande was die algemene vrese oor die oorlog steeds aanwesig. Op Stellenbosch is selfs nougesette oorlogsmaatreëls vir die beskerming van blank en bruin inwoners getref. ‘n Burgerlike beskermingsdiens is in die lewe geroep waarin voorsorgmaatreëls teen moontlike sabotasie, lugaanvalle en die verdonkering (‘Blackout’) van die dorp in plek gestel is.[1] Dit is opmerklik dat selfs alle literatuur van propagandistiese aard vir openbare

[1] (KAB) 3/STB no.4/1/111 verwys.14.4. Air-raid protection and civil defence (1939-1942). Direkteur van Burgerlike Beskermingsdienste: Instruksie No.1, p.7. 17 Julie 1940.

gebruik eerstens deur die Direkteur van Burgerlike Beskermingsdienste gesensureer moes word. Afgesien hiervan was die vrees vir die lugaanvalle hoog sodat goed-beplande beskermingskemas soos verdonkering uitgevoer moes word.

Bruin woonbuurtes is ook beskerm en onderhewig gestel aan dieselfde regulasies as dié in blanke buurtes. ‘n Direkteur van Nie-Blankes is aangestel om die pligte van ‘n beampte te vervul wat die nodige dienste aan bruinmense moes verskaf en wat die noodbeskermingskema moes organiseer en koördineer.[2] Tydens ‘n inoefeningsprogram is die samewering van die bruin gemeenskap weerspieël toe ‘n suksesvolle verdonkering op 7 Oktober 1942 in Wyk 8 plaasgevind het.[3] Dit was ‘n bevestiging van die feit dat die bruinmense die regulasies getrou waargeneem en gehoorsaam het.

Militêre kolonne en patriotiese parades het Stellenbosch van tyd tot tyd aangedoen. Daardeur wou die Suid-Afrikaanse militêre magte die Stellenbosse dorpsgemeenskap inspireer en aanmoedig om hul ondersteuning aan die oorlogsaak te volhou, maar dit was ook pogings om fondse vir die vervaardiging van oorlogsmiddele in te samel. Die insameling van broodnodige fondse was onvermydelik. Hiervoor is hoofsaaklik twee plaaslike inisiatiewe in werking gestel, naamlik die *Stellenbosse Oorlogsfonds* en die *Stellenbosse Oorlogsmark*. Beide was suksesvol met die invordering van finansies wat meestal deur vrywillige geldelike bydraes geskied het. Tussen 1940 en 1944 het die Oorlogsfonds daarin geslaag om £6 888 in te samel wat vir allerlei oorlogsgoedere soos die voorsiening van klere aan ontslane soldate en vir uitgawes van die Departement van Verdediging gebruik kon word.[4] Die Stellenbosse Oorlogsmark het ‘n beroep op alle inwoners gedoen om hulpverlening en daaglikse advertensieveldtogte is geloods, veral om manlike inwoners te versoek om oorlogsaandele te koop deur slagspreke soos “If you cannot go on active service, let your money *Buy War Bonds!*” te verkondig. Vrouens is aangespoor om vertonings, blommekompetisies en naaldwerkprodukte vir die oorlogsmark te lewer. In 1943 is ‘n groot poging suksesvol aangewend om dringende fondse vir die Griekse Rooi Kruis in te samel en om in die

[2] (KAB) 3/STB no.4/1/111 verwys.14.4. Air-raid protection and civil defence (1939-1942). Direkteur van Burgerlike Beskermingsdienste: Instruksie No.1, p.8.
[3] *Ibid*, ‘Blackout report from Ward 8, 7 Oktober 1942.
[4] *Die Stellenbosch Distrik Mail*, 21 April 1944.

behoeftes van duisende uitgehongerde Griekse kinders te voorsien.[5] Die Stellenbosse samelewing het in goedertrou hul hulp en finansiële ondersteuning verleen, maar dit het ook plaaslike tekortkominge, en in die besonder vir bruinmense, meegebring.

Die kanalisering van menslike hulpbronne na die oorlogsfont het beteken dat basiese hulpverlening aan bruinmense dikwels agterweë gelaat is. Sonder die ondersteuning van ‘n volhoubare inkomste en werkverskaffing is baie bruinmense in ‘n staat van armoede gedompel. Hierdie armoede sou op die lange duur tot afbrekende gevolge vir die bruin gemeenskap lei. Reeds in November 1940 het die *Cape Standard* die voorkoms van verhoogde armoedigheid onder bruinmense in ‘n artikel ‘The hell of poverty” belig. Die lae ekonomiese posisie en karige loonuitbetaling, asook die onderliggende gevoel dat hul pogings tot vooruitgang onderdruk is, is as die vernaamste bydraende faktore vir die armoede beskou. Die koerantartikel het voorgehou dat “these poverty stricken Coloured people have in many cases adopted a philosophy of despair.” Hiertoe is bygevoeg dat “the struggle of the Coloured man in South Africa is not unlike that of the upward struggle of the submerged groups all over the world.”[6] Verswakte gesondheidsvoorsiening, siektes en die toenemende voorkoms van armoede het tot ‘n nimmereindigende opdraende stryd om oorlewing aanleiding gegee.

Die verswakkende armoede omstandighede is volgens die berig onder die aandag van die blanke owerhede gebring in die hoop dat daar tot ‘n daadwerklike oplossing gekom sou kon word. ‘n Moontlike nalatigheid van blankes om op hierdie bruin versoeke te reageer, het tot verdere broosheid in die verhouding gelei. Die onderstaande aanhaling illustreer hierdie stelling: “These deplorable conditions under which the Coloured people are living have been brought to the notice of the Europeans of South Africa on innumerable occations and little or nothing practicle has been done.”[7] Bruinmense het dus die neiging tot onhulpvaardigheid van sommige blanke owerhede as ‘n blote “traak-my-nieagtige” houding beskou. Afgesien daarvan was daar een terrein waar blanke owerhede, soos op Stellenbosch, wel armoedeverligting kon bring, naamlik behuising.

Die behuisingsnood het veral onder bruinmense, en ‘n mindere mate ook onder blankes op Stellenbosch, as’t ware die armoede gekenmerk. Die Stellenbosse stadsraad

---

[5] *Die Stellenbosch Distrik Mail*, 2 April 1943. ‘Stellenbosch War Market.’
[6] *The Cape Standard*, 19 November 1940. ‘The Hell of Poverty.’
[7] *Ibid*.

het indringend probeer optree deur die instelling van behuisingskemas by Kromrivier (die blanke woonbuurt), Idasvallei (bruin woonbuurt) en die nuwe snelgroeiende Kaya Mandi (die informele nedersetting vir swartmense). In ‘n behuisingsartikel oor die implementering van dié skemas was daar besliste segregasiemaatreëls wat na vore gekom het. In oorleg met die aanbevelings van die NG Kerk is besluit om ‘n sendingkerk in Kaya Mandi op te rig vanwaar dienste verskaf kon word en waar rondom die woonbuurt kon sentreer. Of dit ook ’n plan was om nie-blankes uit die blank-beheerde stadskern weg te lok, kan net oor gespekuleer word. Nietemin het die behuisingsvoorsiening aan blankes by Kromrivier volgens plan verloop, terwyl bruinmense eers vir ‘n lang waglys (wat reeds op 74 gestaan het) in aanmerking moes kom.[8] Aan die een kant was daar dus ‘n besliste bevoorregting van blanke ontheemdes, maar aan die ander kant ‘n blote traagheid om voldoende sosiale en behuisingsbystand aan bruinmense te verleen. Teen Julie 1943 het ‘n ondraaglike behuisingstekort voorgekom. Die Stellenbosse stadsraad het beoog om die getal wooneenhede, selfs van tydelike aard, te vermeerder.[9] Die snelle migrasie van hawelose werksoekende swartmense na Stellenbosch en ander industriële stede was egter soos olie op die vuur wat die reeds bestaande behuisingsnood net vererger het.

Die migrasie van swartmense na Stellenbosch kan as ‘n wig wat tussen die blank en bruin verhouding ingedryf is, gesien word. Dus is die blanke bewoners aan die een kant en die bruin en swartmense aan die ander kant saamgesnoer. Die rede vir laasgenoemde stelling was dat groot getalle swartmense tussen die bruin residensiële woonbuurtes ingetrek en krotbuurttoestande meegebring het. Selfs die Asiatiese groep is tussen bruin woonbuurtes gevestig. Hieruit kan afgelei word dat multi-kulturalisme in die nie-blanke Stellenbosse gemeenskap ingetree het, maar vanwaar die blankes hulself heeltemal wou distansieer.

Oorbevolking het spoedig die behuisingsprobleem in die nie-blanke woongebiede op Stellenbosch vergroot. Volgens ‘n artikel aangaande die behuisingsnood was die oorlogstoestande en invloei van swart arbeiders die grootste oorsake vir die oorbevolking. Meneer H Beattie, hoof gesondheidsamptenaar, het in die jaarverslag vir 1944 van die Stellenbosse stadsraad tot die onderstaande slotsom gekom: “The majority of non-

[8] *Die Stellenbosch Distrik Mail*, 7 Mai 1943. ‘Coloured Housing at Stellenbosch.’
[9] *Die Stellenbosch Distrik Mail*, 23 Julie 1943. ‘Non-European Housing Problem Becoming Acute.’

property owners among the Coloured people are housed in rows of tenements, consisting of two rooms to each house, and overcrowding is rife. Many two-roomed houses have two families living in them, and in some cases 12 to 15 persons are living in such houses. The tenements for Coloured people of the poorer class were all build many years ago, when the population was much smaller than it is now. The influx of natives during the past few years have made conditions worse. Several slum areas are to be delt with under the Slum Act, but, owing to war conditions and the lack of accommodation for Slum dwellers, action under the Act cannot be enforced until conditions improve and accommodation can be found for the dwellers in Slum property."[10] Ten opsigte van deels voldoende behuisingsvoorsiening blyk dit of die munisipale owerhede nie in staat was om met die veranderende omstandighede van nie-blankes tred te hou nie.

Teen die einde van die oorlog in September 1945 was daar steeds geen einde aan die behuisingsnood nie. Die oorweldigende toestroming van swart arbeiders het spoedig 'n arbeidsoorskot van 30 persent op Stellenbosch geskep sodat baie leeglêers en bosbewoners voorgekom het. Van die ongeveer 2030 swartmense was 1289 dakloos en talle werkloos. In April 1945 het die Naturellesake-en Behuisingskomitee 'n belangrike verslag hieroor gelewer: "'n Groot deel van hulle bewoon geboue en krotte in die Du Toit en Idasvallei onder omstandighede wat alleen bestempel kan word as 'n broeiplek van siektes en ander sosiale euwels. Wanneer 8 tot 10 persone in een kamertjie van 10'× 12' moet lewe, kan enigiets daaruit verwag word. Dit is onder sulke omstandighede waarin tans meer as 50 % van die Naturelle arbeiders van Stellenbosch lewe."[11]

Hierdie oorbevolking het onder andere daartoe bygedra dat segregasionistiese maatreëls deur die munisipaliteit in reaksie op die instroming van swartmense heroorweeg is. Stellenbosch is onder Proklamasie 246 van 1942 tot geslote gebied verklaar. Dit het beteken dat geen naturel die gebied vrylik kon binnekom om werk te soek nie. Indien hy egter reeds in diens geneem of 'n *bona fide* tydelike besoeker was, was dit wettig. Swartmense moes geregistreer word en werkspermitte uitneem. Die munisipaliteit het vanuit die staanspoor sy regulasie as volg voorgehou: "As daar werk en

[10] *Die Stellenbosch Distrik Mail*, 29 Desember 1944. 'Shortages of houses at Stellenbosch.'
[11] (KAB) 3/STB no.1/1/1/72. Notule Boek I, 1945. Verslag gelewer aan die Naturellesake-en Behuisingskomitee van die Munisipaliteit van Stellenbosch op 5 April 1945, pp.3-4.

akkommodasie beskikbaar is kan Naturelle die stedelike gebied binnegelaat word."[12] Segregasie is dus steeds afgedwing, ironies selfs na die Tweede Wêreldoorlog verby en Nazi-rassisme verslaan was.

As teenvoeter vir die snelgroeiende nie-blanke bevolking het genl. Smuts aan die einde van 1945 blanke immigrasie na Suid-Afrika aangemoedig. Na raming is beoog om die verbysterende getal van tien miljoen blanke immigrante uit Europa te lok. Smuts het verklaar dat "those who do not favour such a policy might do well to consider their instance on preserving South Africa as a white man's country. Recent statistics show that the non-European elements are increasing rapidly and that the European is not". Smuts het verder verklaar dat "it is essential that in any policy of immigration safeguards must exist providing [that] preference [is] given to our own people."[13] Laasgenoemde standpunt was 'n klinkende bewys dat sosio-ekonomiese bevoorregting steeds vir blankes beskore sou wees.

Tesame met oorbevolking, armoede en 'n arbeidsoorskot het 'n ernstige sosiale euwel, naamlik alkoholisme posgevat. Tydens 'n algemene vergadering het P.G Langeveld namens die bruin gemeenskap gesê dat die bruinmense na die "Europeërs" om hulpverlening opgekyk het.[14] Ongeag daarvan het verskeie teen-alkoholisme-skemas die verkryging van drank probeer inperk deur veral strenger beperkings op *sjebeens* (smokkelkroeë) in te stel. Kolonel C.D.O. Shakespear het weer voorgestel dat opvoeding in die matige gebruik van drank die kernoplossing sou wees.

Selfs die Koöperatiewe Wynbouersvereniging (KWV) is genader, alhoewel dit duidelik gemaak is dat daar geensins met die verkope van drank deur wynboere ingemeng moes word nie. Daar is eens voorgestel dat sekere "wyntuine" geopen moes word waar bruinmense onder gekontroleerde toestande drank kon gebruik. Vanweë die teenstand van kantieneienaars blyk dit asof bogenoemde voorstel nie van krag gekom het nie. Alhoewel blanke bystand aan drankbeperkings hoofsaaklik deur opvoeding sou geskied, wil dit voorkom of die blanke boere grootliks verontskuldig is. Die voorsitter van die Hottentots-Holland Landbouers Vereniging, meneer H Louw, het byvoorbeeld

---

[12] (KAB) 3/STB no.1/1/1/72 Notule Boek I, 1945, p.219.
[13] *Die Stellenbosch Distrik Mail*, 7 Desember 1945. 'Emigration'.
[14] (KAB), 3/STB no.1/1/1/67. Notule Boek IV 1943, p.3. Minutes of the Ordinary Meeting of the Council, 23 November 1943.

geïnsinueer dat "the farmers detested a drunken labourer, and this never happenes from the wine he gets from the farmer."[15] Hierdie verontskuldiging kon moontlik ook daartoe lei dat blankes oor die lange duur verseg het om 'n helpende hand uit te steek of om hulself met die bruin drankeuwel te vereenselwig.

Hoopvolle bruin inwoners van Stellenbosch het dit goedgedink om 'n plaaslike matigheidsbeweging ('*Temperance movement*') op die been te bring. Vir 'n betreklike aantal jare tevore het verskeie vertakkings van die matigheidsbeweging, onder meer die *Independent Order of True Templers*, die *White Ribbons* en vier *Bands of Hope* vir jeugdiges in 'n godsdienstig eerbiedige karakter gefunksioneer.[16] Die onderliggende doelstelling hiervan was om alkoholisme onder bruinmense te beveg en ook om hul menswaardigheid, veral na die ingrypende Slag van Andringastraat, op 'n eerbare manier te herstel. Plaaslike aktiwiteite van die beweging het veral op die Braak plaasgevind. Kreatiewe opelugmarkte en kafees het Saterdae arbeiders van omliggende plase, sowel as dorpsbewoners, met allerlei kossoorte en so meer bedien.[17] Entrepreneurskap kon moontlik 'n positiewe uitvloeisel van hierdie aktiwiteite gewees het. Teen die einde van 1945 het dit geblyk asof die matigheidsbeweging toenemend sterker geword het, alhoewel besef is dat 'n algehele uitwissing van alkoholisme op Stellenbosch grootliks onbereikbaar sou wees.

Dit is belangrik om te beklemtoon dat die veranderende Stellenbosse samelewing in die beginjare van die oorlog die onmiddellike historiese konteks, asook die aanleidende oorsake vir die daaropvolgende "Slag van Andringastraat", geskep het. Segregasie en die beplande uitskakeling van bruinmense uit verkiesings deur hulle stelselmatig van die kieserslyste te verwyder, was ook bydraende faktore tot die belemmering van blank- en bruin verhoudinge. Die onmiddellike katalisator vir die skeuring van die Stellenbosse samelewing was ongetwyfeld die uitwerking van die oorlogsverklaring. Veral die blanke gemeenskap is deur 'n verdeeldheid tussen pro- en anti-oorloggesindes meegesleur wat op sy beurt 'n groot onsekerheid onder die bruinmense veroorsaak het. Die meerderheid van bruinmense was egter ten gunste van

[15] *Die Stellenbosch Distrik Mail*, 5 Mei 1944. 'Drunkenness Amongst Non-Europeans.'
[16] *Die Stellenbosch Distrik Mail*, 14 Desember 1945. 'Strong temperance movement at Stellenbosch.'
[17] *Ibid*.

deelname aan die oorlog, en dit kon later moontlik feller rassediskriminasie van die kant van blanke radikale uitgelok het.

Op sosio-ekonomiese gebied het Stellenbosch merkwaardige ekonomiese vooruitgang meegemaak. Hierdie vooruitgang het voortgevloei uit die toepassing van strenger wet en orde, misdaadvermindering en die suksesvolle invordering van inkomstebelasting. Vergrote rykdom binne die gemeenskap en die inkorporering van Idasvallei as ‘n positiewe uitvloeisel van munisipale besluitneming, was kenmerkend van ‘n veranderende Stellenbosch.

Die latere jare van die oorlog het egter geleidelik droefgeestigheid en armoede vir veral die bruin gemeenskap meegebring wat ook tot uiteenlopende sosiale probleme soos oorbevolking en alkoholisme aanleiding gegee het. Blanke samewerking was aan die einde van die oorlog onteenseglik steeds gemoedelik ten spyte van volgehoue segregasie. Aansluitend hierby moet daar nou teruggekyk word na ‘n insident wat in besonder sterk tot die versterking van segregasie bygedra het – die Slag van Andringastraat.

Hierdie veranderende tendense en omstandighede, dus sosio-ekonomies sowel as polities, was dus aan die vooraand van een van die neteligste historiese gebeurtenisse in die dinamika van blank en bruin verhoudinge op Stellenbosch.

Pectora roborant cultus recti

HOOFSTUK 5

DIE SLAG VAN ANDRINGASTRAAT (27 – 28 JULIE 1940)

Binne die groter historiese raamwerk van die dinamika van blank en bruin verhoudinge staan een besondere gebeurtenis in die moderne geskiedenis van Stellenbosch uit – die Slag van Andringastraat. Vir die dorpsgemeenskap, blank en bruin, sou die Slag van Andringastraat ‘n tragiese episode in die geskiedenis van dié menseverhoudinge wees. Hierdie tragedie het met die verloop van tyd opgebou. In hierdie hoofstuk sal veral die aanleidende oorsake, en waarom dié insident juis op daardie tydstip plaasgevind het, die hoogs stormagtige verloop daarvan, en die gevolge van die slag vir rasseverhoudinge, ten volle omlyn en bespreek word.

5.1. OORSAKE – VERPLIGTE ONTWAPENING EN DIE SLAG VAN ADDERLEYSTRAAT

Wat in die sielsgesteldheid van Stellenbosse inwoners veral gedurende die laaste weke van Julie 1940 geheers het, kan vandag op suggestiewe wyse histories probeer ontleed en vasgestel word. Die Stellenbosse samelewing het feitlik onafwendbaar toenemend gepolariseerd geraak. Dit was vanweë sommiges se standvastige opvattings oor deelname of verset (byvoorbeeld sommige radikale blanke Afrikaners) aan die Tweede Wêreldoorlog. In die vorige hoofstuk is alreeds daarop gedui dat die beoogde verwydering van die bruin stemreg, asook die toenemende voorkoms van segregasie en radikalisme, die weg na ‘n hoogs sensitiewe rassekonflik gebaan het. Gedurende die laaste weke van Julie 1940 was verskeie eksterne insidente en gedwonge verpligtinge egter die lont by die kruitvat wat die politieke- en rassespanning op Stellenbosch aan die brand gesteek het. Die oorsake op die vooraand van die Slag van Andringastraat was van tweërlei aard, hoewel ander eksterne gebeure en motiewe ook nie soseer as onbelangrike redes beskou kan word nie.

Die kwessie van die gedwonge ontwapening van radikaal-geïnspireerde studente, asook die verset teen die instelling van ‘n omstrede verpligte bidpouse, was die twee waarskynlikste redes wat tot die uitbarsting van die insident aanleiding gegee het. Strenggesproke het bogenoemde omstrede oorlogsmaatreëls vurige Afrikaner-nasionaliste en anti-oorlog gesindes op Stellenbosch al meer ontstel en hulle wraaksugtig gemaak. Die besluit op ontwapening is deur die regering van die Unie van Suid-Afrika voorgelê waardeur alle landsburgers hul vuurwapens by polisiestasies moes inlewer. Onder blanke Afrikaners, met hul dieperliggende ingesteldheid om hulself veral teen ‘n oormag te beskerm, kon hierdie verpligte ontwapening tot ‘n gevoel van magteloosheid lei. Die wortels van hierdie ingesteldheid kan histories verder, na die koloniale era teruggevoer word. Schalk Pienaar het in ‘n bronnebespreking van dr. D.F Malan oor die oorlogsmaatreëls en die ontwapening van die Afrikaner sy standpunt rondom die kwessie aangehaal. Malan se opmerkings was “dat die Afrikaner in sy eie land ... as ‘n vreemdeling behandel en ontwapen word.”[1] In die berigte ten tyde en na afloop van die Slag van Andringastraat het die kwessie van ontwapening heeltyd uitgestaan. Aansluitend daarby was daar ‘n gevoel van magteloosheid, spesifiek om hul vrouens en kinders teen aggressors te beskerm, aanwesig.

In die berig van 30 Julie 1940 het *Die Burger* skielik die besorgdheid van die blanke vroue van Stellenbosch aangaande hul weerloosheid teen moontlike rassekonflik, belig. Nadat ‘n vrouevergadering gehou is, is ‘n belangrike telegram aan genl. Smuts en die Minister van Justisie, dr. Colin Steyn, gestuur: “As gevolg van die gevolglike toestand wat ontwikkel het tussen blank en gekleurd, veroorsaak deur die wrywing wat ontstaan deur die nie-segregasiebeleid van die Regering en deur die ontwapening en deur die vermindering van die polisie, eis ons dringend van die Regering die teruggawe van die wapens van ons dorp en distrik en die herstel van ons polisie in hul oorspronklike sterkte – vir die beskerming van ons vroue.”[2] Nie net was polisieversterkings nie as genoegsaam beskou nie, maar daar was ook die hoop dat ‘n teruggawe van vuurwapens aan blankes sou plaasvind. Laasgenoemde het egter geensins gerealiseer nie en daarom is verdere versoeke ingedien “vir die beskerming van ons vroue en kinders, veral die wat

[1] S.W. Pienaar: *Getuie van groot tye*, p.46.
[2] *Die Burger*, 30 Julie 1940.

deur gebrek aan doelmatige wetgewing in woonbuurte tussen bruinmense woon."[3] Die versoeke in die berig beklemtoon sterk die allesoorheersende gevoel van vrees, magteloosheid en kwesbaarheid waarin blanke Stellenbosse inwoners hulself bevind het. In die skreiende reaksie teen die verpligte ontneming van vuurwapens vir beskermingsdoeleindes het sommige radikale studente egter in die geheim teen regeringsmaatreëls vasgeskop.

Die reaksionêre tendens het tesame met sterk geheimhouding veral onder studente van universiteitskoshuise, en Dagbreek in besonder, voorgekom. Alhoewel slegs een bron hieroor beskikbaar is, is dit wel noemenswaardig om die skriftelike oorvertellings in hierdie verband in konsiderasie te neem. Dawid van der Merwe was 'n koshuisstudent in Dagbreek wat in 'n halfeeu herdenking van dié koshuis sy ondervindings tydens hierdie turbulente gebeure op skrif gestel het. Van der Merwe het grootliks grappenderwys die implementering van die ontwapeningsproklamasie en die studente se teensinnigheid daarteen beskryf. Van der Merwe het vertel dat daar een aand indringend 'n buitengewone huisvergadering gehou moes word waar ook die rektor, prof. R.W.Wilcocks, 'n polisiekolonel en die primarius, A.P. Bilgnault, teenwoordig was. Met groot gesaghebbendheid het Van der Merwe vertel dat die kolonel vol gesag en ontroering 'n *Proklamasie van die Militêre Hoofkwartier*, Robertshoogte, Pretoria aan die studente voorgelees het. Die proklamasie het as volg gelui: "Aan die studente van Dagbreek: Binne 24 uur moet alle wapens, van welke aard ook al, knuppels, pangas, fiets-kettings, grootlemmesse, sabels, kieries, ens., ens., by die polisiekantore te Stellenbosch ingelewer word ... swaar strawwe vir oortreders ... geen genade!"[4]

Vir die meeste Dagbreek-studente was hierdie dreigement en verpligting per slot van sake heeltemal ongegrond. Maar dit het geblyk asof die vurige rebelsheid van dié studente geensins gekeer kon word nie. Vervolgens het Van der Merwe verduidelik dat nadat die kolonel en die rektor die koshuis verlaat het, die besluit van die huisvergadering as volg voorgelê is: "Géén wapens, van welke aard ook al, word ingelewer nie – maar wel vir toekomstige gebeure gebêre in 'n pakkamertjie in Seksie Agt. (Voortaan,

[3] *Die Burger*, 30 Julie 1940.
[4] D.F. Van der Merwe (et.al.): *Dagbreek* (Halfeeu-gedenkuitgawe), p.70.

Arsenaal.) En daarmee klaar!!"[5] In aansluiting by hierdie pure verset teen ontwapening, het die kwessie van die beveiliging van damesstudente weereens die noodsaaklikheid van die verdediging van vroue belig. Daar is toe tot die volgende besluit gekom: "Voorts word wagte snags by die dameskoshuise opgestel ... gewapen met wapens uit die arsenaal."[6] Hierdie besluitneming wat tot eie gewin van studente moes strek, skep die suggestie dat die studente, onder die dekmantel van die universiteitskoshuis die wet in eie hande wou neem. Teenstrydig met die regeringsproklamasie het studente dus in die geheim hul frustrasies probeer inperk deur steeds wapens as vorm van mag te behou.

Bruinmense op Stellenbosch moes die ontwapening van blankes (veral die studente) as 'n vorm van verligting beskou het, maar in hul blymoedigheid het hulle 'n indruk van uittarting onder blankes geskep. Die uitvoerende bestuursvergadering van die universiteit het op 26 Julie 1940 bogenoemde punt beklemtoon: "Ons laak die vermorsing van landsgeld terwyl volksvraagstukke totaal onopgelos bly; asook die tallose maniere waarop die Afrikaanse burgers in die openbare en private lewe deur die oorlogskreeuers geïntimideer en uitgetart word."[7] Selfs in die hoofartikel van *Die Burger* van 30 Julie 1940 is Afrikaners op Stellenbosch gewaarsku: "Op Stellenbosch is die opmerking van gekleurde kant gehoor dat 'die boere mos wapens afgegee het'. Die geval was geen uitsondering te oordeel aan die mededelings van *Die Burger* van die platteland nie. Laat die regering hierop let. Hy moet weet van die uitwerking van die opkommandering van gewere vir 'n groot deel nog onbruikbaar vir sy ekspedisieleër, op die gemoed van die gekleurde het en van die astrantheid waartoe die opkommandering van gewere reeds aanleiding gee. 'n Erkende teken van baasskap is die blanke ontneem."[8]

Gedagtes oor moontlike beperkings van blanke mag en verhewendheid wat regstreeks weens die ontwapening van blankes veroorsaak is, het geleidelik tot 'n opbouende frustrasie gelei. Die gedagtes van bruin inwoners rondom die ontwapening blyk onseker en spekulatief te wees, hoewel blanke studente reaksie uit daardie oord as blote uittarting beskou het.

---

[5] D.F. Van der Merwe (et.al.): *Dagbreek* (Halfeeu-gedenkuitgawe), p.70.
[6] *Ibid*., p.70.
[7] US Argief. Notule van Uitvoerende Bestuursvergadering, 26 Julie 1940. (192. 1. C.1) US. Uitvoerende komitee. Notules 1936-45. S.V.R, p. 142.
[8] *Die Burger*, 30 Julie 1940.

Stellenbosse studente met sterk Afrikanernasionalistiese motiewe het in die tweede plek die instelling van verpligte bidpouses vir die Britse Ryk in besonder teengestaan. Die bidpouse was ‘n gereelde instelling waar pro-oorloggesindes daagliks om twaalf-uur middae, na die afvuur van ‘n kanonskoot, nie net op die Kaapse Parade nie, maar oral in Kaapstad vir twee minute lank moes stilstaan. Enige oneerbiedigheid of verontagsaming van hierdie regulasies sou swaar gestraf word. Die opstandige gees onder sommige studente, veral in Dagbreek, het hul hoegenaamd nie aan die bepalings gesteur nie. Hulle het selfs planne beraam om hul verset teen sulke regeringsoorlogmaatreëls openlik te demonstreer. Die gevolglike insident wat in die Kaapstadse middestad sou plaasvind sou daarop dui dat die Slag van Andringastraat nie in isolasie plaasgevind het nie. Hierdie voorafgaande insident het as die sogenaamde Slag van Adderleystraat bekend gestaan.

Vroeg die Saterdagoggend van 27 Julie 1940 het Stellenbosse studente per motor en per trein na Kaapstad vertrek om hul betogingsplan in werking te stel. Schalk Pienaar, wat as oudstudent dié ervaring meegemaak en opgeteken het, het sy motiewe vir die verset teen die bidpouse op die dag as volg beskryf: “Nou was daar darem heelparty van ons mense wat geen duiwel omgegee het van wie die Britte ‘n pak slae kry nie. Gaan staan en bid dat die Britte wen? Nooit gehoor nie. Maar as jy stap – praat van vryheid en demokratiese regte in Kaapstad – dan word jy gemoker ... ons sal Kaapstad toe gaan en in die bidpouse stap. Die hel haal die man wat aan ons probeer slaan.”[9] Pienaar het hiertoe bygevoeg dat “die hele spulletjie (studente) het uit die Ossewabrandwag gebore geraak. Natuurlik kies ons toe vir ons operasie Adderleystraat uit. Ons sukkel nie met systraatjies nie. Vir die generaals en goeters het ons niks van ons planne vertel nie. Hulle kon dalk onverantwoordelik genoeg wees om ons te verbied om onverantwoordelik te wees.”[10] Soos reeds vermeld in die vorige hoofstuk, het hierdie beplande aktiwiteite ten doel gehad om weens ‘n romantiese verlange na ‘n republiek, oproer, terreur en geweldpleging aan te wend om die land onregeerbaar te maak.

Na hul aankoms in Kaapstad en opbeweging na Adderleystraat het studente op baie agterbakse, dog planmatige wyse gereed gemaak vir hul reuse uitdaging. Nietemin

[9] S.W. Pienaar: *Getuie van groot tye*, p.24.
[10] *Ibid*., p.24.

het verskeie matrose en soldate wat oor die ordelike verloop van die bidpouse moes toesig hou van die studente se plan te hore gekom.

Nadat die simboliese kanonskoot afgevuur is en ‘n beuel geblaas is vir die aankondiging van die bidpouse het twee Afrikaanse studente, Umtali Joubert en Daantjie Barnard, die leiding in die oproerigheid geneem. Die spanning is verhoog nadat bykans ‘n vyftigtal soldate langs konstabels in die middestraat posisie ingeneem het. Uit disrespek vir die bidpouse het die twee studente kruis en dwars, skuins oor Adderleystraat in die rigting van Standard Bank gestap. Hierdie ongekende gebeurtenis het spoedig tot woeste straatgevegte uitgekring. Menigte lojale soldate en matrose is teen versterkte studentegetalle in handgemene konflik meegesleur. Uit simpatie vir die Afrikaners het *Die Burger* die strydlustige en woeste straatgevegte op onderstaande wyse vertolk: “Vuishoue val links en regs. Mense stroom in alle rigtings. ‘n Geweer word uit ‘n soldaat se hande geruk en weggeslinger. Dit tref ‘n Jood teen die been. Hy kreun en dans van die pyn. ‘n Soldaat word uit die grond geslaan. ‘n Ander soldaat haak af met die geweer en slaan ‘n jong man met die kolf teen die hoof. ‘n Konstabel spring by en probeer die geweer afneem. ‘n Worsteling tussen die soldaat en die konstabel volg. Hulle verdwyn in die menigte. Matrose en ander simpatiekgesindes snel die soldate te hulp. Aan die ander front word die Afrikanergeledere versterk.”[11] Hieruit kan afgelei word dat sommige lede van die publiek ter ondersteuning van hetsy diegene vir of teen die bidpouse betrokke geraak het. Enkele polisielede het selfs teen mekaar slaagsgeraak.

David van der Merwe het daarop gewys dat nadat die polisiemagte in ‘n knyptangbeweging deels daarin geslaag het om die gevegte onder beheer te bring omdat die owerheidsbeleid: “let things develop. Die manne verdwyn – verkeerde oues, broers van dieselfde oortuiging, slaan mekaar, want, wie is nou eintlik wie?”[12] In Adderleystraat het die gevegte vir ongeveer 25 minute geduur waarna geïsoleerde gevegte steeds voorgekom het. Duisende nuuskieriges en vegtendes het nou merendeels oorgegaan tot dreigemente, teen-dreigemente en ‘n groot gedrang.[13] Afbrekende haatspraak en uitroepe het op die toneel weergalm. Wedersydse uitroepe van lojaliste en soldate het as volg geklink: “Kill the damn Dutchmen! Put our soldiers on the Dutch hooligans! Chop off the

[11] *Die Burger*, 29 Julie 1940.
[12] D.F. Van der Merwe (et.al.): *Dagbreek* (Halfeeu-gedenkuitgawe), p.70.
[13] *Die Burger*, 29 Julie 1940.

rebels' heads! Down with the bastard Nationalists!" Kwaai gevegte en wanordelikhede het skielik opgevlam. Die *Cape Times* het verklaar dat nadat die studente in Darlingstraat gedruk is hulle "Afrikaners landgenote" op die liedwysie van "Deutschland über alles" gesing het.[14]

Nadat die Kaapstadse burgemeester, W. Brinton, op die toneel aangekom het, het hy die skare beveel om uiteen te gaan. Tydens 'n bykans oorwinningstemming het die sowat 150 Afrikaanse studente in gelid in die rigting van die Kaapse spoorwegstasie beweeg en "Die Stem" gesing. Uit vergelding en uitjouende stemming het die soldate, matrose en ander bondgenote met "Brittania rules the waves" en ander Britse lojalistiese liedere geantwoord.[15] Engelse stadskoerante het die studente as aggressors beskou en hul ongemanierde optrede as kwaadstekery bestempel. Die Stellenbosse studente het grotendeels daarin geslaag om ongedeerd na Stellenbosch terug te keer.

Daar bestaan onsekerheid oor wie die oorwinning in die Slag van Adderleystraat behaal het. Pienaar beweer dat die studente hul dade as 'n grootse oorwinning beskou het wat met 'n "bier of twee" gevier is.[16] Ten spyte daarvan het geen vyandige groepe, hetsy die soldate en matrose of studente, die algehele oorhand in die onluste verkry nie. Teen die laatmiddag het die Stellenbosse studente egter weereens woedend geword nadat hulle die Intervarsity-rugbywedstryde teen die Universiteit van Kaapstad verloor het. Hierdie uiters gefrustreerde studente het dus gelaai met woede en wraaksug na Stellenbosch teruggekeer.

Jan Sebastian Rabie, 'n welbekende Afrikaanse skrywer, het ook as oud-student wat meegedeel het in die turbulente gebeure, vir 14 jaar sy herinneringe probeer geheimhou "sonder skaamte." John Kannemeyer het as biograaf Rabie se herinneringe as volg vertel: "'n Ontsettende angs, verlatenheid, en ontreddering sak op hom toe. Is dit angs omdat hy indertyd deelagtig was aan 'n stuk onmenslikheid, 'n verlatenheid oor die aantasting van medemense wat hom lewenslank sou bybly?"[17] Rabie se vertellings het die intensiteit van die angs en spanning van die gebeure dramaties geskets.

---

[14] *Cape Times*, 27 Julie 1940.
[15] *Die Burger*, 29 Julie 1940.
[16] S.W. Pienaar: *Getuie van groot tye*, p.27.
[17] J.C. Kannemeyer: *Jan Rabie*, p.78.

Deduktief gesproke was daar twee minder belangrike motiewe wat tot die verskerping van studenteprotes, en as onderliggende oorsake van die Slag van Andringastraat, aanleiding gegee het. Reeds op 20 April 1940 het die *Stellenbosch Distrik Mail* 'n omvattende berig oor die sterk neiging van studente onverdraagsaamheid jeens algemene fietsregulasies gepubliseer. Hewige studenteprotes, ondersteun deur die Studente Verteenwoordigende Raad (SVR), was teen pas-ingestelde verkeersregulasies ten opsigte van fietse. Studente het sonder skroom besluit om op fietse deur Stellenbosch te ry om hul ontevredeheid te demonstreer. Die koerantberig het beskryf dat ongeveer 300 studente in nie-amptelike demonstrasies teen die Stellenbosse munisipale regulasies betoog het: "They rode through the town, about five or six abreast, on the wrong side of the road, on pavements and on side-walks, ignoring all 'stop' signs, ringing bicycle bells, and shouting 'we want five Bob.' The bicycle of Mr. Weyers, the traffic constable, was removed some time before the demonstration. It was returned to the policestation, it is said, in a damaged condition. It is years since such a demonstration was witnessed in Stellenbosch. The procession was headed by a girl student and two men students."[18]

Die tweede motief vir nog groter studenteprotesaksies was die aanhang van die beginsels wat in die Vryheidsmanifes van die ANS van 1 Julie 1940 vervat is. Nie net is die omskepping van die unie in 'n republiek geëis nie, maar die manifes het ook die rassevraagstuk onder studente belig. Die manifes se bepalings oor laasgenoemde was dat: "(a) Inheemse nie-blankes onder voogdyskap van die Staat staan. Deur middel van 'n differensiasiebeleid sal parallelle ontwikkeling volgens eie tradisionele kultuur opvattings en gelykheid deur apartheid vir hulle moontlik gemaak word, (b) Algehele woonbuurtskeiding/segregasie sal in stedelike gebiede deurgevoer word, (c) Repatriasie van Asiate sal aangemoedig word."[19] Volgens sommige studente moes die bruin gemeenskap dus gesegregeer en ten alle koste onderdanig gehou word.

[18] *Die Stellenbosch Distrik Mail*, 20 April 1940. 'Studente protesteer teen fietsregulasies.'
[19] *Die Stellenbochse Student*, (Korrespondensie) "Vryheidsmanifes van die A.N.S – 1 Julie 1940. Augustus 1940, Deel XLI, no. 5. (JS Gericke Biblioteek – Afdeling Tydskrifte), p.263.

5.2. DIE SATERDAGAANDONLUSTE

Wat betref die onluste wat op die Saterdagaand van 27 Julie 1940 plaasgevind het, bestaan wye meningsverskille onder beide deelnemers en waarnemers oor die presiese verloop daarvan. Die ingrypende insident wat die Saterdagaand uitgebreek het, kan as die eerste fase van die Slag van Andringastraat beskou word.

Met groot nuuskierigheid het die Stellenbosse studente na die berigte in die Kaapstadse dagblaaie, waaronder die *Cape Argus* se "City Late Edition" wat oor onmiddellike gebeure berig gelewer het, uitgesien. Vir die studente sou dit egter skokkende en ontstellende nuus inhou. Op Stellenbosch was die destydse kafee en groente- en vrugtewinkel van Senitzky, wat in Andringastraat (ongeveer reg oorkant die huidige Stadsaal) geleë was, die enigste plek waar hierdie koerante te koop was.[1] Nadat die laat uitgawe van die *Cape Argus* omstreeks 7:30 namiddag per trein op Stellenbosch aangekom het, het blanke studente in der haas na die kafee gestroom.

By Senitzky se kafee was segregasie tussen blank en bruin duidelik aan die orde van die dag. Senitzky het later aan 'n verteenwoordiger van *Die Stellenbosch Distrik Mail* verduidelik dat dit gewoonte was dat die blank en bruin in 'n lang tou gestaan het om koerante ensovoorts by twee afsonderlike venstertjies in die kafee te koop. Senitzky het gesê dat "in the past he had endeavoured to have the Europeans buy the newspaper at one door, and the non-Europeans at the other. But it had been difficult to carry out this policy. He had asked the police in the past to help, but they had been unwilling to interfere."[2] Selfs die stadsklerk het later gekla oor die wyse waarop die koerantverkope Saterdagaande by Senitzky se kafee plaasgevind het, omdat dit in die besigheidseiendom 'n groot 'bron van wrywing' meegebring het.[3] Weens onvoldoende polisiëring om toesig te hou, en waar smeulende negatiewe houdings tussen blank en bruin kon voorkom, het die moontlikheid van 'n konflikpunt (en gepaardgaande geweldpleging) 'n voldonge realiteit geword.

---

[1] D.F. Van der Merwe (et.al.): *Dagbreek* (Halfeeu-gedenkuitgawe), p.70.
[2] *Die Stellenbosch Distrik Mail*, 2 Augustus 1940. 'To-morrow Night at the Newsagents.'
[3] (KAB) 3/STB No. 4/1/111 verwysing 14/9 Deel 1. Public safety and convienience. Disturbances at Stellenbosch 27 to 28 July 1940, Andringa Street. (Records of the Stellenbosch Town Clerk).

Studente wat gereeld tou gestaan het, onder meer Schalk Pienaar, het daarop gewys dat daar "al lankal ergernis oor die indring van mense in die tou was."[4] In 'n skynbare milieu van aggressie, en selfs hoogmoedigheid, het Pienaar verder vertel dat "vol moed en gloed oor Adderleystraat word oor die laaste bier besluit dat sulke dinge vanaand na behore gehanteer sal word. The great house of Tarquin will suffer wrong no more!"[5] Dit blyk dus dat sommige studente op 'n strydlustige en protagonistiese wyse self die kleurvraagstuk op Stellenbosch wou oplos – moontlik deur geweld.

Desnieteenstaande bly dit 'n kontroversiële debatspunt oor wie die eerste moeilikhede begin het. Ontstellende nuus op die hoofopskrifte van die *Cape Argus* kon vermoedelik studente, en hul reeds aggressiewe gees, verder vererg. Enkele van die opskrifte het as volg gelui: "Noonday pause rashly dishonoured! Loyal soldiers and civilians beaten up in riotous clash with students. Cartwright's corner scene of street fighting."[6] In 'n baie bedrukte stemming het David van der Merwe vertel hoedat die Saterdagaandonluste tot uitbarsting gekom het: "Almal wil weet. Almal wil die Argus koop. Studente en Nie-blankes sukkel deurmekaar om die oplaag by te kom. In die gedrang word 'n paar studentedames opsygestamp. Woorde volg, vuiste swaai, en net gou reën die betonklippe. Senitzky se winkelvensters spat in skerwe. 'n Paar bebloede ongevalle word verwyder."[7] Die situasie was so ernstig dat dit as 'n "volskaalse oorlog" getipeer is. Namate die konflik en woeste gevegte al meer geïntensifiseerd geraak het, het *Die Burger* later kommentaar daarop gelewer dat die gevoel tussen die blankes en bruinmense erg opgesweep was. *Die Burger* het daarop klem gelê dat "in Stellenbosch, ... die parmantigheid van sommige van ons dorpsvolk geen grens meer ken nie, en tydens die bakleiery is die mees beledigende benamings en skeldtaal aan blankes toegesnou, terwyl aan die kleurlinge herhaalde kere blyke gegee is dat hulle besef dat die blankes tans weerloos en ontwapen is."[8]

Dit blyk asof daar op hierdie gegewe moment geen gevaarlike vuurwapens teenwoordig was nie. Afgesien daarvan het studente en bruinmense in uiters kwaadwillige gevegte handgemeen geraak. Namate die stryd ontwikkel het, het dit in 'n

---

[4] S.W. Pienaar: *Getuie van groot tye*, p. 27.
[5] *Ibid*., p.27.
[6] *Cape Argus*, 27 Julie 1940.
[7] D.F. Van der Merwe (et.al.): *Dagbreek* (Halfeeu-gedenkuitgawe), p.71.
[8] *Die Burger*, 29 Julie 1940.

klipgooiery oorgegaan wat tot groot skade gelei het. Klaarblyklik is die "ammunisie" (klippe) verkry van 'n berg gebreekte betonklip in Andringastraat wat vir die aanbou van die nuwe stadsaal gebruik moes word.[9]

Dit is hoogs waarskynlik dat Daantjie Barnard, wat die voortou in die Slag van Adderleystraat geneem het, ook die leiding in die Slag van Andringastraat geneem het. Pienaar se vertelling bevestig dat dit toe "so gebeur het dat dieselfde Daantjie Barnard daardie aand 'n kleurling gepak het." Pienaar het gemeld dat Barnard wel later op aanklag van aanranding in die Stellenbosse landdroshof skuldig bevind is maar deur die vernuftigheid van Theo van Wyk 'n baie ligte aanklag ontvang het.[10]

Bruinmense het die aanleiding tot die onluste totaal aan die aggressiwiteit van blanke studente toegeskryf. Die dogter van dr. Abdullah Abdurahman, Z (Cissie) Gool, het in 'n brief aan die *Cape Times* die gegriefdheid van bruin Stellenbossers omvattend beskryf: "According to reports from all sources there can be no question that these disturbances were deliberately provoked and prepared by a section of the Stellenbosch University students who determined to flout law and indulge in Fascist hooliganism." Gool het beweer dat die opstandigheid van die studente die gevolg van 'n vlaag van woede was wat in weerwraak op bruinmense uitgehaal is. Nadat Gool met sommige bruinmense op Stellenbosch die woord gevoer het, het sy tot die volgende slotsom aangaande die oorsaaklike motief vir die insident gekom: "The non-Europeans of Stellenbosch maintain and in this they are corroborated by high police officials, that the cause for the wanton attack by students on the non-Europeans was the fact that the students were 'smarting' under the defeat they had sustained during the noonday pause incident in Adderley Street on Saturday, and in typically cowardly fashion they decided to take it out on the defenceless coloured people."[11]

Die berigte in die *Cape Times* en *Die Burger* van 29 Julie 1940 skep die idee dat bruinmense ook vir die ontwikkeling en uitkring van die onluste op die Saterdagaand verantwoordelik was. *Die Burger* het dit bekendgemaak dat "reeds 'n geruime tyd kleurlinge aanstoot gee deurdat hulle tussen blankes indruk en veral dames wegstamp om

---

[9] H. Giliomee en G. Hendrich: "Die Slag van Andringastraat: Studente-onluste op Stellenbosch.", 1940 in *Historia*, p.19.
[10] S.W. Pienaar: *Getuie van groot tye*. Kaapstad: Tafelberg, 1979, pp.27-28.
[11] *Cape Times*, 30 Julie 1940.

eerste by die koerante te kom”[12] Dit het gou duidelik geword dat *Die Burger* egter vir die blankes kant gekies het in dat “Sommige studente [het] egter vanaand daadwerklik opgetree en na enkele skermutselings die oproermakers van die toneel verdryf.”[13] Die *Cape Times* was dit eens dat “in the fight a coloured man is alleged to have drawn a knife. Other Europeans ran to the scene and the non-Europeans were driven off.”[14] Blankes, waaronder Willem Lubbe, het van die ongerymdhede bewus geword tydens die pouse van ‘n rolprentvertoning in die Plaza-bioskoop. ‘n Belangrike boodskap het op die silwerdoek verskyn: “Kom help. Die studente en die kleurlinge baklei.”[15] Blykbaar het die bioskooppouse met die aankoms van die koerante by Senitzky se kafee saamgeval sodat daar later ‘n dienooreenkomstige verandering in fliekvertoningstye aangebring moes word om enige kongestie by die winkel te voorkom.

Jan Rabie het in ‘n merkwaardige figuurlike taalgebruik en baie dramaties sy relaas oor die Saterdagaandonluste weergegee. Rabie het beskryf dat hulle soos ‘n “wolwetrop” daarin geslaag het om die bruinmense terug te dryf. Hierdie onderstaande uittreksel uit Rabie se verslag oor *Stellenbosch, my vallei* het sy herinneringe as volg geskets: “My bure begin plotseling maal en vloekend een kant toe beur. In groen akwarium-lig drifsweef wit en bruin gesigte. Hees vlaag krete en vuishoue op. Sekondes later toe ons al hardloop, begryp ek ‘n Kleurling het ‘n wit meisie opsy gestamp om eerste by die kraamvenster te kan kom. Blitssnel hyg die nagstraat vol van ons verontwaardigde agtervolging. Hier en daar spring ‘n twintig, dertig op na ‘n akkerboom se takke om slaangoed te kry, skeur soos sprinkaanswerms repe lower in ‘n oogwenk kaal. Op ‘n dwarsstraat rinkel die lampligte uit en begroet ‘n reën klippe ons vanuit die donker. ‘n Handjievol polisie los skote in die lug. Ons lag en jou. Skielik is ons honderde, ‘n duisend, ‘n wolwetrop wat blindelings jag. Ons stormloop in die donker, ons harte bons, bons, ons is helde wat ons lewens jubelend blootstel aan die noodsaak van ons gemeenskaplike woede. En skielik is daar niks voor nie, is dit verby en kan ons

[12] H. Giliomee en G. Hendrich: “Die Slag van Andringastraat: Studente-onluste op Stellenbosch.”, 1940 in *Historia*, p.21.
[13] *Die Burger*, 29 Julie 1940.
[14] *Cape Times*, 29 Julie 1940.
[15] H. Giliomee en G. Hendrich: “Die Slag van Andringastraat: Studente-onluste op Stellenbosch.”, 1940 in *Historia*, p.21. (Onderhoud met Willem Lubbe)

opgewonde spogtend huis toe gaan."[16] Alhoewel dit vir Rabie traumaties was, was dit ook 'n legendariese, dog negatiewe ervaring wat in sy herinneringe opgesluit was. Die tipering van die studente as 'n "wolwetrop" dui ook daarop dat dit vir Rabie ietwat van 'n verleentheid was. Volgens Rabie se relaas het studente eikeboomtakke, ensovoorts as slaangoed gebruik om veral bruin kinders, wat die koerante moes gaan koop, aan te val.

Die eerste botsing by Senitzky se kafee het tot 'n einde gekom nadat bruinmense tydelik teruggetrek het maar net om weereens te hergroepeer en as 'n georganiseerde eenheid weerwraak te pleeg. 'n Kortstondige stilstand in die gevegte het nou geheers. Die berig in *Die Burger* verskaf 'n gedetailleerde beskrywing van die daaropvolgende weerwraak van bruinmense teen blankes. Hul hoofteiken was gerig teen die privaat manskoshuis in Crozierstraat, naamlik Proteahof, vanwaar studente uit dié koshuis bruinmense by Senitzky se winkel aangeval het. Eerstens het die weerwraak begin deur die klippebestoking van twee onskuldige blanke skoliere wat per fiets in Andringastraat afgery het. Hul fietse is totaal vernietig en een van die seuns is in 'n gehawende toestand na die polisiestasie waarna hy inderhaas mediese aandag ontvang het.

Ongeveer tienuur die Saterdagaand het die intensiteit en verwoesting van die Slag van Andringastraat vererger. Opsetlike skade aan eiendom het nou plaasgevind. *Die Burger* het berig dat "kleurlinge opgeruk het teen die blanke inwoners in Crozierstraat, 'n straat wat die onderent van Andringastraat kruis. Ruite van woonhuise en motorvoertuie wat in die straat geparkeer was, is onder die klippe gesteek en groot skade is aangerig. Een D.K.W. motor wat ook in die aanslag betrokke was, is letterlik fyn en flenters gegooi."[18] In versterkte getalle van 50 tot 100 het bruin bendes spoedig die gebied rondom Crozierstraat oorstroom. Met slegs 'n paar studente in die koshuis kon bruinmense sonder skroom die koshuis met klippe bestook – en talle ruite is beskadig. Die beleëring van die vasgekeerde studente het daartoe gelei dat 'n noodoproep aan die ander manskoshuis, Dagbreek, gestuur is. Schalk Pienaar het vertel dat daar 'n groot teenmobilisasie van studente uit die koshuise plaasgevind het.[19] Hoewel Dagbreek-studente dus ook gemobiliseer het, is studente van ander koshuise, volgens Pienaar, ook gelyktydig betrek om aan die onluste deel te neem.

---

[16] J.S. Rabie: *Een-en -Twintig*, pp. 76-77.
[18] *Die Burger*, 29 Julie 1940. 'Woeste gevegte op Stellenbosch.'
[19] S.W. Pienaar: *Getuie van groot tye*, p. 28.

Na die noodoproep het sowat 100 studente feitlik gelyktydig by die gevegstoneel in Andringastraat opgedaag. Studente het regoorkant die bruinmense stelling ingeneem. Oor wie eerste tot die geweld en aksie sou oorgaan, is nie ten volle duidelik nie. *Die Burger* het beskryf dat die "studente blootgestel was aan 'n aanhoudende reën van klippe, en (waarin) verskeie ernstig beseer is. Een Dagbreker is so ernstig beseer dat hy onmiddellik na die hospitaal vervoer moes word, terwyl 'n groot aantal hoofbeserings en kneusplekke opgedoen het. Enkele van die burgerwagte wat ook teenwoordig was in die klippe reën het klip-beserings opgedoen."[21] Bruin inwoners in Andringastraat het gevoel dat hulle erg bedreig word deur die studentegroep van ongeveer 200 tot 300 man en het daarom vanuit hul huise as skuilplekke laasgenoemde groep met klippe bestook.[22]

Nadat polisieversterkings vanuit Kaapstad, Paarl en Kuilsrivier later die aand die plaaslike burgerwagte te hulp gesnel het, het normaliteit geleidelik ingetree. Sonder die intervensie van 'n derde party sou die geweld waarskynlik heeltemal hand uit geruk het. Volgens *Die Burger* moes die polisie loskruitpatrone vuur om bruinmense terug te dryf, terwyl studente versoek is om na hul koshuise terug te keer. Indien nie daaraan gehoor gegee sou word nie, sou laasgenoemde deur die polisie bestorm word. Uiteindelik het toesprake van die distrikskommandant, kaptein Mentz, en die Stellenbosse burgemeester, Lious Hofmeyr, bruinmense oorreed om hul weerwraak te staak.[23] Die vyandige toestand het egter eers omstreeks middernag ten einde gekom. Wissellende gesindhede van haatdraendheid, asook die beskrywing van Rabie oor die studente se "opgewonde spogtende" houding, het steeds voorgekom nadat die twee groepe uiteengegaan het. Die boosaardige Saterdagaandonluste was verby, maar die stryd was nie noodwendig uitgewoed nie.

5.3. DIE WRAAKSUGTIGE SOMBER SONDAGMIDDAGONLUSTE

Die tweede fase van die Slag van Andringastraat het op die sonnige Sondagmiddag van 28 Julie 1940 plaasgevind. Tot en met die middaguur was daar 'n algemene kalmte ten

[21] *Die Burger*, 29 Julie 1940.
[22] *Cape Argus*, 29 Julie 1940.
[23] *Die Burger*, 29 Julie 1940.

spyte daarvan dat herinneringe van oordadige geweldpleging van die vorige aand nog vars in die geheue van inwoners en deelnemers was. Van der Merwe het vertel dat studente na kerk en ten tyde van die etensuur "meer oor gister en vandag bespreek [het] as die preek."[1] Dit wil voorkom asof daar onder studente merendeels 'n oorwinningstemming teenwoordig was.

Die bruin gemeenskap van Stellenbosch het erg ontnugter en verslae gevoel oor die vorige aand se teistering en onluste. Gevul met wraakgevoelens om die blanke studente vir hul aandadigheid te laat betaal, is sommige bruinmense aangespoor om tot die aanval oor te gaan. Die *Cape Times* het berig dat bruinmense omstreeks 10:30 na Crozierstraat beweeg het en die ruite van 'n residensiële gebou, moontlik ook 'n studentewoning, uitgegooi het.[2] Vanaf hierdie moment het die spanning en moontlikheid van 'n verdere rassekonflik weereens hoogs waarskynlik geword. Honderde bruinmense het in 'n gedugte skare teen die middaguur in die omgewing van Du Toitstasie saamgetrek. Vandaar het hulle in 'n roete al met Andringastraat afbeweeg terwyl sommige kruiwaens vol klippe na die slagveld gestoot het. Vasgevang in die midde van die wraakgevulde massas het 'n blanke motoris van die Paarl vermoedelik swaar deurgeloop. Sy motorvoertuig is met klippe bestook en die bestuurder het dringend na die manskoshuis van Dagbreek gevlug om die belangrike boodskap van die bruin opmars mee te deel. Van der Merwe het die verskrikking van die motoreienaar en sy belewenis as volg vertel: "Voor Seksie Ses hou 'n erg gehawende rooi CA-sportmotortjie stil. Sy uit asem eienaar vertel van sy nagmerrie, sy groot skade en van honderde wat opmars na die dorp vanuit Du Toitstasie se rigting, al met Andringastraat af."[3]

Vervolgens het 'n ongenoemde persoon vanuit die middedorp van Stellenbosch 'n telefoonoproep na Dagbreek gemaak met die angsbevange stem en noodoproep: "Kom help ons, ons word aangeval!"[4] Daar word vertel dat die beller stilgemaak is met die gedreun en die versplinter van glas, aldus die luidrugtige breek van vensters.

Daar kan afgelei word dat studente moontlik van 'n teenaanval deur bruinmense bewus was. Jan Rabie, wat 'n inwonende student van Wilgenhof was, het byvoorbeeld in

---

[1] D.F. Van der Merwe (et.al.): *Dagbreek* (Halfeeu-gedenkuitgawe), p. 71.
[2] *Cape Times*, 29 Julie 1940. 'Fights in Streets.'
[3] D.F. Van der Merwe (et.al.): *Dagbreek* (Halfeeu-gedenkuitgawe), p. 71.
[4] D.F. Van der Merwe (et.al.): *Dagbreek* (Halfeeu-gedenkuitgawe), p. 71.

dié verband bevestig dat die noodoproep die studente "blindelings laat gehoorsaam het."[5] Na 'n haastige bymekaarkomslag het 'n groot massa studente, bestem om teenvergelding uit te voer, na die hoek van Andringa-en Victoriastraat beweeg. Rabie het vertel: "In Sondagsklere storm ons in die sonlig, 'n wit en jeugdige gespuis, 'n duisend sterk" na die slagveld.[6] In die gejaag het Pienaar se destydse buurman oor die draad gekyk en vir hom gesê: "Schalk, ek het 'n pistool. Ek bring dit vir jou gebruik as dit nodig word." Hierop het Pienaar in 'n nie-geweldadige luim geantwoord: "Doktor, dankie, maar ek dink nie dit sal nodig wees nie."[7] Daar was dus nie soseer 'n oorweldigende begeerte om van moordwapens soos vuurwapens gebruik te maak nie, veral nie op 'n Sabbatdag nie. As deelnemer het Van der Merwe beskryf dat hulle (die studente) as 'n "formidabele kommando te voet en te fiets, gewapen met alles denkbaar (dog nie met vuurwapens nie) na Andriesstraat gehaas het."[8] Die studente en wraakgevulde bruinmense het dus weereens as twee hoogs verdeelde vyandige groepe teen mekaar opgeruk en te staan gekom.

In die omgewing van Andries-, Crozier- en Victoriastraat was slegs enkele polisielede teenwoordig. Een polisiewa wat probeer het om die bruin opmars te stuit is na oorlewering met 'n magtige sarsie klippe bestook. Hierdie Ford-polisievangwa is erg beskadig en dit het gou die indruk geskep dat die polisie as 'n gewapende buffer uitgeskakel is. Van der Merwe het beweer dat toe die wiele ingesink het, daar 'n "effense huiwering by die klipartillerie te bespeur was."[9] Vuilspel het egter nie net van bruin kant gekom nie. Sommige waaghalsige, selfs agterbakse en avontuurlustige studente, het bo-op dakke agter skoorstene weggekruip. Vandaar het hulle as skerpskutters gewapen met "ketties" rustig vir hulle bruin slagoffers onder in die strate uitgesoek.

Die amptelike gevegte het begin toe die studente in 'n massastormloop die bruinmense bestorm het. Uit selfverdediging het die bruinmense met klipbestokings geantwoord. Rabie skets die gewelddadige stryd baie duidelik in beeldspraak: "Weer eens begroet die ysterdos van 'n klippe reën ons op die grens van die armoedige strate." Volgens Rabie het klein bruin kindertjies die voortou geneem omrede "muisklein

[5] S.J. Rabie: *Een-en-Twintig*, p. 77.
[6] *Ibid*., p. 77.
[7] S.W. Pienaar: *Getuie van groot tye*, p.28.
[8] D.F. Van der Merwe (et.al.): *Dagbreek* (Halfeeu-gedenkuitgawe) , p. 71.
[9] *Ibid*., p.71.

klonkies kruiwavragte klippe tors."[10] Nietemin het die studente mettertyd die bruin stellings oorrompel en met allerhande toebehore as "hokkiestok-, fietsketting- en tennisbaan-regimente soos 'n vloedgolf oor hul teenstanders die hef in die hand gekry."[11] Rabie het dit soos volg beskryf: "Hierdie keer blink die meslemme, doem bylstele by ons op. Die waaghalsiges kruip skerpskuttergewys op dakke langs. Telkens word een bewusteloos en bebloed na agter gedra. Skreeuend maal ons." Die "kettie-skerpskutters" het in der waarheid daartoe bygedra dat die gevegte heimlik geïntensifiseer is. Volgens Rabie het die gevegte so verwoestend geraak dat 'n teologiese student selfs die vrede wou herstel en oorgee. Deur 'n wit sakdoek aan 'n opgehewe hokkiestok vas te maak het die student uitgeroep: "'Vrede, In Godsnaam, Vrede!' Jammerlik het die bruin vegters nie daaraan gesteur nie en is hy ook met klippe kop omlaag verdryf."[12] Sommige studente het hieroor gebulder van die lag.

Met die voorval het die studente die bruinmense, maar ook nou hul residensiële wonings begin bestorm, oorrompel en kruis- en dwars aangeval. Die *Cape Times* het berig dat "Europeans assembled in large numbers stormed the Coloured quarters and drove out practically the entire non-European community. Many of the Europeans had sticks."[13] Die indringing en inbreek van ongemagtigde studente in privaat bruin eiendom het 'n saak geword wat geensins regverdig kon word nie. In teenstelling met die studente het bruinmense nie in 'n verwoestende bui blanke wonings fisies binnegedring om alles daarbinne voor die voet te verniel nie. Ongelukkig was laasgenoemde strydlustigheid duidelik onder sommige studente teenwoordig. Blykbaar is bruin wonings nie uitsluitlik in Andringastraat nie, maar ook in strate wat niks met die onluste te doen gehad het nie, aangeval.

Vir die onskuldige bruin inwoners moes hierdie belewenis uiters vreesaanjaend gewees het. Talle huise is binnegestorm, sommige inwoners is aangerand en huiseiendom of nabygeleë winkelvensters is onherstelbaar beskadig. Die *Cape Times* het in 'n koerantberig gemeld dat "several children of respectable coloured families had been seriously injured; that not only had the windows of houses and shops of some coloured

---

[10] S.J. Rabie: *Een-en-Twintig*, p. 77.
[11] D.F. Van der Merwe (et.al.): *Dagbreek* (Halfeeu-gedenkuitgawe), p. 71.
[12] S.J. Rabie: *Een-en-Twintig*, p. 77.
[13] *Cape Times*, 29 Julie 1940.

owners been broken in, but that houses were raided and crockery, glassware and valuable furniture smashed by the students."[14] Duur seldsame besittings soos radiostelle en outentieke Kaapse meubels is vernietig.

'n Beskrywende artikel in die DF Malan Versameling, *Who caused the riots?*, het oor die verwoesting uitgebrei: "In the lower part of Andringa Street there is scarcely a single pane left unbroken and doors and woodwork suffered badly from the rain of stones. Scores of Coloured residents were wounded."[15] Buffelagtige gedrag van studente het wyd voorgekom. 'n Uitstaande voorbeeld hiervan was die getuienis van die familie Kannemeyer, wat met bruinmense bevriend en steeds "goeie verhoudinge probeer handhaaf het, het 'n netelige ondervinding tydens die onluste gehad. Pas nadat hulle vir middagete in hul huis wou aansit het roekelose studente hul huis binnegebars en die gestyfde tafeldoek met alles daarop, sonder genade, afgetrek."[16] Hierdie dade van oneerbiedigheid het dus sterk met die ongevoeligheid van radikale en polities-bewuste studente, en hul idees van blanke verhewenheid en residensiële segregasie, verband gehou. Enigiemand, selfs enkele blanke inwoners wat simpatiekgesind teenoor bruinmense was, is deur hierdie radikale studente oor dieselfde kam geskeer.

Onder bruin inwoners was daar 'n wisselende mate van eensgesindheid rondom die spesifieke verloop van die onluste. Die deursnee bruin waarnemers, wat in die konflik area woonagtig was, was dit egter eens dat die gebeure hoogs ontstellend was. In talle mondelinge oorvertellings was die totale angsbevangenheid duidelik te bespeur. Dennis Williams het vertel dat studente in hul huise gekom en alles stukkend geslaan het "want hulle was almal studente wat ingevoer was van Transvaal en Natal."[17] In aansluiting daarby was dit ook Marie Adendorff se bevinding dat hierdie studente met diepgesetelde rassevooroordele vanuit die binneland gekom het. Volgens bruinmense was die optrede van sogenaamde "beskaafde" studente onverantwoordelik en teleurstellend. 'n Spreker van "die Glandie Boys" het vertel dat "hulle (die studente) als wat daar was 'gesmash' het. Hulle het mense se potte kos afgegooi, en hulle het dit die 'great fight' hier op

---

[14] *Cape Times*, 31 Julie 1940.
[15] JS Gericke Biblioteek (Africana Spesiale Versamelings). D.F. Malan Versameling, Leer 1/1671. *Who caused the Riots?* (Non-European United Front of South Africa, Kaapstad, 1940).
[16] H. Giliomee en G. Hendrich.: "Die Slag van Andringastraat: Studente-onluste op Stellenbosch.", 1940 in *Historia*, p.24.
[17] Mondelinge onderhoud deur H. Biscombe met D. Williams. (Getranskribeerde bandopname 49, p.26).

Stellenbosch genoem. Daai sal ek nooit vergeet nie."[18] Audrey was dit eens dat "mense in die Vlakte" baie deurgeloop het, maar dat bruinmense studente sommer met potte kookwater gegooi het. Verdedigende bruinmense het dus uit weerwil enigiets, selfs kookwater, as beskermings of afskrikmiddel gebruik.[19]

Daarbenewens het die meeste bruin vroue- en kinders in angsbevange en getraumatiseerde omstandighede verkeer. Sophia Newman het byvoorbeeld daarop verklaar dat "bruinmense hulself binnenshuis weggesteek het omdat hulle 'te bang' was."[20] Dit was dus 'n situasie van veg of wegkruip vir bruinmense wat hulself ten alle koste van die onluste wou distansieer, òf om heldhaftig hul saak te beredder deur aan die onluste deel te neem.

Jan Rabie het later die skaamteloosheid van die intensiteit van die Slag van Andringastraat op die Sondagmiddag as deelnemende waarnemer soos volg vertolk: "Toe het ek saamgelag, saamgestorm. Soos die ander, 'n jong seun in Sondagsklere met 'n haatvertrekte, hygende mond. Oor klippestapels, deur verlate strate waar ons ons meerderwaardigheid met klippe in elke venster betoon het. Al wat nie kruiperig binne in hul huise gebly het nie, het ons vir hul aanmatiging vergeld. Hier wit arms wat 'n Kleurlingvrou terugstamp deur 'n oop deur; 'n byl wat lig en val oor die trots van die huis, 'n radiostel, terwyl 'n grap met voetbalstewels kners: "Nou het jy twee!" dáár voete wat 'n bruin gesig skop tot die rooi bloed spat."[21] Rabie verwoord op 'n baie dramatiese manier die uiterste skade aan beide mens en eiendom, en groot mate van wraaksugtigheid wat voorgekom het, vandaar die "haatverstrekte, hygende monde" van blanke studente.

Teen halfvyf die middag het groot getalle polisieversterkings weereens vanuit Kaapstad, Paarl en Kuilsrivier opgedaag en na 'n lang worsteling daarin geslaag om wet en orde te herstel. Addisionele polisieversterkings van Malmesbury, Wellington, Somerset-Wes en Strand het ook opgedaag.[22] Gewapen met diensrewolwers, sabels en bajonette as afskrikmiddels het die polisie die twee groepe uitmekaar gedryf. Die polisie het die hernude opvlam van onluste hierdie keer veel ernstiger beskou. Tien arrestasies

---

[18] Mondelinge onderhoud deur H. Biscombe met "Die Glandie Boys." (Getranskribeerde bandopname 19 – Verskeie mense, pp.32-33).
[19] Mondelinge onderhoud deur H. Biscombe met Audrey. (Getranskribeerde bandopname 4 C, p.38).
[20] Mondelinge onderhoud deur H. Biscombe met S. Newman. (Getranskribeerde bandopname 15, p.33).
[21] S.J. Rabie: *Een-en-Twintig*, p. 78.
[22] *Cape Times*, 29 Julie 1940.

het plaasgevind. Ongeveer dertig polisiereserviste het die strate en aangrensende bruin buurtes konstant gepatrolleer.[23] Die universiteit het ook ingegryp. Die Rektor, prof. R.W. Wilcocks, het gepleit en versoek dat die studente die plundery staak en in vrede na hul koshuise moes terugkeer.

Teen die aand het studente by Dagbreek met vlae van die Boererepublieke betoog. E.C. Pienaar het egter die studente in ‘n toespraak oorreed dat hulle nie verder die Sabbatdag moes ontheilig nie.[24] Laastens het Van der Merwe ook Dagbreek as *The Last Post* geassosieer, maar dit was volgens hom ook ‘n vesting van beskerming én dat hierdie groot Slag van Andringastraat as’t ware die historisiteit van beide die straat self en die koshuis verhoog het.

Van der Merwe se veronderstelling dat die netelige gebeurtenis vir Stellenbosch en nasionaal wel opspraakwekkend was, was myns insiens van korte duur. Jare na die insident sou dié historiese gebeurtenis beslis in die vergetelheid raak veral weens inwoners se huiwering om die tragiese episode gedurig in die herinnering te roep. Enige beduidende verwysing (selfs deur akademici) hierna is grootliks weerhou as moontlike maatstaf om die vrede in die menseverhoudinge tussen blank en bruin te bewaar.

5.4. DIE AFSLUITING VAN ‘N ONHEILSPELLENDE INSIDENT

Die gevolge van die Slag van Andringastraat was verreikend en het bowenal ‘n ingrypende impak op die blank en bruin verhoudinge op Stellenbosch gehad. Die slag was verby. Op Stellenbosch, sowel as in die nasionale politiek sou kort voor lank ‘n intense polemiek aangaande skadevergoeding aan slagoffers van die onluste, inwoners se persoonlike standpunte en ervaringe, en vernaamlik ook tussen die verskeie owerheidsinstansies, woed.

Volgens die Maandag-uitgawe van *Die Burger* van 30 Julie 1940 het die hele Stellenbosse gemeenskap in ‘n gedurige toestand van spanning verkeer. Dameskoshuise

[23] *Cape Times*, 29 Julie 1940.
[24] Van der Merwe, D.F (et.al.): *Dagbreek* (Halfeeu-gedenkuitgawe), p.73.

is streng bewaak deur mansstudente en die afgelope gebeure was op almal se lippe. Dringende voorsorgmaatreëls het geleidelike normaliteit verseker.[1]

As plaaslike dorps- en streekskoerant het die *Stellenbosch Distrik Mail* 'n belangrike introspeksie oor die gevolge van die Slag van Andringastraat gelewer. Selfs so vroeg as Dinsdagaand het 'n afvaardiging wat die bruin gemeenskap verteenwoordig het, onder die bekwame leiding van eerw. A. Knottenbelt en R.H. Brown hul standpunte voor die Stellenbosse stadsraad gestel. Knottenbelt het gemeld dat hy self die "ontsettende skade" gaan ondersoek het. In samesprekings met die burgemeester, Hofmeyr, het die bruin afvaardiging gemeld dat hoewel die bruin gemeenskap die blankes aangeval het, skade feitlik uitsluitlik in die bruin buurtes voorgekom het. Blankes inwoners in dié buurtes is ook nie gemolesteer of aangerand nie. Bogenoemde voorlopige standpunt is na 'n verdere versoek, veral aan die universiteitsowerhede, opgevolg.

Voortvloeiende uit hierdie eis was die onderliggende motiewe om enige toekomstige rassebotsings van welke aard ook al te voorkom. Die volgende ses versoeke is deur eerw. Knottenbelt gerig: "(1) strong representations be made to the University authorities to exercise a better control over the students in charge; (2) that an immediate search be made by the police in all University hostels to discover any firearms and ammunition; (3) that the students be asked to pay for all damages done; (4) that an apology was due by the perpetrators to the community for what had been done and that they shall promise that it shall not occur again; (5) that foreign flags and any flags, other than the constitutional flags of the Union of South Africa, should not be allowed to be displayed; (6) that representations be made to newspaper vendors to provide better accommodation for the distribution of newspapers."[2] Hierdie pertinente direkte beskuldiging teen blanke studente kon hoogs waarskynlik deur koerantberigte van die *Cape Times* en die *Cape Standard* veroorsaak gewees het. Veral die telegram van Cissie Gool aan Smuts en haar standpunte rondom die onluste het 'n negatiewe beeld van blanke inwoners en studente geskep. Die telegram van 29 Julie 1940 deur Gool, die president van die Non-European United Front, het soos volg gelees: "Non-European community of Stellenbosch requests me to inform you that many hundreds of Europeans

[1] *Die Burger*, 30 Julie 1940.
[2] *Die Stellenbosch Distrik Mail*, 2 Augustus 1940.

attacking Stellenbosch non-European residents during week-end, using severe violence. Rioters are terrorising the non-Europeans and threaten to get out of hand. Urge government to provide extra police protection, institute full enquiry, punish offenders, and have non-Europeans compensated for damage of their homes and for personal injuries. Await your assurance".[3] Volgens Gool en andere moes bruin slagoffers vir hul skade vergoed word, en daarvoor was die studente alleenlik verantwoordelik.

In teenstelling met Gool se standpunte was dit egter oorwegend bruin deelnemers wat na die onluste gearresteer en onder polisietoesig deurgeloop het. Slegs enkele blankes, waaronder die student Daantjie Barnard en andere, is vir hul aandadigheid op relatief versagtende omstandighede aangekla. In die *Cape Times* het Gool voorgestel en gedreig dat studente se subsidies hulle ontneem moes word of dat die universiteit heeltemal moes sluit. Gool het die onwelvoeglike studente-optrede ook aan "Vyfde kolonne" aktiwiteite gekoppel: "Pro-Nazi fith columnists are dynamiting, bombing and sabotaging through South Africa and if the students of Stellenbosch, subsidised by public funds, continue their deplicable tactics, the sooner the Government closes the University down the better."[4] Sluiting was onwaarskynlik aangesien dit moontlik tot hernude grootskaalse uitbarsting van haatdraendheid en geweld aanleiding kon gee.

In die Afrikaanse Kaapstadse dagblad, *Die Burger*, is met die blanke studente gesimpatiseer en bruin inwoners is as die skuldiges afgemaak. Bruin deelnemers is as parmantig beskou. *Die Burger* het berig dat "sekere seksies van die kleurlinggemeenskap op Stellenbosch totaal handuit geruk het en hulle het letterlik 'n skrikbewind gevoer oor blankes wat naby die kleurlingwoonbuurtes bly."[5]

Ten spyte van wedersydse beskuldigings is dit waarskynlik dat die deelnemers slegs tot 'n klein faksie van die Stellenbosse gemeenskap afgebaken kan word. Briefwisseling in die *Cape Times* het die betreurenswaardigheid van sommige Stellenbosse inwoners en hul menings oor die onluste geopenbaar. Paul Heynike het geskryf dat: "No "European inhabitant" took part in these fights. It was confined to Stellenbosch students, and a very nice reputation they are establishing for themselves and their Alma Mater. No inhabitant has been guilty of such behaviour, and no student with

[3] *Cape Standard*, 30 Julie 1940.
[4] *Cape Times*, 30 Julie 1940.
[5] *Die Burger*, 30 Julie 1940.

ordinary common sence can possibly associate themselves with such deeds."[6] 'n Verdere anonieme inwoner het beweer dat die onverantwoordelike element van die dorp Stellenbosch se naam deur die modder getrek het: "We local citizens most strongly resent our good name being blemished by that irresponsible section who are actually sent here, in order to become civilized."[7] Nie slegs is studente as sondebokke beskou nie maar is die sogenaamde "bendemetodes" van 'n klein faksie van die bruin gemeenskap op Stellenbosch ook as betreurenswaardig beskou.

Leidende Suid-Afrikaanse politici was sterk verdeeld oor die Slag van Andringastraat. Vir ongeveer 'n week het daar byvoorbeeld 'n intense polemiek tussen Malan en Smuts geheers. Hewige politieke gesprekvoering het deur middel van telegramuitruiling plaasgevind. In die politieke arena is felle kritiek teenoor mekaar uitgespreek wat grotendeels oor die aanleidende oorsake van die onluste gehandel het. In Smuts se telegram is die blaam vir die onluste op Malan gepak, en sy "opsweping van die openbare gevoel deur die heftige vredesveldtogte, die republikeinse propaganda van sy partygenote, en sy minagting van parlementêre besluite."[8] Malan is verder daarvan beskuldig dat die jonger geslag mislei of dat hulle "gekroek word in 'n gees van versetting wat noodwendig tot 'n toestand van rusverstoring, wetteloosheid en wanordelikheid moet lei."[9] Dit het geblyk asof Smuts homself gedistansieer het deur te verklaar dat die regering krasser sal optree en dat dié onreëlmatighede (oor die onluste) eerder aan die onpartydige oordeel van die howe oorgelaat moes word.

In antwoord op Smuts se kritiek het Malan Smuts sy telegram met verbasing en verontwaardiging die beskuldigings daarin vervat as onwaardig en beledigend weggewys. Volgens Malan moes Smuts 'n groter verantwoordelikheid teenoor die "herhaalde aanrandings op weerlose Afrikaners" betoon het deur beter beskerming en 'n gevoel van sekuriteit te verseker.[10] Die plofbaarheid in die politieke gesprekvoering is verder verhoog deurdat Malan gewaarsku het dat verdere geweldpleging moontlik was. Malan het selfs bygevoeg dat Smuts op die uiteinde die volle verantwoordelikheid van die

---

[6] *Cape Times*, 31 Julie 1940.
[7] *Ibid*.
[8] JS Gericke Biblioteek (Africana Spesiale Versamelings). DF Malan Versameling, Leer 1/1/1676 Smuts/Malan Telegram (1940, Julie (30?)).
[9] *Ibid*.
[10] JS Gericke Biblioteek (Africana Spesiale Versamelings). DF Malan Versameling, Leer 1/1/1677 Malan/Smuts Telegram (1940, Julie (31)).

onluste moes dra en dit kon selfs sy eie politieke ondersteuningsbasis demper. Hierdie wedersydse politieke kritiek was dus ‘n bevestiging van die feit dat die nagevolge van die Slag van Andringastraat selfs tot die landspolitiek uitgekring het.

Die owerhede van Stellenbosch was erg geskok oor die onluste. ‘n Uitgebreide gesprekvoering en korrespondensie het tussen die prominente blanke owerheidsinstansies, te wete die stadsraad en die universiteit, en die bruin gemeenskap plaasgevind. Dit het oorwegend oor skadevergoeding gehandel. Aan die universiteitsbestuur is bekend gemaak dat voorlopige skattings van skade aan eiendom, afgesien van die motorvoertuie, in ‘n munisipale opname hoogstens op £100 te staan gekom het.[11] Volgens ‘n notule van die universiteitsraad het die rapport oor die onluste skynbaar ingestem dat studente sou onderneem om onskuldige bruinmense vir hul skade te vergoed. Bruin slagoffers moes egter aansoek en bewys van hul skade lewer. Verskeie bruinmense is wel vir hul aandadighede vervolg en is ‘n geldboete van tussen £1 en £5 opgelê en twee ander blankes is in gelyke terme aangekla.[12] Die skade en die prys wat daarvoor betaal moes word, was dus relatief hoog. Dit wil voorkom asof blanke studente en die universiteitsowerhede al meer konstanter vir finansiële skadevergoeding verantwoordelik gehou is.

Reeds in die eerste week van Augustus het bruin inwoners ‘n organisasie gestig. Die doel daarvan was om bruin belange in stand te hou, en die versoek en eise om skadevergoeding aan onskuldige bruin inwoners te betaal verder onder blankes in te boesem. Die bruinmense het die organisasie as die *Stellenbosch Vigilence Movement* (Waaksaamheidskomitee) van stapel gestuur. Na ‘n openbare vergadering op 31 Julie 1940 het hul sekretaris, D.V. Seane, die volgende resolusies aan die stadsraad gestuur. Twee punte in hierdie resolusie is noemenswaardig: “(1) Dat die Raad ernstig versoek word om alles in hul vermoë te doen om lewe en eiendom van elke seksie van die bevolking te beskerm; en (2) dat die Raad dringend versoek word om die wenslikheid van

[11] US Argief, Rapport oor die onluste op Stellenbosch. Hierdie ongedateerde verslag is in ‘n notule van die US Raad se vergadering van 12 Oktober 1940 opgeneem.
[12] R.E. Van der Ross: *The Rise and Decline of Apartheid. A study of political movements among the Coloured People of South Africa, 1880-1985,* p.157.

skadevergoeding aan persone wat gely het, te oorweeg en dat die Raad sal sorg dat sulke vergoeding voldoende en toereikend sal wees."[13]

Tydens 'n daaropvolgende vergadering op 6 Augustus 1940 in Andringastraat het die Stellenbosch Vigilance Movement verdere belangrike besluite geneem. D.V. Seane het die belangrikste besluite van die vergadering na die universiteitsbestuur gestuur. Die Vigilance Movement se besluite was as volg:

> "(1) Dit spyt ons dat ons moet kla dat 'n groot en vredeliewende seksie van die nie-blankes deur 'n aantal van u universiteitstudente sonder oorsaak aangerand is en dat baie skade aan liggaam en eiendom aangerig is.
> (2) Dat hierdie vergadering weerspreek die onjuistheid dat die nie-blankes as sulks gekant is teen die blankes of meer bepaald die Afrikaanssprekendes soos ongelukkig in sekere universiteitskringe in omloop is.
> (3) Dat hierdie vergadering u en u raad versoek om by te dra tot die handhawing van publieke orde en veiligheid.
> (4) Dat as gevolg van die aanrandings baie nie-blankes se woonhuise in bouvallige toestand verkeer en dat hulle baie min hoop het op spoedige vergoeding van skade.
> (5) Dat 'n afsonderlike deputasie u kan kom spreek indien u Raad dit vereis."[14]

Die afhandeling van die saak moes vir beide die rektor en die studente so spoedig moontlik plaasvind. Die moontlikheid van die instelling van 'n kommissie van ondersoek is as groot bedreiging vir die universiteit gesien. Siviele aksies moes voorkom word. Vermoedelik was prof. Wilcocks bevrees dat die uitkomste van die saak 'n negatiewe beeld en swak reputasie van die universiteit se status kon skep. Vanuit 'n studente-oogpunt het J. Badenhorst, wat namens die S.V.R opgetree het, in die *Stellenbosch Distrik Mail* repliek gelewer dat daar reeds 'n stigmatisering van studente voorgekom het. Hy het aanbeveel dat die onus nie alleenlik op die studente geplaas word nie, én dat die

[13] (KAB) 3/STB No. 4/1/111 verwysing 14/9 Deel 1. Public safety and convienience. Disturbances at Stellenbosch 27 to 28 July 1940, Andringa Street. (Records of the Stellenbosch Town Clerk). 'Stellenbosch Vigilance Movement.'
[14] US Argief. Korrespondensie: Stellenbosch Vigilance Movement, Andringastraat, 6 Augustus 1940.

stadsraad van Stellenbosch moes poog om in die openbaar die stigma wat aan die studentegemeenskap begin kleef het teen te werk.[15] Om swak publisiteit te voorkom, het die rektor, baie huiwerig, vrywillige skenkings vir skadevergoeding probeer vermy. Die rektor wou eerder die saak deur onderhandelinge tussen die betrokke partye afhandel.

'n Ontmoeting waaroor hierdie aspekte onderhandel is, het op 23 Augustus 1940 tussen die vise-kanselierskomitee en veertien bruin verteenwoordigers plaasgevind. Die atmosfeer van die ontmoeting blyk duidelik uit die notuleverslag van die komitee "Almal [het] op 'n besadigde wyse hul leedwese en ook hul afkeuring uitgespreek het oor die onluste."[16] Vanuit die vergadering blyk dit dat daar 'n sterk neiging was dat die komitee deur middel van onderhandelinge, bruinmense wou ontmoedig om òf die regering òf die Kommissie van Ondersoek in die saak te betrek. Die komitee het die onwenslikheid van so 'n stap met die bruinmense bespreek. Daar is ook aan die hand gedoen dat dit beter sou wees indien die saak, asook die skade wat deur onskuldiges gely is, deur vriendskaplike onderhandelinge tussen die betrokke partye besleg kon word. Die verteenwoordigers het onderneem om hierdie wenk aan die bruin organisasie(s) vir oorweging voor te lê.[17] Afgesien van die onderhandelinge en oorwegings tussen blank en bruin, is 'n komiteevergadering ook met studente onderling gehou. Op 30 Augustus 1940 het die vise-kanselierskomitee dus met elf verteenwoordigers van die S.V.R beraadslag. Die konsensus wat bereik is, het gelui dat studente ook hul leedwese oor die onluste uitgespreek het en oor die voorkoming van rassewrywing in die toekoms moes besin.

Soos weerspieël in die vergaderings was die kwessie van skadevergoeding vir blankes 'n doring in die vlees. As oplossing vir die swaarwigtige skuldlas het die komitee voorgestel dat die studenteraad die skadevergoeding self sou delg. Die S.V.R. het daarop kommentaar gelewer dat hoewel studente vir 'n deel van die skadevergoeding toerekensvatbaar was, die studenteraad as sodanig nie bereid sou wees om die verantwoordelikheid vir die totale bedrag op hulself te neem nie. Die S.V.R het

[15] *Die Stellenbosch Distrik Mail*, 2 Augustus 1940.
[16] US Argief, Rapport van Vice-Kanselierskomitee – Insake onluste op Stellenbosch op 23 Augustus 1940. Ongedateerd, p.94.
[17] *Ibid*.

aangevoer dat "daar ander persone ook aan die onluste deelgeneem het en wedersydse skade berokken is aan persone wat met die saak niks te doen gehad het nie."[18]

Schalk Pienaar was ook tydens die vergadering teenwoordig. Hy het 'n insiggewende staaltjie vertel wat beide sy gemoedstoestand en houding belig het, veral ten opsigte van skadevergoeding. Pienaar het vertel dat ds. A.F (Affie) Louw as lid van die NG Kerk en 'n subkomitee uit simpatie vir bruinmense studente probeer oorreed het om geldelike skenkings as vergoeding in te samel. Daarvoor het Pienaar egter onverbiddellik geweier. Hy het later sy verskoning hiervoor as volg aangevoer: "Al verskoning wat ek vandag kan aanvoer – as 'n mens dit 'n verskoning durf noem – is dié wat Churchill gegee het toe aan hom gevra is watter verskoning hy eendag voor die Regterstoel kon gee vir die gooi van die atoombom op Hirosjima. Sy antwoord was dat hy sal sê: 'Lord, at that time I was awfully angry'.[19]

Nietemin het die studenteraad 'n bedrag van £20 vir hulpverlening bygedra. Aan drie persone wat liggaamlike beserings opgedoen het, is elk £6 uitbetaal. *Ex gratia* uitbetalings sou volgens die bedrae van verliese wat gely is, geskied. 'n Totale bedrag van £18: 4: 6 vir skade aan eiendom soos verstrek op 'n munisipale lys van bruin slagoffers sou uitbetaal word. In die rektor se verslag van 19 Oktober 1940 word verder vermeld dat "'n bedrag van 5/- ook aan 'n universiteitsbediende (Marthinus) wat tydens die onluste onskuldig geslaan is," uitbetaal is en die bedrag tot £6: 5: 0 vir beserings opgestoot het."[20]

Uiteindelik het die skade aan eiendom en persoonlike beserings 'n totale bedrag van £24: 9: 6 beloop en wat wel uitbetaal is.[21] Hofmeyr, die burgemeester, het ook die stadsklerk in kennis gestel van 'n bedrag geld wat ene D. Osrin vir skade aan sy eiendom geëis het. Hofmeyr het gesê dat Osrin £7: 18: 3d geëis het, en dat hy sy volle

[18] US Argief, Rapport van Vice-Kanselierskomitee – Insake onluste op Stellenbosch op 23 Augustus 1940. Ongedateerd, p.95.
[19] S.W. Pienaar: *Getuie van groot tye*, p.29.
[20] US Argief. Verdere Rapport insake onluste op Stellenbosch op 27 en 28 Julie 1940. R.W. Wilcocks. (IV), p.3.
[21] *Ibid*.

ondersteuning gegee het.[22] Die argivale dokumente van Osrin het egter geen verdere inligting verstrek of hierdie bedrag wel aan hom uitbetaal is nie.

Desnieteenstaande het prof. R.W. Wilcocks die saak eenparig afgesluit: "Volgens besluit van die Raad van die Universiteit is die helfte van die uitbetaalde bedrag gedek uit die bydrae van die S.V.R en die helfte uit die Universiteitsgelde."[23] 'n Kopie van die finale ooreenkoms is deur prof. R.W. Wilcocks aan die Minister van Justisie gestuur.

5.5. DIE VERBETERING VAN VERHOUDINGE TUSSEN BLANK EN BRUIN

Dit is vanuit die staanspoor moeilik om te glo hoedat die eertydse goeie verhouding tussen blank en bruin op Stellenbosch, veral weens die tragiese onluste, ooit weer herstel of enigsins verbeter kon word. Na die suksesvolle afhandeling van die saak om skadevergoeding het die Sekretaris van die Minister van Justisie die universiteitsowerhede vir hul simpatieke gesindheid jeens die bruinmense geloof.

In die sekretariële brief van die Minister van 25 Februarie 1941 is daar soos volg kommentaar gelewer: "I have been asked by the Honourable the Minister to inform you that he has seen a copy of Professor Wilcocks' report and is satisfied that the university authorities and the Magistrate have done their best to settle the matter. He appreciates the readiness of the university authorities to deal sympathetically with the claims of the people who suffered personal injuries as material damage and recognizes the value of your own effort in bringing about better relations between the different elements at Stellenbosch."[1] Die Minister het in sy brief veral na die twee belangrikste antagonistiese elemente in Stellenbosch, naamlik die studentefaksie en bruin groep, verwys. Maatreëls moes nou ingestel word om 'n staat van vrede en normaliteit tussen dié elemente te probeer bewerkstellig.

---

[22] (KAB) 3/STB No. 4/1/111 verwysing 14/9 Deel 1. Public safety and convienience. Disturbances at Stellenbosch 27 to 28 July 1940, Andringa Street. (Records of the Stellenbosch Town Clerk). D. Osrin, 2 Oktober 1940.

[23] US Argief. Verdere Rapport insake onluste op Stellenbosch op 27 en 28 Julie 1940. R.W. Wilcocks. (IV), p.3.

[1] US Argief. (Sekretariële brief van die Minister van Justisie), 25 Februarie 1941. Die Edelagbare Mr. H.S. van Zyl, Judge Presidents' Chambers, Hooggeregshof, Kaapstad.

In universiteitskringe is pogings aangewend om deur middel van woordvoering en debat die sieninge rondom die kleurvraagstuk weer so ver moontlik te verbeter. D. Maartens en Donald Foster het hul standpunte oor die kleurvraagstuk in ‘n artikel in *Die Stellenboschse Student* baie spekulatief uiteengesit. Vele vrae is gevra en die toekomstige status van bruinmense is ook intens aan die kaak gestel. Volgens Maartens en Foster het dit geensins gelyk asof die onluste die prestige van die universiteit verhoog het nie, selfs nie by diegene wat hulle goedgesind was nie.[2] In ‘n baie krities-analitiese ontleding het hulle hul standpunte as volg gehuldig: “Die botsing is geensins ‘n alleenstaande gebeurtenis nie. Dit is die openbaring van ‘n slegte verhouding wat al baie oud is. Die feit staar ons in die oë, ons moet dit insien terwyl ons nog die situasie beheer, daarop handel, met die toekoms altyd voor oë gehou. Die kleurling is ‘n bewoner van die Unie van Suid-Afrika. Hy sal hier bly en sterf. Of *hy* dit besef of nie, dit is tyd dat *ons* dit besef en op handelwyse afgaan. Hulle moet van diegene wie se lojaliteit Suid-Afrika is leer hoe ‘n mens jou land moet liefhê. Kleurlinge het waarskynlik baie min patriotisme. Sy sterkste gevoel is seker ‘n begeerte om op gelyke voet met die witman te kom, en om erkenning te kry, polities en ekonomies, vir die rol wat sy goedkoop arbeid speel in ons ekonomiese lewe, vir hulle getalsterkte, en vir hul afsetgebied wat hulle verskaf. Hulle het ‘n stryd te stry teen die witman, wat sy bevoorregte posisie wil beskerm. Wat sal die uiteindelike gevolg hiervan wees.”[3]

Hierdie argument toon die ingewortelde opvattinge van blanke verhewendheid en dat die optrede van bruinmense aan ‘n stryd om sosiale gelykheid met die blankes grens. Dieselfde neiging het in die onderstaande vraagstellings voorgekom: “Of ons dit nou wil hê of nie, die kleurling doen langsamerhand ons beskawing en kennis op. Met die loop van die volgende paar eeue sal hulle waarskynlik kultuurgoed begin lewer. Wie se taal gaan hulle gebruik in hul letterkundige produkte? Na wie sal hulle opsien vir rigting in hul kulturele produksie? Gaan dit wees na die Afrikaners of na die een of ander uitheemse ras? Gaan die opvoeding wat hulle kry, hulle nog net meer verbitter en sinies

[2] Maartens, D. en Foster, D.: (Korrespondensie) “Gedagtes oor die Kleurvraagstuk” in *Die Stellenboschse Student*, Augustus 1940, Deel XLI, no. 5. (JS Gericke Biblioteek – Afdeling Tydskrifte), p.259.
[3] *Ibid*.

teenoor die witman maak, of gaan dit hulle ‘n groter vertroue in ons leierskap gee? Moet ons die opvoeding aanmoedig of bestry?”[4]

Hierdie sensitiewe vrae het nie dadelik antwoorde gekry nie, hoewel daar kort na die Slag van Andringastraat feitlik onmiddellik ‘n vriendskaplike hand na die bruin gemeenskap uitgesteek is. Die *Stellenbosch Distrik Mail* van 6 September 1940 het verskeie maatreëls vir die bevordering van beter verhoudinge die lig laat sien. Die belangrikste maatreëls ten opsigte van blank en bruin verhoudinge is soos volg uiteengesit: “Die Vise-Kanselierskomitee het dieselfde saak ook met die afvaardiging van die situasie bespreek. Die kwessie is goed uitgepluis en die kleurlinge het onderneem om ‘n komitee in die lewe te roep wat sal streef om alle moeilikhede wat daar van die kleurlinge se kant mag kom te verhoed en wat moontlike klagtes van die kleurlinge onder die aandag van die universiteitsowerhede sal bring. Die studente het aan die ander kant ingewillig dat die Uitvoerende Bestuur van die S.V.R van tyd tot tyd met die verteenwoordigende komitee van die kleurlinge samesprekings sal hou. Wilcocks, die Rektor van die Universiteit, het aan die verteenwoordiger van die *Mail* verklaar dat hy verstaan dat hierdie maatreëls ‘n goeie gees tussen blank en gekleurd sal bewerkstellig en dat dit verdere moeilikheid in die toekoms sal voorkom.”[5] Deur middel van georganiseerde en bewuste organisasies soos die Vigilance Movement en S.V.R is die weg vir die verbeterde verhoudinge gebaan.

In die bruin streekskoerant, *Cape Standard* van 6 Augustus 1940, het ‘n sterk begeerte om kleurvooroordele te oorkom aan die lig gekom. Naasteliefde en ‘n verstandhouding tussen blank en bruin moes op ‘n hernude wyse opgewek en gekoester word. Advokaat Buchanan, K.C. het in ‘n finale reeks regslesings aan bruinmense by die Liberman Instituut vir grotere simpatie en verstandhouding gepleit. Buchanan se standpunt was as volg: “In matters of public health, the Coloured people should be considered with the Europeans, whose health and wefare are so clearly interwoven with those of the former, and that whatever steps are taken for the health of the Europeans, should be accompanied by similar steps on behalf of the Coloured section. This would be

[4] Maartens, D. en Foster, D.: (Korrespondensie) “Gedagtes oor die Kleurvraagstuk” in *Die Stellenboschse Student*, Augustus 1940, Deel XLI, no. 5. (JS Gericke Biblioteek – Afdeling Tydskrifte), p.259.
[5] *Die Stellenbosch Distrik Mail*, 6 Augustus 1940.

in the interest of the Europeans themselves."[6] Die verbetering en opknapping van die geestesgesondheidstoestand van bruinmense is bykans onlosmaaklik van die van blankes in beide se belang beskou.

Op kulturele gebied is daar gepoog om nouer verstandhouding tussen bruinmense en Afrikaansprekendes in die besonder te verkry deur die organisering van Afrikaanse Eisteddfods. Die aanbieding tot Eisteddfods het alreeds voor die Stellenbosch-onluste plaasgevind. Dit was hoofsaaklik die inisiatief van Afrikaanse onderwysers om deur die Eisteddfods te probeer om op 'n vreedsame stimulerende wyse weer die vertoue van bruinmense te wen. R.E. van der Ross het beskryf dat die Afrikaanse Eisteddfod groot steun van die Onderwysers Unie (Teachers League) van Suid-Afrika ontvang het. Hierdie koestering van hoë verwagtinge van onderwysers het egter nie gerealiseer nie. Dit was omdat sommige onderwysers die uitvoering van die Eisteddfods sterk teengestaan het. Onderlinge gegriefdheid het ook voorgekom weens bruin jeugdiges se vermoedens dat die Afrikaanse Eisteddfod nie deur bruinmense self nie, maar deur blankes ingestel is.[7]

Van der Ross het daarop verduidelik dat daar in die bruin gemeenskap 'n botsing tussen die jonger en ouer generasies ontstaan het. Die ouer generasie was geneig om hul respek en lojaliteit sover moontlik teenoor die blankes te betoon, terwyl bruin jeugdiges geleidelik 'n groter afkeur tot Afrikaans en Afrikaansprekendes geopenbaar het. Onder bruin kinders was 'n volgehoue neiging om Afrikaner denke, 'Wit politiek' én selfs bruinmense wat bereid was om vriendskaplik met blankes te assosieer, summier te verwerp.[8] Te midde van die algemene negatiewe tendense onder bruin jeugdiges is die vrede tussen die rassegemeenskappe bewaar, en binne hierdie oënskynlike vreedsaamheid blyk dit of goeie menseverhoudinge oor die lange duur wel moontlik geword het. Alhoewel verhoudinge deur middel van suksesvolle oorlegpleging en onderhandeling weer herstel is, was dit uiters moeilik om na sulke aangrypende onluste weer 'n spoedige verbetering in verhoudinge te bewerkstellig.

---

[6] *Cape Standard*, 6 Augustus 1940.
[7] *Cape Standard*, 19 November 1940.
[8] R.E. Van der Ross: *The Rise and Decline of Apartheid. A study of political movement among the Coloured people of South Africa, 1880-1985*, p.158.

Die Slag van Andringastraat was ‘n destruktiewe gebeurtenis vir die menseverhoudinge in die dorpsamelewing van Stellenbosch. Toenemende rassespanning, die gedwonge ontwapening van blankes, radikalisme en die verdere prikkeling van aggressie vanweë die Slag van Adderleystraat was die vernaamste onmiddellike oorsake van die onluste op Stellenbosch. Die onluste van 27 en 28 Julie 1940 het die intense rassekonflik op erg dramatiese wyse gedemonstreer. Die wedersydse wraaksugtigheid van beide blanke studente en bruin deelnemers het tot grootskaalse skade aan liggaam en eiendom gelei. Dit was as’t ware niks anders as ‘n groot amokmakery nie. Nadat die onluste suksesvol ontlont en skadevergoeding deur die plaaslike owerhede uitgeklaar is, het die taak vir die herstelling van verhoudinge nou belangrik geword. Nietemin is die impak van die onluste deur blankes heeltemal anders vertolk. Polities gesproke het baie seker hul ondersteuning aan Malan gegee. Dit het sommige blankes oor die lange duur groter aansporing gegee vir die instelling van afsonderlike groepsgebiede om enige rassekonflik te voorkom.

Die impak van die onluste op bruinmense was traumaties en dit wil voorkom of hulle, in terme van skadeberokkening, die spit afgebyt het. Na die onluste het versoening en die sementering van die eens gemoedelike blank en bruin verhoudinge tog plaasgevind. Bruin jeugdiges het egter steeds ‘n groot wantroue en skeptisisme jeens die blanke bewind gehad, maar oor die algemeen het vriendskaplikheid verbeter. ‘n Anonieme inwoner onder die skuilnaam van ‘Japie’ het die historiese betekenis van die gebeure vir die nageslag as volg voorgehou: “Die straatgevegte tussen die kleurlinge en blankes, wie vir die grootste gedeelte uit die studente bestaan het, sal bly voortleef in die geheue van almal wat daaraan deelgeneem het.”[9]

[9] *Die Stellenbosch Distrik Mail*, 2 Augustus 1940.

SLOT

Die geskiedkundige beskrywing en ontleding van menseverhoudinge in ‘n bepaalde dorpsamelewing soos Stellenbosch was ‘n poging om nuwe lig op die bykans vergete, dog dinamiese aard van blank en bruin verhoudinge gedurende die tydperk tussen 1920 en 1945 te werp. Die geleidelike samekoms en interaksie van blank en bruin inwoners het met verloop van tyd ‘n eiesoortige karakter in die dorpsamelewing voortgebring. Die grondslag van hierdie navorsingstudie het die geskiedkundige verloop van die aard, die vernaamste verwikkelinge en gebeure rondom die menseverhoudinge binne die historiese konteks van die tyd beklemtoon.

Afgesien daarvan dat Stellenbosch voor die 1920’s grootliks van die buitewêreld geïsoleer was, het die dorp mettertyd in landsake en wyer wêreldaangeleenthede betrokke geraak. Veral nadat ‘n gesofistikeerde onderwyssentrum daargestel is, is die weg tot sosio-ekonomiese vooruitgang gebaan. Daarbinne het harmonieuse, maar soms ook intense, onderlinge menseverhoudinge geskied.

Gedurende die twintigerjare het ‘n wedersydse sosiale samehorigheid, wat grotendeels as gemoedsaam bestempel kon word, onder blank en bruin inwoners voorgekom. Belangrike gebeure, te wete die grootskaalse werkerstaking van 1922 en die voortslepende “armblanke”-vraagstuk was enkele uitstaande kwelpunte wat ‘n uitwerking op die verhoudinge in die vroeë jare van die 1920’s gehad het. ‘n Noemenswaardige aspek wat later egter tot die vertroebeling van gevestigde verhoudinge aanleiding gegee het, was die kwessie aangaande “blanke verhewenheid” en die instandhouding daarvan. Dit wil voorkom of hierdie onderliggende ingesteldheid onder blankes as’t ware ‘n denkbeeldige hiërargie van blankes aan die bokant en bruinmense aan die onderkant, stelselmatig meer verdiep het. Dit het verder ook gedraai rondom die hele kwessie van ‘n slawe-eienaar mentaliteit, waarin ras en klas oor tyd begin ooreenstem het.

Daarteenoor was die bruin gemeenskap ‘n integrale deel van die Stellenbosse dorpsbevolking. Verder was daar ‘n toenemende “gees van optimisme” en ‘n strewe na die opheffing van hierdie gemeenskap wat voor ‘n dag gekom het. Hoofsaaklik vanweë die Afrikaanse Nasionale Bond en die ondersteuning deur invloedryke plaaslike

individue, onder meer Bruckner de Villiers, is daar gepoog om die algemene welstand en lewensomstandighede van die bruinman te verbeter.

Na die suksesvolle betrekking van die bruin stem en die koestering van hoë politieke verwagtinge vir bruinmense het ‘n kortstondige “goue era” in blank en bruin politieke verhoudinge ingetree. Tesame met hierdie politieke verhouding het ‘n gunstige sosiale atmosfeer geheers waarin beide blank en bruin in vermaaklikheid en vriendskaplike naasbestaan, waarvan die Braak en Rooi Jaart toonaangewende bymekaarkomplekke was, geleef het.

Die sentrale rol wat die verskillende godsdienstige denominasies vervul het, is ook belig. In die besonder was die doelstelling van blanke Christelike kerke om die bruin gemeenskap tot die Christelike geloof oor te haal. Die oogmerk was dat die gekerstende bruin lidmate later self die bediening en leiding in sommige van hierdie kerke sou oorneem. Veral die Rynse Sendingkerk, die Anglikaanse en die Metodiste kerk het ‘n beduidende invloed gehad. Tesame met die evangelisasie het sendingskole daartoe bygedra dat veral bruin kinders volgens Westerse leerstellings en denkpatrone opgevoed is. Hierdie godsdienstige instellings het oorwegend as sosiale vergaderplekke gedien waar inwoners willekeurig kon bymekaarkom. Onder bruin lidmate het selfs ‘n respektabele gesindheid jeens die optrede en goedgesindheid van blanke sendelinge ontstaan.

Die universiteit is as die vernaamste onderwysinstelling op Stellenbosch beskou wat hoofsaaklik daarop gerig was om gevorderde opvoeding aan blankes te verskaf. Alhoewel uitsluitlik gemik op die bevordering van Afrikaner doelstellings en met sy beeld as bakermat van Afrikaner-opvoeding, het plaaslike bruin werknemers daar ‘n wedersydse goedgesindheid betoon. Beide godsdienstige en opvoedkundige instellings het as saambindende faktore in die sementering van die blank en bruin verhoudinge op Stellenbosch gedien.

Gedurende die dertigerjare het die groot depressie ekonomiese ellende en onstabiliteit op Stellenbosch meegebring. Omrede sterk buitelandse ideologiese invloede is die algemene menseverhoudinge toenemend deur rassevooroordele aangaande segregasie onderskraag. Blankes het die implementering van segregasie as ‘n moontlike oplossing vir die rasseprobleem voorgehou, terwyl bruinmense dit as onregverdige

kastyding beskou het. Afrikanernasionalisme is veral na die simboliese Groot Trek Eeufeesherdenkinge van 1938 sterk aangevuur. Volgens sommige bruin inwoners was die Eeufees egter net ‘n bevestiging van blankes se handhawing of versterking van “blanke verhewenheid” en dominasie. Dit het duidelik geword dat die voorkoms van radikale ideologieë, vurige nasionalisme, asook segregasie, groter sensitiwiteit in die verhoudinge veroorsaak het.

Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog en die skielike oorlogsverklaring het beide blank en bruin inwoners in ‘n staat van verdeeldheid meegesleur. Veral die blanke gemeenskap is tussen anti- en pro-oorlog gesindhede verdeel, maar dit het bruinmense ook ontnugter gelaat. Radikalisme het sporadies voorgekom. Bruinmense se vrywillige instemming tot deelname aan die oorlog het stelselmatig tot rassespanning met nasionalistiese, anti-oorloggesinde blanke inwoners uitgeloop. Afgesien van hierdie diep-gesetelde rassespanninge, het merkwaardige sosio-ekonomiese veranderinge in mense se lewensomstandighede, grootliks vanweë munisipale besluitneming, voorgekom. In kontras tot die relatiewe welstand gedurende die vroeë oorlogsjare, is die latere oorlogsjare toenemend deur armoede en sosiale euwels in die besonder in die bruin gemeenskap gekenmerk. Wedersydse hulpverlening tussen blank en bruin het ongeag hiervan deurlopend plaasgevind.

Laastens is daar in-diepte teruggekyk na die sogenaamde “Slag van Andringastraat” van Julie 1940 – ‘n intense en tragiese geweldsinsident wat die hoogtepunt van rassespanninge op Stellenbosch was. Wedersydse rassespanning wat oor tyd opgebou het, het tot ongekende straatonluste tussen blanke studente en bruin deelnemers aanleiding gegee. Nie slegs is grootskaalse skade aangerig nie, maar toekomstige verhoudinge is daardeur vertroebel. Na die afsluiting van die traumatiese gebeurtenis is daadwerklike plaaslike inisiatiewe ingestel om die blank en bruin verhoudinge weer te herstel. Tot en met die einde van die Tweede Wêreldoorlog in 1945 het versoening op Stellenbosch wel plaasgevind, hoewel segregasie steeds voortgeduur het.

BRONNELYS

I. LITERATUUR

Adhikari, M.: *Not White Enough, Not Black Enough: Racial Identity in the South African Coloured Community*. Double Story Books, Kaapstad, 2005.

Ballinger, M.: *From Union to Apartheid. A Trek to Isolation*. JUTA, Kaapstad, 1969.

Barnard, B.: *Introducing Stellenbosch. Natural, Rural and Urban Landscapes*. (Centre for Geopraphical Analysis: University of Stellenbosch) Publikasie no. 41/2004.

Botha, D.P.: *Die opkoms van ons derde stand*. Human en Rousseau, Kaapstad, 1960.

Broodryk, J.J.: *Stellenbosse Akademici en die Politieke Problematiek in Suid-Afrika, 1934-1948*. (Ongepubliseerde MA tesis, US), 1991.

Callinicos, L.: *A Place in the City: The Rand on the Eve of Apartheid*. Raven, Johannesburg, 1993.

Carr, W.J.P.: *Soweto: Its Creation, Life and Decline*. South African Institute of Race Relations, Johannesburg, 1990.

De Villiers, W.B.: *Die Kleurlinge in die Politiek*. Nasionale Pers Beperk, Kaapstad, 1944.

Durand, J; Fourie, P. en W. Malherbe.: *Twee Eeue Ryns. Feesbundel uitgawe by die herdenking van die 200-jarige bestaan van die Rynse Gemeente van die Verenigde Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika te Stellenbosch*. Stellenbosch, 2001.

Famous Battles of World History. Hamlyn, Londen, 1970.

Fredrickson, G.M.: *White Supremacy. A comparative study in American and South African History*. Oxford University Press, New York en Oxford, 1981.

Furlong, P.: *Between Crown and Swastika. The impact of the radical right on the Afrikaner Nationalist Movement in the Fascist Era*. WUP, Hanover en Londen, 1991.

Hellman, E (ed.).: *Handbook of Race Relations in South Africa*. O.U.P, Kaapstad, 1949.

Heynike, P.: *Herinneringe uit Stellenbosch*. (Ongepubliseerde geskrif waarskynlik saamgestel ongeveer 1940-1947).

Hoskyn, M.: *Stellenbosch Village 1920-1950*. Tafelberg, Kaapstad, 1979.

Johnson, E.M.: *'n Krities Historiese – waardering van die ontstaan en opkoms van Kleurlingonderwys in die Stellenbosch dorpsgebied tot 1963*. (Gepubliseerde MA graad, UWK, 1986).

Keet, B.B.: *Whither – South Africa?* University Publishers, Stellenbosch, 1956.

Klopper, H.J. (et.al.): *Gedenkboek van die Ossewaens op die Pad van Suid-Afrika. Eeufees: 1838-1939*. Nasionale Boekhandel Beperk, Kaapstad, 1940.

Lewis, G.: *Between the Wire and the Wall. A history of South African 'Coloured' politics*. David Philip, Kaapstad, 1987.

Liebenberg, B.J. en S.B. Spies (ed.): *South Africa in the 20th Century*. JL van Schaik, Pretoria, 1993.

Macmillan, W.M.: *Cape Colour Question*. A.A. Balkema, Kaapstad, 1968.

Pectora roborant cultus recti

Michielse, H; de Paepe, E. en G. Schutte (red.).: *Lokale geschiedenis tussen lering en vermaak*. Verloren, Hilversum, 2004.

Moosa, P.: *Die verspreiding van Islam na Stellenbosch*. 1997 (Bron verkrygbaar te Stellenbosch Museum).

Muller, C.F.J. (ed.): *South African History and Historians – A Bibliography*. Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1979.

Oberholster, J.J.: *Die Historiese Monumente van Suid-Afrika*. Die Kultuurstigting Rembrandt van Rijn, Kaapstad, 1972.

Patterson, S.: *Colour and Culture in South Africa. A study of the status of the Cape Coloured People within the social structure of the Union of South Africa*. Routledge, Londen, 1953.

Pretorius, G.: *Bruckner de Villiers: Man van die Daad*. Haum, Kaapstad, 1959.

Scholtz, G.D.: *Die ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner VII*.

Slabbert, F v Z.: *The Last White Parliament*. Jonathan Ball en Hans Strydom, Johannesburg, 1985.

Stellenbosch 1866-1966. Honderd Jaar Hoër Onderwys. Nasionale Boekhandel Beperk, Kaapstad, 1966.

Stellenbosch Drie Eeue. (Die Stellenbosch Stadsraad in samewerking met die Oude Meester – Groep). Printpak, Kaapstad, 1979.

Van der Merwe, D.F (et.al.): *Dagbreek* (Halfeeu-gedenkuitgawe), Dagbreek-koshuis, Stellenbosch, 1971.

Van der Ross, R.E.: *Say it out Loud. The APO Presidential Addresses and other Major Political Speeches 1906-1940 of Dr. Abdurahman*. UWC, Bellville, 1990.

Van der Ross, R.E.: *The Rise and Decline of Apartheid. A study of political movements among Coloured People of South Africa, 1880-1985*. Tafelberg, Kaapstad, 1986.

Ziervogel, C.: *The Coloured People and the Race Problem*. Weber, Ceres, 1936.

Ziervogel, C.: *Who are the Coloured People?* Weeden, Kaapstad, 1944.

II. LETTERKUNDIGE BRONNE

Kannemeyer, J.C.: *Jan Rabie*. Tafelberg, Kaapstad, 2004.

Pienaar, S.W.: *Getuie van groot tye*. Tafelberg, Kaapstad, 1979.

Rabie, J.S.: *Een-en-twintig*. A.A. Balkema, Kaapstad, 1956.

Steyn, J.C.: *Van Wyk Louw: 'n Lewensverhaal*. Tafelberg, Kaapstad, 1998.

III. TYDSKRIFARTIKELS

De Klerk, W.A.: "Die Siel van 'n Nasie.", in *Die Stellenbosse Student*, Oktober 1938. Vol. XXXIX, No. 7. (JS Gericke Biblioteek – Afdeling Tydskrifte).

Die Stellenbosch Universiteitsblad. "Ons Universiteit en ons Volk.", Vol. XXXII No. 1. April 1921. (JS Gericke Biblioteek – Afdeling Tydskrifte).

Die Stellenboschse Student, September 1938. “Nasiewording, Nasionalisme, Nasiediens en Organisatoriese Samewerking.”, Vol. XXXIV, No. 6. (JS Gericke Biblioteek – Afdeling Tydskrifte).

Die Stellenboschse Student, Oktober 1938. Editoriaal. “Die Voortrekker-Eeufees.”, Vol. XXXIX, No. 7. (JS Gericke Biblioteek – Afdeling Tydskrifte).

Die Stellenboschse Student, Oktober 1938. “Die A.N.S – verslag van werksaamhede Nov. 1937 – Nov. 1938.”, Vol. XXXIX, No. 7. (JS Gericke Biblioteek – Afdeling Tydskrifte).

Die Stellenboschse Student, (Korrespondensie) “Vryheidsmanifes van die A.N.S – 1 Julie 1940. Augustus 1940, Deel XLI, no. 5. (JS Gericke Biblioteek – Afdeling Tydskrifte).

Giliomee, H.: “The Non-Racial Franchise and Afrikaner and Coloured Identities, 1910-1994” in *African Affairs*, 94,1995.

Giliomee, H. en G. Hendrich.: “Die Slag van Andringastraat: Studente-onluste op Stellenbosch, 1940.”, in *Historia* (Joernaal van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika), Vol. 50, no. 2, 2005.

Maartens, D. en Foster, D.: (Korrespondensie) “Gedagtes oor die Kleurvraagstuk” in *Die Stellenboschse Student*. Augustus 1940, Deel XLI, no. 5. (JS Gericke Biblioteek – Afdeling Tydskrifte).

Murcott, H.: “Stellenbosch as volksuniversiteit” in *Die Stellenboschse Student*. Maart 1938. (JS Gericke Biblioteek – Afdeling Tydskrifte).

Scully, P.: “Whining farmers: Stellenbosch District c 1870-1910” in *Western Cape Roots and Realities*. Centre for African Studies, University of Cape Town, 1986.

Pectora roborant cultus recti

IV. KOERANTBRONNE

1. Koerante uit die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, Kaapstad:

A.P.O: 14 Januarie 1922, 28 Januarie 1922, 11 Maart 1922, 2 Desember 1922.

De Zuid Afrikaan verenigd met Ons Land: 31 Januarie 1922.

Die Burger: 27 Februarie 1920, 14 November 1925, 3 Mei 1929, 30 Maart 1938, 3 Mei 1938, 29 Julie 1940, 30 Julie 1940.

Die Stellenbosch Distrik Mail: 2 Maart 1940, 6 April 1940, 20 April 1940, 2 Augustus 1940, 6 Augustus 1940, 2 April 1943, 7 Mei 1943, 23 Julie 1943, 21 April 1944, 5 Mei 1944, 29 Desember 1944, 7 Desember 1945, 14 Desember 1945.

Hottentots-Holland Mail: 5 November 1938, 17 Desember 1938, 18 Februarie 1939, 9 September 1939, 10 Desember 1938, 17 Oktober 1939.

The Cape Argus: 29 Julie 1940.

The Cape Standard: 12 April 1938, 19 April 1938, 14 Junie 1938, 6 September 1938, 8 November 1938, 28 November 1939, 20 Desember 1938, 30 Julie 1940, 6 Augustus 1940, 19 November 1940.

The Cape Times: 5 September 1929, 25 Julie 1940, 27 Julie 1940, 29 Julie 1940, 30 Julie 1940, 31 Julie 1940.

The Sun: 13 Januarie 1939, 10 Maart 1939.

2. Koerante uit die Erfurthuis van die Stellenbosch Museum en Universiteit van Stellenbosch Argief:

Die Burger: 6 Julie 1996.

Eikestadnuus: 26 Maart 1982, 26 September 1997, 8 Oktober 1999, 14 Julie 2000, 28 Julie 2000, 11 Januarie 2001, 4 Oktober 2002.

The African World (1925-1926): 15 Augustus 1925. (Vergunning van US Argief).

(Onbekende koerantpubliseerders, g.d.) Ginsberg, M.: *The Jewish Community looks back*. (Vergunning van die Stellenbosch Museum).

V. REGERINGSPUBLIKASIES

Gepubliseerd

Hansard regeringsdokumente uit die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, Kaapstad:

Hansard. Debates of the House of Assembly of the Union of South Africa as reported in the Cape Times of 23th February 1922. Volume VII, Second Session, Fourth Parliament 17th February -19th July 1922.

Hansard. Debates of the House of Assembly of the Union of South Africa as reported in the Cape Times of 3rd March 1922. Volume VII, Second Session, Fourth Parliament 17th February -19th July 1922.

Hansard. Debates of the House of Assembly of the Union of South Africa as reported in the Cape Times of 16 June 1922. Volume VII, Second Session, Fourth Parliament 17th February -19th July 1922.

VI. HISTORIESE MANUSKRIPTE

1. JS Gericke Biblioteek (Africana Spesiale Versamelings), Universiteit van Stellenbosch:

Ms.1/1/1. D.F. Malan Versameling, 'Konstitusie en beginsels van die Afrikaanse Nasionale Bond.' Ongedateerde korrespondensie.

Ms.1/35/2 (1) 1929. D.F. Malan Versameling, 'Aan die Kleurlingvriende van die Unie.' (Publikasie van verkiesingspropaganda deur die Afrikaanse Nasionale Bond).

Ms.1/1/890. D.F. Malan Versameling, Verklaring, 31 Oktober 1930. (Verklaring i.v.m Groot Depressie).

Ms.1/1671 D.F. Malan Versameling, *Who caused the Riots?* (Non-European United Front of South Africa, Kaapstad, 1940).

Ms.1/1/1676 D.F. Malan Versameling, Smuts/Malan Telegram (1940, Julie (30?).

Ms.1/1/1677 D.F. Malan Versameling, Malan/Smuts Telegram (1940, Julie (31).

Ms.77. R.W. Wilcocks dokumente, (*Getuienis van die Kommissie van Ondersoek i.v.m. die Kaapse Kleurlinge*, 1934-1936). Rev. Forbes. Volkskerk: Kaapstad. 20.9.1935, (Evidence 3).

Ms. 77. 2197.A. R.W. Wilcocks dokumente, Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge – ('n Memorandum deur J.D.R. Jones oor Industrial Legislation and Organization). 88/34.

Ms. 166. Po.3. C.(1) A.C. Cilliers Versameling, Totalitaristiese uitdaging Afrikaner Erfenis, 7 April 1941.

Ms.173. Deel 4, dok. 13. R.E. van der Ross dokumente. *A Political and Social History of the Cape Coloured People, 1880-1970.* Geselekteerde dokumente, Rand Revolution: Part played by Natives and Coloured Community. Bron: A.P.O, 8 April 1922, aangehaal uit *The Star*.

Ms.173. Deel 4, dok. 29. R.E van der Ross dokumente. *A Political and Social History of the Cape Coloured People, 1880-1970*. First National Coloured-European Conference, 1933 – Conference Minutes.

Ms.173. Deel 4, dok.17. R.E van der Ross dokumente. Election statement issued by Dr. I. Abdurahman and Dr. S. Dollie in favour of NP 1929. (African Political Organization).

Ms. 205. Ku. 1 (29). Ben Conradie Versameling, *Volkskongres oor rasse-segregasie.* Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings.

Ms. 205. Ku. 4.4. (4). Ben Conradie Versameling, *Die Arm-Blanke Kwessie. 'n Pleidooi vir Wetenskaplike behandeling* deur Mr. G.M. Hofmeyr voor die Afrikaanse vereniging, Stellenbosch, 1921. (Kaapstad: Nasionale Pers).

Ms. 205. Ku. 4.4. (5). Ben Conradie Versameling, *Die Arme Blanke en die Opvoeding*. Referaat deur Mnr. G.M. Hofmeyr op die Arme blanke Kongres, Cradock, 1916. (Kaapstad: Van der Sandt de Villiers).

2. <u>Privaat historiese manuskripte van die St.Mariakerk te Stellenbosch</u>:

Minute Book of the Church Council of St. Mary's Stellenbosch, 3 April 1929.

Minute Book of the Church Council of St. Mary's Stellenbosch, 15 Augustus 1929.

Minute Book of the Church Council of St. Mary's Stellenbosch, 11 Mei 1938.

VII. ARGIVALE BRONNE

Ongepubliseerd

1. Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad (KAB):

3/STB. Munisipaliteit van Stellenbosch – *Minute Book,* no. 1/1/1/16. Report Public Health – Report of Meeting of Health Committee held on 4th June 1920.

3/STB. Munisipaliteit van Stellenbosch – *Minute Book,* no. 1/1/1/16. *Coloured Houses*. Minutes of adjourned Council Meeting, 10th February 1920.

3/STB. Munisipaliteit van Stellenbosch – *Minute Book.* no.1/1/1/16. *Houses for Coloured People*. Public Works Committee, 22nd April 1920

3/STB. Munisipaliteit van Stellenbosch – no. 1/1/1/21. *The Mayor and Councillors*, Stellenbosch. 21 January 1926.

3/STB. Munisipaliteit van Stellenbosch – *Minute Book 1927 – 1*. Report on the meeting of the Finance Committee held on 8th February 1927.

3/STB. no.1/1/1/67. *Notule Boek IV, 1943*. Minutes of the Ordinary Meeting of the Council, 23 November 1943.

3/STB. no.1/1/1/72. *Notule Boek I, 1945*. Verslag gelewer aan die Naturellesake-en Behuisingskomitee van die Munisipaliteit van Stellenbosch op 5 April 1945.

3/STB. no. 4/1/38. Beskrywing: *Segregation*, 1938-1939. (A.C.V.V Kongres).

3/STB. no. 4/1/78. Leer 78. verwysing 18/2. Beskrywing: *Subdivision of University Area* (voorheen genoem Rattraysdal), 1938-1942.

3/STB. no. 4/1/97. verwysing 25/2 Beskrywing: Publicity, statistics, history and advertising. 250th Anniversary of Stellenbosch. 1929-1932. *Die ontstaan van Stellenbosch*.

3/STB. no. 4/1/111 verwysing 14/4. Beskrywing: Air-raid protection and civil defence (1939-1942). Direkteur van Burgerlike Beskermingsdienste: Instruksie No.1, 17 Julie 1940.

3/STB. no. 4/1/111 verwysing 14/9 Deel 1. Public safety and convienience. Disturbances at Stellenbosch 27 to 28 July 1940, Andringa Street. (Records of the Stellenbosch Town Clerk).

3/STB. no. 4/1/206 verwysing 25/2. Beskrywing: History (1925-1942) Report visit of Prince of Wales.

3/STB. no. 4/1/206 verwysing 25/2. Publicity, statistics, history and advertising. 250th Anniversity of Stellenbosch. 1929-1932. *A short history of the Church of St. Mary Stellenbosch* deur Eerw. John Hunter. Stellenbosch.

3/STB. no. 92. verwysing BP 2. Library. Series Bound Pamphlets. Beskrywing: H.Fransen. The Stellenbosch Museum. A descriptive guide to building and collection, with short notes on the history of Stellenbosch and its other historic buildings. 1679-1967. (*Stellenbosch Boereorkes. Soewenier-program 1938*) FAK – Kaaplandse Voortrekkermonument – komitee en die U.S.

PAE Lêer 61 verwysing CMS 140/107. Stellenbosch. *Volkskerk Coloured School*. 1937.

PAS Lêer 2/373 verwysing L91/B/18. Stellenbosch Divisional Council. *Erection of Huts and Inferior buildings in Ida's Valley*, 1921-1921.

PAS Lêer 2/875 verwysing L 91/c/157. Stellenbosch. 'Alienation of Land. Golf Course. 1922.'

PAS Lêer 2/1071 verwysing L91/1/6. Beskrywing: *Site for a cemetary for Coloured people at Sir Lowry's Pass.* Stellenbosch, 1917-1922.

PAO Lêer 1/15. verwysing 2/53. Stellenbosch. Beskrywing: *Die Armezorg Kommissie der Nederduits-Gereformeerde Gemeente*. 1920-1940.

PAW Lêer 189 SBB 94/30 A. Beskrywing: *Jonkershoek Settlement*, Stellenbosch Division, 1934.

2. Universiteit van Stellenbosch Argief:

Verklaring voor die studentekommando's van die Ossewabrandwag deur waarnemende hoofkommandant, Dr. J.G. Meiring. 25 Maart 1941. *Ossewabrandwag 1941-1942*, 0-64/8. Karton lêer 363, 15/4, (1941-1942).

Notules van die Studente Verteenwoordigende Raad (SVR) vergaderings, 16 Junie 1937. (6 April 1936 – 25 September 1941) 'A.N.S Mosie,' (Maak deel uit van Studenteraad dokumente).

Notule van Uitvoerende Bestuursvergadering, 26 Julie 1940. (192. 1. C.1) Universiteit van Stellenbosch. Uitvoerende komitee. Notules (30 Maart 1936 – 7 November 1945). (SVR).

(Die onderstaande bronne is elektronies op hardeskyf vervat en is by die US Argief verkrygbaar):

Rapport oor die onluste op Stellenbosch. Hierdie ongedateerde verslag is in 'n notule van die US Raad se vergadering van 12 Oktober 1940 opgeneem.

Rapport van Vise-Kanselierskomitee – Insake onluste op Stellenbosch op 23 Augustus 1940. Ongedateerd.

Verdere Rapport insake onluste op Stellenbosch op 27 en 28 Julie 1940. R.W. Wilcocks. (IV)

Sekretariële brief van die Minister van Justisie, 25 Februarie 1941. Die Edelagbare Mr. H.S. van Zyl, Judge Presidents' Chambers, Hooggeregshof, Kaapstad.

3. Nederduits-Gereformeerde Kerk (Sendingkerk) Argief, Stellenbosch:

S5 – 1/1/4. *Notule van vergadering van die Algemene Sendingkommissie. 1928-1932*. 'Opleiding van Kleurlingleraars, 1923.'

SK – G 2 1/2. *Kerkraadnotule Rynse Gemeente Stellenbosch* 1903 Nov. – 1943 Nov. Speciale Kerkraadsvergadering gehouden de 18. Julie 1932.

Kerkraadsvergadering gehou op die 29ste Oktober 1932.

VIII. MONDELINGE BRONNE

1. Getranskribeerde mondelinge onderhoude van die Gemeenskapsprojek onderneem deur die Departement Geskiedenis van die Universiteit van Stellenbosch:

Mondelinge onderhoud deur H. Biscombe met Audrey. (Getranskribeerde bandopname 4 C).
Mondelinge onderhoud deur H. Biscombe met V. Presence. (Getranskribeerde bandopname 4 D).

Mondelinge onderhoud deur H. Biscombe (sprekers onduidelik). (Getranskribeerde bandopname 11 (a)).

Mondelinge onderhoud deur H. Biscombe met S. Newman. (Getranskribeerde bandopname 15).

Mondelinge onderhoud deur H. Biscombe met "Die Glandie Boys." (Getranskribeerde bandopname 19–Verskeie mense).

Mondelinge onderhoud deur H. Biscombe met Claire de Vries. (Getranskribeerde bandopname 36).

Mondelinge onderhoud deur H. Biscombe met Archie Biscombe (Getranskribeerde bandopname 39).

Mondelinge onderhoud deur H. Biscombe met D. Williams. (Getranskribeerde bandopname 49).

2. Mondelinge bronne met vergunning van die Stellenbosse Heemkring:

Arends, Johan.: *Uit die Musieklewe van Idasvallei en Cloetesville*. 11. 11. 1998.

Booyens, B.: *Blye geleenthede op ons dorp in die ou dae*. Bandopname Sho 44 b. 10.11.1973.

Cupido, A.: *Die Rynse Kerk*, Bandopname 10.11.99.

De Kock, C.: *Die Boerelewe: sy erns en luim*. Bandopname Sho 63 b. 23.05.1979.

De Villiers, D.: '*Wilgenhof*'. 20 Augustus 1980.

Grobbelaar, P.: *Vertellings en rympies uit die ou dae van Stellenbosch*. Bandopname Sho 57 a. 03.09.1975.

Holloway, B.: '*Dorpstraat en sy mense in die 30er en 40er jare*.' Bandopname 12.11.1997.

Thom, H.B.: '*Stellenbosch in die 20er en 30er jare'* (26 Maart 1980 gelewer in die Kerkhuis) Bandopname Sho 69a.

Tyers, J.: *Memories of Stellenbosch*. (Mondelinge oorlewering gehou op 08.03.1978 in die Kerkhuis), Bandopname Sho 67a.

Van Huyssteen, M.: *Geskiedenis van die Braak – oor 300 jaar*. Bandopname Sho 66 b. 16.08. 1978. (Opname in die Kerkhuis - Vergunning van Stellenbosse Heemkring).

(Verskeie persone).: *Boereorkes*. Bandopname 15 b.

Telefoniese gesprekvoering met Ds. D.P. Botha, 17 Augustus 2005.

Telefoniese gesprekvoering met Mev. Marie Adendorff, 1 September 2005.

IX. INTERNET BRON

The Great Depression Then War. (Bladsy geskep deur Michal Wynne, 2003. http://www.uow.edu.au/arts/sts/bmason/dissent/documents/health/personal_background.html. (Afgetrek van Internet op 26 April 2005).

SKILDERY VAN DE WET'S LAAN



'n Pikturale beeld van *De Wet's Lane* in die bruin woonbuurt in die middedorp van Stellenbosch, ongeveer 1930. (Bron: *Stellenbosch Drie Eeue*, Vergunning van die Stellenbosch Museum)

BLANK EN BRUIN NAASBESTAAN IN HERTESTRAAT

Hierdie fotografiese uitbeelding van blanke en bruin gesinne wat in vreedsame naasbestaan langs mekaar gewoon het, was kenmerkend van ‘n heterogene bevolkingsamestelling. Die skakelhuise in Hertestraat was aanvanklik vir vrygestelde slawe opgerig maar is later ontruim. (Bron: KAB, E 496).

BLANK EN BRUIN BEGRAAFPLAAS TE SIR LOWRY'S PASS



Grafiese uitbeelding van die blanke begraafplaas by Sir Lowry's Pass en die beplanning van 'n moontlike begraafplaas vir bruinmense. [(KAB) 3/STB/PAS Leer 2/1071 verwysing L91/1/6. Stellenbosch. *Site for a cemetary for Coloured people at Sir Lowry's Pass.* 1917-1922.]

BEELDE VAN DIE SLAG VAN ANDRINGASTRAAT



Skade aan eiendom van bruinmense – ‘n uitbeelding van die radikalisme op Stellenbosch. (Bron: JS Gericke Bibl. D.F. Malan Versameling, Leer 1/1671. *Who caused the Riots?* (Non-European United Front of South Africa, Kaapstad, 1940).